

Twis om woorde: 'n Forensiese ondersoek na semantiese kwessies in hofsake

deur

Terrence Robert Carney

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Linguistiek en Taalpraktyk

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: dr. Luna Bergh

Junie 2015

Verklaring

Ek, Terrence Robert Carney (2012059040), verklaar hiermee dat dié proefskrif, wat deur my vir 'n PhD aan die Universiteit van die Vrystaat voorgelê is, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit of fakulteit ingedien is nie. Ek verklaar ook dat alle bronne wat gebruik en of aangehaal is na my wete sowel in die teks as in die bronnelys vermeld is. Ek doen hiermee afstand van my outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Terrence R Carney

Datum

Dankbetuiging

Ek begin graag deur my werkgewer, die Universiteit van Suid-Afrika, te bedank vir die gul finansiële ondersteuning en die kosbare studieverlof wat aan my gegee is om hierdie studie suksesvol af te handel. Ek is baie dankbaar vir my studieleier, dr. Luna Bergh, se geduld, advies, leiding en bystand, asook die nuwe vriendskap wat hieruit ontstaan het. Dankie aan al my vriende wat belangstellend geluister het en my by tye die nodige moed ingepaat het. Hier sonder ek graag twee vriende uit, naamlik Ilse Fouché en Lida Krüger, wat gelyktydig deur dieselfde loutering is en wat my derhalwe konstant in stimulerende en opbouende gesprekke betrek het. Ek wil ook my kollegas aan die Departement Afrikaans by Unisa bedank vir die nodige geleentheid wat hulle my gegun het om op my proefskrif te fokus. Laastens bedank ek my moeder wat eindeloos na my moes luister, selfs wanneer sy haar bes gedoen het om die onderwerp te verander.

Deo gratias, Deo gloria.

Pretoria

2015

Inhoudsopgawe

	Lys van illustrasies	vi
	Tipografiese konvensies	viii
	HOOFSTUK 1: INLEIDING	
1.1	Agtergrond	1
1.1.1	Taal en die reg	1
1.1.2	Die uitleg van wette	3
1.1.3	Die toepassing van die taalwetenskap by die wetsuitleg	5
1.2	Probleemstelling en doel van studie	7
1.3	Metodologie	9
1.4	Afbakening	9
1.5	Uiteensetting van hoofstukke	10
1.6	Die navolging van regsakademiese konvensies	11
1.7	Opsomming	12
	HOOFSTUK 2: FORENSIESE TAALKUNDE	
2.1	Inleiding	13
2.2	Oorsig van die internasionale forensiese taalwetenskap	14
2.2.1	Taal en die reg	15
2.2.2	Taal en die polisiëringsmagte	16
2.2.3	Taal in die hof	17
2.2.4	Taal en handelsmerke	18
2.2.5	Outeur- en sprekeridentifikasie	18
2.2.6	Taal en betekenis	20
2.3	Bestekopname van die forensiese taalwetenskap in Suid-Afrika	22
2.3.1	Taal en die reg	22

2.3.2	Taal en die polisiëringsmagte	24
2.3.3	Taal in die hof	25
2.3.4	Taal en handelsmerke	26
2.3.5	Outeur- en sprekeridentifikasie	27
2.3.6	Taal en betekenis	28
2.4	Posisionering en leemtes	32
2.5	Opsomming	32
HOOFSTUK 3: DIE HOF SE HANTERING VAN LEKSIKALE PROBLEME		
3.1	Inleiding	33
3.2	Teoretiese benadering tot wetsuitleg	33
3.2.1	Tekstualisme	34
3.2.2	Bedoelingsteorie	36
3.2.3	Doeldieningsteorie	38
3.2.4	Die “behoorlike” benadering	39
3.2.5	Die “gewone” betekenis van woorde	39
3.3	Steyn se voorskrifte	44
3.3.1	Eerste reëls	44
3.3.2	Afwyking van letterlike uitleg	45
3.4	Die Interpretasiewet 33 van 1957	46
3.5	Die voorsittende beampte as taalkundige	48
3.6	Verwysings na presedenthofsake	50
3.7	Woordeboeke	51
3.7.1	Wat is ’n woordeboek?	51
3.7.2	Die aanwending van woordeboeke	52
3.7.3	Verskillende soorte woordeboeke	54
3.7.4	Definisies	56

3.7.5	Die gebruik van woordeboeke in 'n hof	62
3.7.6	Die Suid-Afrikaanse situasie	64
3.7.7	Kritiek teen die gebruik van woordeboeke	69
3.7.8	Alternatief vir die gebruik van woordeboeke	73
3.8	Opsomming	76
	Addendum 3A: Woordeboekgebruik in Suid-Afrikaanse howe, 1947-2012	77
	Addendum 3B: Woordeboeke wat in Suid-Afrikaanse howe gebruik is, 1947-2012	85
HOOFSTUK 4: TEORETIESE RAAMWERK		
4.1	Inleiding	89
4.2	Betekenis	90
4.2.1	Wat is betekenis?	90
4.2.2	Taal as semiotiese sisteem	94
4.2.3	Letterlike en nieletterlike betekenis	95
4.3	Woord- en leksikale relasies	96
4.3.1	Verwysing (referensie) en betekenisonderskeidings	97
4.3.2	Konnotasie	98
4.3.3	Implikasie (<i>entailment</i>) en kollokasie	99
4.3.4	Woordvelde (semantiese velde)	102
4.3.5	Sinonimie, hiponimie en polisemie	103
4.3.6	Meerduidigheid en vaagheid	107
4.3.7	Konteks	110
4.4	Kognitiewe semantiek	112
4.4.1	'n Kognitiewe benadering tot die gewone betekenis van woorde	112
4.4.2	Linguistiese, ensiklopediese en kulturele kennis	113
4.4.3	Konseptuele betekenis	115

4.4.4	Kategorisering	118
4.4.4.1	<i>Basic level categories</i>	121
4.4.4.2	Konteks en kultuurinvloed	122
4.4.5	<i>Frames</i>	125
4.4.6	Barsalou se model (1992)	130
4.4.7	Jackendoff en kie?	134
4.5	Opsomming	134
HOOFSTUK 5: ONTLEDINGS		
5.1	Inleiding	136
5.2	Metodologie	137
5.3	Woordontledings	138
5.3.1	<i>Jonker v Davis</i> 1953: krot	138
5.3.2	<i>Blue Circle Cement ltd v Commissioner for Inland Revenue</i> 1984: plant	142
5.3.3	<i>Jowells Transport v South African Road Transportation</i> 1986: stock meal	145
5.3.4	<i>Standard General Insurance Co Ltd v Croucamp</i> 1959: deelneem aan motorfietsryery	149
5.3.5	<i>Consolidated Diamond Mines of South West Africa Ltd v Administrator, SWA</i> 1958: coast /coastline	152
5.3.6	<i>S v Crawford</i> 1979: importation/invoer	156
5.3.7	<i>Association of Amusement and Novelty Machine Operators v Minister of Justice</i> 1980: pin table	160
5.3.8	<i>S v Makhubela</i> 1981: driving	163
5.3.9	<i>Von Wielligh v Mimosa Inn (Pty) Ltd</i> 1982: hotels	165
5.3.10	<i>S v Ntimbane</i> 1990: vermin	167
5.3.11	<i>Waylite Diary CC v First National Bank Ltd</i> 1995: drawings, chart, literary work	170
5.3.12	<i>Cargo Africa CC v Gilbeys Distillers and Vintners (Pty) Ltd</i> 1998: hijacking	174

5.3.13	<i>S v Mokgoje</i> 1999: buitengewone omstandighede	178
5.3.14	<i>S v Abrahams</i> 2001: armament	180
5.3.15	<i>Pannar Research Farms (Pty) Ltd v Magome</i> 2002: relocate	184
5.3.16	<i>S v Salmans</i> 2006: grab, robbery, theft	187
5.3.17	<i>Minister of Safety and Security v Xaba</i> 2004: search	190
5.3.18	<i>S v Mavungu</i> 2009: caravan, building	193
5.3.19	<i>S v Engelbrecht</i> 2012: accused	196
5.3.20	<i>Interlink Postal Courier v South African Post Office</i> 2003: courier service	199
5.4	Prototipes	202
5.4.1	Die hiponiem-meroniem taksonomie	202
5.4.2	Die sin-substituut toets	206
5.4.3	Barsalou se <i>framemodel</i>	208
5.5	Opsomming	212
	Addendum 5A: Matriks vir Barsalou se <i>framemodel</i>	213
	Addendum 5B: Matriks vir [plant]	214
HOOFSTUK 6: SLOT		
6.1	Inleiding	215
6.2	Opsomming	215
6.3	Bevindings	217
6.4	Aanbevelings	221
6.5	Verdere navorsing	222
6.6	Slot	223
	BRONNELYS	224
	OPSOMMING	251
	SUMMARY	253

Lys van illustrasies

Figuur

4.1 Waarheidsverhouding	100
4.2 Hiponimiese verhouding van “breekware”	104
4.3 Meroniem vir “liggaam”	106
4.4 Labov se houers	123
4.5 Soort	131
4.6 Barsalou se <i>frame</i> vir “kar”, 1992	132
5.1 Krot	139
5.2 Reputasie	141
5.3 Plant	143
5.4 Meal	146
5.5 Feed	147
5.6 Ry	150
5.7 Deelname aan	151
5.8 Coast	154
5.9 Invoer	157
5.10 Pinball	161
5.11 Driving	164
5.12 Hotel	166
5.13 Vermin	168
5.14 Literary work	172
5.15 Visual representation	173
5.16 Hijacking	176
5.17 Omstandighede	179

5.18 Plofstof	182
5.19 Relocate	185
5.20 Criminal activity	188
5.21 Taking	189
5.22 Search	192
5.23 Caravan	194
5.24 Accused	197
5.25 Postal service	200
5.26 Hiponimiese verhouding van “housing”	203
5.27 Meroniem vir “housing”	204

Tabel

5.1 Prototipe vir “housing”	203
5.2 Prototipe vir “crime”	205
5.3 Prototipe vir “take”	205
5.4 Prototipe vir “voël”	209
5.5 Prototipe vir “literêre werk”	210
5.6 Prototipe vir “woongebou”	211

Tipografiese konvensies

Bykomend tot die standaard skryfkonvensies van Afrikaans (en Engels) moet lesers die volgende konvensies ingedagte hou, veral met betrekking tot Hoofstuk 4.

- Terme word in **vetdruk** geplaas wanneer hulle vir die eerste keer bespreek word.
- Die akute word onder meer gebruik om klem te plaas.
- Woorde uit ander tale (wat nie algemeen in Afrikaans gebruik word nie), word in *skuinsdruk* geplaas. Let wel, nie woorde ter bespreking nie.
- 'n Foutiewe sin of woordgebruik word met 'n *asterisk aangedui.
- Die betekenis van linguistiese vorme, soos leksikale items, word met “dubbele aanhalingstekens” aangedui. Dieselfde geld woorde ter bespreking of woorde waarna eksplisiet verwys word.
- Konsepte word in KLEIN HOOFLETTERS geskryf.
- Die name van kategorieë word tussen <hoekhakies> geplaas.
- Kategorielede is potensieël konsepte, wat beteken dat hulle óf met KLEIN HOOFLETTERS geskryf kan word, óf deur middel van 'n leksikale item aangedui kan word, wat beteken dat die kategorieelid met “dubbele aanhalingstekens” geskryf mag word. Dit geld ook vir prototipes, wat die beste voorbeeld van 'n kategorie voorstel.
- *Frames* word gewoon tussen [blokhakies] geplaas; fonetiese transkripsies word met fonetiese simbole tussen [bløkha:ki:s] aangedui, en semantiese onderskeidende kenmerke word met positiewe/negatiewe simbole tussen [+blokhakies] geskryf.
- Konstrukte wat in Barsalou se model voorkom, byvoorbeeld Kenmerke en Waardes, word met hoofletters geskryf om hulle van gewone woordgebruik te onderskei.
- Sommige terme, soos *frames* en *basic level categories*, is Engels in plaas van Afrikaans. Die rede hiervoor is eenvoudig dat dié terme in Engels gestandaardiseer is en dikwels ook in tale soos Duits en Nederlands gebruik word. Die Engelse terme word gebruik om verwarring te voorkom.

Of course, you can catch them and sort them and place them in alphabetical order in dictionaries. But words do not live in dictionaries; they live in the mind. If you want proof of this, consider how often in moments of emotion when we most need words we find none. Yet there is the dictionary; there at our disposal are some half-a-million words all in alphabetical order. But can we use them? No, because words do not live in dictionaries, they live in the mind.

Virginia Woolf

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Agtergrond

1.1.1 Taal en die reg

Ek dink as enige redelike persoon op straat voorgekeer en gevra word of die woorde “kweek” en “handeldryf” dieselfde beteken, sal daardie persoon waarskynlik “nee” sê. Om te kweek, beteken dat jy iets laat groei, terwyl handeldryf die verkoop van items behels. Dit is so dat plante (in hul verskeidenheid) gekweek kan word om mee handel te dryf, maar dié betekenisonderskeid is nie eksklusief nie. Mense kweek baie groente, vrugte en blomme vir hul eie gebruik en plesier.

Op 14 Januarie 2011 is Selby Nhlanhla Mbatha in sy huis naby Dlamini vir die besit van dagga gearresteer. Weens die daggaplantasië agter in sy erf word hy ook ingevolge die Wet op Dwelms en Dwelmsmokkelary daarvan beskuldig dat hy in dagga handel dryf. Meneer Mbatha erken die besit van dagga, maar pleit onskuldig op die aanklag van daggahandel. Hy het die dagga vir sy persoonlike gebruik gekweek en was nie van plan om dit te verkoop nie. In *S v Mbatha* word die respondent daarop gewys dat die definisie van “deal in” baie duidelik in die wet omskryf word as enige handeling wat verband hou met:

transshipment, importation, cultivation, collection, manufacture, supply, prescription, administration, sale, transmission or exportation of the drug.

Dit wil sê, as jy dagga kweek, dryf jy outomaties ook handel daarin, selfs al verkoop jy niks daarvan nie. Uitgebreide woordomsrywings soos hierdie is glad nie ’n vreemde verskynsel nie. Wetgewing bevat dikwels breër definisies om bepaalde doele mee te bereik. In ’n poging om kinderpornografie te keer, verskaf die Film- en Publikasiewet byvoorbeeld ’n baie breedvoeriger omskrywing van die woord “pornografie” as enige van ons plaaslike woordeboeke. Die wetgewer omskryf woorde met rede.

Maar wat gebeur wanneer die wetgewer ’n woord op ’n spesifieke manier omskryf sonder om te besef dat daardie woord meerduidelik is en gelyktydig onvoorsiene betekenisonderskeidings moontlik maak? Wat gebeur wanneer die wetgewer versuim om ’n bepaalde woord te omskryf? En wat gebeur wanneer Jan Publiek die wetgewer se woorde heeltemal anders interpreteer? In hierdie gevalle word daar meestal by ’n hof aangeklop om te beslis wat ’n

woord beteken of wat die wetgewer moontlik met 'n woord bedoel het. Dit spreek vanself dat die uitlê van woorde nie 'n eenvoudige taak is nie.

Die uitlê van wette en die vasstel van betekenis behels in baie opsigte die toepassing van taalkunde, hoewel dalk op 'n kleiner en eenvoudiger skaal.¹ Die verhouding tussen taal en die reg – oor 'n wye spektrum heen – is reeds vir etlike dekades bestudeer en telkens kom die ondersoekers tot dieselfde gevolgtrekking, te wete: “Recht und Sprache stehen miteinander in enger Verbindung” (Lampe, 1970:15).² Levi (1990:4) beskryf taal as die voertuig van die wet; die middel waardeur die reg bedryf word. Dit is onmoontlik vir die regsberoep om sonder taal te funksioneer of te bestaan. Gibbons (2003:1) meen dat die reg 'n oorweldigend linguïstiese instansie is: “Laws are coded in language and the concepts that are used to construct the law are accessible only through language.” Shuy (1986:295) uiter 'n soortgelyke gedagte: “Perhaps most commonly of all, however, is that attorneys and the courts have a great deal of trouble with the language used to interpret, explicate, or define either the law or the evidence.” As sodanig is akkuraatheid in die interpretasie van 'n woord van groot belang, aangesien foutiewe interpretasies binne die regsdomein tot regsimplikasies kan lei.

Regslui is geneig om besluite te baseer op grond van hul interpretasie van 'n bepaalde woord, frase of sin. Die feit dat die woord, frase of sin nie altyd deur alle partye dieselfde geïnterpreteer word nie, lei vanselfsprekend tot diskrepansies van die interpretasies. In 1974 beweer Pearce (1974:1) dat veertig persent van die sake wat in Engelse en Australiese howe verhoor is, 'n beslissing op grond van die betekenis van 'n woord of uitdrukking benodig. Taal, en meer spesifiek betekenis, staan in tallose gevalle sentraal. Hofsake sentreer gereeld rondom die uitleg van woorde. Volgens Labuschagne (1988:34) word die woord “bykans uitsluitlik as kommunikasiemedium in die wetgewingsproses aangewend”. Dit is dus van kardinale belang dat wanneer dit by taal en die reg kom, sowel die wetgewer as 'n voorsittende beampte (asook enige regsvertegenwoordiger) bevestig wat die (gepaste) betekenis van 'n woord of frase is voordat so 'n interpretasie enige beslissings kan beïnvloed.

Dit is juis hier waar sake vertroebel: Hoe benader 'n hof die uitleg van 'n woord, frase of sin? Op watter (betroubare) wyse word daar by die betekenis van woorde uitgekam? Hoe word woorde waarrondom 'n dispuut woel, hanteer? Soms lyk die betrokke woord se betekenis voor die hand liggend, maar woorde is berug vir hul meerduidigheid, vaagheid asook hul

¹ Ek weet die terme “taalkunde” en “taalwetenskap” het eintlik genuanseerde betekenisverskille, maar ek gebruik hulle saam met “linguïstiek” as uitruilbare sinonieme in hierdie dokument.

² Taal en die reg is eng verbind.

konteksgebondenheid. Woorde ondergaan betekenisveranderinge tydens die kommunikasieproses en kan maklik tot 'n totaal ander uitwerking lei as wat die wetgewer aanvanklik beoog het. Wat beteken die term “tradisionele geneesheer” byvoorbeeld? Verwys die term slegs na homeopate of sluit dit sangomas in? Wat is die implikasies van dié omskrywing op jou belastingopgawe en jou reg om mediese onkoste van die belasting af te trek (Van Zyl, 2011)? Wat beteken die woord “voertuig”? Wanneer 'n regulasie bepaal dat voertuie nie in die park toegelaat word nie, beteken dit ook dat mense in rolstoel en kinders op driewiel fietse nie die park mag gebruik nie (Hart, 1961:126; Van den Bergh, 1981:137)?

Omskrywings in wette is nie altyd so duidelik en behulpsaam soos dié in die Wet op Dwelms en Dwelmsmokkelary en die Film- en Publikasiewet nie. Daar is baie voorbeelde van hofsake waar daar van 'n hof verwag word om die betekenis van 'n woord vas te stel en op grond daarvan uitspraak te lewer. Hierdie soort sake word nie altyd tot die hoogste hof gevoer nie en hulle word ook nie in elke geval deur 'n voorsittende beampte as rapporteerbaar beskou nie, maar die uitwerking van 'n hof se beslissing in die uitleg van 'n bepaalde woord, frase of sin kan verreikend wees. Die (deeglike) hantering van woordprobleme en die vasstelling van betekenis in hofsake is daarom belangrik en onontbeerlik.

1.1.2 Die uitleg van wette

Van den Bergh (1981:138) voer aan dat die interpreteerder van regsreëls verskeie instrumente tot sy beskikking het om hom met die taak van betekenisontleding by te staan. Hy verwys onder andere na woordeboeke, definisies en omskrywings (soos dié in wette vervat), 'n taalgevoel, intuïsie en 'n kennis van grammatikareëls, en laastens die Interpretasiewet wat voorskryf hoe wette in Suid-Afrika uitgelê behoort te word.

Uit gesprekke met regsgeleerdes wil dit vir my voorkom of jonger regsliede se taalvaardighede al swakker word. Gemeet aan die afskaffing van grondige regstaalkursusse aan universiteite (byvoorbeeld die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika), asook die feit dat regsliede toenemend in Engels as addisionele taal praktiseer, is dit verstaanbaar. In daardie geval laat instrumente soos “taalgevoel”, “intuïsie” en “kennis van grammatikareëls” 'n mens effens onseker omtrent regsgeleerdes se vermoë om taalkwessies selfstandig op te los. (Hoewel 'n mens darem ook nie wil hoor dat 'n regter op grond van *intuïsie* of *gevoel* uitspraak lewer nie.) 'n Kennis van grammatikareëls impliseer verder dat 'n voorsittende beampte partykeer as taalkundige optree (dog, 'n blote kennis van grammatika perk die taalkundige vermoëns van die regter-taalkundige drasties in).

’n Voorsittende beampte maak baiekeer van eksterne regsbronne soos handboeke en akademiese artikels binne die regsdisipline gebruik om sy uitleg te beredeneer en te staaf. Een van dié regsbronne is vorige hofuitsprake. Hof sake waarin soortgelyke probleme voorkom, word dikwels bestudeer en gesiteer om die nodige gesag tot ’n eie beslissing te voeg. In sommige hofuitsprake word daar breedvoerig met ’n kwessie omgegaan, dáárom dien dit as goeie verwysingspunt en presedent wat deur ander hof sake gevolg kan word. Maar dit gebeur ook dat party kwessies uniek is en dat voorsittende beamptes geen voorafgaande hofuitsprake vind waarna hulle kan verwys nie. Daar word in Hoofstuk 3 weer hierop ingegaan.

’n Benadering wat heel dikwels in hof sake gebruik word, is die raadpleeg van woordeboeke. Die twee teoretiese benaderings wat meestal by die wetsuitleg toegepas word, naamlik die tekstualisme en die bedoelingsteorie, is direk vir die toename in woordeboekgebruik verantwoordelik. Die gebruik van woordeboeke word deur hof sake bekragtig en aangemoedig. Ironies word woordeboeke ook meestal by die getuienis (derhalwe die kundigheid) van ’n linguïst verkies. Botha (1998:104) beweer ’n mens kan argumenteer dat ’n woordeboek “die geskrewe getuienis van linguïstiese kenners is”. Dit sou ’n erg onkundige argument wees. ’n Leksikograaf is nie noodwendig ’n linguïst nie en ’n woordeboek kan nooit as die “geskrewe getuienis” van enige van die twee voorgesê word nie. Botha se uitspraak is tekenend van die onkunde rakende woordeboeke. Hof sake (en regsgeleerdes) steun moontlik te maklik op woordeboeke. Soos daar in Hoofstuk 3 aangedui word, is woordeboeke ’n uiters beperkte bron wat semantiese kwessies onopgelos laat of tot verdere verwarring kan aanleiding gee.

Die praktyk om sowel van woordeboeke, regsakademiese bydraes en voorafgaande hofuitsprake gebruik te maak as om op ’n voorsittende beampte se taalkennis te steun, dien die Suid-Afrikaanse regsstelsel oënskynlik goed, veral met betrekking tot die uitleg van die wet. En as nuwe generasies van regslui se taalvaardighede werklik so swak is as wat beweer word, sal veral die gebruik van woordeboeke waarskynlik toeneem. “Maar is dit werklik genoeg?” vra Van den Bergh (1981:138). Is dit nie tyd vir die interpreteerder van statute om nuwe instrumente te vind en aan te wend nie? Van den Bergh (1981:138) verwoord dit soos volg:

Hoe fenomenaal het die tandheelkunde nie uitgebrei vandat die primitiewe whiskey-enknuppel-narkose verruil is vir ons hedendaagse spuitnaald-narkose nie! En tog kom dit voor asof sommige interpreteerders van geskrewe regsreëls steeds bly vashou aan die whiskey-enknuppel-uitlegmetode.

Die onderhawige studie het juis ten doel om 'n "nuwe" instrument voor te stel en te illustreer as alternatief vir die verklaring van betwiste woorde. Wanneer die betekenis van 'n woord of frase betwis word, gaan dit immers nie alleen om 'n regs-kwessie nie, maar dit word dadelik ook 'n semantiese kwessie. Ten spyte van die regsgeleerde se grondige taalkennis berus sy kernvaardigheid en -kennis uiteindelik by die reg en nie by die taalwetenskap nie (Shuy, 2008:4-5).

1.1.3 Die toepassing van die taalwetenskap by die wetsuitleg

Aangesien taal en die reg onlosmaaklik aan mekaar verbind is, beteken dit by implikasie dat die linguistiek 'n waardevolle bydrae tot die bestudering en praktisering van die reg kan maak. Die taalkunde het oor die jare verskillende wetenskaplike metodes ontwikkel wat die linguïst in staat stel om ingewikkelde tekstuele taalgebruikssituasies te verduidelik en logies uiteen te sit (vgl. Cunningham, 1994:1568 e.v.). Die aanwending van linguistiek tot die wetsuitleg in Suid-Afrika is reeds vyf-en-dertig jaar gelede deur Klopper ('n taalkundige) en Van den Bergh ('n regsgeleerde) in 'n insiggewende artikel bepleit. Klopper en Van den Bergh (1980:14) argumenteer dat die grammatikale aspek van wetsuitleg die linguistiek verg om klarigheid tot die wet te verleen. Van den Bergh (1981) het 'n jaar later weer 'n saak vir die "gebruikswaarde" van linguïstiese ontleding by die wetsuitleg probeer maak, maar sedertdien het daar weinig meer in hierdie interdisiplinêre terrein gebeur. Klopper en Van den Bergh se artikel(s) is die forensiese linguistiek in vele opsigte vër vooruit, gesien in die lig dat figure soos Shuy, Coulthard en Levi eers vanaf die tweede helfte van die tagtigerjare die forensiese linguistiek betree het.

Waarom het Klopper en Van den Bergh se bydrae(s) nie enige impak gehad nie? Daar is 'n aantal moontlike redes daarvoor. Klopper en Van den Bergh stel die toepassing van die transformasioneel-generatiewe grammatika van Chomsky voor en illustreer die benadering deur dit op 'n sekere ordinansie toe te pas. Daar skort niks met hul toepassing en bespreking van die Chomskiaanse grammatika nie, maar dit is uiters kompleks en formeel en mense wat buitendien 'n beperkte kennis van die linguistiek (en van Chomsky) het, sal sukkel om by te hou. Die artikels van Klopper en Van den Bergh en later van Van den Bergh is sinvol en relevant, maar mag vir party lesers ontoeganklik wees.

'n Soortgelyke fout is in die 1970's deur Koch begaan toe hy die formele semantiek op die wetsuitleg probeer toepas het (Busse, 1989:99). Koch het onder andere 'n saak vir die gebruik van Logika en Waarheidsbepalings probeer uitmaak, maar soos Busse (1989:99) tereg

uitwys: “*Eines* der vielen Problemen einer solchen Sichtweise ist, daß die Angabe von Wahrheitsbedingungen noch keine *Bedeutungen* beschreibt.”³ Gevolglik is Koch se semantiese benadering sterk gekritiseer.

Nóg redes waarom Klopper en Van den Bergh se betoog op dowe ore geval het, hou moontlik met kompleksiteit en die teorie van die dag verband. Die transformasioneel-generatiewe grammatika is kompleks om uit te voer en kan erg tydrowend raak, veral wanneer die sinskonstruksies en -verhoudings self lank en ingewikkeld is. Watter juris het die tyd of kennis om Chomsky se grammatika sinvol toe te pas? ’n Ideale oplossing sou wees om ’n taalkundige daarvoor in te roep, wat koste- en tydsimplikasies tot gevolg kan hê. Hoewel Chomsky se idees deel van die tydsgees was en daarom geensins ongehoord was nie, net so was die bedoelingsteorie ’n gewilde en sterk voorkeur by die interpretasie van wette in die 1980’s. Die bedoelingsteorie spoor immers die bedoeling van die wetgewer na en probeer om nie verstrengel te raak in taalkwessies nie, wat ’n suiwer sintaktiese benadering tot wetsuitleg ongewild sou maak. Verder moet besef word dat die forensiese linguistiek in die vroeë tagtiger jare in die meeste lande feitlik onbekend was en in Suid-Afrika vandag steeds relatief onbekend is.

Die verskil tussen Suid-Afrika en ander Westers-georiënteerde lande lê in die vrymoedigheid van regsgeleerdes om taalkundige advies in te win, hetsy as getuienis in ’n hof of in die formulering van wette, regulasies en bepalinge. In lande soos die VSA en die VK is dit minder vreemd om ’n linguïst te ontbied om lig op ’n spesifieke taalkwessie te werp. Hoewel linguïste ook in Suid-Afrika opgeroep word om deskundige getuienis te lewer, vorm dié praktyk by verre nie die norm nie. Diegene wat wel kundigheid in ’n hof verleen, rapporteer dikwels nie daarvoor in akademiese fora nie (met die uitsondering van figure soos Kotzé, Hubbard en Sanderson). Myns insiens is die gebrek aan taalkundige bydraes tot die regspraktyk onder meer toe te skryf aan:

- (a) die feit dat die regsberoep in Suid-Afrika nog steeds nie bewus is van die groot bydrae wat die linguistiek tot die regspraktyk kan lewer nie (sien ook Shuy, 2008:5);
- (b) regsgeleerdes se vertroue in hul eie taalkennis;
- (c) regsgeleerdes se vertroue in die hantering van semantiese kwessies binne die regshermeneutiek;

³ Een van die baie probleme met só ’n perspektief is dat die spesifikasies van die waarheidsvoorwaardes nog geen *betekenis* aandui nie.

- (d) linguïste se gebrekkige kennis van die regspraktyk en die taalbehoefte van regsgeleerdes;
- (e) linguïste se versuim om taalkundige bydraes amptelik op te teken (veral in regsjoernale); en
- (f) die teënsinnigheid van navorsingsdissiplines en praktyke om saam te werk.

Die regspraktyk in Suid-Afrika het min Suid-Afrikaanse taalkundige bydraes om na te verwys of om op terug te val en dié wat reeds bestaan, naamlik dié van Klopper en Van den Bergh, is in talle opsigte ontoeganklik.

1.2 Probleemstelling en doel van studie

Daar is dringende behoefte aan navorsing oor sowel taalkundige intervensie met spesifieke verwysing na hofsake as navorsing oor die gebruik van woordeboeke (deur regsgeleerdes). Om dié rede is dit sinvol om te probeer aandui in watter opsig die taalkunde, onder die vaandel van die forensiese linguïstiek, alternatiewe en waardevolle bydraes kan lewer tot die hantering van leksikaal-semantiese probleme wat in hofsake opduik. Die linguïste se getuies of advies kan 'n daadwerklike uitwerking op 'n hof se finale beslissing hê. Die doel van hierdie studie is drieledig, naamlik

- (a) om die instrumente wat die wetsuitlegger (die hof) gebruik, te bereken, spesifiek die gebruik van woordeboeke;
- (b) om 'n toeganklike en bruikbare ontledingsmetode voor te stel wat regslui mag oorweeg in die betekenisuitleg (interpretasie) van sogenaamde probleemwoorde, bykomend tot woordeboekdefinisies en veral waar woordeboeke, wetsomskrywings en vorige hofsake nie noodwendig enige behoorlike klarigheid bied nie; en
- (c) om 'n teks beskikbaar te stel wat as naslaanbron vir ander (forensiese) taalkundiges en regslui in Suid-Afrika kan dien en só 'n bydrae tot die stadig-groeiende korpus van Suid-Afrikaanse forensiese linguïstiek kan maak.

Deur my studie wil ek probeer uitvind hoe Suid-Afrikaanse hofe met woordeboeke omgaan en as alternatief 'n ontledingsmetode binne die semantiek voorstel en beproef. Wanneer hofe uitspraak moet lewer waarin hulle verklaar wat met meerduidige en/of vae woorde in 'n spesifieke wet (en konteks) bedoel word, is dit voor die hand liggend dat 'n semantiese kwessie ontstaan. En wanneer 'n hof 'n semantiese kwessie bestudeer, maak dit tog sin om instrumente binne die semantiek te oorweeg. Die doel is ook om 'n werkbare

ontledingsmetode voor te stel; 'n ontledingsbenadering wat binne die vermoë van 'n regsgeleerde (behoort te) wees.

Ek is egter daarvan bewus dat die regshermeneutiek voorsiening maak vir die toepassing van die semantiek, maar die regshermeneutiese benadering lê die regsgeleerde aan bande deur nie verder as die grense van die reg te kyk nie. Die toepassing van die semantiek slegs binne die grense van die reg lei juis tot die huidige stand van sake, naamlik 'n onvermoë om meerduidige en vae woorde op sistematiese wyse te probeer verklaar. Ek is dit derhalwe met Van den Bergh eens wanneer hy sê dat nuwe instrumente verken en oorweeg moet word. Die onderhawige studie kan dus gesien word as 'n soeke na 'n nuwe instrument wat by die uitlê van wette gebruik kan word.

Die doel van 'n doktorsale studie is (onder meer) om sowel leemtes in akademiese debatte te identifiseer en aan te spreek as om probleme wat die samelewing raak, te help oplos. Die regsproses in Suid-Afrika wemel van die probleme. Weens die afhanklikheid van taal, is baie van die probleme in die regsstelsel ook taalprobleme. Hierdie probleme raak uiteindelik elke Suid-Afrikaanse burger, aangesien elkeen 'n onderdaan van die soewereine staat is en van die wetgewing en die uitleg van die wet afhanklik is. *Meine Meinung nach* is dit een van die akademiese kernverantwoordelikhede om probleme in die samelewing uit te wys en te probeer aanspreek. Ek sien die voer van uitgebreide akademiese debatte sonder enige praktiese uitwerking as taamlik sinloos, veral binne die toegepaste taalkunde. Die term “toegepaste taalkunde” sê tog juis dat die taalkunde prakties op 'n spesifieke situasie toegepas moet word, verkieslik buite die ivoortoring.

Die onderhawige studie neem daarom eensyds deel aan 'n internasionale akademiese gesprek en andersyds fokus dié studie op 'n leemte by die uitleg van wette. Daar word bygedra tot die internasionale diskoers oor die hof se gebruik (en afhanklikheid) van woordeboeke asook die hof se hantering van woordinterpretasie. Daar is tot en met die aanpak van hierdie studie karige bestekopnames van die stand van die forensiese linguïstiek in Suid-Afrika. Daar was ook geen aanduiding van die aard van woordeboekgebruik in Suid-Afrikaanse howe nie. Die doel van hierdie studie is primêr om aan te dui op welke wyse 'n hof die linguïstiek kan inspan om die betekenis van woorde uit te lê. Op dié manier word die tans karige stand van die forensiese linguïstiek in Suid-Afrika uitgebrei en die leemte in verwysingsbronne, spesifiek in forensiese semantiek, word aangespreek en aangevul.

Hierdie studie sal ongetwyfeld die basis vorm vir voortgesette navorsing met betrekking tot betekenis en begrip in regs kontekste wat Jan Publiek direk raak.

1.3 Metodologie

Dié studie is gebaseer op twee pilare, naamlik 'n teoreties-hermeneutiese en 'n empiriese benadering. Die eerste benadering beteken dat sekondêre bronne 'n belangrike basis van die studie uitmaak. Daarin vind 'n mens die teoretiese begroning en die voorgestelde ontledingsmetodes asook die nodige ondersteuning vir argumentasie. Die empiriese benadering behels die bestudering van data in die vorm van oorspronklike tekste. Hier verwys “oorspronklike tekste” na hofuitsprake.

Die werkswyse behels die opsoek van hofuitsprake waarin leksikaal-semantiese probleme voorkom. Vir die opsoek van hofuitsprake word die volledige Jutastat-databasis geraadpleeg. Daarna word die hofuitsprake bestudeer om te bepaal wat die aard van die semantiese kwessie (in konteks) is en op welke wyse die gekose semantiese teorie meer lig op die betekenis van die woord kan werp.

Die teoretiese begroning is die leksikale semantiek met spesifieke verwysing na die bydraes van die kognitiewe linguïstiek. Konsepte en die verbandhoudende kategoriseringsteorieë vorm die fondament van die uiteindelijke woordontledings wat as alternatief (of medehulpbron) vir woordeboeke voorgehou word.

1.4 Afbakening

Die onderhawige studie bestudeer slegs geselekteerde hofuitsprake ten einde nuttige ontledingsmetodes te kan illustreer en te bespreek. Sowel hofuitsprake in Afrikaans as Engels is bestudeer; dit wil sê Afrikaanse en Engelse woorde kom aan bod. Die studie is beperk tot die grense van Suid-Afrika (insluitende tuislande en mandaatgebiede) en spesifiek tot hofuitsprake. Soortgelyke probleemgevalle in buurlande of in tribunale, resolusies en arbitrêre onderhandelings is uitgesluit.

Aangesien hierdie studie ten doel het om woordontledings te illustreer en reedsbestaande hofuitsprake daarvoor te bestudeer, is die aantal en ouderdom van hofsake na my mening van minder belang. 'n Getal van twintig hofuitsprake tussen 1947 en 2012 is geselekteer. Die geselekteerde tekste is beperk tot beslissings wat op appèl geneem is en wat duidelike probleme met die interpretasie van woorde ondervind. Omdat hierdie studie van die leksikale

semantiek gebruik maak, word daar op die betekenis van woorde gefokus en nie op langer teksgedeeltes nie (byvoorbeeld die betekenis van sinne, paragrawe of volledige tekste). Die studie word verder beperk tot die semantiek, maar sluit nie noodwendig ander taalkundige subafdelings soos die morfologie, fonetiek, ensovoorts uit nie, aangesien taalkundige subafdelings meestal geïntegreerd is.

Verder is dit belangrik om aan te dui dat hoewel daar met oorspronklike regstekste soos hofuitsprake gewerk word, daar geensins op die regsaspekte van daardie beslissings ingegaan sal word nie. Die fokus van die studie is immers nie om tot die regskennis by te dra nie, maar om taalkundigheid te lewer. Die ondersoeker is nie 'n regsgeleerde nie.

1.5 Uiteensetting van hoofstukke

Hierdie proefskrif bestaan in totaal uit ses hoofstukke. Hoofstukke 2 tot 6 sien soos volg daaruit:

HOOFTUK 2

Die term “forensiese taalkunde” word verklaar, gevolg deur 'n literatuuroorsig wat sowel die internasionale as die plaaslike stand van sake opsom.

HOOFTUK 3

In hierdie hoofstuk word 'n hof se hantering van leksikale probleme onder die loep geneem. Dit behels die kontekstualisering van die woordeboekgebruik en die beginsel van 'n “gewone betekenis” van woorde gesien teen die agtergrond van die tekstualisme en die bedoelingsteorie. Die wetenskap en aard van woordeboeke kom daarna aan bod, gevolg deur 'n oorsig van woordeboekgebruik in Suid-Afrikaanse howe.

HOOFTUK 4

Dié hoofstuk gee 'n uiteensetting van die teoretiese benadering wat vir hierdie studie gevolg word, te wete die semantiek. Die belangrikste kenmerke van semantiek word oorsigtelik hanteer. Besprekings van sake binne die kognitiewe linguistiek soos konsepte, prototipes en *frames* lei uiteindelik na Barsalou se model vir betekenisontleding.

HOOFTUK 5

In hoofstuk vyf word die geselekteerde twintig hofsake na aanleiding van Barsalou se *framemodel* ontleed en op dié wyse word die voorgestelde ontledingsmetode geïllustreer.

HOOFTUK 6

Die studie word in die laaste hoofstuk saamgevat en aanbevelings word aan die hand gedoen.

1.6 Die navolging van regsakademiese konvensies

Aangesien my studie op interdisiplinêre wyse by die regs wetenskap aansluit, is dit vir my sinvol om bepaalde skryfkonvensies in die regsdissipline aan te neem. Hierdie konvensies moet nie met die tipografiese konvensies verwar word nie.

Die verwysingstegniek wat deurgaans gevolg word, is die Harvard-metode. Dit geld sowel binne die teks as in die bronnelys. Wanneer daar egter na hofsake of wette verwys word, sal daar slegs na die relevante bladsynommer verwys word.

Name van hofsake word op twee maniere binne-in 'n teks gesit: met die eerste vermelding word slegs die helfte van die titel weergegee, byvoorbeeld *Venter v R* (altd in skuinsdruk), terwyl die volledige saaknaam in die bronnelys voorkom. Met 'n tweede verwysing na dieselfde saaknaam, mag die naam na die eerste woord afgekort word, byvoorbeeld *Venter*.

In die geval van wetgewing, word die sogenaamde populêre titel weergegee, byvoorbeeld die Inligtingwet (altd met 'n hoofletter gespél), terwyl die volledige verwysing in die bronnelys voorkom.

Die outeurs van hofuitsprake is die voorsittende beamptes. Wanneer daar na die voorsittende beampte verwys word, word sy/haar van gesit gevolg deur die letter(s) wat rang aandui. Dit lyk soos volg: Dawood R (regter), Harms AR (appèlregter).

Dit is staande praktyk dat 'n appèlregter in sy uitspraak na die beslissing van die laerhof verwys. Tydens die bespreking van die laerhof se beslissing word die Latynse term *a quo* gebruik om die hof van die eerste instansie aan te dui. Dus word die terme “hof *a quo*” en “saak op appèl” teenoor mekaar gebruik.

Wanneer 'n aantal hofsake gesit word om 'n spesifieke punt te staaf, word daardie sake in 'n voetnoot geplaas om die vloeï van die hoofteks te akkommodeer.

1.7 Opsomming

Die onderhawige studie is in hierdie hoofstuk ingelei en uiteengesit. Lesers is daarvan bewus gemaak dat houe reëlmatig met semantiese kwessies worstel en is ook 'n idee gegee van die aard van die semantiese probleme waarmee regsgeleerdes soms te kampe het. Die probleemstelling en doelwitte is in Hoofstuk 1 vermeld en verduidelik. Vervolgens word die probleemstelling en doelwitte in Hoofstukke 2 tot 5 hanteer.

Hoofstuk 2

Forensiese taalkunde

2.1 Inleiding

Linguistiek is 'n uiters breë navorsingsterrein en kan maklik aan 'n verskeidenheid ander terreine gekoppel word. Die rede daarvoor hou moontlik verband met die plooibaarheid van taal; die feit dat taal 'n medium is waardeur soveel moet geskied. Die forensiese linguistiek is 'n relatief jong navorsingsterrein wat taal en die regsdomrein verbind. Hoewel daar vroeg in die twintigste eeu reeds ondersoeke in die forensiese linguistiek was, het dit eers sedert die laat negentigerjare van die vorige eeu momentum gekry. Vandag word forensiese linguistiek veral in Asië, die VSA en in Europa toegepas. Wat Suid-Afrika betref, is die forensiese taalwetenskap taamlik onbekend, afhangende van 'n persoon se interpretasie van die term. As navorsingsveld is daar ongetwyfeld baie ruimte vir groei en sowel die plaaslike taalwetenskap as die Suid-Afrikaanse regsisteem kan daarby baatvind.

Die term “forensies” kan egter verwarrend wees. Ofskoon die term taamlik uitgebreid en inklusief is, word dit baie maal gebruik om na die bekampings van misdaad te verwys. Die doel van hierdie hoofstuk is derhalwe om 'n oorsig van die veld te voorsien en sodoende meer klarigheid te verkry. Wat behels forensiese linguistiek? Watter noemenswaardige bydraes is reeds in Suid-Afrika gelewer?

Die term “forensies” is 'n byvoeglike naamwoord wat volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Odendal en Gouws 2000:231) verwys na dit wat op geregshoue betrekking het. Die *South African Concise Oxford Dictionary* (Dictionary Unit for SAE 2007:451) verskaf 'n meer spesifieke definisie wat verwys na die toepassing van wetenskaplike metodes en tegnieke om misdaad te ondersoek. Die populêre beeld wat talle mense van forensiese linguistiek het, val eerder binne die Oxford-definisie, hoewel 'n kombinasie van die twee definisies nader aan die ware aard van dié terrein lê. Forensiese linguistiek word gepas soos volg deur Olsson (2008:3) saamgevat:

Forensic Linguistics is, rather, the application of linguistic knowledge to a particular social setting, namely the legal *forum* (from which the word forensic is derived). In its broadest sense we may say that Forensic Linguistics is the interface between language, crime and law, where *law* includes law enforcement, judicial matters, legislation, disputes or proceedings in law, and

even disputes which only potentially involve some infraction of the law or some necessity to seeking a legal remedy.

Uit Olsson se woorde kan duidelik afgelei word dat die forensiese taalwetenskap by toegepaste taalkunde tuishoort en dikwels uit ander linguistiese velde put om resultate te lewer (vgl. Klopper, 2009:273). Dit is daarom nie ongewoon om die kognitiewe leer, die antropologie of selfs die neurolinguistiek in forensiese kontekste toe te pas nie. Die linguistiek is onbeskaamd van enige terrein in die taalkunde om 'n forensiese probleem op te los of aan te spreek (sien Olsson 2008:3 e.v.). Die forensiese kenmerke van 'n taalstudie lê tans in die toepassing van die linguistiek en nie soseer in 'n eie teorie nie (hoewel eie metodologieë wel voorkom).

Die oorsig in hierdie hoofstuk word in twee afdelings gegroepeer, naamlik 'n opsomming van die vernaamste internasionale bedrywighede gevolg deur 'n bestekopname van die navorsing in Suid-Afrika. Dit is nie die doel om elke moontlike bron op te teken nie. Dit sal 'n onbegonne (en selfs sinlose) taak wees, derhalwe word daar op die vernaamste Westerse navorsing gefokus. Die doel met die kort internasionale oorsig is om die Suid-Afrikaanse bydraes in perspektief te plaas en sodoende aan te dui hoe plaaslike navorsing by 'n internasionale gesprek aansluit. Die bestekopname van Suid-Afrikaanse navorsing het ten doel om sowel enige leemtes in die plaaslike terrein aan te dui, as om die onderhawige studie te posisioneer.

2.2 Oorsig van die internasionale forensiese taalwetenskap

In die Weste, veral die VSA, die VK, Australië en Duitsland, is daar groter vordering gemaak in die veld van die forensiese linguistiek. Wanneer 'n mens veral die amptelike vaktydskrif vir forensiese linguistiek, die *International Journal of Speech, Language and Law*, oopslaan, kry die leser snel 'n toeganklike blik op die terrein en die verskillende temas wat daarin aangespreek word. Hoewel dié joernaal sekerlik as die beste verteenwoordiger beskou kan word, is dit uiteraard nie die enigste platform waar linguïste hul omgang met die forensiese taalkunde deel nie. Ander vaktydskrifte in die taalkunde en regs wetenskap neem ook aan die diskoerse deel.

Volgens Olsson (2004:3) bestudeer die forensiese linguïstiek taal, misdaad en die reg en die wyse waarop die drie onderskeidelik met mekaar in verhouding tree. Hoewel dié terrein deur verskeie individue as relatief nuut gesien word, is die term “forensies” reeds in die eerste

helfte van die twintigste eeu deur Philbrick (Coulthard en Johnson, 2007:5) gebruik om Regsengels mee te beskryf. Maar die eerste noemenswaardige en invloedryke forensies-linguistiese studie is dié van Jan Svartvik in *The Evans Statements: A Case for Forensic Linguistics* (1968). Svartvik het Timothy John Evans se vier verklarings oor die moord op sy vrou en dogter taalkundig geanaliseer en ooglopende taalverskille opgemerk. Evans was meestal ongeletterd en het die woordeskat en taalgebruik van 'n 14-jarige kind gehad. Hy het ook tipies van sy stand en era eerder van omgangstaal gebruik gemaak. Dit het geblyk dat die polisie 'n hand aan die verklaring gehad het wat tot klaarblyklike inkonsekwentheid in die verklaring gelei het. Hoewel Svartvik die verklaring 18 jaar na die teregstelling van Evans bestudeer het, het sy grondige analise van die verklaring, asook rekords van Evans se getuienis in die hof, 'n uiters waardevolle bydrae gelewer tot die gebruik van die taalkunde tydens hofsake. Die veld het helaas eers sedert die negentigerjare momentum gekry en daar is met rasse skrede goeie vordering gemaak.

Die gebruik van taal binne 'n regsisteem kan in subkategorieë gegroepeer word. Na aanleiding van die subterreine waarin reeds grondige navorsing gedoen is, identifiseer ek die volgende kategorieë: taal en die reg, taal en die polisiëringsmagte, taal in die hof, taal en handelsmerke, outeur- en sprekeridentifikasie, en taal en betekenis.

Vervolgens 'n tematiese oorsig van die internasionale bedrywighede:

2.2.1 Taal en die reg

Taal en die reg verwys na taalwetgewing en taalregte. 'n Belangrike fokusarea is gelyke beregtiging. Sake betreffende taalpolitiek en taalbeleid is tipies van ontwikkelende en bevryde lande, asook lande waar 'n meertalige samelewing aan die orde van die dag is (vgl. May, 2000, 2006:256 e.v.; Spolsky, 2004; Tiersma, 2012); lande waar gelyke beregtiging herstel moet word. Taalregte (en die gebrek daaraan) kan tot 'n aantal kwessies lei, onder meer toegang tot onderwys, loopbaangeleenthede, dienslewering en ander menseregte. Uiteraard kan 'n bepaalde taalbeleid gebruik word om groepe van hul basiese menseregte te weerhou.

Taalaktiwisme en taalregte vorm 'n geldige en belangrike subafdeling binne die forensiese taalkunde, hoewel sake soos taalbeplanning en -beleid volgens my eerder by geleentheid met forensiese taalkunde oorvleuel. Taalpolitiek en -beplanning bemoei sig immers onder andere met die kwessie van taalwetgewing, die beskerming van tale en die wyse waarop tale in die

samelewing geïmplementeer word. Dit staan vir my derhalwe tot 'n sekere mate eerder op die periferie van die forensiese taalwetenskap.

Nietemin, dit is steeds belangrik om hiervan kennis te neem, want dié taalkwessies lei tot ander kwessies wat deur forensiese taalkunde aangespreek word, soos sprekeridentifikasie (veral met betrekking tot asielsoekers en onwettige immigrante) en die manier waarop (onwettige) immigrante en plaaslike burgers deur die betekenis van tekste in hul (nuwe) land se taal geraak word, byvoorbeeld waarskuwingstekens, instruksiebiljette, kontrakte, ensovoort. Wanneer taalbeplanning en -beleid nie mense van sowel binne as buite die landsgrense akkommodeer nie, skep dit outomaties regsprobleme. Die feit dat soveel mense in hul eie lande deur hul regsisteme ondermyn word (tydens 'n polisie-ondersoek, 'n verhoor, ensovoort), het direk te make met taalbeleid en -beplanning.

Daar is oneindig baie leesstof beskikbaar met betrekking tot taalregte, minderheidsregte, gelyke taalberegtiging, taalwetgewing en uiteindelik ook taalbeleid en -beplanning. Die navorsing belig dikwels taalsituasies in lande soos Kanada, Ierland, Israel, België, Switserland, Kenia, Tanzanië en Nigerië. Enkele figure wat waardevolle bydraes gelewer het, is J Blommaert (taal en identiteit, ideologie), S May (taalregte, meertaligheid, taal-in-onderwys), A Pennycook (taalbeleid en -regte), E Shohamy (taalbeplanning en -beleid), B Spolsky (taalbeplanning en -beleid), T Ricento (taalbeleid) en De Varennes (taalregte). Weens die eng verweefdheid van taal en identiteit, taal en etnisiteit en taal en ideologie, lewer elke land soortgelyke maar ook unieke problematiek ten opsigte van taal en die reg.

2.2.2 Taal en die polisiëringsmagte

Hier gaan dit hoofsaaklik om polisie-ondervraging (Gibbons, 1995; Tiersma, 2007), skulderkennings en die bevooroordeelde hantering daarvan (Coates, Bavelas en Gibson, 1994; Shuy, 1998; Coates en Wade, 2004; Lassiter, 2004; Lassiter, Ratcliff et al 2006), polisieverslae, false getuienis (Leo en Ofshe, 1998; Leo, 1998, 2001, 2009; Shuy, 2005; Leo, Drizin et al, 2006; Leo en Liu, 2009), die taal van verdagtes en die taal van slagoffers. Daar word ondersoek ingestel na die soorte vrae en vraagkonstruksies, die wyse waarop konteks op ondervraging inwerk en die pragmatiese invloede op die taalgebruik van polisiëringsmagte, veral tydens die ondervragingsproses (Johnson, 2002, 2006, 2007, 2008a, 2008b).

Ehrlich (2001, 2002, 2003, 2006, 2007, 2010), Cotterill (2007) en Matoesian (1993, 1995, 1997, 1999, 2001, 2005) stel ondersoek in na die taal van seksmisdade. Die manier waarop

die regsisteem via taal en beleid die verkrachtingslagoffer vir 'n tweede keer tot slagoffer dwing, kom onder die loep. Die ontoereikendheid van taal in die hantering van verkrachtingsake, kommunikasie met die slagoffers, die maniere waarop taal soms geplooi word om die misdadiger te bevoordeel of om die opposisie of voorsittende beampte te manipuleer (dikwels deur slinkse vraagstelling), vorm belangrike temas. Coulthard (1996, 2002) het ook navorsing gedoen oor die manipulasie van die gehoor deur die skep van kunsmatige dialoë tydens polisie-ondervragings.

2.2.3 Taal in die hof

Die regsproses speel gewoonlik in 'n hof af. Van besondere belang hier is vertolking, vertaling, notulering en die ondervraging (kruisverhoor). Dit hou sterk verband met die wyse waarop taal toegepas word om bepaalde uitkomst te verseker of resultate te manipuleer. Baie navorsing is reeds gedoen oor kwessies rakende die reg tot 'n tolk asook uitdagings van 'n meertalige hofsaal. 'n Groot aantal fokusareas word ondersoek, byvoorbeeld die invloed van tolkwerk op vraagstelling in 'n hof (Berk-Seligson, 1999, 2000a, 2002, 2008), diskoersanalises van oproepe aan die polisie (Drew, 1998), die hantering van taal tydens kruisondervraging (Drew, 1985, 1990, 1992), die manier waarop Jan Publiek deur die medium van 'n hof gekortwiek word (soos Australiese inboorlinge en die gebruik van aborigine-Engels in 'n hof) (Eades, 1992, 1994, 1995, 2000, 2002, 2003a, 2003b, 2004, 2006, 2008b) en ondersoek na die notule as verbatim rekord van hofverrigtinge (Eades, 1996). Hale (1996, 1999, 2001, 2003, 2004) fokus op die pragmatiese taalgedrag van tolke, soos die verskynsel dat hulle soms vertolking onderbreek om iets te sê of te vra en die tolk se vertolking van bepaalde sake, onder meer vrae en diskoersmerkers. Hale en Campbell (2002) skenk aandag aan diskrepansies tussen die moeilikheidsgraad van 'n teks en die akkurate vertaling daarvan.

Haworth (2006, 2010) se navorsing dui aan hoe belangrik ondervraging in die regsproses is en hoe belangrik dit is om getroue rekords as bewysstukke voor te lê. Sy wys byvoorbeeld drie probleme uit, naamlik die problematiek van die formaat waarin die ondervraging geskied en voorgelê word, die problematiek (en wanindruk) dat die verdagte se getuienis tydens die ondervraging presies dieselfde moet wees in die polisie-selle as in 'n hofsaal en derdens die wanindruk dat die verdagte vryheid van spraak geniet en te enige tyd mag sê wat hy wil.

Cotterill (2001, 2002, 2003, 2004) bekyk sake soos taal en mag, intertekstualiteit en semantiese kwessies soos dit hoofsaaklik in die OJ Simpson-saak voorkom, terwyl Shuy

(2005) veral op die misbruik van taal konsentreer. Hy bevind onder meer dat sowel die polisie as regsgeleerdes taal gebruik om bewyse te manipuleer, spesifiek bewyse wat in taal gesetel is.

2.2.4 Taal en handelsmerke

Probleme rondom handelsmerke word byna uitsluitlik deur regslui hanteer, weens die ernstige skade wat handelsmerkoortredings aan 'n instansie se beeld, identiteit en beursie kan rig. Dit lê voor die hand dat dispute rakende handelsmerke regstegniese kundigheid behels. Maar weens die linguistiese aard van meeste handelsmerke (dit is immers grotendeels taalprodukte) word daar toenemend van taaldeskundiges verwag om tydens dispute bystand te lewer.

Die toepassing van teoretiese taalkunde, bv. morfologie, sintaksis, fonetiek, fonologie, en selfs die semiotiek (Shuy, 2002:182-183 en 134-135) is van onskatbare waarde. Butters (2010:352) voeg die volgende by: “Especially important are (1) experience in applied linguistics such as one finds in lexicography and (2) the sort of interest in empirical data that dialectologists and sociolinguists deal with centrally in their professional enterprises.” Volgens Butters is daar twee soorte handelsmerkoortredings, te wete gelyksoortigheid en verwarring. As die een handelsmerk maklik met 'n ander verwar kan word of as een handelsmerk op grond van voorkoms, woordgebruik, klank (selfs reuk) ooreenkom met 'n ander, dan het 'n mens met handelsmerkoortredings te doen en moet 'n mens probeer vasstel wat die aard van die oortreding is en of dit skade aan die sogenaamde senior merk berokken. “[Strength of mark] issues are obviously linguistic questions, and courts deciding trademark cases usually allow linguistic expertise to be taken into consideration” (Solan and Tiersma 2005:248, nota 42). Hoewel handelsmerkdispute meestal regstegnies is, is taalkundigheid 'n funksionele en effektiewe manier om ongeruimdhede vas te stel. Sien gerus Shuy (2002, 2008, 2012), Butters (2007, 2008a, 2008b, 2010) en Levi (1994). Sien ook Butters (2012) se bydrae oor kopiereg en intellektuele eiendom.

2.2.5 Outeur- en sprekeridentifikasie

Die subdissipline wat die meeste mense met forensiese linguistiek assosieer, is outeur- en sprekeridentifikasie. Dit behels gewoonlik die bevestiging van 'n outeur se betrokkenheid by 'n misdaad. Die tipe tekste wat by outeuridentifikasie ondersoek word en die ontledingsmetodes wat op die betrokke tekste toegepas word, varieer aansienlik. Tekste

wissel tussen dreig- en afpersbriewe, losprys- en selfmoordnotas en inkriminerende e-pos-, Twitter-, blog- en sms-boodskappe, om enkele voorbeelde te noem.

Die taalkundige toepassings wissel van diskoersanalises tot stilistiek, stilometrie, idiolekontledings, fouteontledings, korpus-/konkordansiestudies en die toepassing van teoretiese taalkunde, in 'n poging om 'n spesifieke teks aan 'n spesifieke individu of groep mense te koppel. Die steekproef moet gewoonlik groot wees om patrone raak te sien wat die outeur met meer sekerheid kan identifiseer. Maar korter boodskapt tekste soos sms'e of tweets skep nuwe uitdagings. Outeuridentifikasie is 'n gewilde navorsings- en onderrigterrein en daar is tallose linguïste wat daarin spesialiseer.

Die vernaamste figure wat baanbrekerswerk verrig het, is Coulthard (2004, 2010); Kniffka (1996, 2007); Olsson (2004/2008); Cotterill (2004); Turell (Gibbons en Turell, 2008); McMenamin (1993, 2001, 2002, 2004) en Johnson (1997). Daar is ook pogings aangewend om met nuwe metodes vorendag te kom, veral in areas wat nuwe uitdagings bied of baie belofte toon. Sien byvoorbeeld Chaski (2001, 2005, 2012) se evaluering van tegnieke om digitale outeurskapskwessies op te los en Kredens (2002, 2003) se herbeskouing van idiolekte en korpuslinguïstiek (soortgelyk aan Coulthard).

Sprekeridentifikasie is soortgelyk aan outeuridentifikasie en het dieselfde doel voor oë, met die uitsondering dat die fonetiek en fonologie 'n belangriker rol speel. Aspekte soos woordfrekwensie, woordkeuse, woordeskat en die toepassing van grammatika kom by al twee soorte identifikasie voor, maar klank, dialek, spraakmannerismes en uitspraak is hier uiteraard van kardinale belang. Die tipe tekste wissel eweveel tussen telefoongesprekke, stemboodskappe, ondervragings op band, geheime rekords, en so meer.

Sprekeridentifikasie word nie tot “geharde misdadigers” beperk nie, maar sluit asielsoekers in. Laasgenoemde geniet deesdae baie aandag. Taalwetenskaplikes word ingeroep om die sogenaamde linguïstiese identiteit van asielsoekers te bepaal en só te bevestig of hulle werklik afkomstig is van die beweerde land. Om te verhoed dat onwettige immigrante via asiel die land permanent binnetree, moet die kaf van die koring geskei word. Byvoorbeeld, talle onwettige Pakistani-migrante het hulle in Australië voorgedoen as Afghaanse asielsoekers (Eades, 2010). Hulle probeer owerhede flous deur aksente en woordeskat aan te leer, oftewel die werklike asielsoekers te na-aap. 'n Linguïst word ingeroep om ontledings op die gesproke data te doen. So vorm sy verslag later deel van die asielaansoek.

Die forensiese fonetikus is hier onontbeerlik. *Language Analysis in the Determination of Origin* (LADO) is 'n metode wat tans in verskeie lande gebruik word, hoewel sterk kritiek daarteen uitgespreek word. LADO is hoofsaaklik op volkslinguistiek gebaseer, dit wil sê gebaseer op die taalkenmerke van sprekers van daardie spesifieke taal. Die resultaat is dikwels 'n veralgemening van verskynsels en 'n soeke na geykte verskynsels. Daar is 'n internasionale dokument met goeie riglyne beskikbaar gestel wat rolspelers van leiding voorsien (vgl. www.forensiclinguistics.net). Lande waar dié verskynsel die norm is, is onder andere Nederland, België, Switserland en Australië. Sien gerus Brennan (2003) en Eades (2005, 2008a, 2009, 2010); Eades, Fraser, Siegel, McNamara en Baker (2003); Eades en Arends (2004).

2.2.6 Taal en betekenis

Ondersoekers het hier te make met taal- en teksbegrip, dit wil sê die begrip van tekste met regsimplikasies soos regsdocumentasie, bepalinge en voorwaardes, produkwaarskuwings, aanwysings en instruksies. Die begrypbaarheid en (on)toeganklikheid van hierdie soort tekste word bevraagteken en getoets, veral waar dit Jan Alleman betrek (Levi, 1994; Cotterill, 2000; Solan en Tiersma, 2005; Tiersma, 2008). Tiersma (1993a, 1995) fokus op taal in regs kontekste, soos jurie-instruksies (sien ook Levi, 1993; Dumas, 2000a, 2002), terwyl tekste soos die Amerikaanse Miranda-regte (Shuy, 1997; Leo, 1998, 2001; Leo en White, 1999; Berk-Seligson, 2002b; Ainsworth, 2012) en die waarskuwings op produkverpakkings (Shuy, 1990; Dumas, 1990, 1992, 2000b; Tiersma, 2002) ook die nodige aandag geniet.

Dit gaan egter nie alleenlik oor die interpretasie van reedsbestaande tekste nie, maar oor die gebruik van taal binne regs konteks. Dit behels die formulering van wette, die optrek van praktiese regs dokumente en die handhawing van regs kommunikasie in die breedste sin. Hoe skryf 'n mens binne die regsterrein? Duidelikheid, helderheid en vaagheid is van die aspekte wat telkens aangespreek word in 'n poging om taal vermoëns in die reg op te skerp. Daar is 'n magdom bronne oor hierdie onderwerp beskikbaar, waarvan die meeste vanuit die regsberoep voortspruit. Gesaghebbende figure in die taalwetenskap is onder meer Bhatia (1982, 1983, 1987a, 1987b, 1994, 2005; Bhatia, Candlin en Engberg, 2008), Tiersma (2000, 2002) en Gibbons (1994, 2003) wat oor taal en die reg skryf.

Die hantering van semantiese probleme in hofsake staan vir die doeleindes van die onderhawige studie sentraal.⁴ 'n Hof moet gereeld die betekenis van woorde, frases en sinne bepaal. Dié praktyk hou direk met 'n hof se taak verband om wette uit te lê. Die afgelope drie dekades het enkele taalnavorsers verskeie taalwetenskaplike oplossings voorgestel en geïllustreer. Enige dissipline binne die teoretiese taalkunde kan hiervoor ingespan word (Levi, 1994; Turell, 2010), hoewel die semantiek en sintaksis gewoonlik die gewildste toepassings is, weens die feit dat daar met betekenis omgegaan word. Die werk van Solan (1993a, 1993b, 1998, 1999, 2008), Tiersma en Solan (2002), Cunningham, Levi, Green en Kaplan (1994) en Coulthard (2005) is van onskatbare waarde. Hulle beredeneer en kritiseer die kundigheid en taalvermoë van voorsittende beamptes en die maniere waarop 'n hof (soms foutiewelik) met taalprobleme omgaan. In hul onderskeie uitsette argumenteer hulle ten gunste van die taalkunde en die waarde wat dit tot 'n hofsak kan bydra. Die taalkundige bydrae wentel byna uitsluitlik om betekenis en die wyse om dit vas te stel.

Bykomend tot die gebruik van suiwer taalkunde, het 'n aantal navorsers ook die waarde van korpuslinguistiek in die soeke na betekenis geïllustreer. Coulthard (1994a) en Cunningham en Fillmore (1995) maak van 'n korpusbenadering gebruik om onder meer die frekwensie en betekenis van woorde in konteks te peil en die breër publiek se begrip en gebruik van 'n woord of frase te bepaal. Durant (1996) en Langford (2000) span konkordansies in om die waarde van sowel semantiese as pragmatiese bewyse in hofsake te motiveer en die betekenis van spesifieke woorde te bestudeer (soos moord, manslag en selfmoord). Sien ook Finegan (2010) se gebruik van korpuslinguistiek met betrekking tot hofuitsprake. Blackwell (2009) argumenteer ten gunste van 'n gespesialiseerde korpus wat uitsluitlik op regstaal konsentreer. In haar studie dui sy aan dat beskikbare corpora soos COBUILD nie die geskikste is wanneer regstaal ondersoek word nie. Sy stel voor dat 'n korpus bestaande uit tekste soos polisieverklarings, beëdigde verklarings, lasbriewe, selfmoordbriewe, hofstukke, hofuitsprake, ens. gebou moet word.

Butters (1993) konsentreer op die pragmatiek en die semantiek en hanteer onder meer die aspek van “gewone betekenis van woorde” asook die verhouding van woorde teenoor mekaar. Siegel (2005) beskou die getuienis van semantici as kontroversieel en sien jurieledes as die primêre gesag van betekenis in 'n hofsak. Sy navorsing toon aan op welke wyse semantici jurieledes se intuïtiewe en natuurlike aanvoeling vir betekenis kan aanwend om

⁴ Dié kwessie word in meer besonderhede in Hoofstuk 3 belig.

die konteksgebonde betekenis van woorde of betrokke teks te interpreteer. Soms word die forensiese semantiek slegs as bykomende instrument in 'n gegewe saak ingespan. Wray en Staczek (2005) gebruik byvoorbeeld die psigo- en sosiolinguistiek tydens 'n siviele hofszaak waartydens diskriminasie en rassisme op grond van pejoratiewe woordseleksie ("Cajun"/"Coon ass") oorweeg en ondersoek word. Hoewel die hooftoepassingsmetode nie die semantiek was nie, is die semantiek in 'n saak soos dié onontbeerlik.

Die persoon wat egter die meeste oor sy taalkundige getuienis tydens hofsake gerapporteer het, is Roger Shuy. Hy het sinds die tagtigerjare sy hand suksesvol aan verskeie fasette in die forensiese linguistiek gewaag, hoewel sy ontledings rakende betekenis sekerlik die belangrikste is. Shuy (1986, 2006, 2008) bestudeer die interpretasie van woorde en frases binne 'n bepaalde regs konteks, meestal hofsake, en stel dan 'n verskeidenheid ontledingsbenaderings voor waarop meerduidigheid uitgeskakel en 'n presieser konteksgebonde betekenis vasgestel kan word.

2.3 Bestekopname van die forensiese taalwetenskap in Suid-Afrika

Waar talle internasionale navorsers op outeuridentifikasie, forensiese fonetiek en die taalgebruik van wetstoepaslike taalt tekste en -situasies konsentreer, val die fokus in Suid-Afrika sterker op taalaktiwisme, taalregte en regstaal. Suid-Afrika is 'n veeltalige staat wat nog relatief onlangs van 'n onderdrukkende politieke bestel bevry is. Dit is dus verstaanbaar dat navorsing in taalpolitiek en -beplanning gewild is. Dog, soos daar in die volgende bestekopname gesien kan word, is daar wel sprake van 'n forensiese linguistiek in Suid-Afrika, selfs al is die boom maar nog 'n saailing. Dieselfde tematiese verdeling van inligting word hier onder gevolg.

2.3.1 Taal en die reg

Soos in 2.2.1 vermeld is, val taalpolitiek en -beplanning myns insiens binne 'n onafhanklike navorsingsterrein, ten spyte van die feit dat daar by die forensiese taalkunde aangesluit word. Die behoeftes wat aangespreek word, verskil by tye aansienlik van die behoeftes wat die forensiese linguistiek probeer bevredig. Nietemin is dit funksioneel om die Suid-Afrikaanse bydraes kortliks op te som en na enkele linguiste te verwys.

Plaaslike navorsing belig kwessies soos die gebrek aan duidelike taalwetgewing en die implikasies van 'n vae grondwet wat selde ten opsigte van taalpraktyk toegepas word. Die implikasies daarvan kan geweldig verreikend wees en kan daartoe aanleiding gee dat Engels

al sterker as lingua franca na vore tree. Du Plessis (2009, 2010, 2012) bespreek die leemte en problematiek wat die gebrek aan 'n voorskriftelike taalwet teweeg bring en vergelyk onder meer verskillende weergawes van die 2003- en 2011-konsepwette. 'n Tekort aan 'n voorskriftelike wet skep struikelblokke ten opsigte van hofverrigtinge en taal-in-onderwys. Beukes (2006, 2008, 2009) beredeneer die kardinale rol van staatsatelliete soos Pansat om taalbeplanning en taalbeleid te verseker. Pansat het ook die belangrike rol om taalgedrag te monitor en enige klagtes van taaldiskriminasie aan te spreek. En hoewel Pansat oënskynlik onafhanklik is, het dié agentskap geen gesaghebbende jurisdiksie nie. Perry (2004) verwys na Pansat as die “toothless watchdog”, juis weens die gebrek aan onafhanklikheid en gesag.

Die behoefte aan 'n voorskriftelike wet (en satelliete wat die toepassing van die wet monitor) wat 'n definitiewe taalbeleid daarstel, is groot. Dit hou streng verband met minderheidsregte en met taalbeleid in die onderwys, in die staatsdiens en in die sakesektor. In watter mate 'n voorskriftelike taalwet die magdom taalprobleme in Suid-Afrika gaan oplos, is 'n ander vraag. Die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale bied reeds uitdagings vir implementering. Die wet impliseer onder meer dat staatsamptenare die publiek in die taal van 'n burger se keuse moet bedien. Die uitvoerbaarheid van so 'n beleid laat waarskynlik veel se wense oor. Sake betreffende moedertaalonderrig, standaardisering van inheemse tale, taalregte (en -verteenvoording) van minderhede en dienslewering verg noodsaaklike taalbeplanning en -beleid. Laasgenoemde is met ideologie en politiek verweef.

Figure wat hier van belang is, is V Webb (moedertaalonderrig, taalbeplanning en -beleid, standaardisering), T du Plessis (taalwetgewing, taalbeplanning en -beleid, taalaktiwisme), HJ Pieterse (taalpolitiek en -ideologie, taalbeplanning), TG Reagan (taalbeplanning en -ideologie), JC Steyn (taalbeplanning, en -ideologie), N Alexander (taalbeplanning en -beleid, taalregte), K Heugh (taalregte, meertaligheid) en A Beukes (taal in onderwys).

Baie van die navorsing fokus op taalprobleme binne 'n meertalige staat en die wyse waarop Engels 'n bedreiging vir inheemse tale inhou, (insluitende Afrikaans). Waar die klem dikwels op Afrikaans was, is daar nou toenemende uitsette wat die stand van Afrikatale weergee, asook kwessies rondom taal-in-onderwys. Hier is onder andere Webb (2006, 2009, 2010), Venter (2003), Ngcobo (2009a, 2009b), Du Plessis (2001, 2006, 2010, 2012) en Madiba en Mabiletja (2009) se verslae van waarde.

2.3.2 Taal en die polisiëringsmagte

Thetela (2002) lewer 'n belangrike bydrae tot Ehrlich, Cotterill en Matoesian se diskoerse oor die taal van slagoffers van seksuele misdrywe, en hoe die sisteem en beleid dikwels slagoffers ondermyn. Thetela konsentreer veral op die kommunikasie tussen polisiemans en SeSotho vroue gedurende polisie-onderhoude. In haar studie toon sy kulturele en gender implikasies aan wat weens die onderskeid tussen mans en vroue in die SeSotho taal en kultuur ontstaan. Onkunde van die kommunikasiewyse en die gender dinamika kan volgens haar tot verdere kommunikasiegapings lei indien die onderhoudvoerder nie van die gender onderskeid bewus is nie. Dit kan daartoe lei dat 'n polisieman nie die nodige inligting uit die slagoffer kry nie as gevolg van kulturele konvensies.

Reddy en Potgieter (2006) sluit by Thetela (en Ehrlich, Cotterill en Matoesian) aan in hul ondersoek na diskursiewe tekste met betrekking tot die Jacob Zuma-verkragtingsaak. Hulle let veral na die performatiewe dimensies van betekenis op, asook die voorstelling van bepaalde betekenis, met spesifieke verwysing na verkragting as geweldsmisdad en die voorstelling van die slagoffer. Deur veral tekste – en betekenis – buite 'n hof te bestudeer (protesplakkate, T-hemde, mediaberigte), bevraagteken Reddy en Potgieter die betekenis van geregtigheid in diskoerse oor verkragting. Van die betekenis wat ondersoek word, sluit in: verkragting, beweerde verkragting en “consensual sex”.

Ralarala (2012) konsentreer op die rol wat polisiebeamptes in die aflê van beëdigde verklarings speel. Weens die tweeledige vaardigheid wat van polisiebeamptes verwag word om sowel te vertaal as te tolk, noem hy hulle “transpreters”. Hy bespreek onder andere die implikasies van die polisie se rol as “transpreters” en die risiko's wat by onkundige (en ongeskoolde) vertolking en vertaling betrokke is. Ralarala neem die opleiding van “transpreters” onder die loep en argumenteer dat die funksie van “transpretering” baie belangrik is en derhalwe goeie opleiding noodsaak. Johns (2012) sluit met sy LLM-verhandeling by Ralarala en Thetela se onderskeie studies aan deur ondersoek in te stel na die manier waarop kinders se verklarings afgeneem en opgeteken word, spesifiek in die geval van seksuele misdrywe. Sy studie fokus gedeeltelik op die talle linguïstiese uitdagings wat betrokkenes teëkom, onder meer die kwessie van kodewisseling en die feit dat die verklaring in 'n taal afgeneem word wat van sowel die speurder as die slagoffer se huistale verskil.

De Wet (1995) stel self ondersoek in na die gebruik van taal in die polisie, maar fokus meer op die wyse waarop die polisie se gebruik van taal die politieke veranderinge sedert 1994

weerspieël. Verder ondervind De Wet dat die polisie se taalgebruik ook 'n refleksie is van die sogenaamde polisie-kultuur. Die behoefte aan 'n polisiewoordeboek word egter beklemtoon weens die belangrike linguistiese aard van die polisiëringsdiens, veral betreffende die opteken van waardevolle linguistiese data. De Wet se navorsing sluit helaas veel sterker by taalbeplanning aan as by die forensiese linguistiek in Suid-Afrika. Dieselfde geld Joubert en Brink (2008) se Engels-handleiding wat op polisiestudente afgestem is. Laasgenoemde vul 'n leemte, maar spreek nie noodwendig dringende forensiese taalprobleme aan nie.

Daar is 'n ernstige leemte in navorsing betreffende polisie-ondervragings, die soorte vraagstelling, kwessies rondom betroubaarheid van polisieverslae en die getroue opteken van data. Sake soos die voorlees van regte tydens arrestasies en instruksies aan gevangenes bied ook waardevolle navorsingsgeleentheid. Begryp diegene wat gevange geneem word noodwendig waarvoor hulle gearresteer word? Op welke wyse word individue deur die polisie gemanipuleer? Wat is polisieledes se eie begrip van waarskuwings, voorwaardes, bepalinge en polisie-dokumentasie in die polisie-diens?

2.3.3 Taal in die hof

Noemenswaardige werk op die gebied van taalgebruik in 'n hofsaal lei 'n mens na Malan en Moeketsi. Malan (1998, 2003) benader die kwessie van notulering en veral die behoud van Afrikaans as notuleringstaal vanuit 'n regs-oogpunt. Volgens Malan is die voortbestaan van Afrikaans as notuleringstaal noodwendig vir die voortbestaan van Afrikaans as regstaal. Hy koppel die beskerming van Afrikaans as funksionerende regstaal aan die grondwetlike verantwoordelikheid teenoor minderheidsregte en die bewaring van inheemse tale as kultuurskatte. Malan (2003:49) voer aan dat die gebruik van Afrikaans in Suid-Afrikaanse hofe die enigste teken van veeltaligheid in die regering is, juis omdat dit die "Engelse uniformiteit" breek. Vergelyk die werk van onder meer Eades.

Maar dit is juis die tweetalige bestel van die Suid-Afrikaanse regsistiem waarvoor Moeketsi (1997) erg krities is. Sy spreek die uiters problematiese situasie van tolkwerk aan en voer die noodsaaklike diskoers rondom vertolking in Suid-Afrika verder (Stander 1990; Steytler, 1987, 1993; Guinsberg, 1993). Haar navorsing dui aan dat 'n veeltalige samelewing in 'n regsistiem gestrem word wat meestal twee tale, naamlik Engels en Afrikaans, bevoordeel. Kommunikasiegapings, wanbegrip en ander taalsituasies maak deel van die uitdagings uit wat regspraktisyns en diegene wat voor die reg staan, teëkom.

Moeketsi (1999, 2000) lê klem op die feit dat die tolk 'n amptenaar van 'n hof is en 'n kardinale rol speel in die verloop van die regsproses. In haar navorsing gee sy 'n duidelike uiteensetting van die beginsels waarvolgens 'n tolk in 'n hof moet optree asook die eed en vertolkingskode waarbinne 'n tolk hom/haar van 'n taak moet kwyt. Verder verwys Moeketsi (1999, 2000) na die onaanvaarbare gedrag van tolke en die maniere waarop hulle skuiwergate gebruik om die reg te omseil en die wyses waarop hulle die spreker vir wie hulle tolk, hanteer. 'n Uiteensetters belangrike punt wat deur Moeketsi (2000) se navorsing belig word, is die feit dat regspraktisyne (en ander professionele agente betrokke by die regsproses) gereeld 'n wanbegrip het van die rol en doel van 'n tolk. Gevolglik word daar reëlmatig onredelike eise aan tolke gestel. Vergelyk die navorsing van Eades en Hale.

Aansluitend by die belangrike werk van Berk-Seligson, asook dié van Haworth en Moeketsi, lewer Van Jaarsveld en Van Niekerk (1997) verslag oor die wyse waarop vraagstrategieë en spesifiek die vraagvorm tydens kruisverhoor in 'n hof aangewend kan word. In hul studie bevind Van Jaarsveld en Van Niekerk dat die vraagvorm dikwels vir ooredende doelwitte gebruik word. As sodanig plaas dit ekstra verantwoordelikheid op 'n tolk wat uiteindelik meer as een party moet bedien.

Kaschula en Ralarala (2004) sluit ook hierby aan. Saam met Kaschula stel Ralarala ondersoek na die kwessie van 'n beskuldigde se taalregte in, veral om 'n regsproses in die beskuldigde se moedertaal te laat geskied. Hulle ondersoek enersyds 'n hof se hantering van interkulturele kommunikasie en die uitdagings wat dit bied en andersyds die reg tot 'n tolk tydens die regsproses.

Reinhardt (2000) lewer 'n insiggewende studie vanuit 'n vertalersperspektief wat aansluit by die terrein van notulering en tolkwerk. Haar studie betrek die Hansard en hanteer die problematiek van vertolking en vertaalwerk wat volgens beleid verbatim moet geskied. Sy bevind dat vertolking en vertaling nie te alle tye verbatim kan geskied nie, juis weens die idiomatiese en metaforiese aard van taal. Om die rekord van 'n parlementêre gesprek verstaanbaar op te teken, is dit nodig om bepaalde begrippe te omskryf. Sien ook Hale en Campbell en Eades.

2.3.4 Taal en handelsmerke

Wat bydraes omtrent taalkundige getuienis in handelsmerkdisspuutsake betref, staan die werk van Sanderson (2007) voorop, maar ook alleen. Haar werk sluit by dié van Shuy, Butters en

Levi aan. In haar artikel doen Sanderson verslag oor haar getuienis van drie handelsmerkdisspuutsake en verwys ook na die getuienis van Hubbard (1992). Sanderson doen egter nie slegs verslag van haar getuienis nie, maar stel veral ondersoek in na die wyse waarop leksikale ooreenkomste in 'n regs konteks vasgestel kan word. Sy kombineer hierdie benadering met 'n ondersoek na die manier waarop leksikale ooreenkomste in die tradisionele teoretiese linguistiek bepaal en hanteer word. Hierdie artikel is 'n waardevolle toevoeging tot die veld in Suid-Afrika asook internasionaal.

Daar is egter nog baie ruimte vir navorsing, veral vanuit die taalkunde. Ondersoeke omtrent kopiereg, intellektuele eiendom en patentregte en -registrasies kom kort. Hoewel Suid-Afrikaanse taalkundiges wel deskundige opinies tydens hofsake lewer, publiseer hulle nie daarvoor nie.

2.3.5 Outeur- en sprekeridentifikasie

Twee Suid-Afrikaanse akademici waag hul hand aan outeuridentifikasie, naamlik Hubbard en Kotzé en neem só aan 'n wyer diskoers deel (sien Coulthard, Chaski, Shuy, Kniffka, Olsson, McMenemy en Kredens). Kotzé lewer twee artikels (een is in Afrikaans) waarin hy sy taalkundige getuienis in 'n lastersaak (*S v Hoho*) opteken. Soos Hubbard (1995) maak Kotzé (2007) van stilometrie (kwantitatiewe teksanalise) en 'n vergelykbare fouteontleding gebruik om die verdagte outeur te identifiseer. Hy doen eers 'n ontleding van die stilistiese kenmerke in die verdagte tekste gevolg deur 'n statistiese berekening met behulp van konkordansieprogramme soos Wordsmith Tools. Daarna vergelyk hy die statistiek van die aantal verdagte tekste. In 2010 bekyk Kotzé die resultate opnuut en besluit om nuwe ontledings te doen. In sy tweede analise benader hy die verdagte tekste as produkte van verskillende outeurs en probeer aandui op watter wyse die tekste juis stilisties van mekaar verskil. Daarna word 'n taalprofiel van die outeur geskep op grond van die stilistiese kenmerke. Die profiel word dan gebruik om die outeur van elke teks te bevestig, alternatiewelik bevestig die taalprofiel dat die verdagte tekste alles deur een outeur geskep is. Hubbard (1994) se analise met die oog op outeuridentifikasie gaan dié van Kotzé vooraf. Hy word geroep om bykomende taaldeskundige getuienis in 'n afpersingsaak (*S v Bran*) te lewer. Die verdagte outeur is opdrag gegee om skryfoefeninge te doen waarop Hubbard 'n statistiektegniek in die vorm van korrespondensie-ontleding toegepas het. Daardie resultate is met dié van sewe ander outeurs vergelyk om die konsekwentheid van die foute te peil. Die jaar daarna publiseer Hubbard 'n artikel waarin hy verslag doen oor sy stilometrie

ontleding. Al twee sy artikels is gebaseer op die getuienis wat hy tydens die betrokke hofszaak gelewer het.

Tans is daar in totaal slegs vier artikels oor outeuridentifikasie in Suid-Afrika, waarvan slegs een in Afrikaans is.

Die werk van Hubbard en Kotzé word op eksperimentele basis in die verhandelinge van Michell en Thiart voortgesit. Michell (2013) verken die aanwending van stilometrie om outeurskap van Facebook-boodskappe vas te stel, terwyl Thiart (2015) stilometrie en N-gramontledings gebruik om outeurskap van sms-boodskappe te bepaal. Laasgenoemde studie fokus op die (on)waarskynlikheid van idiosinkratiese taalgebruik in die formulering van boodskappe en probeer peil of 'n generiese taalgebruik voorkom wat moontlik enige idiolektiese eienskappe verdoesel. Venter (2013) se verhandeling sluit hierby aan deur die waarde van outeuridentifikasie vir forensiese rekeningkunde te beredeneer, veral as alternatief vir handskrifontleding. Venter gaan egter 'n stap verder deur die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in die Suid-Afrikaanse regsisteem te bevraagteken en te ondersoek.

Klopper (2009) sluit met sy baanbrekerswerk (sowel plaaslik as internasionaal) by Turell en Johnson aan deur die Suid-Afrikaanse stem te wees in die diskoers oor etiese skryfwerk en die verskynsel van plagiaat; insluitende die voorkoming asook die identifisering daarvan. Deur forensiese linguistiek met rekenaarwetenskap te verbind, voer hy redes aan om *kuberforensiese linguistiek* as 'n nuwe navorsingsterrein erken te kry. Klopper kritiseer onder meer die algoritmiese sagtewareprogrammatuur (soos *TurnitIn* en *MyDropBox*) wat oppervlakkige vergelykings tref en wat tans die norm in die stryd teen plagiaat is. Volgens Klopper (2009:264-265) funksioneer dié programme op nie-semantiese grondslag en is dikwels verantwoordelik vir wanidentifisering van teksfragmente. Hy lê 'n multidissiplinêre, konseptuele raamwerk voor wat forensiese rekenaarwetenskap met die forensiese linguistiek kombineer om 'n uitgebreide forensiese ouditraamwerk daar te stel.

2.3.6 Taal en betekenis

'n Belangrike fokuspunt in Suid-Afrika is die onderrig van regstaal en die uitdagings waarmee daar telkens gekamp word. Die reg is afhanklik van taal: "To succeed in the profession of the law, you must seek to cultivate command of language. Words are the lawyer's tools of the trade" (Denning in Mgoduso 1999:8) en volgens Grossfeld (in Viljoen 1992:69) is die reg 'n

produk van taal. Derhalwe vorm die studie van die aanwending en die onderrig van taal 'n integrale deel van 'n regsgraadkurrikulum. Swanepoel en Snyman-Van Deventer (2012:122-124) ondervind dat regstudente aan die een kant selde enige waardevolle taalopleiding ontvang en aan die ander kant is regsdosente nie opgelei om taalkursusse aan te bied nie. Die regsgeleerde se kundigheid berus immers primêr op die reg en nie op die taalkunde nie (Shuy, 2008:4-5).

Die aanleer van regstaal is reeds vir moedertaalsprekers problematies, daarom word regstaal dikwels as die aanleer van 'n addisionele taal beskou (Bronstein en Hersch, 1991; Van der Walt, 1992; Taylor, 1998). Verder word die meeste regstaalkursusse in Engels aangebied (met die uitsondering van enkele kursusse in Afrikaans (Lombard en Carney, 2011)); dit veroorsaak 'n struikelblok vir diegene wat Engels as addisionele taal besig. Die feit dat regstaal 'n uiters tegniese en jargongeoriënteerde registervariëteit is (ten spyte van die Plain Language-beweging), beteken ook dat dit binne die kader van Taal vir Spesifieke Doeleindes (LSP) val. 'n Regstaalkursus kan dus nie 'n generiese taalkursus wees nie. Sowel Swanepoel en Snyman-Van Deventer (2012) as Lombard en Carney (2011) gee 'n kort oorsig van die inhoud van 'n regstaalkursus en beredeneer die positiewe bydrae wat so 'n kursus tot die juridiese kosmos kan lewer. Die gebruik van die ander nege amptelike tale as regstaal benodig nog ernstige verkenning, veral wat die behoefte aan hierdie tale binne regsmilieu betref. Die onderrig van inheemse tale as regstaal hang daarmee saam.

'n LLM-studie wat deur Coetzee (1998) begin is (en nog onvoltooid is), stel 'n taksonomie voor waarvolgens regstaalkursusse opgestel en geëvalueer kan word. Alhoewel regstaalkursusse aan verskeie universiteite afgestel of met meer generiese kommunikasiekursusse vervang word (byvoorbeeld die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika), is só 'n riglyn waarvolgens die gehalte van regstaalkursusse gepeil kan word, van groot belang. Dit is waardevol om een standaard te hê waaraan nuwe vaardigheidskursusse gemeet kan word.

'n Artikel wat nie direk met die forensiese linguistiek gemoeid is nie, maar wat wel sake relevant tot die forensiese semantiek aanspreek, is dié van Mwingira en Dowse (2006). Hul navorsingsverslag peil die begryplikheid van inligtingsbiljette in medisyneverpakking wat die publiek van die nodige farmaseutiese inligting voorsien. As deel van hul eksperiment ontwerp hulle 'n biljet wat hulle vir toeganklikheid en begryplikheid toets. Hul rasionaal is dat belangrike inligting gewoonlik vir die breër Suid-Afrikaanse publiek ontoeganklik is, omdat

'n kommerwekkende groot aantal mense nog steeds ongeletterd is. Die gebruik van medisyne waarvan die gebruiker nie die inligtingsbiljette (en veral die instruksies daarop) begryp nie, hou ernstige regs- en gesondheidsimplikasies in.

Daar word wel in die regte rigting getree. Siebörger en Adendorff (2011) wend die taalkunde as evalueringsinstrument aan deur te toets of kontrakte in eenvoudiger Engels so presies kan wees as kontrakte wat in Regsengels geskryf is. Hulle gebruik die leksikale semantiek en die sistemies-funksionele grammatika, soos dit deur Halliday en Matthiessen omskryf word, om die trefkrag van die kontrakte te toets. Hul gevolgtrekking is dat die Plain Language Movement nie altyd die beste uitweg is nie.

Soortgelyke navorsing kan nog in Suid-Afrika gedoen word in terme van die begrypbaarheid van alledaagse biljette, voorwaardes en bepalinge, aanwysings, instruksies en produkwaarskuwings. Mense stem daaglik tot regsvoorwaardes en bepalinge toe, sonder dat hulle weet wat die regsimplikasies is en, erger nog, sonder dat hulle die taalgebruik verstaan. Vergelyk die navorsing van Tiersma, Levi, Shuy en Dumas.

Hoewel die fokus in 'n mindere mate op taalkundige intervensie by Suid-Afrikaanse regsituasies val, het Klopper en Van den Bergh (1980) reeds vyf en dertig jaar gelede Chomsky se transformasioneel-generatiewe grammatika met vrug op 'n ordinansie getoets. Ofskoon die outeurs in hul artikel ook na die semantiek verwys, konsentreer hulle meestal op die sintaksis betrokke in die gegewe ordinansie en dui op dié manier die vaagheid van die sinskonstruksies aan. Op grond van hul Chomskiaanse ontleding beveel Klopper en Van den Bergh herformulerings aan om die vaagheid op te klaar. In 1981 sit Van den Bergh sy motivering vir taalkundige intervensie voort en suggereer in sy artikel dat ander, “nuwe”, instrumente oorweeg moet word om die wet mee uit te lê.⁵ Die onderhawige studie moet gesien word in die lig van “nuwe instrumente” wat verken word om bystand te lewer by die uitleg van wette.

Wat suiwer semantiek betref, is daar talle navorsers wat die semantiese kwessies in regskontekste bestudeer, maar twee probleme staan voorop: (1) die semantiek word vanuit die regshermeneutiek bedryf, wat beteken dat betekenis binne vasgestelde regsgrense ondersoek word en (2) dit is gewoonlik deskundiges wat in die juridiese sfeer beweeg, soos regslui, kriminoloë en beraders, wat hierdie tipe navorsing doen.

⁵ Sien ook Hoofstuk 1 vir 'n bespreking van Klopper en Van den Bergh (1980) en Van den Bergh (1981).

Wessels en Van Zyl⁶ is maar twee van die baie regslui wat die betekenis van woorde uitlê en beredeneer. Wessels (1984) se verhandeling stel ondersoek in na die betekenis en interpretasie van die woord “skuld” soos dit in artikel 1(1) (a) van die Wet op die Verdeling van Skadevergoeding voorkom. Hy dui aan dat die woord “skuld” meerduidig is en probeer bepaal in watter opsig die begrip gemeenregtelike betekenis moet dra. Aspekte rondom blaam en *impubes* word onder die loep geneem, gevolg deur ’n bespreking van hofsake om die omvang van betekenis en interpretasie van die betrokke begrip te probeer vasstel.

Hoewel die onderwerp van Wessels se verhandeling ’n waardevolle vroeë bydrae tot die forensiese taalkunde lewer, is sy uitgangspunt geensins taalkundig georiënteerd nie. Sy ondersoek hanteer die begrip “skuld” as ’n regsterm. Wessels se studie dui egter onbewus twee sake aan, naamlik die Suid-Afrikaanse regsterrein se (oer)behoefte aan taalondersoek in regsonderwerpe en die feit dat regsgeleerdes genoodsaak is om taalondersoeke in te stel weens die gebrek aan dié soort ondersoeke vanuit taalkundige geleedere. Van Zyl (2011), soos Wessels en menige regsakademikus, bestudeer betekenis van woorde aan die hand van woordeboeke en aan die hand van die wet.⁷ ’n Vrymoediger ontginning van die linguistiek en ’n verskeidenheid van toepassingsmoontlikhede op regstaalsituasies ontbreek, met die uitsondering van Klopper en Van den Bergh.

’n Voorbeeld van ’n kriminologiese benadering tot die semantiek, blyk uit ’n poging om ’n nuwe misdadklassifikasie voor te stel. In hul artikel gee Herbig en Joubert (2006) ’n oorsig van die verskillende misdadtipologieë en argumenteer dat ’n mens ook na bewaringsmisdad kan verwys. Om hul argument te onderskraag, wend hulle onder meer die semantiek aan.

Met die uitsondering van Sanderson, wat noukeurig aangedui het hoe die taalkunde in hofsake toegepas kan word, is Carney (2012) se bydrae een van die min taalkundige ondersoeke van ’n semantiese kwessie in ’n hofsake. In sy artikel word twee howe se interpretasie van die woord “onkoste” bestudeer. Hy bevind dat die onderskeie howe afwyk van die sogenaamde “gewone” betekenis, ten spyte van die feit dat die twee voorsittende beamptes beweer hul uitsprake is op die gewone betekenis van die betrokke woord geskoei. In sy artikel word dit ook duidelik dat die gebruik van woordeboeke onvoldoende was om die woord volkome te verklaar.

⁶ Sien die verwysing na Van Zyl (2011) in Hoofstuk 1.

⁷ Sien Hoofstuk 3 vir ’n bespreking van woordeboekgebruik in hofsake.

2.4 Posisionering en leemtes

Uit die bestekopname van Suid-Afrikaanse bydraes behoort dit duidelik te wees dat navorsing in die forensiese linguistiek taamlik yl is. En die navorsing wat wel gedoen word, word selde as forensies-taalkundige navorsing beskou en geëtiketteer. Hoewel die forensiese toepassing van die linguistiek besig is om in Suid-Afrika wortel te skiet, is die leemte nog reusagtig groot en die behoefte uiters noodsaaklik. Die rede kan gedeeltelik daaraan toegeskryf word dat diegene wat wel kundige getuienis in hofsake of dispuutresolusies lewer, nie daardie getuienis publiseer en met die akademiese forum deel nie. Sanderson is 'n voorbeeld hiervan; sy het in 'n aantal handelsmerkdispuutsake getuig, maar slegs een artikel daarvoor gelewer. Verder is ek van ten minste tien gerekende Suid-Afrikaanse linguïste bewus wat getuienis/verslag aan howe gelewer het, maar wat daardie getuienis/verslae nooit akademies gerapporteer het nie. Sonder vrylik bekombare verslae (soos artikels in akademiese joernale, hoofstukke in boeke of tesisse en proefskrifte), sal dit nooit vir Suid-Afrikaanse regspraktisyns moontlik wees om van taalkundige bydraes gebruik te maak nie.

Van forensies-semantiese studies, soos dié van Shuy, Coulthard, Levi, Goddard, Langford en Turell, is daar ook geen sprake nie. Die onderhawige studie sal sowel 'n leemte as 'n behoefte in Suid-Afrika aanspreek en tot die internasionale diskoers rondom forensiese semantiek as subdisipline binne die forensiese taalkunde bydra en aansluit.

2.5 Opsomming

In hierdie hoofstuk is daar 'n definisie van die term “forensiese linguistiek” gegee en die betekenis van die term is kortliks beredeneer. Die uitleg van die term is opgevolg deur 'n tematiese oorsig van die vernaamste navorsing op internasionale terrein en dieselfde tematiese indeling is gebruik om 'n bestekopname van die Suid-Afrikaanse bydraes te maak. Die gevolgtrekking is dat dié navorsingsveld relatief jonk en onderontwikkeld in Suid-Afrika is, met eindelose navorsingsmoontlikhede. Suid-Afrika bied dieselfde teëlaarde vir probleme waarmee die internasionale gemeenskap te kampe kry. Hierdie studie is 'n manier om 'n forensies-semantiese bydrae te lewer soos dit betrekking het op semantiese kwessies in hofsake.

Hoofstuk 3

Die hof se hantering van leksikale probleme

3.1 Inleiding

Een van die belangrikste funksies van 'n hof is om regspraak te lewer. 'n Hof het die kardinale taak om wetgewing te ontsluit deur sake te ontleed en die betrokke wetstekste te interpreteer. Dit is 'n uitdagende taak. Die uitdaging lê gedeeltelik in die hantering van onder meer leksikale probleme. Leksikale probleme het meestal met betekenis te make. Howe moet byna daaglik betekenisse bepaal of bevestig. 'n Hof funksioneer gewoonlik binne grense en kan nie lukraak met betekenis omgaan nie.

In hierdie hoofstuk word 'n hof se hantering van leksikale probleme (en sy benadering tot betekenis) van nader bekyk. Dit wil sê, die toepassingsteorieë, die wetsuitlegreëls, interpretasievoorskrifte en die tradisies van 'n hof word onder die loep geneem. Omdat woordeboeke gereeld in die regsproses gebruik word, val die fokus van die hoofstuk daarbenewens op woordeboeke; die aard en aanwending daarvan asook die geskiktheid van woordeboeke in 'n hofsaal.

3.2 Teoretiese benadering tot wetsuitleg

In hierdie subafdeling word daar kortliks 'n oorsig gegee van die vernaamste teoretiese benaderings tot die uitleg van wette, onder meer die tekstualisme (ook bekend as literalisme), die bedoelingsteorie, doeldieningsteorie en die meer onlangse “behoorlike” benadering. Hoewel elkeen van dié benaderings onbepaald in Suid-Afrikaanse howe beoefen word, kom dit voor asof 'n kombinasie tussen die tekstuele en bedoelingsteorie dikwels die norm is (Du Plessis, 1986:31-32, 35-36; Du Plessis, 2002:93-97, 102-111). Hierdie gekombineerde teoretiese grondslag is waarskynlik aan die kwyn (Devenish, 1996:26; Buttrick, 2013:6), veral met die groterwordende bewustheid van konteks en die feit dat 'n teks slegs binne sy konteks betekenis verkry (Smith, 2007:250; De Ville, 2000:55, 96; Labuschagne, 1998:146; Labuschagne, 1988:44; Cowen, 1980:386; Cockram, 1983:56; sien ook *Jaga v Dönges*). Elkeen van die teoretiese benaderings hou implikasies vir die hantering van leksikale probleme in.

Die doel van die volgende oorsig is nie soseer om die teoretiese benaderings te kritiseer nie. Daarvoor benodig 'n mens groter insig tot die regsdisipline en 'n beter agtergrond tot die ernstige debatte wat reeds daarrondom gevoer word. Leemtes in die teorieë wat betrekking het tot die uitgangspunte van die onderhawige studie sal wel aangedui word.

3.2.1 *Tekstualisme*

Groenewegen (2007:239) meen “[d]e woorden van de wet zijn het uitgangspunt bij wetsinterpretatie. Dat is op zich ook niet zo vreemd: de wet is immers geformuleerd in woorden.” Die feit dat wetgewing deur taal verwoord word, beteken dat sowel die wetgewer as die hof van die uitdagings wat taal veroorsaak, bewus is. Wanneer dit by die riglyne vir die uitleg van wette kom, vorm die hantering van taal sonder uitsondering 'n integrale deel daarvan. Labuschagne (1988:34) formuleer dit soos volg: “Die woord (en woordkombinasies: taal) word bykans uitsluitlik as kommunikasiemedium in die wetgewingsproses aangewend.” As sodanig is dit nie vreemd nie dat een van die invloedrykste en oudste teorieë bepaal dat wette uitgelê behoort te word deur die woorde te bestudeer waarin die wetgewing vervat is. Trouens, dit is dikwels die eerste plek waar interpretasie moet begin (sien ook Busse, 1989:96-97 en Kloosterhuis, 2007:263). Die tekstualisme, wat in die vroeë negentiende eeu 'n eerste verskyning gemaak het (Hutton, 2009:71), sien die geskrewe teks as soewerein; derhalwe moet die ware betekenis van die teks streng aan die gewone woord (*ipsissima verba*) onttrek word (Hutton, 2009:71; Du Plessis, 2002:93; Devenish, 1996:26; Du Plessis, 1986:103 e.v.; Steyn, 1986: 4-5; Cockram, 1983:48). Wat hier van kardinale belang is, is die sogenaamde gewone betekenis van woorde en spesifiek die gewone woorde van die wet. 'n Hof moet dus noukeurig oplet na die bewoording van die wet en nie afwyk van die grammatiese of leksikale betekenis van die gewone woorde nie (sien ook De Ville, 2000:94). Labuschagne (1988:36) gaan so ver as om te sê dat wanneer die woorde nie uiting gee aan die bedoeling van die wetgewer nie, die wetgewer die woorde moet verander. Die gesaghebbendste tekstuele voorskrif in Suid-Afrika is sekerlik die hofsaak *Venter v R* waarin Innes R reeds in 1907 die volgende as standaard gestel het:

In construing the statute the object is, of course, to ascertain the intention which the legislature meant to express from the language that it employed. By far the most important rule to guide courts in arriving at that intention is to take the language of the instrument ... as a whole, and, when the words are clear and unambiguous, to place upon them their grammatical construction, and to give them their ordinary effect (p. 913).

Deur sedertdien telkemale na Innes R se uitspraak te verwys, is die “goue reël” (sien 3.2.5) gevestig. Die goue reël mag by uitsondering verbreek word wanneer die bewoording tot onredelike, absurde of veelvoudige gevolgtrekkings lei (Du Plessis, 2002:94; De Ville, 2000:95-96; Devenish, 1996:28). Slegs wanneer woorde onduidelik voorkom, is interpretasie nodig (Groenewegen, 2007:239).

Die tekstualisme was jare lank die norm in Suid-Afrikaanse wetsuitleg (Du Plessis, 1986:31). Ten spyte van tekstualisme se diep wortels, beweer Devenish (1996:26) dat dit in Suid-Afrika aan die kwyn is. Du Plessis (2002:94) verskil egter van Devenish en voer trouens aan dat tekstualisme die vernaamste benadering is:

It is, for instance, still *the* major point of reference for a classification of common law theories of statutory interpretation on the assumption that the interpretation of a statute necessarily commences with its actual words or (clear) language. Other approaches to statutory interpretation are accordingly regarded as deviations from the literalism instead of theoretical positions in their own right.

Die tekstualisme is uiteraard nie sonder kritiek nie. Smith (2007:251) noem die tekstualisme ’n absurde benadering, terwyl Posner (1990:262) daarna verwys as die *plain meaning fallacy*. Cowen (1980:379) verwys onder meer na die praktyk om spesifieke woorde te selekteer en aan daardie woorde ’n *prima facie*-betekenis te gee wat mettertyd weer gewysig kon word. Die tekstualisme is byvoorbeeld nie in staat om vae of meerduidige woorde te verklaar nie (Cowen, 1980:380 e.v.; Groenewegen, 2007:240). Dit lei daartoe dat woordeboeke toenemend gebruik word om die oënskynlik eenvoudige woordprobleme op te los (Christensen en Kübbeler, 2011:3; Kloosterhuis, 2007:262; *Harvard Law Review*, 1994:1437; April, 1998:280).

’n Woordeboek bied ’n oënskynlik betroubare wyse om die gewone betekenis van woorde op te soek of om ’n hof se begrip van ’n woord te bevestig (Labuschagne, 1988:40; sien ook appèlregter Kotzé se uitspraak dat die gebruik van gesaghebbende woordeboeke normaal en toelaatbaar is, in *Association of Amusement and Novelty Machine Operators v Minister of Justice*, p. 637). Dit bied ’n manier om beter insig te verkry in die “korrekte” interpretasie van dubbelsinnige woorde. Volgens Du Plessis (2002:201; sien ook De Ville, 2000:99 en Hutton, 2009:86) word die gebruik van kundiges nie toegelaat om getuienis te lewer ten opsigte van

die gewone betekenis van statutêre taal nie (in kontras met regstegniese taal).⁸ Die betekenis is “mos” gewoon, dus alledaags en benodig nie veel uitleg nie; die woordeboek lewer oënskynlik die nodige kundigheid. Dié benadering kan moontlik soms teen die regsproses inwerk en dit kan moontlik by tye eerder help om ’n hof se taak (naamlik die uitlê van wette) te ondermyn. Die konstante beklemtoning van die gewone betekenis van woorde bring my op die idee dat sowel die wetgewer as die wetsuitlegger partykeer onder ’n wanindruk verkeer dat die sogenaamde gewone taal eenvoudig is om uit te lê, terwyl tegniese taal moeilik is om te interpreteer. Die teenoorgestelde is by tye waar. Tegniese taal is meestal eenduidig en presies, terwyl gewone woorde dikwels tot uitlegprobleme lei. ’n Benadering tot die uitleg van gewone woorde vanuit die linguistiek (byvoorbeeld deur die aanwending van semantiese ontledingstegnieke) is ’n potensieel waardevolle en behulp same werkswyse (ten spyte van die hof se verbod op die getuienis van kundiges by die interpretasie van “gewone” woorde).

3.2.2 Bedoelingsteorie

Die bedoelingsteorie staan soms bekend as die subjektiewe teorie en gaan van die standpunt uit dat die wetgewer se bedoeling nagespoor behoort te word deur veral na die klaarblyklike en eenduidige taal van die wetgewing op te let (Du Plessis, 2002:94; Devenish, 1996:33). Soos met die tekstualisme mag daar nie van die gewone betekenis van woorde afgewyk word nie, tensy daardie woorde strydig is met die bedoeling van die wetgewer (Labuschagne, 1988:41). Die woorde en sinskonstruksies van ’n wet is die “primêre bron waartoe die interpreteerder hom keer om vas te stel wat die wetgewer se bedoeling (gedagtes) is ... [d]ie geskrewe regsreëls is dus die doelbewuste woord- en konstruksie-keuse van die wetsopsteller” (Van den Bergh, 1981:136). Dit lê voor die hand dat taal ook in die bedoelingsteorie ’n onontbeerlike rol speel en ’n noodwendige uitwerking op die interpretasie van wette uitoefen. “Bedoeling” is deel van die interpretasieproses, want die “wetgewersfunksie is ’n doelgerigte aktiwiteit” (Botha, 1998:32).

⁸ Du Plessis (2002:201) stel dit soos volg: “The courts do not allow expert evidence (including opinions in textbooks) to be adduced in support of particular contentions regarding the ordinary meaning of statutory language. Determining the meaning and effect of statutory language is, accordingly, a question of law.” Sien ook De Ville (2000:99) en die volgende sake: *S v Allied Steel (Pty) Ltd* (p. 169), *Association of Amusement* (p. 637, 644, 660), *Metro Transport (Pty) Ltd v National Transport Commission* (p. 119-121). Hoewel dit ’n gevaarlike stelling is om te maak, lyk die hof se gedrag vir my baie soos interpretasiekaping. Dit is belangrik om te alle tye in gedagte te hou dat ’n hof ten doel het om objektief regspraak te lewer en dat ’n hof geregtig is om ander partye by die regsproses in of daarvan uit te sluit in ’n poging om by die akkuraatste beslissing uit te kom. Maar soos regslui self reeds aangedui het (sien 3.2.5), is dit nie altyd duidelik wat as “gewone” betekenis kwalifiseer nie. Die hof se besluit om taalkundiges in sommige interpretasiegevalle uit te hou, is noodwendig onkundig. Sien byvoorbeeld die Amerikaanse saak *Chapman v United States* 500 U.S. 453 (1991) waarin die voorsittende beampste die woord “mixture” totaal verkeerd geïnterpreteer en beredeneer het.

’n Geskrewe teks sê nie wát ’n skrywer se gedagtes is nie, maar eerder hóé ’n skrywer se gedagtes weergegee is en volgens Van den Bergh (1981:136) moet die interpreteerder probeer vasstel wat die *hoe* agter die wetgewer se gedagtes is. ’n Hof moet dus die vrae stel: Wat wou die wetgewer deur hierdie bewoording bereik? Watter gedrag wil die wetgewer verhoed of verander deur middel van hierdie wet en deur die manier waarop die wet geformuleer is? Wat het die wetgewer met hierdie woord(e) bedoel? Wat het die wetgewer beoog (Botha, 1998:32)? Hierdie benadering is basies bekragtig deur die saak *Farrar’s Estate v Commissioner for Inland Revenue*, wat duidelik van die tekstualisme verskil: “[t]he governing rule of interpretation – overriding the so-called ‘golden rule’ – is to endeavour to ascertain the intention of the law-maker from a study of the provisions of the enactment in question (p. 508)”. By die uitleg van wette, moet die interpreteerder ook die omstandighede in gedagte hou waarbinne die wet tot stand gekom het asook die konteks van die wet. Die wetgewer het immers ’n definitiewe doel voor oë gehad en daarvolgens ’n konsepwet ter tafel gelê.

Die bedoelingsteorie loop egter sterk onder die kritiek deur, spesifiek omdat die bedoeling van die wetgewer nie altyd so duidelik is nie (Devenish, 1996:33; Van den Bergh, 1981:136-137)⁹. Devenish (1996:33) dui die ironie aan dat die bedoeling soos deur ’n hof bepaal nie noodwendig gelykstaande is met die outentieke bedoeling deur die wetgewer nie (sien ook Van den Bergh, 1981:137). Die frase “bedoeling van die wetgewer” skep verder verwarring (Labuschagne, 1989:209; Cowen, 1980:397). Die frase kan na ten minste drie moontlikhede verwys, naamlik die opdrag van die hoogste reg (byvoorbeeld die grondwet), die idees wat agter die geskrewe teks skuil, en die operasionele uitwerking van die uitgevaardigde wet (Du Plessis, 2002:106). Die saak word gekompliseer deurdat kommentators die frase gebruik sonder om werklik te verduidelik wat daarmee bedoel word (Devenish, 1996:33; Cowen, 1980:397-398). Verder bied die bedoelingsteorie geen werklik betroubare wyse om dubbelsinnige of vae woorde te hanteer nie (Labuschagne, 1987). Hier is die gebruik van woordeboeke om ’n hof by te staan in die soeke na die wetgewer se bedoeling ook ’n gegewe. Op die keper beskou kom dit voor asof die taalprobleme wat ’n hof by die uitleg van wette ervaar soortgelyk in die tekstualisme as in die bedoelingsteorie is.

Du Plessis (2002:95) verwys na die feit dat wette meestal deur ’n aantal skrywers en adviseurs geformuleer word en dat die finale weergawe van ’n wet waarskynlik ’n kompromie tussen

⁹ Daarom stel Cowen (1980:387) voor ’n mens soek eerder die *betekenis* van ’n wet as die *bedoeling* daarvan.

verskillende partye is (vergelyk ook Botha, 1998:32; Labuschagne, 1989:209; Cowen, 1980:387, 398). Sedert 1996 kry die publiek self die geleentheid om kommentaar op konsepwette te lewer, wat beteken dat Jan Publiek as 't ware 'n mede-outeur word. Dit raak derhalwe kompleks om die wetskrywer te identifiseer en daarvolgens vas te stel wat sy/haar/hulle bedoeling was. Met soveel potensiële skrywers betrokke by een wet en die waarskynlikheid dat die bedoeling van hul idees onderhandelbaar is, laat vrae ontstaan omtrent die betroubaarheid van die klaarblyklike en eenduidige taal van die wetgewing. Soos Cockram (1983:52) dit stel, ontbreek dit die wetgewer se keuse van woorde en frases dikwels aan duidelike betekenis en sekerheid. Die onsekerheid omtrent die taal in statute affekteer uiteraard die bedoeling van die wetgewer.

Uiteindelik berus die onus grootliks op die interpreteerder om by die aanvanklike bedoeling van die wetgewer uit te kom (Du Plessis, 2002:95; Van den Bergh, 1981:137). Die betekenis lê in woorde verberg en die interpreteerder moet daardie betekenis (die bedoeling van die wetgewer) ontgin en oordra.

Sien ook Steyn se voorskrifte in subafdeling 3.3 wat volg. Steyn was 'n groot voorstander van die bedoelingsteorie en sy voorskrifte het (nog steeds) 'n onherroeplike invloed op die Suid-Afrikaanse uitleg van wette (gehad).

3.2.3 Doeldieningsteorie

Die doeldieningsteorie verskil van die bedoelingsteorie in die sin dat elke wet 'n bepaalde doelwit het en dit is 'n hof se verantwoordelikheid om toe te sien dat daardie doelwit bereik word (Devenish, 1996:35; Du Plessis, 2002:96). Dit gaan dus nie hier om die bedoeling van die wetgewer nie, maar eerder om die gesogte resultaat van die wet. 'n Hof word nie gebind deur semantiese en grammatiese konvensies nie, maar neem die groter konteks en die uitwerking van die wet in oorweging. Die toepassing van die doeldieningsteorie gaan daarom gewoonlik gepaard met die sogenaamde kwaadreël (*mischief rule*), wat beteken dat kwade gedrag deur middel van die wetgewing voorkom moet word (Devenish, 1996:36; Du Plessis, 2002:96). In die geval waar die taal nie klaarblyklik of eenduidig is nie, kry die gesogte doelwit voorrang. Met ander woorde, as die wet daargestel is om dwelmsmokkelary te voorkom, gaan 'n hof nie veel aandag skenk aan taalkwessies (Steyn noem dit "letterknegtelike woordkibbelary" (Botha, 1998:29)) indien die taal moontlik die uitwerking van die wet kan ondermyn nie. Die groter prentjie, naamlik dwelmsmokkelary, is hier van belang.

Doeldieningsteorie is 'n gewilde interpretasieteorie in Europa en word in mindere mate in Suid-Afrika toegepas (Devenish, 1996:37).

3.2.4 Die “behoorlike” benadering

In 'n onlangse studie verwys Buttrick (2013:41) na 'n nuwe benadering tot die uitlê van wette wat volgens hom voortaan deur Suid-Afrikaanse howe gevolg behoort te word. Dié benadering is deur die hoogste hof van appèl in Bloemfontein by monde van Wallis AR in *Natal Joint Municipal Pension Fund v Edumeni Municipality* in die lewe geroep (p. 603-610). Volgens Buttrick vorm Wallis AR se uitspraak die mees onlangse gesag rakende die interpretasie van statute. Die *proper approach* behels die lees van 'n wet in die konteks van sowel sodanige wet as die omstandighede waarmee 'n hof in 'n bepaalde saak te doen kry. Die gewone grammatikale reëls en die sintaksis van die taal in die wet geniet nog steeds aandag, maar vorm nie meer die spilpunt van interpretasie nie. Met ander woorde, 'n hof moet steeds kennis neem van die gewone betekenis van woorde, maar dié betekenis(se) moet saam met die doel en konteks relevant tot daardie woorde oorweeg word (Buttrick, 2013:42). ('n Hof kan immers nooit van die interpretasie van woorde afwyk nie aangesien die Interpretasiewet voorskryf dat betekenis aan elke woord toegestaan moet word (De Ville, 2000:114; Labuschagne, 1988:39; Cockram, 1983:59) en aangesien wetgewing in taal vervat is, sal interpretasie 'n vereiste bly). Die behoorlike benadering vorm ooglopend 'n kombinasie tussen die tekstualisme, die bedoelingsteorie en die doeldieningsteorie.

Elkeen van die onderskeie teorieë word gebind deur die sogenaamde gewone betekenis van woorde. Maar wat is dit?

3.2.5 Die “gewone” betekenis van woorde

Wat is betekenis? Tallose semantici trag om te verduidelik wat betekenis is en hoe betekenis gekonstrueer word. Volgens Löbner (2003:3) het die term “betekenis” verskillende toepassings waarvan sommige gebruike relevant is tot die semantiek en ander buite die semantiek tuishoort. Betekenis is moeilik definieerbaar, want enersyds is dit 'n gelaaide konsep wat self baie dinge kan beteken. Andersyds is dit 'n woord/konsep waarvan die betekenis ontwykend is; dit is dus tegelykertyd meerduidig en vaag.¹⁰ Maar as die konsep van betekenis reeds ietwat netelig is, hoe moet 'n mens sin maak van 'n sogenaamde “gewone” betekenis?

¹⁰ Die kwessie van betekenis word breedvoerig in Hoofstuk 4 bespreek.

Die argument dat 'n woord oor 'n “gewone” betekenis beskik, is – om begryplike redes – iets wat reeds deur akademici in die regsdissipline stofgetrap is en waaroor daar nog steeds geen finale konsensus bereik is nie. Hutton (2009:86) verwys na 'n oënskynlike ironie, naamlik dat akademici in die linguistiek nie enige bydraes lewer tot 'n beter begrip van gewone betekenis nie, wat beteken dat regslui hulle nie tot die taalkunde kan wend vir potensiële klarigheid nie. Maar die verskynsel van 'n gewone betekenis is iets wat deel vorm van die regshermeneutiek en tradisioneel nie binne die linguistiek beredeneer is nie (vergelyk Busse, 1989:116). Dit is maar relatief onlangs dat forensiese linguiste die beginsel van 'n gewone betekenis bevraagteken het (sien byvoorbeeld Solan, 1993b). Hutton raak egter 'n belangrike punt aan: die taalwetenskap behoort self tot die debat toe te tree en te probeer sin maak van die gewone betekenis van woorde.

Wat presies is die gewone betekenis van 'n woord en waarom is dit by tye noodwendig problematies?

Met “gewone” betekenis bedoel regsgeleerdes die duidelike, natuurlike, *plain*, letterlike en alledaagse betekenis (Hutton, 2009:85; Labuschagne, 1998:145); die “begrijpelijke taal” (Smith, 2007:64; Botha, 1998:6). Dit dui op woorde wat nie meerduidig is nie; die populêre betekenis (Du Plessis, 2002:199; Kellaway, 1995:69 e.v.). Daar word ook van die grammatikale betekenis van woorde gepraat (Smith, 2009:71; De Ville, 2000:96; Botha, 1998:50; Labuschagne, 1998:145; Labuschagne, 1988:39; Klopper en Van den Bergh, 1980:1). Steyn (1986:5) verwys daarna as die “mond van sy [die wetgewer] onderdane”, dus die taal van Jan Alleman. Elkeen van bostaande sinonieme (en daar is nog) help om 'n duideliker beeld van die betrokke konsep te vorm; tog is daar genuanseerde verskille tussen hierdie sinonieme wat 'n mens in sekere mate steeds onseker laat. Smith (2007:253) praat byvoorbeeld van 'n “normale taalgebruiker”. Wie kwalifiseer as 'n normale taalgebruiker? En waarna verwys die “normaal”? Na die gebruiker of die taal?

Wat die gewone betekenis van woorde nog impliseer is dat 'n hof se gesag om verder as daardie gewone woorde te gaan, ingeperk word. Dit wil sê, as die woorde se betekenis voor die hand liggend is, moet 'n hof dit so aanvaar en by die letter van die woord hou. Die Duitse term hiervoor is *Wortlautgrenze* wat basies “bewoordingsgrens” beteken. Die bewoording van 'n statuut skep outomaties grense vir die interpreteerder, mits die bewoording op gewone woorde neerkom; Groenewegen (2007:243) praat van 'n afbakeningsargument. As die betrokke woorde 'n sogenaamde gewone betekenis het, beperk dit (doelbewus) die

interpretasie van die wet. Die uitdaging lê veral in die feit dat gewone woorde eintlik nie so gewoon is nie. As oplossing wend voorsittende beamptes hulle graag tot woordeboeke,¹¹ ook gedeeltelik sodat hulle nie die grense wat deur gewone woorde daargestel word, oorskry nie. Wetskrywers gebruik woorde wat hulle vermoedelik dink is eenduidig. Dit is dan ook hier waar taalkundiges ingeroep kan word om die meerduidigheidsmoontlikhede of die vaagheid van woorde te toets of na te gaan, in 'n poging om latere taalkwessies te verminder. Taalkundiges behoort deel van die wetskryfproses te wees.

Solan (1993b:94) vra onder meer “how plain can language be?” Kan 'n mens hoegenaamd van gewone taal binne regskonteks praat? Die volgende twee scenario's dui aan hoe gewone woorde problematies kan wees:

Christensen en Kübbeler (2011) verwys na 'n scenario rakende die geval van tandgoud. Tydens die verassingsproses van lyke bly die goud wat in 'n persoon se tande gestop is, agter. Die goud word nie deur die proses vernietig nie. Vraag: Wanneer 'n werknemer by die krematorium die goud steel, kan dit beskou word as doodsrusversteuring of lyksbeskadiging? Om te bepaal of die verasser oneerbiedig met die gestorwene omgegaan het, moet 'n hof eers bepaal of die goud deel van die as vorm. Dus: wat is die gewone betekenis van die woord “as”? Die oënskynlik maklikste antwoord mag dalk wees: die oorskot van iets nadat dit gebrand het. Die hof het egter gevind dat daar meerdere definisies vir “as” is, maar dat elkeen van die nageslaande definisies goud uitsluit. As die goud dus nie deel van die oorskot vorm nie en dan gesteel word, kan dit sekerlik nie meer as lyksbeskadiging deurgaan nie. Tog het een hof beslis dat daar geen verskil is tussen iemand wat 'n goue tand uit 'n lyk se mond trek en iemand wat die goud uit die as van 'n lyk verwyder nie; derhalwe lyksbeskadiging. 'n Ander hof vind die beskuldigde aan doodsrusversteuring skuldig, want die goud vorm nie deel van die lyk se as nie, daarom is daar nie sprake van lykskending nie.¹² In hierdie geval was die gewone betekenis ontoereikend.

'n Tweede voorbeeld is dié van Smith (2009:63-64; sien ook weer eens die voorbeeld van Hart, 1961:126). Hy verwys na 'n slaghuis as die wetgewer en die kennisgewing teen sy winkelvenster as die wet. Die kennisgewing lui: “Honde verbode”. Enigeen wat sy/haar hond

¹¹ Daar is baie bronne wat hierdie stelling kan bevestig, onder meer Hutton (2009:86-87), Christensen en Kübbeler (2011:1, 3-5), Labuschagne (1988:39), Labuschagne (1998:146-147) Solan (1993a:50), Busse (1989:96, 97), Kloosterhuis (2007:262) en Botha (1998:103) om maar enkeles te noem.

¹² Christensen en Kübbeler bespreek die Duitse woord *Asche* en die onderskeie hofuitsprake van Bamberg en Nürnberg. As die Afrikaanse woord “as” ter sprake was, sou 'n mens moontlik – afhangende van die wetgewing – 'n saak van abandonnering kon uitmaak, veral wanneer 'n mens woorde soos “asblik”, “ashoop”, “askar”, “aslas”, ens. bestudeer. Die Afrikaanse woord “as” het 'n wyer betekenis.

saamneem slaghuis toe, moet die hond buite vasmaak. Die wet is klaarblyklik. Maar die persoon wat met 'n meerkat in sy arms die slaghuis wil binnestap, sal dink die kennisgewing is slegs op honde-eienaars van toepassing. As dit hier om die bedoeling van die wetgewer gaan, moet die kennisgewing breër gelees word as bloot 'n beperking op honde. Die kennisgewing het immers ten doel om die higiëniese praktyk van die slaghuis te waarborg. Maar die bewoording van die kennisgewing skiet duidelik tekort. Wat sal 'n beter woordkeuse wees? Huisdiere? 'n Meerkat is nie 'n huisdier nie. Viervoetige diere? Dit sluit outomaties voëls, slange en goggas uit. Wat van diere? Is die mens nie ook maar 'n dier nie? Lewende hawe, stel Smith (2009:64) voor, is moontlik die beste bewoording vir die betrokke konteks. Smith se voorbeeld bewys dat die bedoeling van 'n wetgewer nie altyd gemeet kan word aan die gewone betekenis van die woorde in regsreëls nie. Cowen (1980:398) sê dit is verkeerd om te probeer raai wat die doel van 'n wet is en dan besef dat die gewone betekenis van woorde nie aan daardie bedoeling kon uiting gee nie.

Denkers soos Steyn (1986:5) beweer dat wetgewing in 'n standaard geformuleer is wat deur Jan Publiek verstaan sal word. Die woorde “gewone” beteken immers dat woorde duidelik en eenduidig is (Cunningham et al, 1994: 1563-1564). Smith se voorbeeld illustreer hoe doodgewone woorde soos “honde”, “huisdiere”, “diere” en “viervoetiges” ontoereikend is. Wetgewing kan nie in sulke eenvoudige taal geplaas word nie, want sulke taal is juis nie eenvoudig nie. Gesien in die lig daarvan dat die president sedert 1994 meestal Engelse wettekste onderteken (wat beteken dat die Engelse dokument dan die standaardteks vorm), wonder 'n mens of Jan Publiek se Engelse taalvaardighede hom toelaat om sogenaamde gewone woorde te verstaan. In watter mate verstaan Engelssprekende persone die gewone betekenis van woorde soos dit in statute opgeteken staan? As wetgewing in gewone taal geplaas sou word, beteken dit dat wetskrywers van bestaande korpusse en konkordansieprogramme gebruik maak om die gepaste woorde te vind; gewone woorde wat daagliks deur gewone mense in tallose kontekste gebruik word. Botha (1998:5) praat hier van omgangstaal. Dit is voor die hand liggend dat Jan Publiek noodwendig op sý begrip van woorde, sý gewone betekenis, sal staat maak wanneer hy die wet moet interpreteer en nie die “gewone” woorde van die wetgewer nie. Om te aanvaar dat wetgewing in 'n eenvoudige variëteit geskryf is, is onkundig.

Labuschagne (1988:42) verskil van Steyn wanneer hy sê: “Die gewone betekenis van 'n woord (of frase) beteken soms die gewone betekenis in regsverband.” Dit kom dus neer op betekenis binne die regshermeneutiek; die manier waarop die uitlegteorie, hetsy meestal die

tekstualisme of die bedoelingsteorie, bepaal hoe “gewone betekenis” gedefinieer behoort te word. Maar Labuschagne se gebruik van die woord “soms” dra by tot die verwarring; wanneer moet woorde in regsverband geïnterpreteer word en wanneer word interpretasie buite regsverband toegelaat? Labuschagne, wat in Suid-Afrikaanse kringe beskou word as die produktiefste regsdenker, is egter self inkonsekwent. In dieselfde 1988-artikel noem hy dat “algemene woorde algemeen verstaan moet word”. Wat beteken dit? Hoe verstaan ’n mens iets op algemene wyse? Moet ’n mens algemene woorde algemeen verstaan wanneer dit nié in regsverband gelees hoef te word nie? Die siening dat gewone betekenis binne regsgrense verstaan moet word, is nie beperk tot Labuschagne nie. De Ville (2000:96) wys op ’n bespreking in *Finbro Furnishers (Pty) Ltd v Registrar of Deeds, Bloemfontein* waarin die woord “mineral” volgens sy “populêre betekenis” geïnterpreteer behoort te word. Gevolglik word die term *popular sense* verstaan as

the way in which the word is understood by people familiar with the subject-matter with which the statute is dealing – not through the eyes of a reader who is entirely ignorant or completely unschooled in the subject-matter (p. 804).

Daar is ’n duidelike diskrepansie sigbaar: aan die een kant word die gewone betekenis van woorde beskou as die taal van die massas; die eenvoudige taal. Aan die ander kant word die gewone betekenis van woorde gesien as die taal van geskooldes; mense wat kundig is binne ’n bepaalde terrein.

Labuschagne (1988:34; 1989:208; 1998:146) sluit egter sinvol by Cowen (1980:386) en Devenish (1996:26) aan wanneer hy beweer dat daar nie so iets soos ’n gewone betekenis van woorde bestaan nie. Hulle argumenteer dat woorde deur kontekstuele faktore betekenis ontvang (sien ook Smith, 2007:250-251, Du Plessis, 2002:xv en De Ville, 1999:376). Die betekenis van woorde word deur middel van kollokasie, in sinsverband en ook in die groter konteks waarin die woord gebruik word, gekonstrueer (vgl. ook Klopper en Van den Bergh, 1980:10). In die geval waar meer as een “gewone” betekenis bestaan, moet die konteks waarin die woord gebruik is, in ag geneem word (Labuschagne, 1988:40).¹³ Die semantiese waarde van meerduidige woorde is in bepaalde opsigte van konteks afhanklik. Maar De Ville (1999:384), wat sterk onder die invloed van De Saussure en Derrida verkeer, argumenteer dat konteks grensloos is. Dit wil sê, dat konteks self meerduidig kan wees en nie noodwendig

¹³ In *S v Rosenthal* lê appèlregter Trollip telkens klem op die konteks in die hantering van ’n meerduidige frase (p. 68, 71, 75). Sien ook *S v Sithole* (p. 360), *Oos-Randse Administrasieraad v Rikhoto* (p. 607) en *Reynolds Brothers v Chairman, Local Road Transportation Board, Johannesburg* (p. 791-798).

beter lig op betekenis of meerduidigheid werp nie. Die wetsuitlegger moet daarom versigtig wees om nie te swaar op konteks staat te maak nie. Konteks moet verkieslik saam met ander instrumente ontplooi word.

3.3 Steyn se voorskrifte

Wanneer dit in Suid-Afrikaanse howe by die uitlê van 'n woord se betekenis kom, word daar dikwels by LC Steyn se voorskrifte gehou. In sy bewese en gesaghebbende handleiding, *Die uitleg van wette*, wy Steyn twee hoofstukke aan die hantering van woorde. Volgens Steyn (1986:1) het die wetsuitlegger ten doel om die “wils- en gedagte-inhoud” van die wetgewer vas te stel. Om daarin te slaag, is die uitlegger op die woorde van die wetgewer aangewese. Steyn (1986:1) is egter wel bewus gewees van die interpretasieprobleme wat woorde so dikwels tot gevolg het:

Maar nou is woorde alte dikwels 'n onvolmaakte middel om aan die werklike wil of gedagte so 'n duidelike gestalte te gee dat dit in alle omstandighede waarop daardie wil of gedagte betrekking kan hê, alleen vir 'n enkele uitleg vatbaar sal wees.

Vervolgens 'n kort oorsig van sy riglyne by die uitlê van wette. Soos gesien sal word, maak Steyn 'n paar stellings wat vanuit die taalwetenskap bevraagteken sou kon word.

3.3.1 Eerste reëls

In Steyn (1986) vind 'n mens reëls vir die uitlê van wette. Die belangrikste reëls soos dit van toepassing is op die hantering van woorde, is soos volg: (1) Steyn meen dat dit onmoontlik is om alle omstandighede – en dus alle interpretasiemoontlikhede – te voorspel; daarom dat 'n hof die bedoeling van die wetgewer in die bestaande woorde moet probeer terugvind (1986:1-2). Laasgenoemde is dan een van die eerste reëls in die uitlê van wette. Steyn, wat 'n duidelike aanhanger van die bedoelingsteorie was, was van die opinie dat die woorde in diens van die wet is en nie andersom nie. 'n Hof moet die betekenis van woorde naspoor ten einde die bedoeling van die wetgewer te kan verstaan; vir Steyn is die betekenis van woorde en die bedoeling van die wetgewer met mekaar verbind (1986:2-3). (2) Die reëls bepaal ook dat woorde volgens hul gewone betekenis verstaan moet word, dit wil sê soos die woorde “in die mond van sy [die staat] onderdane” lê. Dit sluit die uitlê van gesegdes volgens die gewone, algemene gebruik in (soos die gesegdes ook in die streekswette aangeneem is) (Steyn, 1986:5). (3) Algemene woorde moet algemeen verstaan word. Met ander woorde, waar die wet ooglopend en voor die hand liggend is, moet daar nie doelbewus na afwykings gesoek

word nie. As die voorskrifte van die wet in algemene bewoording omskryf word, mag daar geen uitsondering gemaak word nie en moet die woorde ook as algemeen geïnterpreteer word (Steyn, 1986:7-8). (4) 'n Hof as wetsuitlegger mag nie buite die woorde van die wet gaan nie, “want die bepalings van die wet strek alleen sover as die woorde daarvan” (Steyn, 1986:9). 'n Hof kan nie betekenis toedig aan bepalings as dit nie op skrif staan nie. Dit impliseer dat daar streng by die woorde van 'n statuut gehou moet word en nie daarvan afgewyk behoort te word nie. Daar mag ook nie buite die grammatikale sin van die woorde gegaan word nie; daardeur kan 'n hof foutiewelik 'n stap verder gaan as waarvoor die bepalings in die statuut voorsiening maak (Steyn, 1986:10-11). (5) Steyn bepaal verder dat daar aan elke woord 'n betekenis toegeskryf moet word (Steyn, 1986:17-21). Hiermee bedoel hy dat die wetgewer sy woorde baie noukeurig moet kies aangesien elke woord 'n uitwerking op die wet (en die uitleg daarvan) kan hê. Steyn waarsku teen die moedswillige aanwending van hierdie beginsel om verskille in betekenis te skep waar daar nie vantevore betekenis was nie. Dit gebeur dat wetgewing soms oortollige woorde bevat wat nie werklik tot die betekenis van die statuut bydra nie en daardie oortollige woorde mag nie gebruik word om die betekenis van wetgewing te probeer wysig nie.

3.3.2 Afwyking van letterlike uitleg

Steyn bied ook riglyne in die geval waar daar van die letterlike uitleg afgewyk word. Drie sake wat vir my voorop staan, is dubbelsinnigheid, restriktiewe interpretasie en ekstensiewe interpretasie. In die geval van dubbelsinnigheid stel Steyn (1986:22-23) voor dat daar by die eintlike betekenis van die woorde gehou word. Wanneer die dubbelsinnigheid van 'n woord die eintlike betekenis vertroebel, moet daar op die bedoeling van die wetgewer teruggeval word. Wanneer die bedoeling van die wetgewer deur 'n “ongewone, oneintlike of swakkere betekenis” omskryf word, moet hierdie betekenis bo die ander aanvaar word. Selfs in die geval waar dit blyk of die woorde wat die wetgewer gebruik het tot onbepaalde betekenis lei, moet die bedoeling van die statuut nagegaan en die juiste betekenis dienooreenkomstig uitgewerk word (Steyn, 1986:24). Restriktiewe interpretasie stel 'n hof in staat om 'n woord se betekenis in te kort. Soms is die betekenis van 'n woord veel ryker en breër as wat die wetgewer ten doel het. In só 'n geval, veral met uitgebreide betekenismoontlikhede (soos byvoorbeeld die taksonomiese term “genus”), word die betekenis ingeperk om slegs op 'n bepaalde aspek of groep van toepassing te wees (Steyn, 1986:25 e.v.). Ekstensiewe interpretasie maak dit vir 'n hof moontlik om 'n breër betekenis aan 'n woord toe te dig

wanneer dit blyk dat die woorde van die wetgewer as 't ware tekort skiet (Steyn, 1986:41 e.v.). Hier gaan dit weer eens om die bedoeling van die wetgewer.

3.4 Die Interpretasiewet 33 van 1957

'n Instrument wat veronderstel is om 'n duidelike riglyn daar te stel, is die Interpretasiewet, waarvolgens statute in Suid-Afrika geïnterpreteer moet word. Volgens Thorton (in Devenish, 1996:239) is die doelwitte van só 'n wet drieledig, naamlik:

- (1) om geskrewe wette te verkort en te vereenvoudig deur onnodige herhaling te voorkom;
- (2) om taalkonsekwentheid in geskrewe wette te verseker; en
- (3) om die uitwerking van wette te verklaar deur die aanvaarding van konstruksiereëls.

Die wet bestaan uit ses dele waarvan die eerste deel die interpretasie van statute voorskryf. Die Interpretasiewet stel ook 'n voorbeeld vir die fisiese formaat wat wetskrywers (moet) volg wanneer wetgewing op skrif gestel word.

Devenish (1996:240) dui aan dat die wet onder meer die beginsel van “outentieke interpretasie” behels, wat bepaal dat die wetgewer betekenis aan woorde toeskryf. Daardie betekenis word meestal deur die grammatikale aard van die woord, die registrasie en konteks bepaal. Aan elke woord moet daar 'n betekenis gegee word en die betekenis van woorde moet verkieslik konsekwent wees in dieselfde wet (De Ville, 2000:114; Du Plessis, 2002:212 e.v.). Die wet voorsien verder 'n aantal definisies wat van toepassing is op die meeste ander wette (en wat gelykertyd 'n definitiewe betekenis aan daardie geselekteerde woorde gee) en gee onder meer 'n aanduiding hoe tyd bereken moet word.

Artikel 1 hanteer algemene bepalings by die toepassing van die wet (asook die uitleg van betekenis) wat op die hele land van toepassing is en word soos volg bewoord:

Die bepalings van hierdie Wet is van toepassing op die uitleg van elke wet (soos in hierdie Wet omskryf) wat by of na die inwerkingtreding van hierdie Wet in die Republiek of in enige deel daarvan van krag is, en op die uitleg van alle verordeninge, reëls, regulasies of voorskrifte wat kragtens enige wet uitgevaardig is, *tensy daar iets in die taal of samehang van die wet, verordening, reël, regulasie of voorskrif is wat strydig is met sodanige bepalings of tensy 'n ander bedoeling daaruit blyk*. [A. 1 gewysig by a. 1 van Wet 45 van 1961] (my kursiverings)

Die gekursiveerde woorde suggereer 'n vanselfsprekende *Wortlautgrenze*; slegs wanneer die taal strýdig is, hoef die bepalings nie volgens die letter toegepas te word nie. Ofskoon daar ruimte gelaat word vir die hantering van moeilike gevalle, moet die wetsinterpreteerder dus by die grense van die taal hou.

Daar is diegene wat voel dat interpretasievoorskrifte soos dit in wetgewing opgeneem is, maklik skade kan berokken. De Villiers AR (in Devenish, 1996:240) verduidelik sy posisie:

...an interpretation clause has its uses, but it also has its dangers... To adhere to the definition regardless of subject-matter and the context might work the gravest injustices by including cases which were not intended to be included.

Volgens Devenish (1996:240-241) beteken bostaande dat die Interpretasiewet hoewel nie dwing om slegs by voorgeskrewe definisies te hou nie en sodoende die gewone en of kontekstuele betekenis te ignoreer nie. Waar dit duidelik blyk dat die gewone gebruik van 'n term binne sy konteks verskil van hoe die wetgewer dit verstaan, mag hoewel van die wetsomskrywings afwyk. Hier is die woord "strydig" in artikel 1 van die Interpretasiewet weer eens van belang.

As voorskriftelike wet is die Interpretasiewet uiters vaag en die bewoording troebel, met spesifieke verwysing na riglyne vir die hantering van semantiese kwessies. Behalwe artikel 2 wat definisies weergee en sodoende ook 'n presedent skep vir ander wette, word daar nêrens eksplisiet aangedui hoe woorde, frases of sinne geïnterpreteer moet word nie. Die hantering van betekenis en interpretasie word meestal vanuit die regsfilosofie en -teorieë benader en word telkens deur 'n groot aantal hofsake uiteengesit. Daar word nóg in die eerste nóg in die tweede artikel aangedui hoe die wetsuitlegger problematiese woorde, frases of sinne moet benader, veral wanneer dié semantiese sake die kruks van die dispuut vorm. Daar is geen riglyne met betrekking tot woordeboekgebruik nie; die wet bepaal ook nie in watter mate taalwetenskaplike bydraes toegelaat mag word en watter vorm só 'n ingryping mag aanneem nie. Dié kwessies word eerder herhaaldelik deur hoewel hanteer; hoewel skep die nodige presedente vir die toekomstige uitleg van wette. In hierdie opsig slaag die Interpretasiewet glad nie in sy doel nie. Devenish (1996:261) beskou die Interpretasiewet as verouderd en stel voor dit word drasties hersien. As die Wet hersien word en meer gedetailleerde voorskrifte en riglyne bevat, sal hoewel nie nodig hê om toenemend self riglyne te skep nie.

3.5 Die voorsittende beampte as taalkundige

Die feit dat taal en die reg onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en die feit dat die regspraktyk volkome van taal afhanklik is, beteken dat die voorsittende beampte noodwendig noukeurig met taal moet omgaan. Soos Tiersma (1993b:269) dit stel: "...for the legal profession and particularly for judges, language is not merely a means of communication, but an object of analysis." Dieselfde idee word deur Solan (1993b:1) geëggo:

Judges are frequently called upon to interpret statutes and other legal documents. Often the parties disagree about what the document says they are obliged to do or to refrain from doing. When that happens, and one part sues, or the government prosecutes, a judge must decide what the document means. To do this, judges frequently present a sort of analysis of the document in dispute.

Wat 'n mens van Tiersma en Solan kan aflei, is dat voorsittende beamptes en taalkundiges oënskynlik soortgelyke werkswyses het en hul met soortgelyke aktiwiteite besig hou, dit wil sê die bestudering van tekste om tot een of meer interpretasies daarvan uit te kom. Dit is vermoedelik geen voorsittende beampte te behoefte om hom as taalkundige voor te hou nie, maar in meeste gevalle word hy daartoe genoop. Solan (1993b:2) wys ook daarop dat voorsittende beamptes beslissend en presies moet kommunikeer weens die gesag wat hulle uitoefen. Elke woord wat só 'n beampte uiter en elke interpretasie wat deur hom ondersoek word, moet berekenend uitgevoer word.

Solan (1993b:4) beskou die linguistiek as een van die talle krukke waarmee die regspraktyk moet loop en hoewel hy soos Tiersma (1993b:270-271) van mening is dat die linguistiek 'n definitiewe bydrae tot die regspraktyk maak, is Solan ook taamliek skepties. Die linguistiek kan maklik tot verdere verwarring lei, veral wanneer twee partye hard probeer om 'n hof van hul saak te oortuig en met daardie rede taalkundigheid inspan (Solan, 1993b:28). Linguistiese argumentasie is dikwels ook saakspesifiek. Met ander woorde, die argumentasie wat vir 'n woord in een bepaalde saak geld, geld nie sommer in die volgende saak nie, al is dieselfde woord betrokke (Solan, 1993b:6). Verskeie faktore het 'n wysigende invloed op die betekenis van 'n woord waarvan konteks en omstandigheid soms die grootste faktore is. (Die ontledingsmetode wat ingespan is om tot 'n interpretasie in die een saak te lei, kan wel suksesvol in 'n volgende saak toegepas word.)

Die voorsittende beampte het dus nie alleen met die taal in statute en ander regsdokumente te doen nie, maar hy kry ewe reëlmatig te make met taal wat deur mense in uiteenlopende

situasies gebesig en gemanipuleer word. Howe word konstant met allerlei taalkwessies gekonfronteer en dit is die landdroste en regters se plig om taalkundig met daardie kwessies om te gaan. Dit wil sê, die voorsittende beampte se beslissing moet gedeeltelik uit linguistiese argumente bestaan, soos dit gereeld die geval is. Solan (1995:1069-1070) beweer dat landdroste en regters nie die hulp van linguiste benodig nie; hulle is in staat om taalprobleme op hul eie op te los, soos enige ander persoon daartoe in staat is. Soms is die regter of landdros se benadering tot die taalkwessie insiggewend en akkuraat, maar dit gebeur ook dikwels dat die taalkundige argumentasie of linguistiese toepassing van 'n voorsittende beampte hom lelik faal (Solan, 1993b:11).

Dit gebeur dat aspekte soos meerduidigheid op woord- en sinsvlak by tye so onsigbaar is of dat sinskonstruksies erg kompleks is dat voorsittende beamptes nie altyd van beter weet nie. Dan is daar gevalle waar die landdros of regter onoordeelkundig met woordeboeke omgaan. Solan (1995:1074-1076) verwys onder meer na 'n hofsaak waarin 'n hof moes besluit of 'n man 'n vuurwapen gebruik het tydens 'n dwelmtransaksie. Die gebruik van 'n vuurwapen tydens 'n dwelmtransaksie (waartydens die wapen as afdreigmiddel gebruik is en die slagoffer se lewe in gevaar verkeer het) kan tot 'n bykomende vyf jaar tronkstraf lei. Die verdagte het inderdaad 'n vuurwapen gebruik tydens die transaksie, maar as 'n ruilmiddel vir kokaïne. O'Connor R het die woord "gebruik" in 'n woordeboek nageslaan en sy uitspraak na aanleiding van die woordeboekinskrywing gelewer. Hy het beslis dat die verdagte wel 'n geweer gebruik het om dwelms mee aan te skaf. Sy uitspraak is egter deur 'n appèlhof afgekeur op grond van hul opinie dat die woord "gebruik" gesien moet word binne die betekenis van "geldeenheid" en nie as wapen nie. Volgens die appèlhof was die verdagte se gebruik van 'n vuurwapen in dié geval uitsonderlik.

Tiersma (1993b:270-271) verwys na 'n gesprek in 'n moordsaak waarin D aangekla is vir die moord op X:

T: And then we killed that [X].

D: Yeah.

In hierdie geval is die woorde "yeah" en "we" meerduidig. Eersgenoemde woord kan 'n teken van instemming wees waarin D erken dat hy deel aan die moord gehad het, maar dit kan ook 'n stoplap wees; 'n sinoniem vir "natuurlik", "is seker so". Deur "yeah" te sê, dui moontlik daarop dat D begryp het wat T gesê het. Verdere onsekerheid word deur "we" veroorsaak.

Die persoonlike voornaamwoord kan verwys na “ek en jy het die moord gepleeg” of na “ek en iemand anders het die moord gepleeg”.

Die ideaal is nie vir taalkundiges om namens voorsittende beamptes te dink nie, maar eerder om hulp te verleen deur aan regslui uit te wys hoe om moeilike taalprobleme op te los. Taalkundige advies kan ook deur regters en landdroste ingeroep word om hul eie taalkundige argumentasie te bevestig. In die literatuur kom dit dikwels voor asof voorsittende beamptes meestal onkundig met taal omgaan. Dit is uiteraard nie waar nie. Maar ’n tweede opinie van iemand wat die voorsittende beampte se opinie kan bevestig of bevraagteken, kan geen skade aanrig nie.

3.6 Verwysings na presedenthofsake

Nóg ’n werkswyse wat juriste byna altyd volg, is deur na vorige hofsake te verwys. Hoe is ’n bepaalde taalkwessie in die verlede hanteer? En wat is die konteks waarin die taalkwessie bevind word? Regslui moet noodwendig ander hofuitsprake bestudeer om soortgelyke hanterings deur howe vas te stel. Deur na vorige hofsake te verwys waarin soortgelyke probleme reeds deur ’n hof beredeneer is, verleen die nodige gesag aan ’n teenswoordige saak. In sommige hofsake word nuwe riglyne of vereistes daargestel, wat beteken dat daardie bepaalde hofuitsprake belangrike presedente skep en mettertyd wetgewing aanvul (en in die proses ikonies raak). Elke misdadkategorie het sy ikoniese hofsake wat pligsgetrou aangehaal word. Met betrekking tot die interpretasie van woorde tydens die regsproses word sake soos *Venter v R*, *Jaga v Dönges*, *Warren Marine (PTY) Ltd v Secretary for Customs and Excise*, *Association of Amusement* gereeld deur ander howe gesiteer.

Verder hanteer sommige voorsittende beamptes ’n semantiese kwessie deur die woord se betekenis stelselmatig uiteen te sit deur onder meer na woordeboeke en vorige hofsake te verwys waarin die woord telkens voorkom. In só ’n geval beredeneer die voorsittende beampte die betekenis van die woord aan die hand van die relevante konteks. (Sien *Groenewald NO v Behr NO* waarin Kirk-Cohen R op sistematiese wyse aandui wat die woord “persoon” beteken en waarom die betekenis daarvan nie op ’n oorlede persoon van toepassing gemaak kan word nie.)

Hierdie is geldige en funksionele maniere om ’n taalkwessie op te los, maar bied helaas nie die antwoord op alle semantiese probleme nie. In die saak *Herselman v Geleba* word Herselman aan haatspraak skuldig bevind omdat hy Geleba ’n “bobbejaan” genoem het.

Hoewel Dawood R die gebruik van die skelterm op volledige wyse beredeneer en funksioneel na vorige hofsake verwys waarin dieselfde skelterm (“bobbejaan”) gebruik word, dra die konteks van die vorige hofsake nie daartoe by om die metaforiese gebruik, die kwessie van gewone betekenis en die rol van stemtoon en liggaamstaal tot die interpretasie van die woordbetekenis in die konteks van *Herselman* by te reken nie. Dat die onderskeie hofsake in vele opsigte ooreenstem en vir die voorsittende beampte die nodige gesag en bewyse tot sy beslissing verleen, lê voor die hand. Deur egter slegs soortgelyke hofsake binne rekening te laat, beteken dat die unieke taalvraagstukke in *Herselman* nie aangeraak of selfs raakgesien word nie.

In die saak *S v Makunga* moet ’n hof bepaal wat die woorde “machine gun” en “machine rifle” beteken. In sy uitspraak verwys Didcott R na die feit dat hierdie terme nie deur die wet (Arms and Ammunition Act) gedefinieer word nie en dat dié woorde nooit deur ander hofe tydens ander hofsake omskryf of gedefinieer is nie. In die Afrikaanse weergawe van die wet (Wet op Wapens en Ammunisie) word slegs die woord “masjiengeweer” gebruik, maar sonder om die woord te omskryf. Die hof het verder nie veel sukses behaal deur die betwiste terme in woordeboeke op te soek nie. Vorige hofsake werp nie altyd die nodige lig op die betekenis van woorde nie en dit dwing die voorsittende beampte om alternatiewe te vind om woorde of frases se betekenis te help bepaal.

CSARS v Labat Africa Ltd is nog ’n voorbeeld waar die hooggeregshof en die appèlhof na ’n aantal sake verwys om die betekenis van die woord “expenditure” te probeer vasstel, maar sonder enige sukses. Sien Carney (2012) vir ’n bespreking van die hofsake en die hof se hantering van die betrokke woord.

3.7 Woordeboeke

Aangesien woordeboeke ’n gereelde bron by die interpretasie van wette uitmaak, is dit sinvol om ’n goeie begrip van die aard en omvang van woordeboeke te hê. Onkunde oor woordeboeke lei uiteraard tot die onkundige gebruik van woordeboeke. Dit is ook die uitgangspunt van hierdie studie om ’n alternatiewe (of bykomende hulpbron) vir woordeboeke voor te stel, derhalwe is dit kardinaal om sowel die sterk- as swakpunte van woordeboeke vas te stel.

3.7.1 Wat is ’n woordeboek?

’n Woordeboek is ’n naslaanbron (Pearson, 1998:67; Jackson, 2002:21). Landau (2001:6) verwys na ’n woordeboek as ’n teks wat die betekenis van woorde beskryf, wat illustreer hoe

woorde in konteks gebruik kan word en wat dikwels aanduiding gee van hoe die betrokke woord uitgespreek behoort te word. Jackson (2002:21) verwoord dit soos volg:

Every household is assumed to have one; children are taught how to consult the dictionary in school; there is one in every office. Lawyers quote the dictionary in court, teachers and lecturers appeal to it, politicians and preachers argue from its definitions. The dictionary is part of the cultural fabric of our society; each major new edition warrants a review in the daily press. And we all take what the dictionary says as authoritative: if the dictionary says so, then it is so. Life would be impossible if the dictionary was not the final arbiter in our linguistic disputes.

Hoewel daar ooreenkomste is tussen die woordeboek en die ensiklopedie, funksioneer dié twee bronne tog apart van mekaar (Svensén, 1993:2-3). Jackson (2002:22, 82) voer aan dat woordeboeke egter meer as net naslaanbronne vir die opsoek van woorde is; dit dien ook as register van woorde wat op 'n gegewe tyd in 'n taal voorgekom het. Woordeboeke reflekteer tot 'n sekere mate die volksmond. Daarbenewens kan woordeboeke pertinent as 'n pedagogiese bron dien weens die ensiklopediese kennis en remediërende advies daarin vervat (vgl. ook Svensén, 1993:3). Sien byvoorbeeld woordeboeke vir aanleerders of kinders.

3.7.2 Die aanwending van woordeboeke

In 2000 publiseer Béjoint die resultate van vraelyste oor woordeboekgebruik en kom tot die gevolgtrekking dat die twee hoofgebruike van woordeboeke by die opsoek van 'n woord se betekenis en spelling berus (Béjoint, 2000:141). In die inleiding van die *Encarta Concise English Dictionary* (Rooney, 2001) beweer die hoofredakteur dat hulle die gebruikers uitgevra het oor hul behoeftes in woordeboekgebruik. Volgens die *Encarta*-peiling wil gebruikers die spelling en betekenis van 'n woord nagaan en bepaal of 'n sekere woord korrek gebruik is. Verder wil gebruikers weet hoe 'n woord uitgespreek word en waar 'n woord vandaan kom (vgl. Jackson, 2002:77).

Bostaande vermeld die ooglopende funksies van 'n woordeboek. Nóg 'n moontlike funksie kan onderskei word: met betrekking tot die betekenis van woorde kan 'n woordeboek gebruik word om die betekenis van 'n onbekende woord by te leer, of die gebruiker kan juis 'n woordeboek raadpleeg om 'n bestaande betekenis te bevestig. As 'n mens die woordeboek beskou as 'n register (oftewel rekord) van die volksmond, kan die woordeboek as bevestigter selfs verder gebruik word om te bevestig op watter verskillende maniere 'n bepaalde woord in die volksmond gebruik word. Die woordeboek as bevestigende bron help juis om 'n spesifieke

woord se meerduidigheid te bevestig deur die verskillende betekenis aan te dui. In die geval waar 'n woordeboek gebruik word om woordbetekenis en -gebruik te bevestig, is dit myns insiens beter om woordeboeke te oorweeg wat uit korpora, verteenwoordigend van alledaagse taal, saamgestel word.

Die doel van 'n woordeboek asook die uiteindelijke teikenmark oefen 'n groot invloed op die funksie van die woordeboek uit. Die verskillende soorte woordeboeke en die formate wat hierdie woordeboeke aanneem, word gedeeltelik deur die aanwending bepaal. Aangesien die teikengehoor van enige teks kardinaal is by die skeppingsproses, lê dit voor die hand dat die gebruiker 'n rol speel in die aanwending van 'n woordeboek. Ofskoon woordeboeke soms deur 'n wye verskeidenheid gebruikers geraadpleeg word, is Atkins en Rundell (2008:28-29) steeds van mening dat woordeboeke oor tipiese gebruikers en gebruike beskik. Die gebruik en gebruiker het 'n wederkerige invloed. 'n Tweetalige skoolwoordeboek het immers 'n baie spesifieke teikengroep en het as sodanig 'n baie bepaalde aanwending tot gevolg, naamlik die opsoek van 'n teikenwoord vanuit die brontaal.

As 'n mens dus aanvaar dat 'n bepaalde woordeboek op sekere gebruikers afgestem word en vir spesifieke doeleindes aangewend word, kan 'n mens ook aanvaar dat die aanwending van dieselfde woordeboek deur 'n persoon buite die teikengroep en teikengebruik verskeie implikasies kan hê. Dit wil sê, dat 'n hof uiters versigtig met woordeboeke moet omgaan en geensins lukraak enige woordeboek kan nadersleep nie. Aangesien howe gereeld met die gewone betekenis van woorde werk, verwag 'n mens dat verklarende woordeboeke die voorkeurbron behoort te wees. Die probleem is egter dat daar nie een, homogene verklarende woordeboek is nie. (En geen van die verklarende woordeboeke in Suid-Afrika beskou die Suid-Afrikaanse hof as die tipiese gebruiker nie.)

Atkins en Rundell (2008:408-410) tref 'n belangrike onderskeid tussen dekodering en enkodering in die naslaan van definisies. Dekodering is 'n meer passiewe handeling waartydens 'n onbekende woord opgesoek word om die konteks beter te begryp. Daarteenoor word die woordeboek ook ingespan vir enkoderingsdoeleindes. Enkodering is 'n aktiewe (en meer komplekse) handeling waardeur 'n persoon die gekose woord probeer gebruik, hetsy in 'n bekende of onbekende konteks. Dit beteken dat 'n persoon baie meer omtrent die relevante woord moet weet. Die tipe inligting waarvoor die woordgebruiker moet beskik, is die semantiese eienskappe, sosiolinguistiese eienskappe (soos register, variëteit), pragmatiese en konnotatiewe eienskappe, kollokasie asook die konteksgebondenheid van die woord (Atkins

en Rundell, 2008:409). Dit kom voor asof die meeste woordeboeke meestal vir dekoderingsdoeleindes geskep word en in mindere mate eksklusief vir enkoderende gebruik bedoel word (Atkins en Rundell, 2008:409). Daar is dus 'n aantal verskillende soorte woordeboeke met uiteenlopende aanwendingsdoelwitte waarvan 'n hof moet kennis neem.

3.7.3 Verskillende soorte woordeboeke

Volgens Jackson (2002:21) en Murphy (2010:19) benader mense 'n woordeboek as een, unieke teks. Soos Murphy (2010:19) dit stel: “note how people speak of *THE dictionary*, much as they would speak of *THE Bible* or *THE Koran*.” Deur die bepaalde lidwoord te gebruik, impliseer dat daar slegs een weergawe van 'n taal verteenwoordig word, aldus Murphy. 'n Woordeboek is uiteraard nie een, unieke teks nie. In plaas van een, homogene woordeboek is daar 'n legio soorte woordeboeke en nie een volg presies dieselfde benadering in die samestelling daarvan nie. Woordeboeke bevat ook nie dieselfde woorde nie en word beslis nie op een, homogene gebruiker afgestem nie. Verskille tree in op grond van grootte, die aantal trefwoorde, die organisasie van die woorde (meestal alfabeties, maar soms tematies), die ouderdom van gebruikers, die omvang van die woordeskat met betrekking tot tyd (kan die woordeskat sinchronies of diachronies beskou word?), die koste daaraan verbode, en die aard van die onderwerp (die taalvariëteit, idiome, sinonieme, spelling, blokraaisels) (Svensén, 1993:10-13, 17-36; Landau, 2001:18-42; Jackson, 2002:24).

Hoewel die verskillende soorte woordeboeke uiteenlopend deur leksikograwe geklassifiseer word, is daar enkele ooreenkomste wat universeel uittree, naamlik die onderskeid tussen enkeltalige en meertalige woordeboeke en die verskil tussen algemene en gespesialiseerde woordeboeke (Svensén, 1993:17 e.v.; Pearson, 1998:68 e.v.; Landau, 2001:8 e.v.; Jackson, 2002:23-24). Binne hierdie vier kategorieë kan 'n aantal subkategorieë geïdentifiseer word: By enkeltalige woordeboeke tref 'n mens verder onderskeid tussen beknopte en omvattende (volledige) woordeboeke waarvan die aantal trefwoorde meestal verskil. In sommige tale bestaan daar verklarende woordeboeke vir moedertaalsprekers asook aanleerders; in dié geval is die funksie en uitleg van die woordeboeke soortgelyk, maar die manier waarop woorde verklaar en omskryf word, is eenvoudiger gestel vir die gebruik deur aanleerders (vgl. Svensén, 1993:12-13). Dit gebeur ook dat sommige tale oor verskillende geografiese gebiede versprei is, byvoorbeeld Engels. Engels is die amptelike taal vir 'n verskeidenheid lande en die lingua franca in selfs nog meer lande. Met soveel uiteenlopende sprekers is daar behoefte aan woordeboeke wat die plaaslike woordeskat en uitsprake uniek aan Engels in daardie

streek boekstaaf. Vergelyk byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Oxford Engelse woordeboek met dié van Amerika, Australië en Indië (Landau, 2001:12-16).

Dan bestaan daar 'n verskeidenheid meertalige woordeboeke, elk met 'n ander teikenmark en doel voor oë, hetsy leerders op skool of aanleerders van vreemde tale. Dié woordeboeke word gewoonlik van brontaal na doeltaal (L1-L2) uitgelê. Meertalige woordeboeke het meestal nie 'n verklarende funksie nie; daar word – onkundig – verwag dat die gebruiker reeds die verklaring in sy moedertaal ken en slegs die bepaalde woord se ekwivalent in die doeltaal wil opsoek (Svensén, 1993:10-12; Pearson, 1998:70; Landau, 2001:8-9).¹⁴ Dié woordeboeke kan tot groot frustrasie lei, aangesien 'n gebruiker steeds nie altyd weet hoe die woord gebruik of uitgespreek word nie en omdat grammatikale inligting in mindere mate voorsien word. Afhangende van die teikengroep bevat sommige meertalige woordeboeke ook illustrasies, idioome, en dies meer. Tans vorm meertalige woordeboeke die grootste deel van die mark, hoofsaaklik weens die groot behoefte daaraan (Landau, 2001:16-18). Vergelyk 'n taal soos Duits. 'n Groot aantal aanleerderswoordeboeke bestaan vir Duits en Engels, Duits en Frans, Duits en Nederlands, Duits en Russies, ens. Hoe groter die behoefte om die taal aan te leer, hoe groter is die aanbod aan woordeboeke.

Gespesialiseerde woordeboeke, hetsy in enkeltalige of meertalige formaat, is meer vakkundig van aard. Opitz (1983:163) verwys na die feit dat hierdie soort woordeboeke meestal weens professionele behoeftes geskep word en dat linguistiese oorwegings gewoonlik nie die bepalende faktor is nie. Die hoofdoel van hierdie soort woordeboeke is meestal om terme te omskryf. As sodanig is die uitspraak, die gebruik van die woord of enige grammatiese inligting waarskynlik uitgelaat (Pearson, 1998:71). Volgens Pearson (1998:71) is die grootste tekortkoming die feit dat tegniese, oftewel gespesialiseerde woordeboeke juis nie grammatiese inligting bevat nie. 'n Vergelyking tussen die *Oxford Dictionary of Economics* (2002) en die *Collins Internet Dictionary of Economics* (2005) bewys byvoorbeeld dat gespesialiseerde, vaktegniese woordeboeke nie dieselfde trefwoorde of ooreenstemmende verklarings vir dieselfde woorde bevat nie. Die lemmatisering van die woord “expenditure” lewer byvoorbeeld uiteenlopende resultate op (sien Carney, 2012)

Svensén (1993:21) dui daarop dat tegniese woordeboeke ook binne die meertalige woordeboek-kategorie kan val, byvoorbeeld 'n Engels-Duitse sakeregister of woordelys wat

¹⁴ 'n Goeie voorbeeld van 'n uitsondering is die *Pharos Groot Woordeboek Afrikaans en Nederlands* (ANNA) wat gelyktydig 'n tweetalige en verklarende woordeboek is.

ekwivalente terme verskaf. Die vraag is egter of só 'n woordeboek slegs ekwivalente trefwoorde moet voorsien en of meertalige tegniese woordeboeke ook 'n uitgebreide, omskrywende funksie moet aanneem. Volgens Svensén (1993:22) sal dié kriteria deur die gebruiker se behoeftes bepaal word.

Svensén (1993:22 e.v.) tref onderskeid tussen 'n tegniese en 'n spesialiswoordeboek. Waar tegniese woordeboeke hoofsaaklik vakspesifieke terminologie hanteer, fokus spesialiswoordeboeke onder meer op woordverhoudinge. Spesialiswoordeboeke sluit die volgende in: kombinasiewoordeboeke, sinoniemwoordeboeke, korpuswoordeboeke, frekwensiewoordeboeke, tesourusse, etimologiese woordeboeke, idioomwoordeboeke, en dies meer.

Indien 'n hof van 'n woordeboek gebruik wil maak, behoort 'n voorsittende beampte slegs sekere van bovermelde soorte woordeboeke te raadpleeg; 'n hof moet van die aanwendingsmoontlikhede en beperkings van die uiteenlopende woordeboek bewus wees. Wanneer meertalige of tegniese woordeboeke geraadpleeg word, moet daar verkieslik 'n aantal van hierdie bronne bestudeer word, aangesien 'n enkele woordeboek slegs een afsonderlike verklaring of ekwivalent bied. Meertalige en tegniese woordeboeke se hantering van trefwoorde is dikwels meer beperkend as dié van 'n goeie verklarende woordeboek. 'n Verklarende woordeboek bied byvoorbeeld basiese grammatiese inligting wat nodig is vir 'n beter begrip van die betrokke woord en bied somtyds ook gebruiksmoontlikhede binne konteksgebonde voorbeelde aan. Dit is daarom kardinaal dat gebruikers, onder meer 'n hof, oordeelkundig met woordeboeke omgaan, selfs wanneer dit 'n regswoordeboek is.

3.7.4 Definisies

Pearson (1998:69) vermeld dat verklarende woordeboeke vir moedertaalsprekers gewoonlik 'n oorsig van daardie taal bied. Die eerste doel van 'n verklarende woordeboek is om 'n woord te definieer. Gebruikers wil weet wat woorde beteken. Uiteindelik is dit die leksikograaf wat uit sy kundigheid en ervaring besluite neem en keuses uitoefen (Jackson, 2002:91). Daar sit dus 'n mens agter die blaai van die boek. Landau (2001) verwys verskeie kere na die feit dat leksikograwe foute maak en dat die saamstel van woordeboeke nie 'n presiese wetenskap is nie.

Goddard (1998:27 e.v.) is van mening dat, hoewel definisies nie altyd ewe akkuraat kan wees nie, hulle wel betroubaar behoort te wees deur aan te dui hoe die woord gebruik kan word.

Om daarin te slaag, kan 'n definisie nie te breed of te eng wees nie, en dit kan ook nie sirkulêr en onduidelik (of obskuur, aldus Goddard) wees nie. Volgens Goddard kan definisies juis onduidelik voorkom wanneer woorde oënskynlik gewoon lyk, maar dan op 'n semimetatoriese wyse of in 'n ongewone konteks toegepas word.

Maar watter beginsels is dan aanwesig by die definiëring van woorde in 'n woordeboek? Jackson (2002:93) beskryf 'n definisie as die karakterisering van die betekenis van 'n lekseem. As sodanig kan 'n definisie nie oorvol wees nie. Hoe makliker die definisie begryp word, hoe beter. Daarom moet “eenvoudige” woorde gebruik word om die woord te definieer. Sirkulariteit moet vermy probeer word en die definisie moet as plaasvervanger vir die woord kan dien (beter bekend as substitusie). Die algemeenste definisieformaat is die analitiese een-frase definisie. Dit wil sê, die woord word eers volgens sy klas gedefinieer en daarna word die konsep se spesifieke karaktereenskappe onderskei van die res in daardie spesifieke klas (Landau, 2001:153; Jackson, 2002:94; Atkins en Rundell, 2008:414-416). Die woord “huiskat” kan soos volg gedefinieer word: “'n variëteit van die *Felis catus*, wat gewoonlik as troeteldier aangehou word”. Die *Felis catus* dui die klas (of genus) aan, terwyl die verwysing na “troeteldier” die huiskat onderskei van ander moontlike katspesies soos die luiperd, leu of tierboskat.

Jackson (2002:94-95) identifiseer nog drie beginsels waarvolgens gedefinieer kan word, naamlik die gebruik van sinonieme, die uitwys van tipiese karaktereenskappe en laastens 'n verwysing na die moontlike gebruike van die betrokke woord (sien ook Svensén, 1993:118-119; Atkins en Rundell, 2008:420-422). Dit is nie altyd moontlik om eenvoudige definisies daar te stel deur die analitiese een-frase formaat te gebruik nie. In só 'n geval word individuele sinonieme of sinonieme uitdrukkings ingespan. Hoewel hierdie metode goed kan werk by die skep van woordeboeke vir aanleeders, is die risiko sterk aanwesig dat sirkulariteit kan intree. Byvoorbeeld, die woord “skrande” word bloot met die sinonieme “slim” en “intelligent” gedefinieer. Só 'n sinonieme definisie kan alleenlik slaag as die gebruiker reeds die woorde “slim” en “intelligent” ken. Die metode om woorde te definieer na aanleiding van tipiese karaktereenskappe en voorbeelde word meestal met een van die ander metodes gekombineer, soos die analitiese een-frase definisie. Byvoorbeeld, die woord “masels”: “'n virale siekte wat koors en 'n rooi uitslag veroorsaak; word beskou as 'n kindersiekte”. Laastens kan 'n mens sommige woorde definieer deur die gebruik van die woord aan te dui. Dié metode werk veral goed by die omskrywing van grammatikale of funksionele woorde soos onder meer voegwoorde, lidwoorde en voorsetsels. Byvoorbeeld,

die woord “maar”: “(voegwoord) word gebruik om sinne te verbind wat in teenstelling staan”.

Een van die groot kopsere in die leksikografie (wat reeds hier bo genoem is) is die kwessie van sirkulariteit. ’n Sirkulêre definisie is ’n definisie wat niksseggend is en terugkeer tot die woord wat omskryf word. Só ’n definisie gee vir die gebruiker geen aanduiding omtrent die betekenis van die woord nie. Landau (2001:157 e.v.) en Svendsén (1993:126-127) dui twee vorme van sirkulariteit aan: 1) A word gedefinieer op grond van B en B word gedefinieer op grond van A (met ander woorde die een trefwoord word gebruik om die ander te definieer en andersom); 2) A word gedefinieer op grond van A (met ander woorde die trefwoord kom volledig in sy eie definisie voor). Byvoorbeeld, die woord “skoonheid”: “om mooi te wees”. Vergelyk dié omskrywing met “mooi”: “’n eienskap van skoonheid”. Vir die gebruiker om die woord “skoonheid” te verstaan, moet die woord “mooi” dus reeds deel van die gebruiker se aktiewe woordeskat wees. In die geval waar die gebruiker nie een van die twee woorde ken nie, het die definisie geen lig op enige van die twee woorde gewerp nie. Die onderskeie definisies sê niks omtrent die onderskeie woorde nie. In die tweede vorm van sirkulariteit is die definisie van ’n woord afhanklik van dieselfde woord. Byvoorbeeld, die woord “sakrekenaar”: “dit is ’n rekenaar waarmee totale bereken word”. Die gebruiker is steeds nie ingelig oor wat die woord “sakrekenaar” beteken nie.

Volgens Jackson (2002:96) het definisies ten doel om die denotasie van ’n lekseem te beskryf, terwyl konnotasie selde in woordeboeke hanteer word. Landau (2001:156) is dit met Jackson eens en wys ’n belangrike saak uit, naamlik dat woordeboeke slegs sekere betekenisne insluit en ander ignoreer. Net omdat sekere betekenisne – soos konnotasies – nie in woordeboeke opgeneem is nie, beteken nie dat daardie betekenisne nie bestaan nie of dat leksikograwe nie van dié betekenisne bewus is nie.

Landau (2001:153-170) bied sy eie riglyne vir die definiëring van woorde. Hy voer aan dat leksikograwe woordeboeke saamstel met die gebruiker in gedagte. Daarvolgens is dit belangrik dat alle woorde in ’n definisie iewers in die woordeboek verduidelik word. Die definisie moet verkieslik nie woorde bevat wat moeiliker as die gedefinieerde woord is nie (Svendsén, 1993:134). Die gedefinieerde woord mag nie self in die definisie voorkom nie en die definisie moet ooreenkom met die term se woordsoort. Dit is verder belangrik dat die definisie die woord definieer en nie bloot rondom die woord “praat” nie. Die definisie moet help om die vraag “Wat is dit?” te beantwoord. Hoewel dit nie altyd moontlik is nie, moet

definisies so eenvoudig en bondig moontlik wees. Gewone woorde mag ook nie deur middel van tegniese omskrywings gedefinieer word nie (Svensén, 1993:119). Tafelsout mag byvoorbeeld nie gedefinieer word as “natriumchloried” nie. Dit hou verband met die begrypbaarheid van die definisie asook die praktiese oorweging van spasie in die woordeboek self. ’n Eenvoudige of bondige definisie impliseer egter nie dat ’n woord nie kompleks kan wees nie. Dit is ook belangrik om meerduidige woorde as meerduidig aan te dui en om die polisemie só te hanteer dat die betekenisonderskeidings duidelik is.

Wanneer dit kom by die definiëring van tegniese woorde, herinner Landau (2001:187) leksikograwe daaraan dat alle betekenisonderskeidings van ’n term aangeteken moet word en dat die wetenskaplike gebruik van sinonieme altyd ’n presiese ekwivalent aandui.

Dit is belangrik om te beseft dat woordeboeke na aanleiding van verskillende strategieë saamgestel word en dit is kardinaal dat ’n hof en regslui kennis daarvan neem. Die strategie bepaal die manier waarop ’n woord (of term) se betekenis verduidelik word en bepaal ook in talle opsigte hoe die gebruiker die woordeboek moet benader. Die teikengebruiker vorm deel van hierdie strategie en oefen direk ’n invloed op die aard en omvang van definisies uit (Atkins en Rundell, 2008:406-407). ’n Leksikograaf moet die woordeboekgebruiker se perspektief in gedagte hou en twee vrae probeer beantwoord, naamlik: Waarvoor word definisies gebruik en vir wie word die definisies bedoel (Atkins en Rundell, 2008:407, 411)? Soos vroeër vermeld, word definisies aangewend om woorde te dekodeer en te enkodeer. Vir eersgenoemde is eenvoudiger definisies nodig, maar vir laasgenoemde behoort die definisie baie meer inligting te bevat, sowel grammatikaal as semanties. Die formulering en omvang van ’n definisie word grootliks deur die teikengehoor bepaal.

Sommige woordeboeke voorsien slegs illustrasies of simbole met die benaming van elke afbeelding daarby. Ander woordeboeke voorsien aansienlik meer uitgebreide voorbeelde om sodoende die woord se gebruik te illustreer. ’n Hof sal (hopelik) nooit van ’n illustrasiewoordeboek gebruik maak nie, terwyl ’n kombinasiewoordeboek met uitgebreide voorbeelde moontlik ’n goeie naslaanbron kan wees.

Die verskil tussen die substitusie- en Cobuild-benaderings is ’n goeie voorbeeld van uiteenlopende strategieë (vgl. Pearson, 1998:82-84). Die substitusiebenadering (wat reeds hier bo vermeld is) gaan van die standpunt uit dat die definisie as plaasvervanger vir die gedefinieerde woord behoort op te tree; byvoorbeeld die woord “skoonsuster”. Die HAT (Odendal en Gouws, 2005:1023) definieer “skoonsuster” as “[s]uster van jou eggenoot;

eggenoot van jou broer”. Volgens die substitusiebenadering kan ’n spreker dus die definisie gebruik in plaas van die woord self. In plaas daarvan om jou skoonsuster as sulks aan ’n derde party voor te stel, kan jy jou skoonsuster ook voorstel as “my broer se vrou”. Leksikograwe soos Landau (2001:164 e.v.) is egter teenstanders van hierdie benadering en beskou substitusie as iets wat selde slaag. Verskeie algemene woorde en veral wetenskaplike terme kan nie deur middel van die substitusiebenadering verduidelik word nie. ’n Alternatiewe benadering is dié van Cobuild. Cobuild maak gebruik van alledaagse taalgebruik waarmee die gebruiker kan identifiseer. Die woorde word gewoon gespel en verduidelikings kom in realistiese sinne voor. Sinclair (1995:xviii) skryf die volgende in die *Collins Cobuild English Dictionary* se inleiding:

... the definitions (or explanations, as we often call them) are written in full sentences, using vocabulary and grammatical structures that occur naturally with the word being explained ... It also enables us to give a lot of information about the way a word or meaning is used by speakers of the language.

’n Voorbeeld van die Cobuild-woordeboek (1987) se inskrywings lyk soos volg (Pearson, 1998:84):

1 steer:

When you steer a car, boat, plane, etc., you operate it so that it goes in the direction that you want.

guide

Vergelyk bostaande voorbeeld met ’n inskrywing van die *Oxford South African Concise Dictionary* (DUSAE, 2010:1163):

steer¹ ▪ v. **1** guide or control the movement of (a vehicle, ship, etc.); follow (a course) in a specific direction.

Die Cobuild-verduideliking is baie meer getrou aan die manier waarop die woordeboekgebruiker sy taal besig. ’n Persoon word onder meer aangedui as die een wat die daad verrig. Verder word die woord “guide” as ’n algemene sinoniem aan die regterkant aangedui. Die Suid-Afrikaanse Oxford-woordeboek – soos die meeste woordeboeke in Suid-Afrika – volg klaarblyklik die substitusiebenadering. Pearson (1998:85) beskou die Cobuild-benadering as die beter keuse van die twee strategieë, omdat die betekenis van die woord op

eenvoudige wyse oorgedra word en die gebruiker 'n goeie idee kry oor hoe om die woord te gebruik. Sy stel voor dat gespesialiseerde woordeboeke deur middel van dieselfde benadering saamgestel word. Sien ook Landau (2001:164-166).

'n Laaste saak wat onder “definisies” aangeraak behoort te word, is die kwessie van terme teenoor woorde. Wanneer woorde vir “gewone” doeleindes gebruik word, verwys ons steeds daarna as woorde. Maar wanneer woorde vir “spesifieke” doeleindes gebruik word, verwys ons daarna as terme. Vergelyk die woord “kind” in standaardtaal met sy gebruik en uitgebreide betekenis in sake soos *S v Molefe* en *De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrand Local Division*. Die definisie van 'n term is klaarblyklik meer kompleks en gedetailleerd as die definisies van 'n gewone woord (Svensén, 1993:134). Pearson (1998:7) stel dit soos volg:

Language as a whole is a label used to describe all language and all language situations. It includes not only the language which we use to communicate in everyday situations but also the language which we use in 'special' situations..

Die onderskeid lê egter nie so maklik voor die hand nie. Daar is nie altyd konsensus onder leksikograwe en terminoloë oor wat alles as terme geld nie. Dit is belangrik om die omstandighede waarin woorde gebruik word, in gedagte te hou om sodoende te kan bepaal of die woord 'n term is. Pearson (1998:13) voer aan dat enige woord of frase wat spesiale verwysings maak, as terminologie beskou moet word, in sowel die vakterrein waartoe die woord of frase behoort as die terrein waarin die woord of frase gebruik word (dit is nie noodwendig dieselfde vakterrein nie). Vergelyk weer 'n woord soos “kind” in 'n regs konteks. Afhangende van die uiteenlopende behoeftes van 'n wetgewer sal “kind” waarskynlik as 'n term in statute gebruik word.

Pearson (1998:14-18) bespreek 'n aantal terminoloë (Wüster, Felber, Sager, Hoffmann, Trimble en Trimble, Herbert, Godman en Payne, en Yang) se pogings tot 'n onderskeid tussen woorde en terme, en die kruks (oorvereenvoudig) is vervolgens 'n groepering van tegniese woorde teenoor nietegniese of algemene woorde. Tegniese woorde kan vakspesifiek wees wat slegs tot een vakterrein behoort of wat by tye interdisiplinêr gebruik kan word. Die nietegniese woorde kan woorde wees wat vir alledaagse doeleindes gebruik word, of dit kan algemene woorde wees wat spesiale betekenis verkry het en sedertdien meerduidig is. Volgens Svensén (1993:21) is dit dikwels makliker om te bepaal welke woorde in 'n spesialisveld nié spesialiswoorde is nie, eerder as om te probeer vasstel watter woorde as

terminologie kan deurgaan. Dit is van selfsprekend dat konteks 'n bepalende faktor in die status van 'n spesialiswoord is.

'n Hof sal met groot sorg moet bepaal of die betwiste woord 'n gewone woord of 'n term is. Terminologie kan eenvoudig nie op dieselfde manier benader word as wat gewone, algemene woorde benader word nie. 'n Hof kan uiteraard nie 'n term as 'n gewone woord in 'n woordeboek opsoek (of op 'n alternatiewe wyse probeer verklaar) nie. Terme is nie gewone woorde nie. Die funksie van sulke woorde is ook anders as dié van gewone woorde. Soms lyk woorde ordinêr omdat die woord by tye in gewone omstandighede toegepas word, maar eintlik tree die woord, in konteks, as 'n term op. Vergelyk byvoorbeeld die woord “noodtoestand”. Dit kan in verskillende kontekste gebruik word, dikwels metafories, maar sodra dit in 'n militêre situasie gebruik word, geld die woord as 'n term.

Woordeboeke bied sowel verduidelikings van “gewone” woorde as definisies van terme. Landau (2001:34) skat dat soveel as 40% van trefwoorde in gewone verklarende woordeboeke terme is; 'n verskynsel wat hy aan die samelewing se hoë agting vir wetenskap en tegnologie toeskryf. Die gevaar ontstaan dat 'n woordeboekgebruiker – soos die hof – per abuis die verduideliking van 'n term lees en dit sien as die definisie van 'n gewone woord, omdat hy eenvoudig nie weet dat die woord eintlik 'n term is nie. Dit kan uiteraard tot interpretasieprobleme lei, veral waar die woordeboek (verkeerdelik) ingespan word as gesaghebbende bron wat sekerheid en definitiewe antwoorde moet verleen.

3.7.5 Die gebruik van woordeboeke in 'n hof

Wanneer dit by die betekenis van gewone woorde kom, beweer Hutton (2009:86-87) daar is 'n aantal voordele aan 'n hof se gebruik van woordeboeke bo die kundige getuienis van linguïste:

Consulting a dictionary is a familiar practice within the linguistic experience of lawyers, but asking a linguist is not. Dictionaries are created by professional lexicographers, and so can serve a court as a kind of surrogate expert witness. There is a wide choice of professionally edited dictionaries on the market, with differing definitional styles and contrasting organisation of many entries. The dictionary is also obviously cheaper and more readily available, and its points of view can be ignored if unhelpful, or a second opinion sought. Most importantly the organisation of the dictionary entry is also untainted by direct exposure to the linguistic facts of the case in their social setting. The dictionary, more so than justice itself, is blind to the moral rights and wrongs of the case, whereas an expert witness testifying as to the meaning of words at issue does so with notice or knowledge of the wider legal conflict.

Die gebruik van woordeboeke word deur die Suid-Afrikaanse hof gesanksioneer. In *Fundstrust (PTY) Ltd (In Liquidation) v Van Deventer* verklaar Hefer AR (p. 727-729) dat die raadpleeg van woordeboeke baie nuttig en by tye selfs onontbeerlik kan wees. Labuschagne (1988:40; 1998:146-147) dui aan dat 'n hof toegelaat is om 'n verskeidenheid woordeboeke te gebruik, nie bloot woordeboeke wat in Suid-Afrika gepubliseer is nie. In die geval van Afrikaans kan selfs Nederlandse en in uitsonderlike gevalle ook Duitse woordeboeke geraadpleeg word. Labuschagne verwys na Kotzé AR, wat in *Association of Amusement* (p. 660) dit baie duidelik stel dat woordeboeke gesaghebbend moet wees. “Gesaghebbend” kan moontlik geïnterpreteer word as woordeboeke wat reeds 'n reputasie van betroubaarheid en volledigheid opgebou het (wat dit ook al mag beteken). Kotzé AR verskil egter van Labuschagne deur teen woordeboeke uit ander lande te waarsku; hierdie woordeboeke kan misleidend en kultuurspesifiek wees (p. 638).

Weinstein (2005:656) suggereer dat woordeboekgebruik moontlik met beperkte uitlegrylyne te make het (soos die beperkte Interpretasiewet); laasgenoemde is veronderstel om aan voorsittende beamptes en regslui die bykomende ondersteuning te verleen in die hantering van meerduidige woorde (in statute). Meestal is juriste slegs op die wet en vorige hofsake aangewese. Woordeboeke word as objektiewe bron beskou wat help om veral meerduidige of onduidelike woorde te verstaan (Weinstein, 2005:656; Mouritsen, 2010:1918); dit kan as 'n goeie eksterne uitlegbron gesien word (Rubin, 2010:175). Volgens Mouritsen (2010:1921) is woordeboeke aanvanklik aangewend om vergete woorde na te gaan en om 'n voorsittende beampte se geheue omtrent bepaalde omskrywings te verfris (vgl. ook Thumma en Kirchmeier, 1999:248). 'n Woordeboek kan boonop gebruik word om die leser 'n algemene gevoel van die woord te gee. Daarbenewens word woordeboeke deur voorsittende beamptes gebruik om die verskillende betekenisse wat op “rekord” (lees “woordeboek”) geplaas is, te verifieer (Mouritsen, 2010:1922; Weinstein, 2005:654).

Solan (1993b: 50) bevestig die feit dat howe op woordeboeke staatmaak om hul beslissings te ondersteun. Soms gebruik voorsittende beamptes woordeboeke as gesag om te bepaal watter party die saak moet wen en watter nie. Solan gaan verder deur woordeboekgebruik in 'n aantal sake te bestudeer. In 'n sesjaartermyn is woordeboeke in 90 van die 804 Amerikaanse hofuitsprake gebruik, oftewel in 11%. Solan (1993b: 51) het verder bevind dat Amerikaanse regters 'n verskeidenheid van woordeboeke gebruik wat wissel van sowel moderne as verouderde verklarende woordeboeke tot tegniese woordeboeke soos 'n regswoordeboek (vgl. Aprill, 1998:311). Solan se bevindings is bekragtig deur dié van Thuma en Kirchmeier

(1999). Hulle bevind selfs dat die Amerikaanse hof van 1990 tot en 1998 woordeboeke in ongeveer 180 sake gebruik het om 220 woorde te definieer (Thumma en Kirchmeier, 1999:256). 'n Hof se afhanklikheid van woordeboeke beïnvloed sy beskouing van dié naslaanbron; talle voorsittende beamptes plaas hulle vertrouwe in woordeboeke en verkeer onder die indruk dat 'n woordeboek oor die nodige gesag beskik om as deskundige op te tree (Robinson, 1982:110). So 'n woordeboek word op sigself 'n gesag en help om die saak te beslis (Solan, 1993b:50; Rubin, 2010:169). Volgens die *Harvard Law Review* (1994:1441-1442) hou die ietwat oordrewe behoefte aan woordeboeke sterk verband met die tekstualisme (en bedoelingsteorie) wat die gewone betekenis van woorde sentraal stel. 'n Woordeboek is die belangrikste bron vir die tekstualis (Aprill, 1998:280).

Die aanwending van woordeboeke tydens hofsake word deur verskeie navorsers goedgekeur, mits dit slegs as naslaanbron gebruik en verkieslik as 'n beginpunt gesien word (Robinson, 1982:116; *Harvard Law Review*, 1994:1450, 1452; Thumma en Kirchmeier, 1999:296 en verder). Dit is belangrik om te beseft dat woordeboeke waardevolle hulpbronne is en nie boos is nie. Die probleem lê egter baiekeer in die *aanwending* daarvan.

Hoe lyk die Suid-Afrikaanse situasie?

3.7.6 Die Suid-Afrikaanse situasie

Om 'n beter begrip te verkry met betrekking tot die Suid-Afrikaanse hantering van woordeboeke tydens hofsake, is 'n ondersoek gedoen deur die Jutastat-databasis te gebruik. Die databasis bevat onder meer hofuitsprake vanaf 1945 tot en met 2012 (ten tyde van die soektog). Hofuitsprake in Jutastat bestaan uit sowel gerapporteerde en ongerapporteerde sake. Elke saak is op appèl geneem, hetsy in 'n appèlhof of 'n hooggeregshof. In sommige gevalle het 'n appèlsaak in 'n spesiale hof gedraai, soos die konstitusionele hof of die landhervormingshof. Hofuitsprake is verder verteenwoordigend van sake wat in die voormalige tuislande asook buurlande soos Zimbabwe en Namibië verhoor is. Slegs hofuitsprake wat binne die geografiese grense van Suid-Afrika verhoor is (naamlik ook dié van tuislande) is nagegaan. Aangesien dit hier om woordeboekgebruik gaan, is die soekterme “dictionary” en “woordeboek” telkens aangewend.¹⁵ Vir praktiese doeleindes is 'n getal van

¹⁵ Ek het egter tydens my soektog bevind dat sommige regters slegs die afkorting van bepaalde woordeboeke gebruik, soos ‘HAT’, wat tot gevolg gehad het dat die hofuitspraak nie deur een van die soekterme geïdentifiseer is nie. Ek het ook opgemerk dat talle hofuitsprake die betekenis van woorde hanteer sonder om ooit na 'n woordeboek te verwys. In dié geval word daar hoofsaaklik na vorige hofsake of wetsomskrywings

150 hofuitsprake bestudeer, hoewel die soekterme aansienlik meer trefresultate opgelewer het (sien Addendum 3A).

Hierdie steekproef word geensins voorgehou as volledig of as verteenwoordigend van die ware stand van woordeboekgebruik in Suid-Afrikaanse howe nie. Die feit dat sake in laer howe uitgelaat is (weens 'n gebrek aan toegang tot die hofuitsprake ten tyde van die soektog) en uiteraard 'n baie groter volume data verteenwoordig, spreek van die beperkte blik wat tans hier ter sake kom. Maar hierdie kort oorsig behoort na my mening steeds 'n goeie beeld te skep van die woordeboeke wat gebruik is en die deeglikheid van voorsittende beamptes, veral op appèlvlak. 'n Mens verwag immers dat sake op appèl met groter omsigtigheid en kundigheid hanteer word, juis daarom dat geappelleer word.

Daar word dikwels van appèlregters verwag om woorde opnuut te interpreteer (wat hulle dan ook soms doen) of om 'n hof *a quo* se woordinterpretasie en -hantering te bevestig (wat ook dikwels die geval is). Dit gebeur ewe gereeld dat 'n bepaalde woord nie deur die wet gedefinieer word nie en dan verskuif daardie taak na 'n hof toe. Wat baie duidelik uit die Jutastat-soektog blyk, is dat hoër howe hulle graag tot woordeboeke wend. Maar die voorsittende beamptes is nie die enigste lui wat woordeboeke raadpleeg nie. Menigmaal wend die onderskeie partye se regsverteenwoordigers en regsadviseurs hulle tot woordeboeke as deel van hul argument en dwing as 't ware die voorsittende beampte om dieselfde woorde na te slaan. 'n Meer ervare en deeglike landdros of regter sal (hopelik) verder beweeg as die woordeboeke waarop die regsverteenwoordigers aanspraak maak.

My vermoedens dat Suid-Afrikaanse voorsittende beamptes slordig en onoordeelkundig met woordeboeke sou omgaan, is aanvanklik deur die Jutastat-soektog verkeerd bewys. In die meeste van die 150 hofuitsprake (wat oor 65 jaar strek), is daar meer as een woordeboek gebruik om een of meer woorde op te soek. In *Swart v Smuts*, *Gulyas v Minister of Law and Order* en *Johnston v Beckett and Another* word daar onderskeidelik van 11 woordeboeke gebruik gemaak. In *Shillings CC v Cronje and Others* word 12, *Deedat and Others v the Master and Others* word 13, *S v Collop* word 14, *Cargo Africa CC v Gilbeys Distillers and Vintners (Pty) Ltd and Another* word 15 en in *Association of Amusement* word 16 verskillende woordeboeke gebruik. Daarbenewens word die gebruik van woordeboeke deur 'n

verwys; hierdie uitsprake sou uiteraard nie deur die twee soekterme opgelewer word nie. Om te bepaal watter hofsake het met die interpretasie van woorde te doen, noop 'n totaal ander soort soektog met ander soekterme.

aantal hofuitsprake gesanksioneer,¹⁶ dikwels bevestig deur *Venter v R* (wat die nougesette gewone betekenis van woorde as norm stel) en in die meeste gevalle gevolg (of verplaas) deur *Jaga v Dönges* (waarin Schreiner AR die belangrikheid van die groter konteks ten koste van die nougesette grammatikale benadering vooropstel). Hierdie sanksionerende hofsake bied oënskoulik die nodige riglyne en bepaal wanneer dit gepas is om woordeboeke te mag gebruik. Die hof wend hom skynbaar nie lukraak tot woordeboeke nie.

Regters maak dit verder duidelik dat woordeboeke meestal as vertrekpunt gesien behoort te word en nie as 'n finale gesag beskou moet word nie.¹⁷ Uit die 150 uitsprake kom dit sterk voor dat woordeboeke hoofsaaklik as 'n bevestiging van woordbetekenis aangewend word. Die woordeboekdefinisies word gewoonlik in oorleg met die groter konteks bestudeer en oorweeg. Die woordeboekdefinisie word nie sommer sonder oordeel as die finale beslissing aanvaar nie.

Wat natuurlik opvallend is, is die versameling woordeboeke wat gebruik is. Voorsittende beamptes beroep hulle op “gesaghebbende” en bekende woordeboeke, maar gee nooit enige motivering waarom hulle 'n bepaalde woordeboek gebruik nie. Soos uit Addendum 3B afgelei kan word, is woordeboeke soos die volledige *Oxford English Dictionary*, die *Shorter Oxford English Dictionary*, die *Websters Third International Dictionary* en die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* baie gewilde woordeboeke.

Sommige woordeboeke is mettertyd deur ander vervang of geïnkorporeer. *Die Afrikaanse Woordeboek* (vandag bekend as die WAT) het byvoorbeeld die weg gebaan vir die HAT

¹⁶ *Association of Amusement* (p. 641), *Case and Another v Minister of Safety and Security and Others*; *Curtis v Minister of Safety and Security and Others* (p. 617), *Department of Customs and Excise v Maybaker (SA) (Pty) Ltd* (p. 812), *Dulabh and Another v Department of Land Affairs* (p. 1122), *Egan v Minister of Defence* (p. 264), *Fundtrust* (p. 710), *Interlink Postal Courier SA (Pty) Ltd v South African Post Office Ltd* (p. 119), *Johannesburg Consolidated Investments CO v LK Investments and Others* (p. 465), *Loryan (Pty) Ltd v Solarsh Tea and Coffee (Pty) Ltd* (p. 846), *Minister of Safety and Security an Another v Xaba* (p. 158-159), *Monsanto Co v MDB Animal Health (Pty) Ltd (Formerly MD Biologics CC)* (p. 892), *National Screenprint (Pty) Ltd v Minister of Finance* (p. 507), *Online Lottery Services (Pty) Ltd and Others v National Lotteries Board and Others* (p. 356), *Reynolds Brothers Ltd v Chairman, Local Road Transportation Board, Johannesburg, and Another* (p. 794), *Royal Salt Pans v Laubscher and Another* (p. 398), *S v Palm* (p. 79), *S v Qwabe* (p. 353), *Shillings CC v Cronje and Others* (p. 403), *Transvaal Consolidated Land and Exploration Co Ltd v Johannesburg City Council* (p. 94), *Von Wielligh v Mimosa Inn (Pty) Ltd* (p. 724), *Warren Marine (Pty) Ltd v Secretary for Customs and Excise* (p. 348), *Waylite Diary CC v First National Bank Ltd* (p. 650), *Waymark and Others v Meeg Bank Ltd* (p. 129).

¹⁷ In *Association of Amusement* stel Kotzé AR dit baie sterk dat die woordeboek nie 'n fort of vlugoord mag word nie (sien p. 661). Die groter konteks word voorgehou as die belangrikste oorweging, bo die woordeboekdefinisie. Woordeboeke moet verkieslik as riglyn dien. Sien ook: *Consolidated Diamond Mines of South West Africa Ltd v Administrator, SWA and Another* (p. 580), *De Beers Industrial Diamond Division (Pty) Ltd v Ishizuka* (p. 196), *Fundtrust* (p. 717), *Jaga v Dönges*, *Loryan* (p. 846), *Minister of Safety and Security* (p. 158-159), *Monsanto* (p. 892), *Qwabe* (p. 353), *Transvaal Consolidated* (p. 94), *Warren Marine* (348), *Waylite Diary* (p. 650).

(1965). Dieselfde geld byvoorbeeld Kritzinger se *Groot Woordeboek* (1937) en Bosman se *Tweetalige Woordeboek* (1962) wat mettertyd met die *Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek* vervang is. Die feit dat bepaalde woordeboeke uit druk is en deur ander vervang is, stuit voorsittende beamptes nie om steeds van die uitgediende woordeboeke gebruik te maak nie. Kritzinger se *Groot Woordeboek*, wat sedert die tagtigerjare nie meer herdruk is nie, word nog so onlangs as 2010 (*Ryan v Petrus*) nadergetrek, ten spyte van die bygewerkte en uitgebreide Pharos-woordeboeke wat reeds beskikbaar was.¹⁸ In *Online Lottery* stel Heher AR (p. 356) dit soos volg: “[I]t is notorious that the production of dictionaries lags the use of words included in them.” Rubin (2010:197) val hierby in en waarsku dat ouer woordeboeke tot groter interpretasieprobleme kan lei, veral wanneer jonger juriste ouer woordeboeke raadpleeg en onkundig is omtrent die betekenisveranderinge wat sedertdien ingetree het. So gebeur dit baiekeer dat soortgelyke woordeboeke en dikwels verskillende uitgawes van dieselfde woordeboek in een saak aangewend word.¹⁹

Wat ek interessant vind, is dat die *Dictionary of South African English*, wat in die laat 1970’s verskyn het, en die *South African Concise Oxford Dictionary*, wat eersgenoemde in 2003 vervang het, altesaam slegs 4 keer in die 150 uitsprake gebruik is. Woorde word meer gereeld in Amerikaanse woordeboeke opgesoek (*Webster’s, Funk and Wagnall, American Heritage*) as in Suid-Afrikaanse Engelse woordeboeke. Daar is ook geen verwysing na enige Australiese woordeboeke soos die *Macquarie* nie, hoewel laasgenoemde die gewildste woordeboek in Australiese howe is (Gray, 2013). Ek vermoed die Amerikaanse woordeboeke se gewildheid kan aan verskillende faktore toegeskryf word, onder meer die feit dat Amerikaanse howe gereeld van byvoorbeeld Webster se *Third International Dictionary* gebruik maak, dikwels saam met *Black’s Law Dictionary*. Webster en *Funk and Wagnall* se woordeboeke was boonop reeds in omloop nog voordat Suid-Afrikaanse Engelse woordeboeke verskyn het. Dus kon die aanvanklike gebruik van hierdie woordeboeke maklik die norm word en sodoende ’n presedent skep vir latere gebruik. Ek wonder hoe bekend die Suid-Afrikaanse publiek met *Webster* en *Funk and Wagnall* se woordeboeke is; dié

¹⁸ ’n Mens kan sekerlik argumenteer dat intertemporele reg die gebruik van ouer woordeboeke regverdig. Die gebruik van ouer woordeboeke by die uitleg van ouer wette kán sinvol wees. Sien byvoorbeeld *Online Lottery* (355-357). ’n Hof sal nog steeds moet motiveer waarom ’n bepaalde uitgawe geselekteer is. Dit hang ook af watter uitlegteorie deur die betrokke hof voorgestaan word. Die sinvolle gebruik van ouer woordeboeke kan uitdagend wees. Ek verwys egter nie hier na die intertemporele reg nie. Om verouderde woordeboeke in die uitleg van meer onlangse wette te gebruik, kan problematies wees, omdat woorde se betekenis oor tyd kan verander. Sien ook Thumma en Kirchmeier (1999:299).

¹⁹ In onder meer die volgende sake word die WAT en *Die Afrikaanse Woordeboek* (verskillende uitgawes van dieselfde woordeboek) byvoorbeeld gelyktydig gebruik: *Brink v Alfred McAlpine & Son (Pty) Ltd, Greyling NO v Greyling NO en Andere, S v Crawford and Another, Utopia Vakansie-oorde Bpk v Du Plessis, Von Wielligh*.

woordeboeke kom nie juis op ons winkelrakke voor nie en aanlyn boekwinkels bestel hierdie boeke teen ongelooflik hoë pryse (wat moontlik iets verklap omtrent die algemene beskikbaarheid en bekendheid van die betrokke woordeboeke). Verder nog is die gebruik van buitelandse woordeboeke, soos *Webster*, wat vir 'n Amerikaanse teikenmark bedoel word, problematies in die sin dat dié woordeboek uiteraard nie verskynsels in Suid-Afrikaanse Engels akkommodeer nie. Hierdie problematiek word onder meer aangeraak in *Jowells Transport v South African Road Transportation Services* (p. 257) en *Association of Amusement* (p. 638). Tipiese (Engelse) woordeboeke wat in Suid-Afrika uitgegee word, ontbreek uit die beskikbare voorraad woordeboeke wat deur Suid-Afrikaanse howe gebruik word.

Hoewel die meeste regters oor die algemeen van verklarende woordeboeke gebruik gemaak het, is daar wel 'n aantal woordeboeke wat waarskynlik nie geskik is vir die naslaan van woorde in 'n appèlsaak nie. Die gebruik van 'n sakwoordeboek²⁰ of Reader's Digest se *Family Word Finder*²¹ kan sterk bevraagteken word. Dieselfde geld die *Oxford Advanced Learners' Dictionary of Current English* of die *Oxford Illustrated Dictionary*.²² Wanneer die *Compact Oxford Dictionary* met die *Concise Oxford Dictionary* vergelyk word, vind 'n mens dat die *Compact* meer beknopt is as die *Concise*. Die *Compact* is boonop afgestem op hoërskoolleerders. Die *Little Oxford Dictionary* is nog kleiner as die *Compact*. Het dié soort woordeboeke 'n plek in 'n hof, veral as dit die enigste woordeboek is wat geraadpleeg word?

Wanneer 'n persoon die taak opgelê word om 'n woord se betekenis na te gaan en te bevestig, kan daardie persoon dit onmoontlik in 'n beperkte woordeboek vind. 'n Skool- of sakwoordeboek is sekerlik nie geskik nie, al is dit 'n verklarende woordeboek. Kleiner en beknopter woordeboeke het eenvoudig nie die ruimte vir omvattender omskrywings en gebruiksvoorbeelde nie. Woordeboeke wat op skoolkinders en aanleerders van vreemde tale afgestem is, spreek tog ander behoeftes aan as om 'n bepaalde woord in meer besonderhede te definieer. Net so sal 'n mens nooit van 'n hof verwag om Pansegrouw se blokraaiwoordeboek nader te trek om problematiese woorde mee te verklaar nie. In die 150 hofuitsprake het Suid-Afrikaanse regters eenvoudig hul soekresultate in woordeboeke weergegee. Die feit dat hulle nooit aangedui het waarom hulle 'n sekere woordeboek vir hul woordondersoek geselekteer het nie, skep die indruk dat regters nie daarvan bewus is dat elke woordeboek 'n bepaalde

²⁰ *South African Pocket Oxford Dictionary of Current English in Online Lottery*; "lotto".

²¹ *Greyling*; "gelyktydig".

²² *Attorney-General of Natal v Anderson and Another*; "armament".

teikengehoor het en dat die woordeboeke wat hulle gebruik nie altyd vir die tipe woordnavraag geskik is waarmee hulle gekonfronteer word nie. Nie elke woordeboek is geskik vir elke soort woordnavraag nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is *Jonker v Davis* waarin die appèlregter Bosman se *Tweetalige Woordeboek* aangewend het om bepaalde afleidings aangaande die woord “krotte” te maak. 'n Verklarende woordeboek sou 'n verstandiger keuse gewees het.

In vier gevalle het regters na woordeboeke verwys, maar versuim om aan te dui welke woordeboeke ter sprake was. Op die keper beskou is Suid-Afrikaanse voorsittende beamptes effens minder noukeurig as wat ek aanvanklik deur die Jutastat-soektog verstaan het.

Hoewel daar op hierdie stadium van my studie geen voldoende bewyse daarvoor is nie, het dit my wel opgeval dat appèlregters soms 'n hof *a quo* se hantering van woordprobleme kritiseer en die betwiste betekenis opnuut moet verklaar. Soms word daar juis geappelleer omdat een van die partye ongelukkig was met die hof *a quo* se interpretasie van bepaalde woorde, frases of sinne (wat nie noodwendig impliseer dat 'n hof *a quo* 'n woord, frase of sin verkeerd geïnterpreteer het nie). Wat wel seker is, is dat die hof se taak om woorde te interpreteer en die gevolglike afhanklikheid van woordeboeke op 'n veel groter skaal in die laer hof geskied.

'n Laaste opmerking oor die woorde wat deur die hof verklaar word: In talle van die 150 hofuitsprake is die woord wat betwis word eintlik deur 'n hof uitgelê moet word, juis nie die woord wat in 'n woordeboek opgesoek word nie. Woorde wat opgesoek word, hou dikwels met ander, bykomende aspekte verband.²³ Baie van die woorde waarrondom sommige van die hofsake sentreer, word meestal deur verwysing na vorige, soortgelyke hofsake hanteer of die woorde word deur die regter op juridiese wyse verklaar/uiteengesit. Dit gebeur ook dat die betwiste woord wel in woordeboeke nageslaan word, maar dat die voorsittende beampte ook kontekstueel verbandhoudende woorde in woordeboeke nagaan.²⁴ Die naslaan van betrokke woorde tydens hofsake is dus nie so eenvoudig of lukraak nie.

²³ Die volgende is voorbeelde van hofsake waar die betwiste woord nie nageslaan is nie, maar wel die bykomende woorde: In *Bata Ltd v Face Fashions CC and Another* staan die woorde/handelsmerke POWER en POWERHOUSE sentraal, maar die woord “similar” is opgesoek; in *Minister of the Interior v Machadodorp Investments (Pty) Ltd and Another* staan die woord “asiatic” sentraal, maar die woorde “race”, “tribe” en “Turk” is opgesoek; in *S v Weinberg* staan die frase “social gathering” sentraal, maar die woorde “optog”, “toeloop”, “concourse”, “intercourse” en “procession” is opgesoek; in *Shillings* staan die woord “company” sentraal, maar die woorde “associate”, “corporation”, “corporate body”, “society” en “vereniging” is opgesoek.

²⁴ Die volgende is voorbeelde van hofsake waar die betwiste woord wel nageslaan is, saam met ander woorde wat die voorsittende beampte en regsvertegenwoordigers relevant gevind het: In *Cape Town Municipality v*

3.7.7 Kritiek teen die gebruik van woordeboeke

Volgens my lê een van die grootste redes vir kritiek by die feit dat daar nie genoeg mense in Suid-Afrika is wat die feilbaarheid van woordeboeke beredeneer nie. (Sien ook *Harvard Law Review*, 1994:1445). Vanuit 'n praktiese oogpunt is daar uiteraard verskeie redes waarom woordeboeke problematies kan wees.

Die problematiek ontstaan onder meer daarin dat woordeboeke beperkend is (en die beperkinge word nie in alle gevalle amptelik erken nie) (Rubin, 2010:170). Dit is nie die doel van 'n woordeboek om alle woorde en frases te omskryf nie. Dit is 'n onmoontlike en onredelike taak, selfs wat vakwoordeboeke of terminologiewoordelyste betref. Boonop is dit nie vir 'n leksikograaf moontlik om 'n totaal volledige woordeboek te produseer nie. Eksteen (1962:43, 49) deel vroeg reeds dieselfde sentiment, en Jackendoff (1995:133 en verder) dui aan dat die leksikon altyd tot sy eie grense beperk sal wees en nooit al die fasette van taal sal kan opneem nie. Die beperktheid verwys uiteraard gelyktydig na die lengte van 'n woordeboek. Hoe kleiner die woordeboek, hoe minder inskrywings sal daar wees (Rubin, 2010:185). Beknopte woordeboeke moet dus nie die eerste of enigste woordeboek wees wat 'n regter of landdros raadpleeg nie. Dat woordeboeke beperk is, vorm gelukkig deel van talle Suid-Afrikaanse regslui se verwysingsraamwerk; sien byvoorbeeld voetnote 13 en 17 in hierdie verband.

Die beperktheid en onvolledigheid van woordeboeke sou ook die gesag van 'n woordeboek kon aantas. Odendal (1991:185, 193) voer aan dat gebruikers van woordeboeke graag 'n gesaghebbende uitspraak wil hê wanneer hulle 'n woordeboek raadpleeg, en dat dit veral die taalkundige gesag is wat moet uitstaan. Maar soos Hulbert (1960:11) dit stel: “The authority of dictionaries is only that of the men who made them”. Hoewel verskeie woordeboeke in verskillende tale reeds oor die jare 'n reputasie van gesag opgebou het, kan 'n mens die gesag uitdaag en bevraagteken.

Na aanleiding van die Jutastat-soektog is dit duidelik dat Suid-Afrikaanse regters 'n voorkeur vir bepaalde woordeboeke het. Sommige van die woordeboeke (veral die Afrikaanse bronne) is bekende (en selfs gerespekteerde) tekste binne die Suid-Afrikaanse milieu, terwyl ander

Frerich Holdings (Pty) Ltd staan die woord “cessation” sentraal, maar die woorde “motor garage”, “service station”, “purpose”, “manner” en “discontinuation” is bykomend opgesoek; in *Collop* staan die woord “foetus” sentraal, maar die woorde “pregnancy”, “embryo” en “vrug” is bykomend opgesoek; in *Crawford* staan die woorde “dealing in” sentraal, maar die woorde “importation” en “cultivation” is bykomend opgesoek; in *S v Twin Springs (Pty) Ltd and Another* staan die woord “quarry” sentraal, maar die woorde “steengroef”, “stone”, “rock”, en “coal” is bykomend opgesoek.

woordeboeke minder bekend onder die publiek sal wees. Maar hoe bepaal 'n hof watter woordeboeke is voldoende vir gebruik (*Harvard Law Review*, 1994:1445)? Watter kriteria word hier gebruik as maatstaaf? Woordeboeke word soms op 'n lukrake manier geselekteer (vgl. Thumma en Kirchmeier, 1999:246, 267). Die status en aard van die woordeboek word nie bevraagteken of beredeneer nie (Rubin, 2010:169-170; Weinstein, 2005:656, 657). In geen van die 150 hofsake dui die voorsittende beampte aan waarom hy 'n sekere woordeboek gebruik het nie.

Woordeboeke se omskrywing van 'n woord stem ook nie altyd ooreen nie, definisies is soms obskuur, onduidelik en kan nie die betekenis van 'n woord in 'n bepaalde (regs)konteks help aandui nie (Goddard, 1996:251, 252-253; Aprill, 1998:297).²⁵ In *Jowells Transport* (p. 257) dui Levy R aan dat verklarende woordeboeke gewoonlik nie omgangstaal weergee nie ('n soortgelyke kwessie doen hom in *Von Wielligh* voor, p. 721-722, 723-724, 730). Hy sluit by Kotzé AR aan wanneer hy sê dat 'n kollokasie soos "stock meal" ("veemeel") nie in buitelandse woordeboeke te vinde is nie, omdat dit 'n woord is wat plaaslik gebruik en verstaan word (p. 257). In hierdie saak het woordeboeke slegs tot die verwarring bygedra.²⁶

In sommige sake word party woordeboeke se gebrek om betekenisvoorrang aan te dui, uitgelig.²⁷ Woordeboeke dui dikwels meerduidigheid aan, maar watter van die onderskeie betekenisse moet voorrang geniet? Somtyds word regslui gekonfronteer met woorde wat juis nie deur woordeboeke of vorige sake opgelos kan word nie en waartoe die konteks nie sekerheid verleen nie, maar eerder bydra tot die verwarring rondom die betrokke woord, frase of sin.²⁸

Dan is daar die kwessie van konteks. Woordeboeke is berug daarvoor dat hulle akontekstueel is, veral met betrekking tot regskonteks; woorde staan immers nie in isolasie nie (Rubin, 2010:188, 190; *Harvard Law Review*, 1994:1449; Bailey, 1984:61; Weinstein, 2005:656,

²⁵ Sien in hierdie geval ook Fillmore en Atkins (2000) se studie waarin hulle 'n spesifieke lemma in vier verskillende woordeboeke met mekaar vergelyk.

²⁶ 'n Soektog na die woorde *stock meal* op die aanlyn woordeboeke van Chambers, Cambridge, Merriam-Webster en Oxford lewer in 2014 nog steeds niks op nie. Die aanlyn weergawe van die plaaslike Pharos-woordeboeke lys ook nie *stock meal* nie (maar wel *fish meal*).

²⁷ *De Beers Industrial* (p. 192), *Fundstrust* (p. 717), *Collop* (p. 161).

²⁸ Sien in hierdie geval die volgende sake waar die nuttelosheid van woordeboeke en die noodsaaklikheid van die groter konteks belig word: *Du Toit v Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en 'n Ander* (p. 104), *Dulabh* (p. 1122), *Incorporated General Insurances Ltd v Reinecke* (p. 599), *Jowells Transport* (p. 257), *National Director of Public Prosecutions v Zuma* (p. 386), *Collop* (p. 161), *S v Makhubela* (p. 211), *S v Ntimbane* (p. 305-306), *Seven Eleven Corporation of SA (Pty) Ltd v Cancun Trading No 150 CC* (p. 195-196), *Shell's Annandale Farm (Pty) Ltd v Commissioner, South African Revenue Service* (p. 572-573), *Stellenbosch Wine Trust Ltd and Another v Oude Meester Group Ltd* (p. 731), *Waymark* (p. 129).

663; Mouritsen, 2010:1924). Selfs al bevat 'n woordeboek soos die WAT etikette wat aandui of 'n woord juridies van aard is, kan geen leksikograaf voorspel hoe 'n gewone woord in 'n regs konteks gebruik gaan word nie. Buitendien, sodra 'n gewone woord geëtiketteer word as “juridies” (byvoorbeeld *estoppel* en *interdik*), is die woord nie meer gewoon nie, maar 'n vakterm en sit 'n hof waarskynlik nie met 'n woordprobleem nie. Dit is in die meeste gevalle nie die doel nie, net soos dit nie die aanvanklike bedoeling van 'n woordeboek is om akkurate woordgebruik te bepaal of voor te skryf nie (Mouritsen, 2010:1945). Die betwiste woord moet sonder twyfel in die relevante statuut nagegaan word en daardie omskrywings in die statuut moet teen die argumente rakende die betrokke woord gemeet word (Thumma en Kirchmeier, 1999:266).

Cunningham et al (1994: 1563) verwys na woordeboeke as 'n “crude and frequently unreliable aid” in vergelyking met 'n opgeleide taalkundige. Die gevaar bestaan dat voorsittende beamptes woordeboeke misbruik om tot 'n bepaalde beslissing te kom (Solan, 1993; Aprill, 1998; Hobbs, 2011; *Harvard Law Review*, 1994). Die *Harvard Law Review* (1994:1446) suggereer dat woordeboeke baie maal subjektief gebruik word en sodoende die voorsittende beampte se reeds gevormde opinies onderskraag, 'n gedagte wat deur Solan, Hobbs en Aprill gedeel word. Mouritsen (2010:1924) maak selfs 'n saak daarvoor uit dat woordeboeke vir “persuasive ends” aangewend word: “[...] because multiple dictionaries define a term in a given way, a particular definition might somehow be controlling in a given case”. Deur uitgangspunte slegs op woordeboeke te staaf, sou 'n ongunstige en onbetroubare wyse wees waarop bepaalde taalkwessies, soos die problematiek rondom woorde en frases, hanteer word. Devenish (1996) se argument word ooglopend hier geëggo: die feit dat woorde nie beperk kan word tot een enkele, letterlike betekenis nie, problematiseer die interpretasie van woorde, frases en sinne tydens 'n regsgeding in 'n hof. Woordeboeke kan nooit volledig behulpsaam wees nie (Rubin, 2010:189). Aprill (1998:292) sluit hierby aan en meen dat woordeboeke nóg gewone betekenis weergee, nóg gesaghebbend of volledig kan wees. Dit is ook selde presies (Solan, 1993b:53).

Woordeboeke (meestal papierkopieë) dateer boonop baie vinnig. Daarom is dit baie belangrik dat gebruikers nie van ou bronne gebruik maak wanneer hulle aktuele probleme probeer oplos nie (Aprill, 1998:288; Rubin, 2010:186 e.v.). Gebruikers moet sensitief wees vir die mees onlangse weergawe/druk (Thumma en Kirchmeier, 1999:272).

Voorsittende beamptes moet daarvan seker wees of hulle met 'n regstegniese of 'n gewone woord te doen het en die korrekte woordeboek dienooreenkomstig raadpleeg. Soms gebruik juriste gewone verklarende woordeboeke om terme mee op te soek en tegniese woordeboeke om gewone woorde na te slaan (Aprill, 1998:300 e.v.). Dit kom voor of voorsittende beamptes by tye self nie seker is watter probleemwoorde tegnies en watter gewoon is nie. Sommige vakterme kom partykeer gewoon voor en somtyds is dit werklik moeilik om te bepaal wanneer 'n gewone woord as vakterm gebruik word (Thumma en Kirchmeier, 1999:268). Soos vroeër reeds uitgewys, word die woord “persoon” byvoorbeeld anders deur die wetgewer beskou as deur Jan Publiek en kan, afhangende van die konteks, moeilik wees om te verklaar. Verbandhoudend hiermee is die kwessie omtrent watter van die betwiste woorde addisionele definiëring benodig en watter nie (Thumma en Kirchmeier, 1999:264). Dit op sigself is 'n taamlik uitdagende taak, maar verseker 'n baie belangrike een, want nie alle woorde hoef deur 'n hof gedefinieer te word nie.

Diegene wat inligting in 'n woordeboek naslaan, weet dikwels nie hoe om 'n woordeboek te gebruik nie en lees meestal nooit die gebruiksaanwysings voor in 'n woordeboek nie (Bosman, 2013).²⁹ Dat gebruikers nie altyd weet hoe 'n woordeboek saamgestel is nie en ook nie kennis neem van die organisasie in 'n woordeboek nie, gee dikwels aanleiding tot die foutiewe gebruik van 'n woordeboek.

Thumma en Kirchmeier (1999:291) voer aan dat woordeboeke by tye 'n direkte invloed op 'n hof se finale beslissing uitoefen, terwyl daar geen betroubare riglyne vir die gebruik van woordeboeke bestaan nie. Dit is kommerwekkend dat oënskynlik lukrake keuses belangrike besluite so direk kan beïnvloed. Derhalwe is vaste en duidelike riglyne betreffende die soort woordeboeke en die wyse waarop dié geselekteerde woordeboeke aangewend moet word, van kardinale belang. Daar is reeds na verskillende ikoniese hofsake in Suid-Afrika verwys waarin beperkte riglyne vir woordeboekgebruik wel voorsien word. Maar hierdie reëls bly vaag. In die Jutastat-soektog het ek gesien dat regters soms selektief na die vermelde hofsake verwys en gereeld die waarskuwings daarin vervat (dat die woordeboekdefinisie byvoorbeeld saam met die groter konteks bestudeer moet word), ignoreer. Dit is juis hiër waar die Interpretasiewet 'n ernstige leemte het. As alle juriste gebind word aan een voorgeskrewe

²⁹ Prinsloo (2013:376) vermeld dat dit 'n algemene verskynsel onder woordeboekgebruikers blyk te wees; in Bosman (2013) se studie het nie een van die deelnemers die gebruiksaanwysings gelees nie. Sien verder Svensén (1993:16) se bespreking van Hartmann en Béjoint en sien Jackson (2002:76-77) en Mouritsen (2010:1929).

werkswyse betreffende die aanwending van woordeboeke, behoort talle onsekerhede en potensiele probleme ondervang te word.

’n Ander oplossing is die verkenning van alternatiewe vir die gebruik van woordeboeke.

3.7.8 Alternatief vir die gebruik van woordeboeke

Dit is nie die uitgangspunt van die onderhawige studie dat die gebruik van woordeboeke, of die navolging van die regstradisie in Suid-Afrika, verkeerde of uitgediende praktyk is wat vervang moet word nie. Elkeen van hierdie maniere waarop ’n hof woordprobleme probeer hanteer, is sinvol en dra die nodige meriete (hoewel daar ook talle gebreke is). Daar word egter geargumenteer vir die toelating en verkenning van alternatiewe maniere waarop leksikale probleme in ’n hof benader en opgelos kan word.

Twee alternatiewe benaderings is reeds deur Amerikaanse linguïste voorgestel, naamlik die studie van prototipes (Solan, 1995 en 2012), en ’n korpusstudie (Mouritsen, 2010; vgl. ook Langford, 2000). ’n Korpusstudie sou ’n ideale oplossing kon wees vir die nagaan van woordgebruik, aangesien korpusse sowel woorde weerspieël wat in woordeboeke te vinde is as woorde (en woordkombinasies) wat hoofsaaklik in die volksmond voorkom. ’n Korpussoektog sal ’n baie getrouer aanduiding kan gee van kollokasies en semantiese woordverhoudinge. ’n Saak soos *Jowells Transport* sou vinniger opgelos kon word as die kollokasie “stock meal” in beskikbare korpusse opgesoek kon word, in plaas daarvan om op niksseggende woordeboeke te probeer steun. Dieselfde geld sake waar frases geïnterpreteer moet word, soos *Stellenbosch Farmers' Winery Ltd v Distillers Corporation (SA) Ltd and Another* waarin die volledige frase “financial interest in a business” in korpusse nagegaan sou kon word. Tans word ’n frase in afsonderlike woorde (“financial”, “interest” en “business”) opgedeel en elkeen apart in ’n woordeboek nageslaan, daarna word daardie onderskeie betekenis dan weer bymekaar gevoeg. Dit spreek vanself dat laasgenoemde benadering probleme kan skep. ’n Korpusstudie bied ook beter insig in konteks, iets wat woordeboeke selde met betrekking tot hofsake kan doen. Hoewel woordeboeke onder meer kollokasies, frases en omgangstaal bevat en gereeld met die hulp van korpora saamgestel word, is woordeboeke tot ’n aantal bladsye beperk. Aanlyn woordeboeke is nie noodwendig (soveel) groter as die gedrukte weergawe nie. Party beskikbare korpora is reusagtig, wat die kanse

aansienlik vergroot om sekere (unieke) woord- of frasegebruike en woordverhoudings te vind en te bestudeer.³⁰

Dit is belangrik dat die korpussoektog deur 'n kundige persoon gelei word (oftewel deur 'n persoon wat die nodige opleiding ontvang het). Mouritsen (2010: 1946-1948) verwys na 'n baanbrekersoomblik waartydens die Amerikaanse hooggeregshof 'n korpussoektog gedoen het. Die hof het 'n soektog op die *New York Times* se argiefdatabasis gedoen waardeur regter Breyer probeer vasstel het of die frase “carries a firearm” op motorvoertuie van toepassing is. Met ander woorde, kan 'n persoon 'n vuurwapen by hom “dra” as die vuurwapen in sy kar lê? Volgens die korpussoektog is die antwoord ja. Maar regter Breyer het 'n fout begaan; hy het die soekterme “carry”, “weapon” en “vehicle” in dieselfde soektog gebruik (Mouritsen, 2010:1948). Klaarblyklik sou regter Breyer presies kry waarna hy soek. As hy die terme “carry” en “firearm” opgesoek het, sou hy heel waarskynlik ander resultate gevind het en beter kon bepaal of dit algemeen is om 'n vuurwapen in jou kar te “dra” of te “vervoer”.

Hoewel korpusstudies myns insien moontlik een van die beste alternatiewe vir woordeboeke is, staan 'n mens voor die uitdaging van beskikbare korpusse, veral in Suid-Afrika waar taalspesifieke korpusse uiters skaars en of klein is en ook nie oral vrylik toeganklik is nie.

Omdat die sukses van korpusondersoeke reeds deur 'n aantal forensiese taalwetenskaplikes bewys is, stel ek my visier liever op Solan se voorstel. Solan (1995:1069) is van mening dat 'n studie van prototipes (oftewel kategorisering) tot 'n enger (getrouer) interpretasie van woorde kan lei. Prototipes hou boonop getrouer verband met die werklike manier waarop mense die betekenis van woorde (en ook regs-konsepte) verstaan:

Because the prototype approach to word meaning more closely approximates our actual knowledge of words, and because it ordinarily permits acknowledgement of gradations of meaning that we all, including judges, experience, I believe that courts should more consciously examine disputed terms in this way (Solan, 1995:1079).

Die studie van prototipes, wat aanvanklik deur Elanor Rosch gelei is, het gedeeltelik tot Charles Fillmore se idees rondom *frames* aanleiding gegee. Die sentrale idee betreffende *frames* is dat mense inligting in terme van konsepnetwerke prosesseer. Ons verstaan nie

³⁰ Fillmore en Atkins (2000) bestudeer die polisemiese woord *crawl* deur 'n aantal woordeboekinskrywings te vergelyk met die trefresultate van 'n korpussoektog. Hulle het bevind dat die korpussoektog ekstra betekenisonderskeidings van *crawl* weergegee het wat glad nie in enige van die bestudeerde woordeboeke opgeteken is nie. Hoewel die betrokke woordeboeke self deur middel van korpora saamgestel is, is keuses ten opsigte van lemmatisering uitgeoefen. Fillmore en Atkins se studie bevestig weer eens dat woordeboeke beperk is en dat korpora partykeer meer omtrent woordgebruik weergee.

individuele woorde bloot omdat ons die onderskeie definisies daarvoor ken nie, maar omdat individuele woorde konseptueel met groter netwerke verband hou. Binne hierdie netwerke organiseer sprekers inligting deur kategorieë te skep en telkens woorde as verteenwoordigend van beste voorbeelde te identifiseer.

Die meeste woordeboeke is só gestruktureer dat woorde nie konseptueel by mekaar aansluit nie; daar word van 'n woord na 'n betekenis gewerk en nie anders om nie. Met die uitsondering van tesourusse kan 'n mens nie uit woordeboeke aflei hoe verskillende woorde met mekaar verband hou nie. 'n Moontlike alternatief vir die alleengebruik van woordeboeke is 'n konseptuele benadering tot die uitlê van woorde. Derhalwe neem die onderhawige studie Solan se voorstel as vertrekpunt vir die soeke na 'n alternatiewe werkswyse wat as bykomende hulpbron sou kon dien.

'n Potensiële ontledingsmetode kom in Hoofstuk 4 aan bod. Dié model het ten doel om apart van of saam met woordeboeke gebruik te word ten einde woorde uit te lê.

3.8 Opsomming

Hoofstuk 3 het 'n oorsig gegee van die teorieë wat tydens die regsproses toegepas word waarvolgens 'n hof woorde, frases en sinne interpreteer. Die vernaamste benadering in Suid-Afrika blyk 'n kombinasie van die tekstualisme en die bedoelingsteorie te wees. Al twee teorieë plaas die belangrikheid van taal en die sogenaamde gewone betekenis van woorde sentraal, hoewel die breër konteks ook binne berekening gebring behoort te word. Tradisioneel maak houe van sowel vorige hofsake as woordeboeke gebruik om die betekenis van woorde te bepaal.

Hoewel woordeboeke hulpvaardige bronne is, kan die gebruik van woordeboeke ook tot talle probleme lei. Om woordeboeke se sterk- en swakpunte en die implikasies daarvan vir 'n hof te verstaan, gee Hoofstuk 3 'n oorsig van die aard en samestelling van woordeboeke. Die gebruik van woordeboeke in 'n hof, die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot woordeboekgebruik en kritiek teen die gebruik van woordeboeke, word verder belig.

Woordeboeke moet verkieslik vir 'n oriëntering of as 'n wegspringplek ingespan word, terwyl alternatiewe maniere vir die ontsyfering van betekenis deur houe oorweeg moet word, soos 'n konseptuele benadering tot betekenisuitleg.

ADDENDA

Addendum 3A: Woordeboekgebruik in Suid-Afrikaanse howe, 1947-2012 (N = 150)

Saaknaam (chronologies)	Woorde nageslaan
Johannesburg Consolidated Investments Co v LK Investments and Others 1947 (2) SA 465 (W)	boarding house; opened
Hleka v Johannesburg City Council 1949 (1) SA 842 (A)	accommodation; huisvesting; lodging
City Deep Limited v Silicosis Board 1950 (1) SA 696 (A)	throughout; leave granted
Jonker v Davis 1953 (2) SA 726 (GW)	krot
Royal Salt Pans v Laubscher and Another 1953 (4) SA 398 (A)	perseel; premises
South African Railways & Harbours v Huddy Diamond Crown Setting Co (Pty) Ltd 1953 (4) SA 467 (A)	bort; precious stones; jewel/jewellery
Minister of the Interior v Machadodorp Investments (Pty) Ltd and Another 1957 (2) SA 395 (A)	race; tribe; Turk
R v Resito Dairy (Pty) Ltd and Another 1957 (4) SA 378 (A)	adapting; bewerking
Consolidated Diamond Mines of South West Africa Ltd v Administrator, SWA and Another 1958 (4) SA 572 (A)	coast line; coast; sea coast; sea-shore
Administrateur, Transvaal v Carletonville Estates Ltd 1959 (3) SA 150	beampte
Kommissaris van Doeane en Aksyns v Mincer Motors Bpk 1959 (1) SA 114 (A)	motor car; assemble
Standard General Insurance Co Ltd v Croucamp 1959 (3) SA 162 (A)	motorfietsryery; ry; -ery; deelneem/deelnemer/deelneming;
Nasionale Behuisingskommissie v Swaziland Trustees and Executors Ltd en Andere 1962 (3) SA 816 (T)	verband; bond; hipoteek; mortgage
Stellenbosch Farmers' Winery Ltd v Distillers Corporation (SA) Ltd and Another 1962 (1) SA 458 (A)	financial interest in a business; financial interest; interest; financial
Breedt v Elsie Motors (Edms) Bpk 1963 (3) SA 525 (A)	vals; bedrieglik

Rondalia Versekeringskorporasie van Suid-Afrika Bpk v Lemmer 1966 (2) SA 245 (A)	uiteengesit; vorm
Verhoog v Secretary for the Interior 1967 (3) SA 350 (C)	klaarblyklik; obviously
S v Rooyen 1968 (1) 641 (T)	dryf
Secretary for Inland Revenue v Somers Vine 1968 (2) SA 138 (A)	office; officer; employment; dienskontrak; beampte
De Wet, NO v Jurgens 1970 (3) SA 38 (A)	persoonlike letsel; letsel
Brink v Alfred McAlpine & Son (Pty) Ltd 1971 (3) SA 741 (A)	on (<i>aan</i>); labour; bestee
Swart v Smuts 1971 (1) SA 819 (A)	dispose of; disposition
Gentiruco AG v Firestone SA (Pty) Ltd 1972 (1) SA 589 (A)	any; oil; consistency; describe; ought
S v Mandela 1972 (3) SA 231 (A)	visitor; besoek; receive
S v Nduneni 1972 (3) SA 799 (C)	geweld; violence; wapen
Transvaal Consolidated Land and Exploration Co Ltd v Johannesburg City Council 1972 (1) SA 88 (W)	approve
Botha en 'n Ander v Marais 1974 (1) SA 44 (A)	smous; heilig
Mphosi v Central Board for Co-Operative Insurance Ltd 1974 (4) SA 633 (A)	genoegdoening; skadevergoeding
Stellenbosch Wine Trust Ltd and Another v Oude Meester Group Ltd 1974 (1) SA 729 (A)	inferior; selected
Utopia Vakansie-oorde Bpk v Du Plessis 1974 (3) SA 148 (A)	agterstallig; belange; raak; tref
A to Z Bazaars (Pty) Ltd v Minister of Agriculture 1975 (3) SA 468 (A)	deliver; delivery
Ex Parte Minister van Justisie: In Re S v Concalves 1976 (3) SA 629 (A)	toestel; instrument; biljart; spykertafel/pinball machine
Incorporated General Insurances Ltd v Reinecke 1976 (1) SA 591 (A)	member of household; household; domestic establishment; hold
S v Jeffers 1976 (2) SA 636 (A)	intefere; belemmer
S v Mukunga and Others 1976 (3) SA 193 (N) (deur die hof verkeerd gespel: moet <i>Makunga</i> wees)	machine gun; inferior; automatic rifle

S v Wood 1976 (1) SA 703 (A)	gathering; byeenkoms; any/enige
Secretary for Inland Revenue v Charkey Properties (Pty) Ltd 1976 (4) SA 872 (A)	building; article
S v Makunga and Others 1977 (1) SA 685 (A)	machine gun
Greyling NO v Greyling NO en Andere 1978 (2) SA 114 (T)	gelyktydig
National Screenprint (Pty) Ltd v Minister of Finance 1978 (3) SA 501 C	transfer; decalcomania
S v Moroney 1978 (4) SA 389 (A)	sufficient proof; afdoende bewys
S v Crawford and Another 1979 (2) SA 48 (A)	importation; cultivate; invoer; deal in; inbring
S v Kohler 1979 (1) SA 861 (T)	pluimvee; enige ander voël
S v N 1979 (4) SA 632 (O)	swaksinnige; idioot; imbecile
S v Weinberg 1979 (3) SA 89 (A)	gathering; optog; toeloop; byeenkoms; concourse; procession; intercourse; social
Association of Amusement and Novelty Machine Operators and Another v Minister of Justice and Another 1980 (2) SA 636 (A)	pin-tabel; spykertafel; presume; specify; kind; gebruik
De Beers Industrial Diamond Division (Pty) Ltd v Ishizuka 1980 (2) SA 191 (T)	regulating
Warren Marine (Pty) Ltd v Secretary for Customs and Excise 1980 (4) SA 345 C	coasting ship; coaster
Cape Town Municipality v Frerich Holdings (Pty) Ltd 1981 (3) SA 1200 (A)	cessation; discontinuation; motor garage; service station; purpose; manner
Nel en 'n Ander v Reinecke en Andere 1981 (3) SA 1118 (T)	behoorlik; getuie
Roodepoort City Council v Shepherd 1981 (2) SA 720 (A)	staff; beginsel
S v Collop 1981 (1) SA 150 (A)	foetus; pregnancy; embryo; vrug
S v Makhubela 1981 (4) SA 210 (B)	driving
S v Twin Springs (Pty) Ltd and Another 1981 (1) SA 562 (N)	quarry; steengroef; stone; rock; coal
Department of Customs and Excise v Maybaker (SA)	retail

(Pty) Ltd 1982 (3) SA 809 (A)	
Von Wielligh v Mimosa Inn (Pty) Ltd 1982 (1) SA 717 (A)	hotel; hostel; inn; klub
Nasionale Vervoerkommissie van Suid-Afrika v Salz Gossow Transport (Edms) Bpk 1983 (4) SA 344 (A)	beslissing; beslis; bediening; dien; opdrag
Blue Circle Cement Ltd v Commissioner for Inland Revenue 1984 (2) SA 764 (A)	plant
Loryan (Pty) Ltd v Solarsh Tea and Coffee (Pty) Ltd 1984 (3) SA 834 (W)	deliver
Breytenbach v Stewart 1985 (1) SA 167 (T)	eerste opsie
Reynolds Brothers Ltd v Chairman, Local Road Transportation Board, Johannesburg, and Another 1985 (2) SA 790 (A)	available; within reach
Gulyas v Minister of Law and Order 1986 (3) SA 934 (C)	presence
Jowells Transport v South African Road Transportation Services 1986 (2) SA 252 (SWA)	stock meal
Mediterranean Shipping Co v Speedwell Shipping Co Ltd and Another 1986 (4) SA 329 (D)	cause; without reasonable and probable cause; gegrond
S v Mafunisa 1986 (3) SA 495 (V)	witch; wizard; towenaar; heks
Commissioner for Inland Revenue v Dunlop South Africa Ltd 1987 (2) SA 878 (A)	bladders; tool; repair; maintenance; machine tool
Egan v Minister of Defence 1987 (2) SA 264 (NC)	use; gebruik
Marais v Naude en Andere; Marais NO v Naude en Andere NNO 1987 (3) SA 739 (A)	aanvulling; aanvul; assumpsie; koöpteer
S v Moloi and Another 1987 (1) SA 196 (A)	direction; guidance; on behalf of; ten bate van; voorskrif; behalv
S v Nel 1987 (4) SA 950 (W)	strafbaar; punishable
Workmen's Compensation Commissioner v Crawford and Another 1987 (1) SA 296 (A)	constant; intermittent
Mathebe v Regering van die Republiek van Suid-Afrika en Andere 1988 (3) SA 667 (A)	volksverband; nasie; stam; gemeenskap; aangepas; wysig; volk
Shillings CC v Cronje and Others 1988 (2) SA 402 (A)	associate; association; corporation; corporated body; vereniging; body; society

SJ & M M Hilcove (Pty) Ltd t/a Kentucky Fried Chicken and Another v Pietermaritzburg City Council 1988 (3) SA 319 (A)	close; street; appurtenance; the public; alter
Amcoal Colliers Ltd v Truter 1990 (1) SA 1 (A)	bediening; bedien
Bray v Protea Assurance Co Ltd 1990 (1) SA 776 (T)	leave; on leave; authorised leave; leave of absence; verlof; uniform
Public Carriers Association and Others v Toll Road Concessionaries (Pty) Ltd and Others 1990 (1) SA 925 (A)	alternative; road; route; levy; determined; fixed
S v Malindi and Others 1990 (1) SA 962 (A)	unable; onbekwaam
S v Mawelele 1990 (2) SA 8 (T)	ontvang
S v Mayekiso 1990 (2) SACR 38 (NC)	opberg; store
S v Ntimbane 1990 (2) SACR 302 (N)	vermin
Sentraboer Koöperatief Bpk v Boshoff en 'n Ander 1990 (4) SA 687 (T)	diens
Staatspresident en 'n Ander v Lefuo 1990 (2) SA 679 (A)	volk; nasie
Attorney-General, Transvaal v Kader 1991 (2) SACR 669 (A)	just excuse
S v Maqholo 1991 (1) SACR 111 (CK)	desertion; desert
Jacobs en 'n Ander v Waks en Andere 1992 (1) SA 521 (A)	die publiek; inwoners
Johnson v Beckett and Another 1992 (1) SA 762 (A)	depraved
S v Mafu 1992 (2) SACR 494 (A)	terrorist; retribution
Minister van Wet en Orde en Andere v Dipper 1993 (2) SACR 221 (A)	beskuldigde; accused
Crous NO v Utilitas Bellville 1994 (3) SA 720 (C)	verkoopsreg; vervreem
Van Heerden and Another v Joubert NO and Others 1994 (2) SACR 597 (A)	person
Deedat and Others v the Master and Others 1995 (2) SA 377 (A)	by virtue of; settlement; oormak
S v Mhlungu and Others 1995 (2) SACR 277 (CC)	deal with
Waylite Diary CC v First National Bank Ltd 1995 (1) SA 645 (A)	chart; drawing; literary

Case and Another v Minister of Safety and Security and Others; Curtis v Minister of Safety and Security and Others 1996 (3) SA 617 (CC)	manifest
S v C 1996 (2) SACR 503 (T)	erg gestu
Van Vuuren v Esterhuizen NO en 'n Ander 1996 (2) SACR 322 (A)	stafgeding
Dulabh and Another v Department of Land Affairs 1997 94) SA 1108 (LCC)	dispossession; ouster; restitution
Fundstrust (Pty) Ltd (in liquidation) v Van Deventer 1997 (1) SA 710 (A)	contracted; aangegaan
S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg 1997 (2) SACR 540 (CC)	design
S v Palm 1997 (1) SACR 70 (T)	korrupsie
Attorney-General of Natal v Anderson and Another 1998 (1) SACR 61	any; including; armament
Cadbury (Pty) Ltd v Beacon Sweets and Chocolates (Pty) Ltd and Another 1998 (1) SA 59 (T)	liquorice all-sorts; allsorts
Cargo Africa CC v Gilbeys Distillers and Vintners (Pty) Ltd and Another 1998 (4) SA 355 (N)	hijacking; hijack
Commissioner for Customs and Excise v Capital Meats CC (in liquidation) and Another 1999 (1) SA 570 (SCA)	prepare; process; mereley; truffled
S v Blaauw 1999 (2) SACR 295 (W)	substantial; compelling
S v H 1999 (1) SACR 72 (W)	exceptional; special
S v Mohammed 1999 (2) SACR 507 (C)	exceptional (exceptional circumstances)
S v Mokgoje 1999 (1) SACR 233 (NC)	buitengewone omstandighede
S v Steenberg 1999 (1) SACR 594 (N)	kaffir
S v Zitha and Others 1999 (2) SACR 404 (W)	compelling; substantial
Santam Ltd v Gerdes 1999 (1) SA 693 (SCA)	pension
Du Toit v Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en 'n Ander 2000 (2) SA 98 (C)	manage; management; bestuur
In Re Kranspoort Community 2000 (2) SA 124 (LCC)	community; occupation; beneficial; feasibility; feasible
S v Von Schlicht 2000 (1) SACR 558 (C)	deposition

Shell's Annandale Farm (Pty) Ltd v Commissioner, South African Revenue Service 2000 (3) SA 564 (C)	supply
Bata Ltd v Face Fashions CC and Another 2001 (1) SA 844 (SCA)	similar (m.b.t. die handelsmerke POWER en POWERHOUSE)
Monsanto Co v MDB Animal Health (Pty) Ltd (Formerly MD Biologics CC) 2001 (2) SA 887 (SCA)	fatty oils
S v Abrahams and Others 2001 (2) SACR 266 (C)	armament; (petrol bomb)
MV Ais Mamas Seatrans Maritime v Owners, MV Ais Mamas, and Another 2002 (6) SA 150 (C)	exceptional; exception; buitengewoon
Pannar Research Farms (Pty) Ltd and Another v Magome and Another 2002 (5) SA 621 (LCC)	relocate
S v Bresler and Another 2002 (2) SACR 18 (C)	racism; racist
De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrand Local Division, and Others 2003 (2) SACR 445 (CC)	pornography; child pornography; person; depicting
Interlink Postal Courier SA (Pty) Ltd v South African Post Office Ltd 2003 (3) SA 111 (SCA)	deliver; delivery; courier; koerier
Levack and Others v Regional Magistrate, Wynberg, and Another 2003 (1) SACR 187 (SCA)	body, eienskap, onderskei, characteristic, distinguishing, voice
National Director of Public Prosecutions v Prophet 2003 (2) SACR 287 (C)	instrumentality of an offence; concerned
S v Ndaba 2003 (1) SACR 364 (W)	judgement
Waymark and Others v Meeg Bank Ltd 2003 (4) SA 114 (TkH)	replace; mutatis mutandis
Minister of Safety and Security and Another v Xaba 2004 (1) SACR 149 (D)	search
Powell NO and Others v Van der Merwe NO and Others 2005 (1) SACR 317 (SCA)	alleged irregularities
S v Du Toit en Andere (1) 2005 (2) SACR 367 (T)	onderskep; intercept; meeluister; afluister; monitor
Seven Eleven Corporation of SA (Pty) Ltd v Cancun Trading No 150 CC 2005 (5) SA 186 (SCA)	discount; maximum
Media 24 Bpk v Ramsay, Son & Parker (Edms) Bpk 2006 (5) SA 204 (C)	wegbreek; weg (m.b.t. die tydskriftitel GETAWAY)
S v Mostert 2006 (1) SACR 560 (N)	peckannin; peccanin; kaffir

S v Salmans 2006 (1) SACR 333 (C)	violence; grab
S v David and Another 2008 (1) SACR 205 (W)	purchase; to deal in
S v Smit 2008 (1) SA 135 (T)	consultation; consult
National Director of Public Prosecutions v Zuma 2009 (1) SACR 361 (SCA)	review
S v Chao and Others 2009 (1) SACR 479 (C)	produce; to proffer; adduce; authorise
S v Eyssen 2009 (1) SACR 406 (SCA)	pattern; manage; continuous
S v Mavungu 2009 (1) SACR 425 (T)	house; building; caravan
S v Visagie 2009 (2) SACR 70 (W)	cunt; poes
Online Lottery Services (Pty) Ltd and Others v National Lotteries Board and Others 2010 (5) SA 349 (SCA)	lotto (m.b.t. die handelsmerk LOTTO)
Ryan v Petrus 2010 (1) SACR 274 (ECG)	kaffir; hoer; naai; bitch
S v Josing 2010 (1) SACR 627 (KZP)	abuse (abuse of alcohol)
S v Naidoo 2010 (1) SACR 499 (GSJ)	amount; bedrae/bedrag
S v RB; S v DK and Another 2010 (1) SACR 447 (NCK)	person(s)
Falk and Another v National Director of Public Prosecutions 2012 (1) SACR 265 (CC)	effect (having effect)
S v Engelbrecht 2012 (2) SACR 212 (GSJ)	accused
S v Mbatha 2012 (2) SACR 551 (KZP)	cultivate; cultivation
S v Qwabe 2012 (1) SACR 347 (WCC)	such; kind or degree

Addendum 3B: Woordeboeke wat in Suid-Afrikaanse howe gebruik is, 1947-2012**N = 150 hofsake**

	Woordeboek	Aantal keer gebruik
1.	Afrikaanse Woordeboek	33
2.	American Heritage Dictionary of the English Language	8
3.	Beknopt Nederlands Woordenboek voor Zuid-Afrika	2
4.	Bell's South African Legal Dictionary	1
5.	Black's Law Dictionary	7
6.	Bouvier's Law Dictionary	2
7.	Cambridge International Dictionary of English	1
8.	Cassel Concise English Dictionary	1
9.	Cassel's New English Dictionary	1
10.	Chambers Concise Dictionary	1
11.	Chambers Technical Dictionary	1
12.	Chambers Twentieth Century Dictionary	16
13.	Collins Compact English Dictionary	1
14.	Collins Concise English Dictionary	5
15.	Collins English Dictionary	7
16.	Collins Paperback Thesaurus	1
17.	Collins Today's English Dictionary	1
18.	Compact Edition of the Oxford English Dictionary	1
19.	Compact Oxford Dictionary	1
20.	Concise Oxford Dictionary of Business	1
21.	Concise Oxford Dictionary	38
22.	Concise Oxford Dictionary of Current English	2
23.	Dictionary of English Law	2
24.	Dictionary of Legal Words and Phrases	7
25.	Dictionary of Psychology (Drewer's)	1

26.	Dictionary of South African English	1
27.	Dorland's Illustrated Medical Dictionary	1
28.	Dorland's Medical Dictionary	1
29.	Drietalige Regswoordeboek	10
30.	Encarta World English Dictionary	1
31.	Engels Woordenboek	2
32.	Engels-Afrikaans Regswoordeboek	2
33.	Engelsch Woordenboek	1
34.	Funk and Wagnall's New Practical Standard Dictionary of the English Language	2
35.	Funk and Wagnall's Standard Dictionary of the English Language	17
36.	Geneeskundige Woordeboek (Engels-Afrikaans)	1
37.	Groot Woordeboek (Afrikaans-Engels)	24
38.	Handwoordenboek der Nederlandsche Taal	1
39.	Imperial Dictionary of the English Language	3
40.	Juridiese Woordeboek (Afrikaans-Engels)	1
41.	Kernwoordeboek van Afrikaans	9
42.	Kriminologie Woordeboek	1
43.	Lantham's Dictionary of the English Language	1
44.	Legal Thesaurus	2
45.	Lewis and Short's Latin Dictionary	1
46.	LexisNexis Dictionary of Legal Words and Phrases	1
47.	Little Oxford Dictionary of English Grammar	1
48.	Longman Dictionary of Contemporary English	1
49.	Longman Modern English Dictionary	1
50.	Longman's Modern English Usage	1
51.	Merriam-Webster's Thesaurus	1
52.	Mozley and Whiteley's Law Dictionary	1

53.	Nasionale Woordeboek	3
54.	Nederlands Woordenboek	2
55.	Nederlands-Engels Woordenboek (Groot Nederlands-Engels Woordenboek Voor Studie en Praktijk)	2
56.	New Century Dictionary	1
57.	New Chambers Cambridge Dictionary	2
58.	New Collins Thesaurus	1
59.	New Shorter Oxford English Dictionary on Historical Principles	10
60.	Nieuw Volledig Engelsch-Nederlandsch Woordenboek	1
61.	Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English	1
62.	Oxford English Dictionary	74
63.	Oxford Illustrated Dictionary	1
64.	Oxford Paperback Dictionary	2
65.	Penguin English Dictionary	2
66.	Penguin Medical Encyclopedia	1
67.	Pharos Afrikaans-English Dictionary	1
68.	Pharos Dictionary	1
69.	Random House Dictionary	4
70.	Reader's Digest English-Afrikaans Dictionary	2
71.	Reader's Digest Family Word Finder	1
72.	Reader's Digest Universal Dictionary	1
73.	Roget's New Thesaurus	1
74.	Roget's Thesaurus of English Words and Phrases	1
75.	Shorter Oxford Dictionary on Historical Principles	59
76.	South African Concise Oxford Dictionary	3
77.	South African Judicial Dictionary	6

78.	South African Pocket Oxford Dictionary of Current English	1
79.	Stroud's Judicial Dictionary of Words and Phrases	15
80.	The World Book Dictionary	2
81.	Tweetalige Woordeboek	24
82.	Universal Dictionary of the English Language	2
83.	Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal	8
84.	Verklarende Afrikaanse Woordeboek	23
85.	Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)	59
86.	Webster's Comprehensive Dictionary	1
87.	Webster's New Twentieth Century Dictionary	1
88.	Webster's New World Dictionary of the American Language	5
89.	Webster's Seventh New Collegiate Dictionary	1
90.	Webster's Third New International Dictionary of the English Language	49
91.	Webster's Unabridged Dictionary	1
92.	West's Legal Thesaurus/Dictionary	2
93.	Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)	19
94.	Woordeboek van Regs- en Handelsterme	1
95.	Words and Phrases Judicially Defined	2
96.	Words and Phrases Legally Defined	7

Hoofstuk 4

Teoretiese raamwerk

4.1 Inleiding

Semantiek is die studie van betekenis soos dit deur taal gekommunikeer word (Saeed, 2009:3; Murphy, 2010:3; Lyons, 1978:1). Om meer presies te wees, konsentreer die semantiek op die betekenis van onder meer woorde, frases en sinne (Löbner, 2003:3). 'n Spreker se vermoë van taal hou verband met sy kennis, spesifiek sy kennis van taal (Saeed, 2009:3). Aangesien sprekers se kennis van taal en hul kennis van die wêreld verskil, is dit vanselfsprekend dat sprekers se kennis omtrent woorde en die kombinasie van woorde om sinne te konstrueer ook sal verskil. Weens hierdie verskille is dit maklik om woorde en sinne op onderskeie maniere toe te pas en te interpreteer. Dit beteken dat kommunikasiegapings relatief maklik kan ontstaan omrede mense verby mekaar kommunikeer. Watter party se betekenis-toepassing of -interpretasie is die korrekte een?

In die geval van 'n regsgeeding waar woorde dikwels die middelpunt van 'n regspraak vorm en waar daar van 'n hof verwag word om aan te dui welke betekenis-toepassing en -interpretasie juis is, is die gebruik van die semantiek onontbeerlik. Sonder die semantiek, wat die talle uitdagings van betekenisonderskeidings insluit, is 'n beslissing of regspraak nie volledig nie. Soos reeds in Hoofstuk 3 aangedui is, lewer die kwessie van 'n "gewone" betekenis 'n aantal uitdagings op, aangesien woorde selde eenduidig is, ongeag die spesifieke konteks. Gouws (1991:382-383) wys nog 'n belangrike saak uit, naamlik die feit dat woordeboeke meestal saamgestel is om 'n woord se betekenis weer te gee in plaas daarvan om 'n betekenis se woord aan te dui. Dit gebeur selde dat woordeboeke volgens semantiese velde uiteengesit word, wat impliseer dat woorde apart van ander verbandhoudende woorde gelys word. Omdat 'n hof (en die regslui wat voor daardie hof staan) telkens probeer om 'n woord se betekenis te bepaal, is dit noodsaaklik dat die regspraktyk kennis neem van dié studieterrrein en die feit dat hulle by tye gebrekkig met die semantiek omgaan. Om eerder by 'n betekenis te begin en dan in die rigting van 'n woord te beweeg, is moontlik 'n werkswyse wat vir die regspraktyk van waarde kan wees.

Hierdie hoofstuk het daarom ten doel om 'n oorsig te verskaf van die relevante aspekte binne die semantiek wat uiteindelik inwerk op die begrip van woorde en wat help om die “gewone” betekenis van daardie woorde, binne hul konteks, aan te dui. Hoofstuk 4 is derhalwe 'n verkenning van die semantiek en die uitdagings (en oplossings) wat die betekenis van woorde dikwels bied. Ek is daarvan oortuig dat mense verantwoordeliker met betekenis sal omgaan, as hulle 'n beter begrip het van wat betekenis is. Een ding staan vas: 'n studie van betekenis is gewis kompleks, juis omdat betekenis veelvoudig is en by tye erg ontwykend kan wees.

Hoofstuk 4 het verder ten doel om 'n toeganklike teorie/ontledingsmetode te identifiseer en te verduidelik wat in Hoofstuk 5 geïllustreer kan word en wat uiteindelik in 'n hofsaal toegepas behoort te kan word.

Dit moet van die begin af duidelik gestel word dat die semantiese ontledingsmetode wat in hierdie hoofstuk voorgestaan en voorgestel word, slegs as één moontlike instrument by die wetsuitleg gesien behoort te word en dat dit eintlik ideaal sou wees as 'n regspraktisyn uit 'n verskeidenheid van instrumente sou kon kies. Geen linguistiese bydrae kan sinvol in isolasie toegepas word nie.³¹ Derhalwe is dit ook nie die onderhawige studie se uitgangspunt dat die ontledingsmetode in hierdie hoofstuk woordeboeke of vorige presedenthoofuitsprake moet vervang nie. Die volgende teoretiese benadering is slegs 'n (werkbare) voorstel wat bykomend tot ander instrumente in die interpretasieproses gebruik kan word. Hoe meer alternatiewe instrumente tot die regsgeleerde (en forensiese linguïst) se beskikking is, des te beter.

4.2 Betekenis

4.2.1 Wat is betekenis?

As die semantiek hoofsaaklik beskou word as die studie van betekenis en as 'n hof reëlmatig betekenis moet bepaal of bevestig, hoe moet 'n taalgebruiker die konsep BETEKENIS verstaan? Lyons (1978:1-3) stel dit van die begin af duidelik dat daar onderskeie betekenis bestaan en dat dit byna onmoontlik is om die konsep bevredigend te omskryf. Die woord “betekenis” is self problematies en meerduidelik en volgens De Klerk (1978:35) moet die semantiek juis nie vra “Wat is betekenis?” nie; dit handel eerder oor die keuses wat sprekers uitoefen. Van Jaarsveld (1990:9) verwys na Reichling wat “betekenis” “de nachtmerrie van de taalkunde”

³¹ “Dat wil zeggen dat het gezag van het taalkundige argument niet op zichzelf staat, maar verbonden is met andere redenen om de bepaling op deze manier, en niet anders, uit te leggen.” (Smith, 2007:254)

noem weens die meerduidige en soms verwarrende aard daarvan. Taal verkry eerder betekenis tydens die kommunikasieproses (sien Van Jaarsveld, 1990:11-13) en moet verkieslik nie van 'n taal se grammatika geskei word nie (Cruse, 1986:1-2). Murphy (2010:32) meen BETEKENIS hou onder meer verband met die verhouding tussen 'n woord en die ding(e) waarna daardie woord verwys. Dit wil sê, BETEKENIS kan gesien word as die verhoudings tussen woorde wat sowel konkrete en abstrakte items in 'n mens se wêreld behels as die konsepte wat 'n uitgebreide en inklusiewer kognitiewe voorstelling van die items in ons wêreld verteenwoordig. Stubbs (2002:13) beskou BETEKENIS in terme van die Wittgensteiniaanse oortuiging: “meaning is use”. Taal word hier as sosiale instrument gesien; 'n instrument waarmee 'n verskeidenheid van take verrig word (De Stadler, 1989:11). Betekenis is vasgevang in die toepassing van taal, wat onmiddellik konteksafhanklikheid impliseer (en vir Cruse (1986:15) 'n grammatikaal geskikte konteks behels). Aangesien betekenis in 'n spreker se verstand geanker lê, sien Saeed (2009:6) dit as 'n soort kennis. In die verlede het die meeste taalwetenskaplikes linguistiese kennis en algemene kennis (kennis van die wêreld) van mekaar geskei. Maar diegene wat in die kognitiewe linguistiek werk, argumenteer dat die manier waarop ons die wêreld sien, juis 'n direkte invloed het op die manier waarop ons taal aanleer en gebruik. Taal is konteks- en kultuurspesifiek (sien Stubbs, 2002:6, 9; Murphy, 2010:31). Dit suggereer dat betekenis nooit staties kan wees nie, maar eerder veelsydig en veranderlik is. Vergelyk die Nederlandse woord “borstrok”. In Nederland (en Suid-Afrika) verwys die woord na 'n nousluitende onderkledingstuk wat hoofsaaklik deur vroue gedra is om die bolyf te ondersteun, terwyl “borstrok” in Suriname na 'n T-hemp verwys.

Daar word algemeen onderskeid getref tussen verskillende soorte betekenis, onder meer **grammatikale betekenis** en **leksikale betekenis**. Sommige woorde se betekenis is in die grammatikale reëls van 'n taal vasgelê en bly konstant. Murphy (2010:14) noem hierdie soort woorde funksiewoorde, byvoorbeeld lidwoorde, voornaamwoorde, voegwoorde, voorsetsels, modale werkwoorde, en so meer. Funksiewoorde het ten doen om bepaalde grammatikale funksies daar te stel in plaas van ryker en uitgebreide semantiese betekenis (sien ook Löbner, 2003:15-16, voetnoot 11). Grammatikale betekenis behels sowel die grammatikale verbuigings van woorde as enige sintagmatiese verhoudings, soos onder andere die naamvalle akkusatief en datief en die lydende en bedrywende vorme (Löbner, 2003:55). Grammatikale betekenis verteenwoordig 'n geslote kategorie wat beteken dat geen nuwe lede tot die kategorie toegevoeg kan word nie. Dit staan in kontras met leksikale betekenis wat 'n oop

kategorie is – nuwe woorde en betekenisafleidings kan wel toegevoeg word. Hoewel die funksionele betekenis van grammatikale woorde onveranderlik is, kom dit tog in tale voor dat sommige grammatikale funksies verander of verplaas word weens die veranderinge wat in die taal intree, meestal deur foutiewe of onkundige taalgebruik. Dink aan Nederlands waar die lidwoord “het” aan die kwyn is en die genitief-naamval meestal gestaak is. In Afrikaans word die modale werkwoorde “kon”, “sou”, “wou” en “moes” vandag as verledetydsvorme gebruik, terwyl dié woorde juis waarskynlikheid uitdruk.

Grammatikale betekenis verskil van leksikale betekenis, omdat laasgenoemde gebruik word om ons wêreld te beskryf. As sodanig reik leksikale woorde verder as die vaste struktuur van ’n taal. Leksikale betekenis behels woorde wat buite sinsverband onafhanklik kan beteken en wat duidelik met ’n semantiese inhoud in verband gebring kan word; dit wil sê leksikale woorde is outonoom (Van Jaarsveld, 1990:17), ’n kenmerk wat nie tipies is van grammatikale betekenis nie. De Stadler (1989:22) beskryf leksikale betekenis as ’n brug wat die woord met die buitetalige wêreld verbind, gevolglik kan die leksikale betekenis van ’n woord nie van sy verhouding met die buitetalige wêreld losgemaak word nie.

Volgens Löbner (2003:14) vorm leksikale betekenis deel van die spreker se kognitiewe leksikon; met ander woorde leksikale betekenis bestaan uit ’n spreker se passiewe en aktiewe woordeskate. Leksikale woorde word gebruik om **konsepte** te beskryf.³² (Let wel, dit beteken nie dat alle konsepte deur ’n woord of woordkombinasie verteenwoordig word nie (Murphy, 2010:38).) Konsepte is daardie mentale voorstellings en verteenwoordigings van ons kennis van die wêreld (Löbner, 2003:24). Lyons (1978:110) omskryf die term “konsep” as “an idea, thought or mental construct by means of which the mind apprehends or comes to know things.” Jackendoff (1992:191) stel dit só:

...we speak of concepts as an entity within one’s head, a private entity, a product of the imagination that can be conveyed to others only by means of language, gesture, drawing, or some other imperfect means of communication.

Konsepte moet egter nie verwar word met visuele voorstellings van ’n bepaalde idee nie; ’n konsep hou aansienlik meer in as ’n visuele representasie (Murphy, 2010:38; Löbner, 2003:25; Saeed, 2009:33-34). Jackendoff (1992:193) argumenteer verder dat konsepte en idees in sintaktiese verband uitgedruk word. En op grond hiervan kan ’n oneindigende aantal

³² Sien subafdeling 4.4.3 in hierdie hoofstuk vir ’n addisionele bespreking van konsepte met betrekking tot kognitiewe semantiek en die beoogde ontledingsmodel.

take uitgerig word. As 'n mens kan aanvaar dat die spreker tot ontelbare sinskonstruksies in staat is, beteken dit dat daar ook 'n ontelbare aantal konsepte is waarmee die spreker hom in sinne kan uitdruk, aldus Jackendoff. Die meeste van 'n spreker se konsepte kan as “leksikale konsepte” beskryf word. My konsep van sjokolade behels die reuk, smaak, tekstuur, verpakking, soorte, gebruike, kleure en gewig van die betrokke entiteit. Dit spreek vanself dat my konsep van sjokolade van 'n ander spreker s'n kan verskil (soos dié van 'n diabeet), hoewel daar noodwendig ooreenkomste moet wees (Jackendoff, 1992:193). Wanneer konsepte deur 'n woord (of 'n kombinasie van woorde) verteenwoordig word, word daar van **leksikalisering** gepraat. Om die waarde van leksikalisering te begryp, is dit nodig om te weet wat die terme “lekseem” en “leksikale item” beteken.

'n Spreker se mentale leksikon is baie soortgelyk aan 'n woordeboek georden. Leksikale inskrywings verteenwoordig al die relevante inligting wat help om 'n lemma te omskryf. Die leksikale inskrywing kan daarom 'n eenvoudige of komplekse samestelling van betrokke inligting wees. Die verskillende woordvorme van een bepaalde woord met die beskrywende grafiese, fonologiese, grammatikale en semantiese inligting staan gesamentlik as 'n **lekseem** bekend (Lyons, 1978:19; De Stadler, 1989:49-50; Löbner, 2003:54, 56; Murphy, 2010:5). Van Jaarsveld (1990:24) beskryf 'n lekseem as die “potensiële eenheid en die kennis wat die taalgebruiker daarvan het”, terwyl Cruse (1986:76) 'n lekseem as 'n familie van leksikale items karakteriseer. 'n Lekseem dra dus meer inligting as 'n woord en kan sowel denotatiewe as konnotatiewe betekenis dra. Dit is 'n betekeniseenheid. Neem die lekseem “pragtig” as voorbeeld. Die grafiese voorstelling is *pragtig*, terwyl die uitspraak [praxtəx] is; dit is 'n attributiewe adjektief wat skoonheid beskryf, 'n sinoniem van “mooi” en “beeldskoon”. Nog 'n voorbeeld is “sal” en “sou”, wat twee verskillende vorme van dieselfde lekseem is, met verbandhoudende dog onderskeie betekenisdiskriminasies. Dit behoort duidelik te wees waarom die term “woord” by die bestudering van betekenis problematies is, veral binne die leksikale semantiek. In baie opsigte skiet “woord” tekort. Maar 'n semantikus moet soms kleiner eenhede as 'n lekseem ondersoek, spesifiek wanneer dit die betekenis van woorde behels. In daardie geval word die term “**leksikale item**” gebruik. Gouws (1991:383-384) beskryf 'n leksikale item soos volg:

Leksikalisering lei daartoe dat 'n bepaalde betekenis op 'n talige manier voorgestel kan word en wel sodanig dat die taalkonstruksie wat die draer van daardie betekenis is, 'n betekeniseenheid vorm. Die talige element wat as draer van 'n betekeniseenheid optree, word 'n leksikale item genoem.

Wanneer 'n woord in 'n sin gebruik word, is dit nie die lekseem wat in die sin voorkom nie, maar eerder 'n spesifieke geval van gebruik, naamlik die leksikale item (Murphy, 2010:10; Stubbs, 2002:31). Daar is selfstandige en onselfstandige leksikale items asook komplekse leksikale items (De Stadler, 1989:50-51). Selfstandige leksikale items word verteenwoordig deur woorde soos “praat”, “skryf” en “lees”. Dié items is selfstandig omdat hulle onafhanklik kan funksioneer en nie in kleiner eenhede opgedeel kan word nie (die items is dus ook simplekse). Waar items wel in kleiner eenhede opgebreek kan word, word daar van onselfstandige leksikale items gepraat. Voorbeelde hiervan is betekenisdraende afleidingsmorfeme soos “her-” en “-loos” (sien ook Gouws, 1991:384; Cruse, 1986:77 e.v.). Wat komplekse items betref, het die semantikus met sowel afleidings en samestellings te make as met uitdrukkings en idiome. 'n Idioom is vergelykbaar met die (simplekse) leksikale item en verteenwoordig 'n betekenseenheid (De Stadler, 1989:52; Löbner, 2003:54; Saeed, 2009:59).

Leksikale items funksioneer ook as tekens wat 'n simboolwaarde kommunikeer. Soos reeds hier bo vermeld, is die simboolwaarde waarskynlik 'n konsep. In die volgende subafdeling word daar kortliks oor taal as tekensisteem uitgewy.

4.2.2 Taal as semiotiese sisteem

Die mens het die inherente vermoë om bepaalde woorde telkens op verskeie maniere aan te wend en op dié wyse die betekenis van 'n woord gereeld aan te pas of heeltemaal te verander. Hierdie verskynsel hou sterk verband met die semiotiek, oftewel die bestudering van tekens. Vergelyk die volgende voorbeeldsin:

4.1 Ek het gister die sewe moffies opgespoor!

In die voorbeeldsin hierbo kan die woord “moffies” na 'n aantal sake verwys, naamlik sewe moflammers wat moontlik verlore geraak het, sewe klein metaalringe waarmee waterpype verbind kan word en wat weggeraak het, sewe gay mans wat deur 'n skollie gesoek word of sewe paar handskoene wat vir die wintervakansie ingepak moet word.

Die semiotiek stel ondersoek in na sowel die betekenis van tekens, maar ook die onderskeie verhoudings tussen tekens. Ferdinand de Saussure gebruik die terme betekenaar en betekende. Die **betekenaar** is die teken en die **betekende** is wat die teken voorstel (Saeed, 2009:5). C.S. Pierce gaan verder deur onderskeid te tref tussen **ikoon**, **indeks** en **simbool**. Die ikoon dui 'n byna vaste verhouding tussen die betekenaar en die betekende aan,

byvoorbeeld 'n woonstelgebou en die kunstenaarsvoorstelling van dieselfde gebou; dit is 'n voorstelling van die ware entiteit. Weens die verhouding tussen die betekenaar en die betekende, kan die ikoon in hierdie geval nie geïnterpreteer word as 'n motorvoertuig, boom of jagluiperd nie. De Stadler (1989:4) meen dat taaltkens gewoonlik nie ikonies is nie, tog verwys Lyons (1978:102) na ikone as die “mental effect” wat deur die teken geproduseer word; dus 'n konsep wat geleksikaliseer kan word? Die indeks daarenteen dui 'n meer informele verhouding tussen betekenaar en betekende aan, byvoorbeeld 'n vertrek oorvol met leë wynbottels dui moontlik op 'n partytjie. Die leë wynbottels kan ook verwys na 'n glasherwinningsprojek of 'n erge drankprobleem. Die verhouding wat deur die indeks gesuggereer word, is derhalwe nie altyd betroubaar nie; dit is 'n verhouding bestaande uit implisering en stel sig gevolglik oop tot interpretasie (Lyons, 1978:106-107). Ten laaste dui 'n simbool op 'n konvensionele verhouding tussen betekenaar en betekende, byvoorbeeld die wit kleur van 'n trourok. 'n Wit trourok word in die Weste tradisioneel met reinheid en maagdelikheid geassosieer, terwyl 'n Japannese bruid se wit trourok die dood van haar ongetroude lewe simboliseer. Die betekenis van die simbool word deur konvensie bepaal en kan daarom nuwe betekenis verkry deur op 'n nuwe situasie van toepassing gemaak te word. Ewe belangrik is die realisering dat die simbool, soos die indeks, arbitrêr is (Lyons, 1978:100-102). Met ander woorde, die betekenis wat aan 'n simbool (of indeks) toegeskryf word, is onderhandelbaar en nie noodwendig universeel nie.

Taal word gesien as een van die sisteme binne 'n groter tekensisteem. Daar ontstaan telkens 'n verhouding tussen die woord (die betekenaar) en dit wat deur die woord voorgestel word (die betekende). Soms word die woord se betekenis deur konvensie bepaal (simbool) en ander kere is die woord se voorstelling arbitrêr (indeks) en maklik om te verwar. 'n Woord se betekenis kan egter ook vas wees en by tye universeel dieselfde betekenis besit.

4.2.3 Letterlike en nieletterlike betekenis

Wanneer onderskeid getref word tussen letterlike en nieletterlike betekenis, mag die twee soorte taalgebruik aanvanklik maklik onderskeibaar voorkom. Sogenaamde figuurlike taalgebruik kom meestal voor in die vorm van metafore, ironie, metonimie, sinekdogee, hiperbool, ensovoort. Weens die feit dat sprekers die betekenis van woorde verander om by nuwe situasies te pas, word die grens tussen letterlike en figuurlike taal vertroebel. Veral gesien in die lig dat nuwe idees deur middel van 'n meer bekende beeld ('n prototipe?) voorgestel word (Saeed, 2009:15). Die metafoor is aan die begin van die nuwe beskrywing

nog bekend aan meeste van die gebruikers daarvan, maar mettertyd versteen die metaforiese uitdrukking en vervaag die ooglopend figuurlike aard van die woord, beskrywing of uitdrukking (Saeed, 2009:15). Cruse (1986:41) praat van 'n dooie metafoer. Die spreker begryp die betekenis van die leksikale item, maar ken nie noodwendig die woord se oorspronklike (metaforiese) betekenis nie. In sinne soos “Die vlag word ontplooi” (die vlag word gehys) of “Die soldate word ontplooi” (die troepe word oor 'n vlakte versprei) word die woord “ontplooi” vermoedelik nie meer met materiaal geassosieer waarvan die plooië uitgestryk word nie. Saeed (2009:15) meen “[t]he vocabulary of a language is littered with fossilized metaphors such as these, and this continuing process makes it difficult to decide the point at which the use of a word is literal rather than figurative.”

Die letterlike of nieletterlike aard van 'n woord het uiteraard implikasies vir die interpretasie daarvan, veral wanneer 'n ondersoeker met die “gewone” betekenis van daardie leksikale item moet omgaan. 'n Woord kan gewoon voorkom, maar eintlik 'n verskuilde metafoer wees. Die metafoer-status van 'n woord tas die gewoonheid daarvan aan. Die vraag is egter of die betekenis van versteende metafore nie juis as 'n “gewone” betekenis kan deurgaan nie?

Bowendien kan die figuurlike betekenisonderskeiding van woorde bestudeer en verklaar word aan die hand van woordverhoudings en die maniere waarop grammatikale en leksikale woorde na mekaar verwys. Woordverhoudings verskaf baie relevante inligting omtrent 'n leksikale item se (veelvoudige) betekenis. Of soos De Stadler (1989:75) dit stel: 'n mens kan meer insig verkry in die leksikale waarde van 'n item deur die leksikale relasies te bestudeer.

4.3 Woord- en leksikale relasies

'n Studie van woordverhoudinge kan 'n ondersoeker help om die relevante kenmerke te ontdek wat nodig word vir die beskrywing van leksikale betekenis (De Stadler, 1989:76). 'n Kennis van woordverhoudinge gee 'n mens ook insig in die manier waarop 'n spreker se leksikon gestruktureer word wat vervolgens insig bied oor die manier waarop die spreker inligting prosesseer en kategoriseer. Dit wil sê, woordverhoudings gee 'n ondersoeker 'n beeld van hoe 'n spreker sy kenniswêreld verstaan en struktureer (De Stadler, 1989:76; Murphy, 2010:109).

Daar is ongeveer twee soorte verhoudings wanneer dit by woorde kom: sintagmatiese en paradigmatische verhoudings (Cruse, 1986:86; Murphy, 2010:108-109). Sintagmatiese

woordrelasies hou verband met woorde in frases en sinne. Woorde wat sintagmatiese verhoudings uitdruk, word in verskillende woordgroepe verdeel en dit is die verhoudings tussen hierdie woordgroepe waar betekenis gekonstrueer word. 'n Voorbeeld van veelseggende sintagmatiese verhoudings is onder meer kollokasies (Murphy, 2010:109). Woorde in paradigmatische verhoudings behoort tot dieselfde woordgroepe en deel bepaalde kenmerke binne daardie groep. Dit is juis die paradigmatische verhoudings wat vir semantici van groot belang is. In hierdie subafdeling word die vernaamste verskynsels kortliks belig.

4.3.1 Verwysing (referensie) en betekenisonderskeidings

Soos reeds hier bo vermeld, word daar aanvaar dat taal gebruik word om die spreker se wêreld te beskryf en te verstaan. Maar hoe verbind taal 'n spreker met sy wêreld? Verwysing is een só 'n metode. Leksikale items word gebruik om na buitetalige verskynsels, hetsy konkreet of abstrak, te verwys. Wanneer 'n spreker 'n taalkonstruksie uiter, doen hy twee dinge: (a) hy verwys na 'n spesifieke saak waaroor hy (b) iets te kenne gee (De Stadler, 1989:16). Neem die volgende voorbeeldsin as illustrasie:

4.2 My ma het 'n nuwe klokkie vir Kareltyjie se hokkie gekoop.

Die spreker van (4.2) verwys na vier items, naamlik 'n ma, 'n nuwe klokkie, 'n hokkie en Kareltyjie. Elkeen van hierdie leksikale items het 'n spesifieke verwysing en onderskeie betekenis. Hierdie vier items tree as **referente** op; die agente wat iets in die buitetalige wêreld uitwys. Lyons (1978:178, 206-207) tref onderskeid tussen verwysing en **denotasie**. Volgens Lyons is verwysing 'n aksie wat die spreker uitvoer deur bepaalde items in die wêreld te identifiseer, terwyl denotasie die eienskappe van woorde aandui (vgl. Saeed, 2009:23-24 en De Stadler, 1989:16). De Stadler (1989:16) beskryf denotasie as “die verhouding tussen die woord en dié sake in die buitetalige werklikheid waarna die woord potensieel kan verwys, d.w.s. los gesien van die gespreksituasie.” Of eenvoudiger gestel: verwysing is situasiegebonde en neem gewoonlik die vorm van 'n naamwoordstuk aan (Lyons, 1978:176; De Klerk, 1978:50; De Stadler, 1989:132; Saeed, 2009:24). In sin (4.2) dien die naamwoordstukke “my ma”, “'n nuwe klokkie” en “Kareltyjie se hokkie” as referente en verwys hulle na spesifieke entiteite in die wêreld, naamlik die moeder van die spreker, 'n troeteldiertjie wat in 'n hok aangehou word (of meer spesifiek die hok van die troeteldier) en 'n speelding wat in die hok aangebring gaan word. Die onderskeie leksikale betekenis van die referente is konteksgebonde en word verder aangevul deur betrokke paradigmatische verhoudings, byvoorbeeld polisemie. Denotasie dui betekenis buite konteks aan en hou direk

met die lekseem verband; hier gaan dit eerder om die naamwoord as die naamwoordstuk (De Stadler, 1989:21, 132). Die woord “klokkie” se denotasie is derhalwe ’n kleinerige bel wat kan lui en wat waarskynlik silwerkleurig is. Om na die klokkie te verwys as ’n speelding, val binne verwysing en nie denotasie nie. “Hokkie” denoteer ’n afgeslote ruimte van bepaalde grootte waarin ’n mens diere huisves of vervoer. ’n Hok is nie beperk tot ’n “kareltjie” nie en kan in talle opsigte varieer. Daarenteen verwys “Kareltjie se hokkie” in die besonder na die hok van die spreker van (4.2) se ma se troeteldier. Uit ’n mens se verwysingsraamwerk en die konteks van die sin kan ’n mens aflei dat “Kareltjie” waarskynlik ’n voëltjie is en dat die hokkie aan Kareltjie (en meer spesifiek aan die spreker se ma) behoort.

Verwysing (en dan uiteraard ook denotasie) is uiters relevant by die bestudering van betekenis in hofsake. ’n Ondersoeker sal eers moet bepaal of die gewone woorde wat deur ’n hof oorweeg word, verwys of denoteer. Daarvolgens kan bereken word wat die aard van die woord(e) se verhouding tot die res van die konteks is.

Die Duitse filosoof, Frege, het deur sy leerstellings probeer bewys dat verwysing nie gelykstaande aan betekenis is nie (Murphy, 2010:36). ’n Verwysing kan meerdere (abstrakte) verteenwoordigers hê, terwyl die verwysing self konstant bly. Daardie meerdere verteenwoordigers word **Sinn** (*sense*) genoem. Frege se geïllustreerde voorbeeld van die Oggendster wat ook die Aandster is, illustreer die feit dat die verwysing (die hemelliggaam) konstant bly, maar deur twee verskillende Sinne verteenwoordig word. Lyons (1978:197) en De Stadler (1989:16) stel Sinn gelyk aan leksikale betekenis, terwyl Van Jaarsveld (1990:27) van **betekenisfasette** of **-onderskeidings** praat. (Van Jaarsveld se term is die minste verwarrend en volgens my ’n beter woordkeuse; dié term word voortaan gebruik.) In daardie geval kan ’n mens na sin (4.2) kyk en bepaal dat die naamwoordstuk “my ma” oor onder meer die volgende kenmerke beskik: [+vroulik], [+menslik], [+jarig] en [+het kinders]. Die verwysing bly dieselfde (naamlik “moeder”), maar die semantiese onderskeidende kenmerke kan verskil. Saeed (2009:32 e.v.) en Murphy (2010:37 e.v.) argumenteer ook dat Sinn verband hou met konsepte in dié opsig dat ’n spreker reeds ’n beeld daarvan in sy kop rondra.

4.3.2 Konnotasie

Soos vroeër reeds verduidelik is, is denotasie die verhouding tussen ’n bepaalde ding en dit waarna verwys word. Denotasie verteenwoordig die letterlike betekenis, of die sogenaamde woordeboekdefinisie. Dit hou met die lekseem se betekenis verband en soos Van Jaarsveld (1990:19) dit stel, is denotasie konvensioneel en dit moet aangeleer word. Löbner (2003:31)

is dit met Van Jaarsveld eens en definieer “denotasie” as volg: “Die Denotation eines Inhaltswortes ist die Kategorie, oder Menge, aller seiner potenziellen Referenten.”³³ Een van denotasie se belangrikste kenmerke is dat dit nie konteksgebonde is nie. **Konnotasie** daarenteen is subjektief en assosiatief (Van Jaarsveld, 1990:32) en kan deur konteks bepaal word.

Wanneer ’n spreker woorde uiter, herken die hoorder nie alleenlik die semantiese betekenis van daardie woorde nie, maar roep gelyktydig ook assosiasies op. Die taalgebruiker het derhalwe met ’n tweede betekenis te doen, naamlik ’n betekenis wat die ontvanger aan woorde *konnekteer*. Dit wil sê, naas die leksikale betekenis verkry woorde soms ’n emotiewe waarde (De Stadler, 1989:26). Löbner (2003:48) meen dat die assosiasies persoonlik of kultureel kan wees. Met ander woorde, sommige konnotasies ontstaan weens persoonlike ervarings en sal daarom nooit dieselfde vir elke spreker wees nie, terwyl ander konnotasies binne kultuurgroepe versteen en sodoende deel van die kulturele verwysingsraamwerk raak. Die woord “pampoen” word byvoorbeeld in Afrikaans met onnoselheid geassosieer, maar elders in die wêreld vermoedelik bloot as ’n beskrywing van varkkos beskou. Vergelyk ook die woorde “vrou”, “vroumens” en “dame” in terme van ’n positiewe en/of negatiewe waarde.

In die geval van ’n regsproses sal persoonlike konnotasies nie deur ’n hof oorweeg (behoort te) word nie. Maar wanneer dit om die “gewone” betekenis van ’n woord gaan en die betrokke woord bevat kulturele konnotasies, dan is dit sekerlik ’n hof se plig om daardie konnotasies te ondersoek? In die saak *Herselman v Geleba* bevat die woord “bobbejaan” twee uiteenlopende kulturele konnotasies vir onderskeidelik die spreker en die hoorder. Die spreker assosieer “bobbejaan” met ’n domkop en die hoorder assosieer “bobbejaan” met die woord “kaffer”. In dié geval maak die denotasie glad nie saak nie, maar vorm die konnotasie juis die spilpunt.

4.3.3 Implikasie (entailment) en kollokasie

Implikasie het meestal betrekking op sinne en wat in die sinne gesuggereer word. Die ontvanger van daardie sinne maak op sy beurt bepaalde afleidings. Daar is ’n **waarheidsverhouding** relevant tot implikasie. Ons weet dat (q) waar is, omdat (p) waar is. Die waarheidswaarde van (p) en (q) moet altyd dieselfde wees. Die waarheidsverhouding word in Figuur 4.1 hier onder uiteengesit.

³³ Die denotasie van ’n lekseem is die kategorie, of die somtotaal, van al sy potensiële referente.

Figuur 4.1

p		q
W	→	W
O	→	O
W	←	W
O	←	O
W	≠	O

As (q) onwaar is, dan moet (p) ook onwaar wees. Dit is nie moontlik vir (p) om waar te wees en vir (q) om onwaar te wees nie. Bestudeer die volgende voorbeeldsinne:

- 4.3 a) Janusz Waluś het Chris Hani vermoor.
 b) Chris Hani is dood.
 c) Chris Hani het in die hospitaal herstel.

4.3(b) is 'n logiese afleiding van 4.3(a). Die woord “vermoor” impliseer dat Hani dood is, daarom is (p) → (q). As Chris Hani egter in die hospitaal herstel het, kan 4.3(a) en (b) nie waar wees nie; dit wil sê (p) ≠ (q). Iemand wat herstel is nóg vermoor, nóg dood.

Soms kan die taalgebruiker sekere **vooronderstellings** (presupposisies) maak op grond van die agtergrondinligting wat deur die uiting voorsien word. Vergelyk die volgende voorbeeldsinne (Saeed, 2009:102):

4.4 Haar man is onnosel. Vooronderstelling: Sy het 'n man.

4.5 Ek is spyt dat ek Pretoria verlaat het. Vooronderstelling: Ek het Pretoria verlaat.

Op die oppervlak blyk dit of implikasie 'n eenvoudige saak is wat bloot van die logiese verhouding tussen sinne afhanklik is. As (p) waar is, moet (q) mos ook waar wees. Maar vanuit 'n pragmatiese perspektief gesien, kan die buitetalige konteks probleme skep:

4.6 Die koning van Frankryk is bles. Vooronderstelling: Frankryk het 'n koning.

Die gekte voorbeeldsin is problematies omdat daar geen referent vir die naamwoordstuk bestaan nie. Frankryk het nie 'n koning nie.

Waar implikasie meestal tussen twee of meer sinne voorkom en telkens op afleiding neerkom, behels **kollokasie** meestal leksikaal-sintagmatiese verhoudings. Dit wil sê, woorde groepeer saam en vorm byna vaste verhoudings in sinne. As 'n mens in gedagte hou hoeveel

lekseme van mekaar verskil en hoe vrylik hulle met mekaar in ontelbare gebruikssituasies kan verbind, dan is dit veelseggend dat sommige woorde reëlmatig met mekaar verbind. Stubbs (2002:29) definieer kollokasie as 'n "frequent co-occurrence". En dit wat frekwent voorkom, is beduidend. Sommige van die vaste verbintenisse is so algemeen (Prozig verwys daarna as banaal (in Lyons, 1978:261)) dat sprekers dit dikwels miskyk. Sommige kollokasies het versteen en word in konvensionele uitdrukkings teruggevind, byvoorbeeld om soos "n maer vark te skree" (Murphy, 2010:8). Dink aan die woord "tee". Woorde wat stereotipies met "tee" groepeer, is "melk" en "suiker". Woorde soos "skink", "koekies", "toebroodjies", "partytjie", "oggend" en "middag" word eweveel met "tee" geassosieer. Hoe groter die frekwensie van die verhouding is, hoe beduidender die verhouding en die gevolglike betekenisonderskeiding.

'n Studie van kollokasies word vandag vergemaklik deur die gebruik van konkordansieprogramme wat dikwels deur korpuslinguïste en leksikograwe benut word. Deur 'n soektog in 'n verteenwoordigende korpus te loots, behoort die ondersoeker insiggewende resultate te kry. Neem as voorbeeld die saak *S v Molefe*. Die hof moet bepaal of die beskuldigde die wet oortree het deur haar doodgebore baba te verskuil. Die betrokke frase is "disposed of". Wanneer 'n mens vlugtig die term "disposed of" in die British National Corpus opsoek, vind 'n mens 460 trefresultate. Die frase "disposed of" word egter slegs 5 keer met die woord "body" gegroepeer waaruit dit duidelik blyk dat daar van die liggaam ontslae geraak word deur die lyk weg te gooi. Deur die res van die 460 trefresultate te bestudeer, kry 'n mens 'n goeie indruk van die gebruik van die betrokke frase. Die Britse gebruik van die woord is baie formeel en word meestal gebruik om na die wegdoen van afval (23 trefresultate), eiendom (10 trefresultate) en aandele (9 trefresultate) te verwys. In die meeste van hierdie gevalle is die gebruik van die frase duidelik: daar word weggedoen van iets. Die Corpus of Contemporary American English plaas afval eerste (77 trefresultate), gevolg deur "body" (47 trefresultate). Hier is die manier waarop daar van die lyk ontslae geraak word, insiggewend: 'n lyk word meestal in plastieksakke gedruk, in asdromme gegooi en in die water, moeras, see en meer gegooi.

Kollokasie kan vir die regsgeleerde ooglopend van onskatbare waarde wees. Daar moet wel in gedagte gehou word dat kollokasies nie altyd voor die hand liggend is nie. Konteks en betekenisonderskeidings kan kollokasies inperk. Saeed (2009:60) verwys na die woord "run" in die volgende sinne:

- 4.7 a) I go for a run every morning.
- b) The tail-end batsmen added a single run before lunch.
- c) The ball player hit a home run.
- d) We took the new car for a run.
- e) He built a new run for his chickens.
- f) There's been a run on the dollar.
- g) The bears are here for the salmon run.

Is die gebruik van die woord “run” sewe verskillende betekenisonderskeidings van dieselfde lekseem, of is die woord verteenwoordigend van een betekenisfaset wat telkens deur konteks geaffekteer is? Daar is ooreenkomste tussen 4.7(a), (b) en (c), maar die verhouding met (d) tot (g) raak effens troebel. In subafdeling 4.3.6 kom die kwessie van meerduidigheid en vaagheid in meer besonderhede aan bod.

4.3.4 Woordvelde (semantiese velde)

Soos De Klerk (1978:89) dit stel, kan die rangskikking van 'n woordeboek soms die indruk skep dat woorde afsonderlik en onafhanklik in die leksikon bestaan. Daar is inderwaarheid 'n aantal verskillende leksikale verhoudinge en dit sou daarom beter wees om aan die leksikon te dink as 'n netwerk eerder as 'n woordelys (Saeed, 2009:63). 'n Belangrike organisatoriese beginsel in die leksikon is dus die woordveld (ook bekend as die semantiese of leksikale veld). Woordvelde kan verder beskryf word as leksikale items wat woordfamilies vorm waartydens die item in verhouding tree met die ander items in sowel daardie as ander families (De Stadler, 1989:55). Woorde kan gelyktydig in meer as een woordveld voorkom en soms bevat woordvelde logiese, klaarblyklike woordverhoudinge en ander kere is die woordverhoudinge vaag (Stubbs, 2002:35).

Leksikale items in 'n betrokke woordveld deel sekere semantiese kenmerke en dit is juis hierdie kenmerke wat die items saam in een veld groepeer (De Stadler, 1989:96). Daar is egter ook sistematiese verskille wat leksikale items in 'n veld kenmerk, dus kry 'n mens netwerke van ooreenkomste en opposisies (De Stadler, 1989:96). Löbner (2003:131) beskou woordvelde as lekseemgroepe wat aan vier voorwaardes moet voldoen, naamlik:

- die lekseme moet tot dieselfde grammatikale kategorie behoort;
- die lekseem se betekenis moet oor gemeenskaplike komponente beskik;
- daar moet klaarblyklike betekenisbetrekkinge tussen lekseme bestaan; en
- die lekseemgroep is ten opsigte van hierdie betekenisbetrekkinge voltooi.

Lekseme soos “leesstof” en “braai” behoort nie tot dieselfde woordvelde nie. Eersgenoemde is ’n selfstandige naamwoord en laasgenoemde is sowel ’n selfstandige naamwoord as ’n werkwoord. Daar is geen klaarblyklike betekenisverhouding tussen die twee nie. Maar wanneer ’n mens na “leesstof” kyk, kan daar verskillende verbandhoudende leksikale items geïdentifiseer word, soos boeke, koerante, pamflette, skyfies, brosjures, joernale, tydskrifte, registers, etikette en plakkaat. Die voorbeelde van “leesstof” behoort almal tot dieselfde grammatikale kategorie, die leksikale betekenis beskik oor gemeenskaplike komponente (elkeen bevat byvoorbeeld geskrewe teks) en die verhouding tussen elke item is voor die hand liggend (vgl. De Stadler, 1989:97). Die geslotenheid van lekseemgroepe, soos Löbner dit hier bo vereis, het veral betrekking op sogenaamde “groot” woordgroepe soos die dae van die week, kleurskakerings, die maande van die jaar, telwoorde, en so meer. Daardie groepe word as voltooid beskou; daar kan nie addisionele dae tot die week of maande tot die jaar toegevoeg word nie. Myns insiens sluit die geslotenheid van hierdie woordvelde die meeste velde uit, aangesien betekenis vloeibaar en veranderlik is.

Leksikale items in ’n woordveld staan dus nie los van mekaar nie, maar hou sterk met mekaar verband en soos De Stadler (1989:98) aanvoer, ken ons die betekenis van leksikale items weens die verhoudings tussen die items. In die volgende subafdeling word die vernaamste leksikaal relasionele groeperings bestudeer.

4.3.5 Sinonimie, hiponimie en polisemie

Sinonieme is woorde wat byna dieselfde betekeniswaarde het, maar wat steeds verskillende betekenisnuanses mag hê. Dit gaan meestal om konnotasies, derhalwe is sinonieme konteksgebonde (De Klerk, 1978:103). Die verhouding tussen twee of meer sinonieme word verder bepaal deur die vervangbaarheid van die een deur die ander. Woorde wat mekaar (in konteks) die beste kan vervang, sal die naaste aan mekaar staan ten opsigte van hul gedeelde betekenis (vgl. De Stadler, 1989:77). Daar is bittermin gevalle waar twee of meer woorde volkome sinoniem is en presies dieselfde betekenis het (Löbner, 2003:117; Stubbs, 2002:36-37; Murphy, 2010:110). Vergelyk die Duitse woorde vir Saterdag: “Samstag” en

“Sonnabend”; in Nederlands “plattegrond” en “stadkaart”, in Engels “toilet” en “lavatory”, en in Afrikaans “pagina” en “bladsy”. Sodra ’n mens hierdie woorde in bepaalde kontekste gebruik, kan daar nog steeds subtiele verskille intree. De Stadler (1989:77) gebruik die volgende voorbeeldsin om die subtiele kontekstspesifieke betekenisverskille te illustreer:


4.8 a) Jan is die vader/pa van Susan.

b) Pannevis is die vader/*pa van die Afrikaanse taal.

Die woorde “vader/pa” is vervangbaar in 4.8(a) en neem basies dieselfde betekenis aan, maar slegs die woord “vader” is geskik in 4.8(b). Stubbs (2002:37) noem nog voorbeelde van sinonieme waar die denotasie en konnotasie duidelik van die konteks afhang: die Engelse woord “body” kan in terme van ’n gestorwe persoon die volgende sinonieme hê, naamlik “corpse”, “the deceased”, “stiff”, “cadaver” en “carcass” (in die geval van ’n dier of sarkasme).

Waar sinonimie grootliks konteksafhanklik is en waar substitusie ’n beduidende rol speel, handel **hiponimie** oor insluiting. Bestaande klasse kan subklasse insluit. Hponimie dui ’n klaarblyklik hiërargiese strukturering in die leksikon aan en hou direk met kategorisering en taksonomie verband (vgl. Löbner, 2003:133 en Saeed, 2009:69); dit is die insluiting van ’n meer spesifieke term in ’n meer algemene term (Gouws, 1991:395). Dit is ook hiponimie wat ’n goeie aanduiding gee van die vertakking van woordvelde en die wyse waarop hierdie netwerke by mekaar aansluit en van mekaar uitvloei. Hierdie soort klassifikasies vertel ons meer omtrent die menslike kultuur en kognisie (Saeed, 2009:70). Bestudeer Figuur 4.2 vir ’n voorbeeld van hiponimie.

Figuur 4.2: hiponimiese verhouding van “breekware”



Hiponimiese taksonomieë bestaan uit 'n hiperniem (superordinaat) en hiponieme (subordinate). In Figuur 4.2 is “Breekware” die hiperniem en die subklasse (borde, ens.) is die hiponieme. Die relasionele aard van hiponimie is kenmerkend van eensydige implikasie. Eensydige implikasie beteken dat hiponieme hul superordinate impliseer, maar dat die omgekeerde nie moontlik is nie. Byvoorbeeld, borde, bakkies, koppies en bekere impliseer “breekware”. Maar breekware impliseer nie noodwendig alle soorte bekere of borde nie. Sommige kaasborde word van hout gemaak en sommige kosborde van blik. Die kwessie van implikasie gaan selfs verder:

4.9 Nie alle slange is giftig nie.

Implikasie: nie alle *reptiele* is giftig nie. Implikasie: nie alle *diere* is giftig nie. Wat maak 'n mens egter met die volgende sin?


4.10 Oegandese is homofobies.

Is die implikasie dat *mense* homofobies is? Volgens die reël impliseer 'n superordinaat nie die subordinaat nie. Dus as ons sê dat mense homofobies is, beteken dit nie noodwendig dat Suid-Afrikaners homofobies is nie. Hiponimie blyk ook ruimte vir veralgemening te laat.

Nog 'n kenmerk van hiponimie is dat subklasse die superordinate van hul eie woordklasse kan vorm. Byvoorbeeld, “voël” se superordinaat is “dier”, maar “voël” vorm self die superordinaat van “hoender”, “volstruis”, “duif” en “pikkewyn”. Alle volstruise is voëls, maar nie alle voëls is volstruise nie.

Aansluitend by hiponimie is **meronimie**. Meronimie dui hiërargiese verhoudings tussen leksikale items aan, maar gee ook die deel-geheel verhoudings tussen items weer. Saeed (2009:71) dui daarop dat hiërargieë binne meronieme somtyds onduideliker as dié in gewone taksonomieë is, omdat 'n spesifieke deel nie altyd noodsaaklik tot die geheel is nie. Maar meronimie help nog steeds om verhoudings tussen leksikale items en hul eienskappe of komponente uit te druk, oftewel die verbintenis tussen die geheel en sy dele. Fillmore se *frames* reflekteer 'n soortgelyke struktuur, wat aandui dat konsepte op soortgelyke wyse vertak. Soos in Figuur 4.3 gesien kan word, is 'n vinger netsoveel deel van 'n liggaam as wat die kop is. Ofskoon 'n vinger nie naastenby so belangrik as 'n kop is nie, kan 'n mens nie die konsep VINGER volkome begryp sonder om te besef dat dit deel van 'n veel groter konsep uitmaak nie.

Figuur 4.3: meroniem vir “liggaam”



(Geneem uit Löbner, 2003:134)

Alhoewel 'n lekseem 'n betekeniseenheid verteenwoordig, kan daar verskillende betekenisfasette onderskei word (selfs binne 'n taksonomie of hiponimiese struktuur). Wanneer 'n lekseem oor twee of meer betekenisfasette beskik, word daar van **polisemie** gepraat. In polisemie is daar 'n definitiewe semantiese verhouding tussen die onderskeie betekenisfasette, hoewel die relasie nie altyd vanselfsprekend is nie. De Stadler (1989:66-68) diskrimineer tussen grondbetekenis en metaforiese uitbreiding. Die een betekenisfasette onderskei sig van die ander in die sin dat die een faset die grondbetekenis is en die ander fasette metaforiese uitbreidings van die grondbetekenis is. Vergelyk die woord “koppelaar”. 'n Koppelaar is 'n onderdeel van 'n motorvoertuig wat die ratkas met die res van die enjin verbind. Die grondbetekenis hou verband met die woord “koppel” wat op 'n band of skakel dui. 'n Koppelaar is dus iets wat aanvanklik deur middel van 'n kabel of gordel verbind. “Koppelaar” verwys ook na iemand wat namens familielede huwelike reël of 'n persoon wat prostitute met klante verbind. Laasgenoemde betekenisfasette is 'n metaforiese uitbreiding op die “oorspronklike” of prototipe betekenis.

Soms word polisemie en homoniemie met mekaar verwar. Homoniemie het hoofsaaklik 'n identiese fonologiese verhouding, maar hou nie semanties met mekaar verband nie. Vergelyk die woord “graaf”. Graaf verwys onderskeidelik na (a) 'n implement om gate mee te graawe en (b) 'n edelman wat tot die adelstand behoort. Hier het 'n mens met twee aparte lekseme te make wat geen logiese verhouding, behalwe vir die uitspraakwaarde daarvan, het nie. Volgens Saeed (2009:65) kan verwarring verder intree wanneer sprekers van 'n taal nie meer bewus is van die polisemiese verhouding nie; dan kom die betekenisfasette as homoniemie

voor. Hy verwys na die Engelse woord “sole” wat na die sool van ’n voet verwys asook ’n soort vis aandui. Engelsprekendes sien “sole” dus as twee afsonderlike woorde (homonieme), terwyl al twee betekenisonderskeidings met die Latynse woord vir sandaal (“soleo”) verband hou (vgl. die *South African Concise Oxford Dictionary*, 2010) en eintlik polisemies van aard is.

Polisemie (en ander woordverhoudings) is dikwels geneig om tot vaagheid en meerduidigheid aanleiding te gee. Dit is nie altyd vanuit die staanspoor duidelik wat ’n woord se betekenis of sy verhouding tot ander woorde is nie. Dit is dan juis hier waar sake vir regsgeleerdes en veral voorsittende beamptes ingewikkeld raak. Die “gewone” betekenis het by nadere ondersoek somtyds veelvoudige interpretasiemoontlikhede weens die vae of meerduidige karakter van ’n lekseem of leksikale item.

4.3.6 Meerduidigheid en vaagheid

Woorde het selde slegs een spesifieke betekenis. Die uniekheid van taal lê juis in die manier waarop woorde herwin en in nuwe sinskonstruksies en situasies herontplooï word. Lekseme funksioneer dikwels as opgaarplekke vir onderskeie betekenis, sowel oud as nuut. **Meerduidigheid** is die verskynsel van lekseme met meer as een betekenisfaset. Dat lekseme meervoudige verwysings en denotasies (én konnotasies) kan hê, skep nie probleme *per se* nie. Probleme is geneig om op te duik wanneer taalgebruikers die onderskeie betekenis moet ontsyfer en die korrekte keuse tydens die kommunikasieproses moet uitoefen. Daar is twee woordvelde wat tot die verwarring bydra, naamlik homonimie en polisemie.

Omdat een lekseem op die oppervlak dieselfde lyk as ’n ander lekseem, of meer as een betekenisonderskeiding handhaaf, is dit byna onmoontlik om die relevante betekenis buite konteks af te lei. Neem weer die eerste voorbeeldsin:

4.11 Ek het gister die sewe moffies opgespoor!

Sonder om die groter konteks in berekening te bring, mag die hoorder waarskynlik sy afleidings op grond van die prototipe betekenis maak: ek het gister sewe gay mans opgespoor. Maar “moffies” het meer as een betekenis en die gepaste betekenis kan nie uit (4.11) afgelei word nie. Daar is ten minste drie lekseme relevant tot (4.11); al drie is homonieme waarvan die een ook polisemies is:

Mof (mowwe, moffies)

Mof¹ :	wollerige lammers, skape	}	H
Mof² :	neerhalende term vir gay mans		
Mof³ :	soort handskoene metaalring, sok		

Al vier betekenisse is geldig. Om te bepaal watter betekenis van toepassing is, moet daar eers bereken word of die woorde meerduidig of vaag is. **Vaagheid** word gesien as die gebruik van dieselfde betekenisfaset in verskillende kontekste, terwyl meerduidigheid verskillende betekenisfasette in verskillende kontekste verteenwoordig. Met ander woorde, die twee betekenisonderskeidings van Mof³ kwalifiseer as meerduidig as hulle in twee afsonderlike kontekste gebruik is. Maar as slegs een betekenisfaset van Mof³ (byvoorbeeld “handskoen”) in verskillende kontekste gebruik is, dan is die betekenis vaag. Vergelyk die volgende voorbeeld:

4.12 Ek het die dokter se oorbel in die spreekkamer opgetel.

As ’n mens weer eens ’n haastige afleiding wil maak, kan die taalgebruiker aanvaar dat die dokter in (4.12) ’n vrou is weens die kontekstuele verwysing na ’n oorbel. Die waarheid is egter dat die dokter netsowel ’n man kan wees. Daar is dus alleenlik een betekenisfaset van “dokter” wat hier gebruik word, naamlik dié van “mediese praktisyn”. Die woordgebruik met betrekking tot gender is dus vaag.

Daar is ’n aantal toetse om sowel meerduidigheid as vaagheid mee te peil. Die toetse is nie altyd ewe betroubaar nie en soos Saeed (2009:61) uitwys, is dit ook nie altyd so eenvoudig om toe te pas nie. Omdat meerduidigheid meestal deur middel van konteks opgeruim kan word, speel die gebruik daarvan ’n belangrike rol. Een so ’n toets is die Sense Relations-toets. Met hierdie toets vervang jy een betekenisfaset met ’n ander. As ’n mens hierdie toets op (4.12) toepas, bly die sin vaag (en weet ons dat dit nie hier om meerduidigheid gaan nie):

4.13 a) Ek het die dokter se oorbel in die spreekkamer opgetel.

b) Ek het die mediese praktisyn/huisarts se oorbel in die spreekkamer opgetel.

Die onsekerheid omtrent die dokter se gender duur voort. As 'n mens die toets op (4.11) toepas, dan is dit duidelik dat die woord “moffies” meerduidig is en deur sinonimie opgeklaar kan word:

- 4.14 a) Ek het gister die sewe moffies opgespoor!
- b) Ek het gister die sewe lammers opgespoor!
- c) Ek het gister die sewe paar handskoene opgespoor!
- d) Ek het gister die sewe metaalringe opgespoor!
- e) Ek het gister die sewe gay mans opgespoor!

Selfs in die geval van 4.14(c) en (d) wat polisemies is, is die betekenisfasette uiteenlopend genoeg dat die sinonieme vir “moffies” voldoende is. Sien Saeed (2009:61-62), Murphy (2010:84) en Cruse (1986:54 e.v.) vir besprekings van nog potensiële toetse.

Dit is wel belangrik om te besef dat talle van 'n hof se semantiese kwessies rondom meerduidigheid en vaagheid wentel. En die oplossing is nie altyd in 'n woordeboek terug te vind nie. Woordeboeke is die weg van die minste weerstand en deur woorde bloot in 'n woordeboek na te slaan, neem 'n mens nie kennis van die komplekse woordverhoudings wat die uiteindelijke betekenis medebepaal nie.

Nog 'n uiters belangrike en relevante aspek rakende betekenis en die regsproses is konteks.

4.3.7 Konteks

Betekenis staan selde geïsoleerd. 'n Spreker kan altyd na 'n aantal taalkonstruksies kyk en 'n verskeidenheid van afleidings maak waarvan die meeste waarskynlik geldige interpretasies mag wees. Maar wanneer dit om kommunikasie handel, is konteks meestal onontbeerlik. 'n Klomp van die voorbeeldsinne in hierdie hoofstuk het reeds dié punt geïllustreer. Vir verdere toeligting vergelyk ook (4.15) hier onder:

4.15 Die walvis swem rivier op.

Die sin in (4.15) is grammatikaal korrek en kan enige van die volgende beteken: 'n obese persoon neem aan 'n swemkompetisie deel (sarkasties); die Japannese ekonomie pak groot uitdagings aan (metafories); 'n walvis swem in die Teems op en word in Londen gewaar

(letterlik).³⁴ Hoewel al drie die interpretasies korrek kan wees, hang die eintlike betekenisafleiding van die konteks af.

Mense is geneig om aan konteks te dink as bloot die agtergrondkennis waarteen 'n taalgebruiker bepaalde woorde en konsepte interpreteer. Die verskynsel behels veel meer as net agtergrondkennis. Allan (1992:359) beskou konteks op drie wyses as polisemies: (1) die belangrikste konteks is dié van die wêreld waarvân daar gepraat word; (2) die tweede konteks is die situasie waarin die taalkonstruksie voorkom vir sowel sender as ontvanger (oftewel die wêreld waarín daar gepraat word), en (3) die derde konteks is die ko-teks, met ander woorde die teks wat die relevante taalkonstruksie omring.

Allan se eerste punt word deur Saeed (2009:190) beskryf as die taalgebruiker se kennis van die wêreld. 'n Taalgebruiker het nie alleenlik kennis van sy taal nie, maar ook 'n algemene (ensiklopediese) kennis omtrent sy direkte omgewing en die groter wêreld. Kennis omtrent walvisse val binne die eerste kategorie. Ons weet dat walvisse logge diere is wat gewoonlik in soutwater voorkom. Daarom is 'n verwysing na 'n walvis in 'n rivier vir ons raar, veral as ons (4.15) letterlik interpreteer.

Allan se tweede punt is veral (maar nie uitsluitlik nie) van toepassing op deiksis (vgl. Saeed, 2009:191 e.v.; De Stadler, 1989:334 e.v.; Lyons, 1978:574 e.v.). Verskillende soorte deiksis (ruimtelike, persoonlike, sosiale, ens.) lewer waardevolle inligting omtrent die betrokke taalkonstruksie. As (4.15) weer eens letterlik geïnterpreteer word, sê die voorsetsel “op” iets omtrent die betrokke ruimte. Die walvis gaan die rivier binne (in plaas van úit) en swem waarskynlik na sy dood, hoe dieper hy swem. Die deiktiese ruimte suggereer dus iets omtrent die agent en sy aksie. (Sien gerus Fillmore (1982) se bydrae oor ruimtelike deiksis.)

Allan se derde punt hou verband met wat Löbner (2003:73) die “satzinterner Kontext” noem, dit wil sê die onmiddellike sinskonteks. Die betekenis van leksikale items hou sterk verband met die ander leksikale items in 'n sinskonstruksie asook met die leksikale items in voorafgaande en daaropvolgende sinne. 'n Leksikale item mag nooit buite sy direkte sinskonteks geïnterpreteer word nie, anders loop 'n mens die risiko dat 'n woord se gesogte betekenis irrelevant is. Dit is in die besonder hier waar regsgeleerdes op konteks staat maak. Wanneer 'n woord se betekenis betwis word, moet die regsgeleerde heel eerste na die definisie in die betrokke wetgewing gaan kyk en daarvolgens handel. As 'n woord nie in die

³⁴ 'n Bottelneuswalvis het op 20 Januarie 2006 in die Teems opgeswem.

relevante wet omskryf word nie, mag 'n hof die woord na sy gewone betekenis interpreteer. Maar nog steeds sal 'n hof die res van die wet in ag moet neem. Die wet vorm die probleemwoord se direkte sinskonteks; die woord word immers op 'n spesifieke wyse ontplooi. Dit is ook om hierdie rede dat soortgelyke hofsake bestudeer word, want daardie hofsake vorm 'n verlenging van die direkte sinskonteks.

'n Problematiese woord wat tydens 'n hofsak verklaar moet word, kom uiteraard in 'n baie spesifieke gebruikssituasie voor, daarom word die gebruik daarvan uiteindelik betwis. Dit spreek vanself dat dáárdie gebruikssituasie ook deur 'n hof bestudeer moet word om sodoende te bepaal of die betwiste woord korrek binne die reg gebruik is of nie. Dit is die gebruikssituasie wat die ander soorte konteks mag afdwing, soos Allan se punte 1 en 2. Allan se eerste twee punte sluit 'n aantal sake in, naamlik kennis omtrent die onderwerp, agtergrondkennis, gedeelde kennis, grammatikale kennis, afleidings en gespreksimplikasies. Die tipe konteks hang saam met die tipe taaltekst, hetsy geskrewe of gesproke tekst. Soms moet 'n hof uitspraak lewer oor die betekenis van woorde wat geuiter is en ander kere oor die betekenis van woorde wat in geskrewe tekste gebruik is. Dit is byvoorbeeld onwaarskynlik dat 'n mens Grice se gespreksreëls op 'n huurkontrak moet toepas. Die gebruikssituasie bepaal die konteks.

Neem nogmaals (4.15) as voorbeeldsin. As die spreker (4.15) sarkasties bedoel het, moet die hoorder 'n gedeelde, kulturele kennis van sarkasme hê. Die hoorder moet 'n kennis van die onderwerp hê. Met ander woorde, die hoorder moet dadelik beseft dat die spreker nie na 'n werklike walvis verwys nie, maar eerder na 'n vet persoon wat in die Vaalrivier swem of aan die Midmar deelneem. Die hoorder moet dus verstaan dat die spreker na 'n onmiddellike gebeurtenis verwys wat verbandhou met die res van hul gesprekservaring. Die hoorder moet ook 'n agtergrondkennis omtrent walvisse hê, naamlik dat walvisse byna abnormaal groot is en daardie kennis projekteer op die vet persoon wat verby hulle swem. Die hoorder moet derhalwe die korrekte afleiding maak dat dit hier om 'n vet mens gaan en nie 'n regte walvis nie en dat die spreker se uiting sarkasties en neerhalend van aard is. Aangesien die sarkastiese weergawe van (4.15) 'n gesproke sin suggereer, speel aspekte soos stemtoon en liggaamstaal 'n verdere rol. Slegs wanneer die hoorder die (verskillende soorte) konteks verstaan, kan hy op die taalkonstruksie reageer. As die hoorder nie kennis omtrent die onderwerp, agtergrondkennis en 'n gedeelde kennis gehad het nie, sou hy nie die korrekte afleidings kon maak nie. Dit wil sê, as hy nie geweet het die spreker is sarkasties nie, of hy het nie geweet

wat 'n walvis is nie of hy het nie geweet die spreker praat oor die swemkompetisie wat reg voor hulle plaasvind nie, dan sou die spreker se sin nie geslaagd gewees het nie.

In Hoofstuk 3 is daar reeds na Suid-Afrikaanse hofuitsprake verwys wat konteks bo woordeboeke verhef. Konteks is kardinaal. Maar wat ewe belangrik is, is die wete dat konteks by tye self verwarrend of niksseggend kan wees. Om slegs op konteks staat te maak, sou onkundig wees.

4.4 Kognitiewe semantiek

In hierdie subafdeling word betekenis vanuit 'n kognitief-taalkundige perspektief verken. Sake soos die verskil tussen linguistiese, ensiklopediese en kulturele kennis kom hier aan bod. Die fokus val ook op aspekte soos konseptuele betekenis, prototipes en *frames* met die oog op gewone betekenis.

4.4.1 'n Kognitiewe benadering tot die gewone betekenis van woorde

Langacker (1987:155, 156) argumenteer dat semantiese betekenis nie outonoom kan wees nie en voer aan dat 'n woordeboekinskrywing onvoldoende is om 'n woord te omskryf; en om die teendeel te bewys, lewer vir enigeen 'n reusetaak op, aldus Langacker. Hy sê: “Why would one opt for an autonomous, dictionary-type conception of linguistic semantics? Certainly not because models of this sort have proved themselves fully adequate and deeply revelatory for all aspects of meaning and usage.” (Langacker, 1987:156). Solan (1995:1073) sluit hierby aan deur te redeneer dat geen woord volkome deur 'n definisie omvat en omskryf kan word nie en beveel daarom die kognitiewe taalkunde as nuwe, alternatiewe benadering tot statutêre interpretasie aan. Volgens Solan (1995:1074) moet sowel gewone woorde as komplekse regs-konsepte kognitief-taalkundig benader word, aangesien konsepte wat deur gewone woorde geleksikaliseer word, dieselfde is as konsepte wat deur registerme geleksikaliseer word. “We take advantage of both defining features and typicality features in making categorial judgements in everyday life” (Solan, 2012:95). Langacker (1987:156) meen betekenisontledings is onlosmaaklik verbind aan kennis en kognisie; dit is 'n saak van konseptualisering (“what else could it possibly be?”). Vir Solan (1995:1076, 2012:94) is die verskynsel van gewone woorde die naaste aan die prototipe, terwyl ingewikkelde terminologie waarskynlik verder van die prototipe beweeg en as sulks nie tipiese voorbeelde is nie. Solan laat dit egter klink of gewone woorde makliker omskryf kan word sodra die leksikale item se posisie binne 'n kategorie bepaal kan word. Hoewel ek dit met hom eens is

dat prototiepeffek insig tot die betekenis van 'n woord verleen, kan dit ook volgens my tot verdere verwarring lei, veral wanneer 'n bepaalde woord reeds vaag of meerduidig is.

Kennis van kategorisering en konsepte (soos binne die kognitiewe leer verstaan word) bied wel beskikbare oplossings vir die manier waarop juriste met (ontwykende) betekenis kan omgaan. Hoewel die onderhawige studie nie oplossings direk by die prototipeteorie soek nie, slaan ek wel ag op Solan se voorstel. Soos in die volgende subafdelings gesien sal word, het die taalwetenskap se begrip van konsepte en kategorisering in 'n groot mate uit Rosch se eksperimente en aanvanklike hipotese van prototiepeffek ontwikkel en tot die kognitiewe taalwetenskap aanleiding gegee (sien subafdeling 4.4.4). Regsgeleerdes wat gereeld met die interpretasie van woorde te doen het, sal baat vind deur hul uitkyk op woorde en dié se betekenis te verstel. Deur jouself tot definisies in woordeboeke en wetstekste te beperk, verskraal jy die waarskynlikheid dat jy 'n woord (en dit wat verwys of gedenoteer word) se betekenis volledig ontsluit.

Een van die belangrikste punte waarvan, onder meer, regsgeleerdes kennis moet neem, is die feit dat sogenaamde linguistiese kennis meestal van ensiklopediese en kulturele kennis onafskeidbaar is.

4.4.2 Linguistiese, ensiklopediese en kulturele betekenis

Vanuit die strukturalistiese tradisie ontstaan die idee dat betekenis binne die strukture van 'n taal bestaan. Volgens die strukturaliste is betekenis hoofsaaklik vanuit die sintaksis en die semantiese verhouding tussen woorde binne sinstrukture afleibaar. In die verlede was daar 'n aantal taalwetenskaplikes, soos Leech (1981), wat ten gunste was van 'n duidelike skeiding tussen linguistiese kennis en sogenaamde wêreldkennis. Wat 'n spreker dus omtrent die leksikale item “tafel” weet, het hy van “tafel” (met meegaande komponente en semantiese onderskeidende kenmerke) se posisie in 'n gegewe sinskonteks afgelei (vgl. Taylor, 2009:85). Betekenis reik egter aansienlik verder as net die strukture van 'n taal. Taal word binne 'n wyer konteks aangeleer en gebruik, daarom is betekenisomskrywing oop (“open-ended”) en nie rigied nie (Langacker, 1987:155). Dit omvat alle soorte kennis addisioneel tot dié van taal, veral ensiklopediese en kulturele kennis. 'n Spreker se begrip van 'n motor sluit in dat 'n motor gewoonlik vier wiele het. 'n Motor waarvan die een wiel vermis word, is nog steeds 'n motor. Stel jou voor daar staan 'n 1966 Cadillac Eldorado in my buurman se erf. Al vier sy wiele is weg. Gelyktydig staan daar 'n 1966 Cadillac Eldorado op my kollega se plaas. Die kar het nog al vier sy wiele, maar die Cadillac se enjin werk al vir 25 jaar nie. Nóg my buurman, nóg my

kollega se Cadillac is in 'n werkende toestand, maar al twee is steeds herkenbaar as 'n verouderde voertuig van 'n bepaalde fabrikaat en model. Dit wat ons van karre weet, is meestal ensiklopedies en kultureel.

Hoe 'n spreker woorde verstaan en gebruik, het baie te make met hoe hy sy wêreld sien en verstaan (Taylor, 2009:87). Volgens Löbner (2003:302) is semantiese konsepte, wat deel van ons kennissisteem uitmaak, in ons leefwêreld geïntegreerd. Ons begrip van die wêreld het 'n direkte invloed op die manier waarop ons taal gebruik. Daarom is die onderskeid tussen sogenaamde linguistiese en ekstralinguistiese kennis (Langacker, 1987:154) onnatuurlik en onlogies. Löbner (2003:302) verwoord dit soos volg:

Viele Vertreter der kognitiven Richtung plädieren aber dafür, die Unterscheidung aufzugeben. Sie argumentieren, dass unser sprachliches Wissen so eng und komplex mit unserem gesamten kognitiven System verflochten sei, dass eine Trennung unmöglich ist; auch könne die Bedeutung eines Wortes nur vollständig beschrieben werden, wenn man das Konzept in umfassendere Strukturen in einem kognitiven System einbettet.³⁵

'n Meer fundamentele rede om die onderskeid op te hef, lê by die feit dat die aanvaarbaarheid en interpreteerbaarheid van taal afhanklik is van die aktivering van 'n persoon se ensiklopediese kennis (Taylor, 2009:87). Ensiklopediese kennis kan as 'n spreker se breë verstand van die wêreld gesien word. Daardie wêreld bestaan uit uiteenlopende asook verbandhoudende sisteme en subsisteme. Sommige individue se ensiklopediese kennis sal grondiger wees as ander s'n. Taylor (2009:86) meen 'n ensiklopediese benadering tot betekenis kan afbakeningsprobleme tot gevolg hê. Nie alles wat 'n spreker omtrent die konsep HOND weet, is noodwendig relevant tot die betekenis van die woord in sy bepaalde konteks nie. Verder verwys Taylor ook na die feit dat ensiklopediese inligting van spraakgemeenskap na spraakgemeenskap kan verskil. Byvoorbeeld, 'n Westerse persoon in Suid-Afrika beskou honde waarskynlik anders as sommige Viëtnamese persone, wat daaraan gewoond is om *thit cho* (hondevleis) te eet. Die kennis van HOND verskil dus.

Ensiklopediese kennis stem dikwels met kulturele kennis ooreen. 'n Mens verstaan immers sy wêreld aan die hand van sy kulturele (en subkulturele!) perspektief. Maar waar ensiklopediese kennis in sommige opsigte universeel kan wees, is kulturele kennis somtyds

³⁵ Baie verteenwoordigers van die kognitiewe leer pleit daarvoor om dié onderskeid te beëindig. Hulle argumenteer dat ons linguistiese kennis so eng en ingewikkeld met ons kognitiewe sisteem vervleg is, dat 'n onderskeid onmoontlik is; selfs wanneer dit blyk dat die betekenis van 'n woord alleen (volledig) omskryf kan word as die relevante konsep in omvattende strukture in ons kognitiewe sisteem ingebed word (soos wat George Lakoff en kie postuleer).

beperk tot spesifieke groepe en streke. Kulturele kennis kan deur direkte waarneming en deelname verkry word, maar kan ook van een na 'n ander oorgedra word. 'n Spreker se kennis omtrent 'n begrafnisseremonie of -ritueel is kultureel van aard. Selfs al was die spreker nog nooit by 'n begrafnis nie, behoort hy steeds die fundamentele kenmerke daarvan te ken en te verstaan (vgl. Quinn en Holland, 1989:20-22); soveel so dat 'n spreker waarskynlik duidelike verskille tussen die praktyke van sy kultuur en dié van ander sal kan opmerk.

Die belang van kulturele kennis vir leksikale semantiek is reeds deur Fillmore (1982:34) geïllustreer met verwysing na die woord “bachelor”. Fillmore dui aan dat die woord slegs binne 'n kulturele konteks gedefinieer kan word waar bepaalde verwagtinge omtrent die huwelik en omtrent 'n geskikte ouderdom heers. Die woord “bachelor” kan dus nie buite daardie kulturele begrip gebruik word nie. Daarom kan die pous byvoorbeeld nie as 'n vrygesel gesien word nie. Dieselfde geld 'n man wat reeds sedert kindsbeen in 'n koma lê (Quinn en Holland, 1989:23). Dit is ook hier waar die navorsing van Lakoff en sy vennote rakende onder meer kognitiewe modelle, metafore en metonimie relevant raak. Maar wanneer dit by leksikaal-semantiese probleme kom, lê die gebruikswaarde vir 'n hof myns insiens eerder by *frames*. *Frames* hanteer betekenis deur by die betrokke konsep(te) te begin en die verskillende soorte kennis en kontekste in te trek. Met ander woorde, daar word meestal by die betekenis (en onderskeie betekenisverhoudings) begin en daarna na die woord beweeg. *Frames* kom in subafdeling 4.4.5 aan bod.

Voordat *frames* en prototipes onder die loep geneem kan word, moet konsepte van nader beskou word.

4.4.3 Konseptuele betekenis

Ek het reeds in 4.2.1 vlugtig na konsepte verwys as die kognitiewe voorstelling van betekenis. Soos Barsalou (1992:31) aandui, bestaan 'n konsep uit verskillende soorte inligting; hy sluit by Löbner, Lyons en Jackendoff aan deur sy siening van 'n konsep soos volg te verklaar: “... the descriptive information that people represent cognitively for a category, including definitional information, prototypical information, functionally important information, and probably other types of information as well.” 'n Belangrike saak wat Barsalou hier uitwys, is dat konsepte kategorieë verteenwoordig. Dus, konsepte is verteenwoordigend van inligting wat kognitief gekategoriseer word. Margolis (2000:552, 553) beskou konsepte soortgelyk aan 'n liasseersistiem. In 'n liasseersistiem word inligting volgens relevansie in aparte lêers gekategoriseer en elkeen van daardie lêers bevat 'n etiket

wat die versamelde inligtingstukke leksikaal verteenwoordig. Byvoorbeeld, 'n lêer met die etiket PRETORIA kan 'n groot verskeidenheid inligting omtrent die stad bevat, onder meer sy ontstaansgeskiedenis, sy rol in Suid-Afrikaanse geskiedenis, sy karaktereienskappe en omskrywings, relevante statistiek, en so meer. Ofskoon die liasseerkabinet afsonderlike lêers bevat, beteken egter nie dat soortgelyke inligting nie in ander lêers kan dupliseer nie. 'n Lêer oor JOHANNESBURG kan soortgelyke inligting bevat, maar relevant tot daardie stadsgebied.

In sy *Filosofiese Ondersoeke* verskil Wittgenstein (2000:173) van Frege deur die grensloosheid van konsepte te aanvaar. Waar Frege konsepte met vae of geen grense verwerp, beskou Wittgenstein (2000:174) grense as iets wat vloeibaar is. Vir Wittgenstein is die grense van konsepte nie vir twee mense dieselfde nie, maar hou wel met mekaar verband. Konsepte kan dus nie ingeperk word nie, veral nie deur definisies nie. Vir Wittgenstein lê betekenis eerder in die gebruik van woorde. Jy kan byvoorbeeld die woord *spel* nog steeds gebruik al kan jy dit nie definieer nie.

In sy bespreking van Fodor se *asymmetric-dependence theory*, verwys Margolis (2000:549, 552-553) na 'n belangrike aspek van konsepte, naamlik hul verhouding met die wêreld. Net soos 'n spreker se taalbegrip verband hou met sy kennis van die wêreld en sy kulturele ervaring, só ook is konsepte verbind aan 'n spreker se begrip van sy wêreld en kultuur. Met ander woorde, die lêer in die liasseerkabinet hou verband met dinge buite daardie lêer. Aangesien konsepte aan 'n spreker se leefwêreld verbind is, beteken dit dat konseptuele inligting nie noodwendig drasties van persoon tot persoon kan verskil nie (Margolis, 2000:554). Die feit dat Suid-Afrikaners anders na honde kyk as Viëtnamese (eersgenoemde sien honde byna uitsluitlik as huisdiere en laasgenoemde beskou honde onder meer as kos), beteken egter nie dat die basiese konsep van honde noemenswaardig verskil nie. Dat honde viervoetige soogdiere is wat uit 'n groot aantal rasse bestaan en blafgeluide maak, is waarskynlik deel van sowel Suid-Afrikaners se konsep van HOND as dié van Viëtnamese.

Rey (2000:282-284) lys vier hoof funksies van konsepte, waarvan die laaste drie uitstaan: taalfunksie, metafisiese funksie en epistemologiese funksie. Waarop dit alles neerkom, is dat konsepte 'n platform skep waardeur ons metafisika (wat die wêreld behels) en epistemologie (wat ons van die wêreld weet of dink) verstaan. Daardie konsepte word deur taal uitgedruk (geleksikaliseer). Sake raak egter troebel wanneer dit by vaardige, volwasse sprekers se vermoë kom om konsepte te definieer of te omskryf. As 'n konsep deur middel van 'n leksikale item verteenwoordig word, moet dit tog gedefinieer kan word? Barsalou (1982)

voer aan dat konsepte twee soorte eienskappe bevat, te wete konteksonafhanklike en konteksafhanklike eienskappe. Konteksonafhanklike eienskappe word deur 'n konsep se leksikale item geaktiveer, byvoorbeeld SLANG aktiveer onder meer “giftig”, “gevaarlik”, “pik”, “seil”, ens. Hierdie eienskappe word met elke geleentheid opgeroep en hou met 'n spreker se interaksie met die konsep verband. (In die geval waar 'n spreker 'n niegiftige slang as troeteldier aanhou, sal daardie spreker ander eienskappe met die konsep assosieer, soos “mooi”, “vriendelik”, “lui”, ens.) In kontras word die konteksafhanklike eienskappe byna nooit deur die konsep se leksikale item geaktiveer nie. Die woord “slang” aktiveer nie die eienskap “reën” nie. Slegs binne konteks word “reën” met “slang” geassosieer, in die geval waar 'n spreker van eilandbewoners in die Stille-oseaan leer wat met slange dans om die reëngod te dien. Hier vorm die eienskappe deel van die betrokke konsep, maar word nie deur 'n bepaalde leksikale item geënkodeer nie. Slegs die relevante konteks kan sekere konseptuele eienskappe aktiveer. Omdat die konteksafhanklike eienskappe nie onmiddellik deur 'n woord/woorde geaktiveer word nie, is die assosiasie tussen die eienskappe en die woord(e) swak. Dit gee daartoe aanleiding dat betekenis deur middel van afleidings gekonstrueer (kan) word (Barsalou, 1982:82-83).

Konsepte word nie alleenlik deur een leksikale item verteenwoordig nie, maar eerder deur die voorbeelde wat met die konsep geassosieer word (oftewel deur eienskappe, soos Barsalou daarna verwys) (sien Smith en Medin, 2000). Dit wil sê, 'n aantal woorde kan gebruik word om 'n konsep te verwoord. Aangesien 'n konsep se betekenis nie uitsluitlik deur 'n enkele definisie of omskrywing geënkodeer (kan) word nie, maar ook van konteks en tipiese voorbeelde afhanklik is, is dit myns insiens voor die hand liggend dat 'n konsep die volksmond (en volkskennis) sal akkommodeer. Met ander woorde, konsepte is nie beperk tot standaardtaal nie, want betekenis vloei nie uit taal voort nie. Taal is eerder die medium waardeur konsepte gekommunikeer word. As sodanig word konsepte ook deur niestandaardvariëteite van taal gekommunikeer. Die feit dat konsepte deur middel van die volksmond – in al sy onderskeie variëteite – verwoord word, hou implikasies vir die regspraktyk in. Dit impliseer dat woorde in bepaalde kontekste anders gebruik kan word as waarvoor woordeboeke en definisies in wetstekste voorsiening maak. Dit impliseer ook dat bepaalde woorde in sekere kontekste uitgebreide betekenis mag hê wat nie deur 'n hof of die wetgewer voorsien word nie. Dit impliseer uiteindelik dat 'n hof eerder konsepte in plaas van woorde moet bestudeer. Begin by die betekenis en beweeg na die woord.

Die mens verwerk betekenis deur inligting (in die vorm van konsepte) te struktureer. Rosch (2000:190) verduidelik dat die waargeneemde wêreld nie soos 'n laboratorium uit ongestruktureerde, herhalende kenmerke bestaan nie, maar dat materiële objekte in die waargeneemde wêreld liever uit onderling, verbandhoudende strukture bestaan. Met ander woorde, konsepte bestaan uit 'n aantal items wat ons kognitief kategoriseer. Sommige van hierdie items is beter voorbeelde van die kategorie (beter voorbeelde van die konsep dus) as ander. Rosch (2000:198) beweer dat kinders heel eerste die tipiese voorbeelde van 'n kategorie aanleer, gevolg deur die ander lidmate van daardie kategorie. Dit beteken dat kategorisering 'n natuurlike wyse is waarop mense betekenis konstrueer en verstaan. Taylor (2011:3) redeneer dieselfde: “Organisms categorize in order to manage the myriad impressions of the environment. If something looks like an X, then it may well be an X, and we should behave towards it as we would towards other Xs.”

Kategorisering sluit die verskynsel van prototipes in.

4.4.4 Kategorisering

Prototipes word gewoonlik in teenstelling met die klassieke siening van kategorieë bespreek.³⁶ Binne die klassieke teorie onderskei Aristoteles vier beginsels vir kategorieë (Mangasser-Wahl, 2000:11; Taylor, 2009:21):

- 'n Kategorie word gedefinieer in terme van noodwendige en voldoende kenmerke. Dit wil sê, 'n item bevat sekere kenmerke op 'n gegewe oomblik, of glad nie. 'n Item kan nie gelyktydig sekere kenmerke bevat en dit ook nie bevat nie. 'n Muur is óf rooi geverf, óf dit is nie.
- Kenmerke is binêr. Omdat dit 'n geval is van óf-óf, behoort die betrokke item tot die kategorie of dit behoort nie tot die kategorie nie. Daar ontstaan derhalwe twee kampe, een met die gepaste lidmate en een daar sonder.
- Kategorieë het duidelike grense. Enige item wat aan al die kenmerke van 'n kategorie voldoen, is volledig lid. Daar is nie grade van lidmaatskap nie. 'n Item is óf volkome lid van 'n kategorie, óf die item val buite daardie groepering; dus geen interne struktuur nie.
- Alle lede van 'n kategorie het gelyke status.

³⁶ Sien gerus Zawada en Swanepoel (1994) se artikel waarin hulle verskeie uitkykpunte aangaande kenmerke en konsepte met mekaar in tabelformaat vergelyk, onder meer die klassieke teorie, hibriede teorieë en die prototipeteorie.

Die kraake in die klassieke siening van kategorieë is onder andere in Wittgenstein (2000) se bespreking van “spel” sigbaar. Deur na die verskillende voorbeelde van speletjies te kyk, kom hy tot die gevolgtrekking dat die onderskeie speletjies nie ’n vaste stel ooreenkomste met mekaar deel nie en dat ’n mens eerder van ’n netwerk van ooreenkoms moet praat (vgl. Taylor, 2009:42). Wittgenstein verwys na hierdie soortgelykheid as familie-ooreenkoms: dit wil sê daar is raakpunte, maar die familieledede stem nie almal volkome ooreen nie. Hy gaan ’n stap verder deur te spekuleer hoe ’n mens die konsep van SPEL moontlik kan aanleer, te wete deur middel van voorbeelde: “This *and similar things* are called ‘games’.” (Wittgenstein, 2000:172; Talyor, 2009:43). Volgens Wittgenstein (2000:172) word ’n konsep onbruikbaar sodra jy ’n duidelike grens trek en die konsep afbaken. Jy kan daarom nie vaste grense trek vir ’n konsep soos SPEL nie, omdat die voorbeelde van speletjies nie heeltemal ooreenstem nie. Die voorbeelde vorm saam ’n kategorie wat verteenwoordigend van die betrokke konsep is. Uit Wittgenstein se bespreking is dit duidelik dat kategorieë nie binêr kan wees nie en dat lede nie heeltemal met mekaar ooreenstem nie. Belangriker nog is die vaagheid van grense. Omdat ’n kategorie se grense vaag is, is die kenmerke wat lidmaatskap bepaal nie meer noodwendig nie.

So, gesien in die lig van die bostaande, wat is ’n prototipe? Taylor (2011:2) beskryf ’n prototipe as die beste, mees tipiese en sentraalste lid van ’n kategorie. Items vorm deel van ’n kategorie na aanleiding van hul verhouding tot/met die prototipe (vgl. ook Löbner, 2003:267 en Langacker, 1987:59-60). Volgens Rosch (2000:200) is ’n prototipe ’n verteenwoordiging van prototipikaliteitsgrade. Met ander woorde, ’n prototipe is nie ’n enkele, beste voorbeeld van ’n kategorie nie, maar moet liever gesien word as gráde van tipiese voorbeelde van ’n groep. Dus, daar is meer as een voorbeeld wat tipies van ’n kategorie is. ’n Prototipe kan meer as een voorbeeld verteenwoordig. Die prototipeteorie reflekteer die volgende kenmerke (Mangasser-Wahl, 2000:13-16; Löbner, 2003:265):

- Gegradeerde kategoriestructuur. Lede van ’n kategorie het nie dieselfde status nie.
- Prototipe as beste voorbeeld. Die prototipe is dikwels die mees verteenwoordigende voorbeeld van ’n kategorie.
- Geen noodwendige voorwaardes nie. Met ander woorde, lede van ’n kategorie hoef nie aan nougesette vereistes te voldoen om lid van ’n kategorie te wees nie. Lede hoef nie alle kenmerke te deel nie.

- Familie-ooreenkoms. Lede reflekteer familiële ooreenkoms en word dáárom saamgegroepeer.
- Prototipe as maatstaf vir kategorisering. Lidmaatskap word dikwels bepaal op grond van die lid se verhouding ten opsigte van die prototipe.
- Geleidelike lidmaatskap.
- Frekwensie. Hoe meer gereeld 'n kategoriëlid voorkom of ervaar word, hoe meer prototipies is daardie lid. ('n Korpussoektoeg is ideaal om frekwente woordgebruik en – betekenis aan te dui en kan op dié wyse help om die prototipe van gewone woorde uit te wys. Sien Barsalou, 1992:47; Mangasser-Wahl, 2000:17; Geeraerts, 2007:169, 173 e.v.)
- Vae grense.

Wat ons omtrent prototipes weet, het meestal uit Rosch se aanvanklike eksperimente na vore gekom. Haar bekendste eksperimente hou met sogenaamde natuurlike kategorië verband.³⁷ Rosch het probeer bepaal tot watter mate natuurlike kategorië gekenmerk kan word aan die hand van tipiese voorbeelde. Sy het 'n aantal natuurlike kategorië geneem en studente gevra om te bepaal watter van die items goeie voorbeelde van daardie kategorië is (Rosch 1975a). Vandag is haar resultate vir <meubels> en <voëls> die bekendste (sien Rosch 1975a; Mangasser-Wahl, 2000; Löbner, 2003; Taylor, 2009 en Geeraerts, 2010 vir grondiger besprekings van Rosch se kategorië-eksperimente). 'n Stoel is die beste voorbeeld van meubels, terwyl 'n telefoon as die swakste voorbeeld beskou word. Rosch se eksperiment dui onder andere aan dat daar grade van lidmaatskap is en dat 'n mens kognitief gradeer wanneer hy items klassifiseer (vgl. Taylor, 2009:47). Deelnemers sien items soos yskas, televisie en hangkas as swakker voorbeelde van meubels in vergelyking met laaikas, skryftafel en ottoman, wat meer verteenwoordigend is.³⁸ Konteks is 'n uiters belangrike beginsel by prototipes en is 'n medebepalende faktor by kategorisering (Rosch, 2000:202). 'n Pikkewyn is dalk nie 'n tipiese voorbeeld in die kategorië <voël> nie, maar dit mag dalk die beste voorbeeld wees vir <arktiese voël> of <vluglose seevoël>.

Vir die doeleindes van hierdie studie beskou ek veral twee aspekte van die prototipeteorie as belangrik; dit is die sogenaamde “**basic-level categories**” en die kwessie van kultuurinvloed.

³⁷ Met “natuurlike kategorië” bedoel Rosch konsepte wat deur middel van woorde in natuurlike taal uitgedruk word. Dit is in kontras met onnatuurlike kategorië wat deur syfers, kolle, letters of visuele afbeeldings voorgestel word (Taylor, 2009:45).

³⁸ Ek wonder hoeveel Rosch se resultate sal ooreenstem indien die eksperiment vandag herhaal sou word? Dink aan 'n selfoon, skootrekenaar, tablet en MP3-speler. Sal hierdie items deurgaans as meubelstukke? Hulle vorm maklik 'n verskeidenheid van kategorië, soos <tegnologie>, <persoonlike items>, <draagbare huishoudelike items>, ens.

4.4.4.1 Basic level categories

’n Taksonomiestruktuur bestaan uit drie kategoriseringsvlakke: superordinate, ’n basiese vlak en subordinate. Die basiese kategorievlak staan uit, want dit is die vlak waar die meeste items benoem word en is oor die algemeen ryker in inligting as die superordinaat en soms die subordinaat (Rosch et al, 1976; Taylor, 2011:8). Wanneer mense ’n afbeelding van ’n appel sien, word die afbeelding nie eerste as ’n “soort vrug” geklassifiseer nie, maar eerder as ’n “appel”. Sommige mense mag dalk meer spesifiek wees en die afbeelding ’n “Golden Delicious” noem, maar sulke mense is waarskynlik in die minderheid. Die superordinaat is geneig om vaag te wees, terwyl die subordinaat weer baie spesifiek is. Die *basic level category* is verteenwoordigend van die prototipe, want die tipiese voorbeeld van ’n kategorie gaan lê gewoonlik op hierdie vlak (Mangasser-Wahl, 2000:34-35). Löbner (2003:274) dui aan dat die basiese vlak die enigste vlak is wat verteenwoordigend van die hele kategorie is. Dit wil sê, dat “appel” verteenwoordig sowel die superordinaat (“soort vrug”) as die subordinaat (“Golden Delicious”). Nog ’n belangrike aspek rakende basiese kategorievlakke is dat die basiese kategorie gekenmerk word deur die manier waarop ons met die item omgaan, hoe ons die item hanteer (Rosch et al, 1976:393 e.v.; Löbner, 2003:275; Taylor, 2011:8). Die meeste mense weet iets omtrent piesangs as vrug, want die meeste van ons eet (of drink) piesangs in ’n verskeidenheid van hoedanighede. Dit is waarskynlik veilig om te sê dat ’n piesang ’n prototipe van <vrug> is. Maar ’n piesang as ’n taferversiering is moontlik minder bekend en daarom nie ’n tipiese gebruik van piesangs nie en ook nie ’n tipiese voorbeeld van ’n taferversiering nie.³⁹ Basiese kategorievlakke word meestal deur kort woorde verteenwoordig wat frekwent gebruik en dikwels eerste deur sprekers (binne konteks) aangeleer word (Rosch et al, 1976:406 e.v.; Rosch, 2000:198; Löbner, 2003:276; Taylor, 2011:8, 9; sien ook Fillmore, 1977:62).

Wat is die relevansie daarvan vir forensiese semantiek en die gewone betekenis van woorde? Baie van die woorde (alhoewel nie almal nie, uiteraard) wat in ’n hof volgens hul gewone betekenis geïnterpreteer moet word, val binne die basiese kategorie. In haar eksperimente het Rosch (Rosch et al, 1976:423 e.v.; Rosch, 2000:196) bevind dat volwassenes afbeeldings van subordinate telkens op die basiese vlak benoem het, ten spyte daarvan dat hulle die korrekte woorde vir sowel die superordinaat as die subordinaat geken het. Die basiese kategorievlak

³⁹ ’n Vriendin van my het een keer ’n doerian by haar naaste supermark gekoop. Sy het nog nooit ’n doerian teëgekom nie en gedink dit maak ’n pragtige tafelornament, totdat sy uiteindelik besluit het om die vrug oop te kap. Tot haar spyt. As Suid-Afrikaners in die algemeen begin het om doerians vir versiering te gebruik, in plaas van te eet, sou ’n doerian se basiese kategorievlak in Suid-Afrika <versiering> aangedui het en nie <vrug> nie.

verteenvoerdig die gewone betekenis van woorde, terwyl die subordinaat geneig is om die meer tegniese betekenis aan te dui. Omdat grense van woorde vaag is en omdat die prototipe aan die ander lede van die kategorie geken word, is dit nie so eenvoudig om 'n woord in 'n woordeboek op te soek en die gewenste resultaat te vind nie. Dit sou eerder raadsaam wees om te bepaal op watter kategorievlak die betwiste woord te vind is en wat daardie woord se verhouding ten opsigte van die prototipe en ander lede is. Uiteindelik behoort die gradering van kategorisering meer omtrent 'n woord se betekenis (binne regs-konteks) bekend te maak as 'n woordeboekdefinisie, aangesien kategorisering baie nader aan 'n spreker se hantering van betekenis kom.⁴⁰


4.4.4.2 Konteks en kultuurinvloed

Rosch (1975b, 2000:190, 200, 202) maak dit duidelik dat kategorisering binne kultuurgrense plaasvind en eksplisiet aangeleer word (kinders leer byvoorbeeld dat lemoene binne en buite oranje-keurig is en dat aarbeie pienk is – vergelyk leesboekies en leerplakkate vir kinders). Wat Amerikaners as tipiese troeteldiere beskou, sal waarskynlik van 'n Groenlander se tipiese voorbeeld verskil. Rosch (2000:201) dui verder aan dat sommige kenmerke van kategorie-items aan 'n spreker se kennis omtrent die wêreld verbind is (soortgelyk aan 'n *basic level category* en aan Wittgenstein se idees, waar die motoriese hantering (of gebruik) van 'n item ook die betekenis van die meegaande woord medebepaal) (vgl. ook Taylor, 2011:10; Wittgenstein, 2000:173). 'n Kenmerk van TAFEL, soos “jy eet daarop”, impliseer dat die spreker met tafels en die gebruike daarvan vertrou is. In Indië eet baie mense gewoonlik op die grond, dus is daardie kenmerk van TAFEL nie relevant in Indië nie. Watter kategoriseringsvlak 'n spreker verkies om van gebruik te maak, hang ten nouste saam met kulturele begrip en die relevante konteks. 'n Persoon wat na 'n meubelwinkel gaan met die doelwit om 'n stoel te koop, sal waarskynlik op 'n ander vlak oor stoele praat as die basiese kategorievlak (Rosch, 2000:202). Die konteks bepaal dat daardie persoon iets baie spesifiek in gedagte het, selfs al is hy net op soek na 'n baie eenvoudige soort stoel. Die onmiddellike konteks bepaal dus hoe hy met die verkoops persoon oor stoele gaan praat.

⁴⁰ Hoewel daar in dié studie op die leksikale semantiek gefokus word, en aspekte soos die basiese kategorievlak belangrik is, is dit belangrik om uit te wys dat sintaktiese konstruksies ook 'n prototipe karakter reflekteer. Derhalwe kan 'n ondersoeker die prototipe-teorie op die sintaksis van 'n langer teks toepas om sodoende beter insig te verkry. 'n Studie van prototipes in komplekse sinskonstruksies in regstekste, soos kontrakte, kan waardevol en insiggewend wees. Sien gerus Beard (2005) se benadering tot prototipes en stilistiek in haar sintaktiese ontleding van swaar naamwoordstukke in langer tekste; sien ook Langacker, Lakoff en Taylor.

Kulturele invloed is ook vroeg reeds in Labov (1973) se bekende eksperiment vir die kategorisering van huishoudelike houers (en die grense van die bypassende woorde) sigbaar (bestudeer Figuur 4.4). In sy eksperiment het Labov lyntekeninge aan deelnemers voorgedhou. Deelnemers moes die lyntekeninge kategoriseer na aanleiding van die grootte, diepte, hoogte en wydte van die voorgestelde objek. Die feit dat een helfte van die lyntekeninge objekte met ore voorgestel het, het 'n direkte invloed op deelnemers se keuses uitgeoefen. Party voorstellings is maklik as bekere of koppies uitgeken, terwyl ander maklik as bakkies en vase geklassifiseer is. Labov het deelnemers ook gevra om hulle voor te stel dat die verskillende houers met verskillende soorte inhoud gevul is, byvoorbeeld koffie. In daardie geval word item 3 as 'n koffiebeker beskou. 'n Houer soos item 7 sal eerder vir sop gebruik word. Labov se eksperiment dui onder meer aan dat items op grond van hul eienskappe gekategoriseer word en dat daardie eienskappe nie inherent tot die item is nie, maar deur kultuur bepaal word (Taylor, 2009:44). Labov se eksperiment is in Amerika uitgevoer, waar mense gewoonlik koffie uit 'n beker drink. Maar in groot dele van Frankryk drink mense koffie en tee uit 'n bakkie, soortgelyk aan item 7. Sou die eksperiment in Frankryk gedoen word, is daar 'n sterk moontlikheid dat deelnemers item 7 met koffie in plaas van sop assosieer. As die eksperiment in Egipte of Indië gedoen was, sou deelnemers waarskynlik item 8 met tee en koffie geassosieer het, aangesien inwoners van daardie twee lande warm drankes meestal uit glase drink.

Figuur 4.4: Labov se houers



(Geneem uit Löbner, 2003:262.)

Lede van kategorieë, hetsy die prototipe of die ander lede, is in kultuur en konteks vasgelê. Ek het reeds in subafdeling 4.4.2 na Fillmore se voorbeeld van “bachelor” verwys. Dit is

onmoontlik om die woord lukraak in 'n woordeboek op te soek en op situasies toe te pas sonder om die konteks en kulturele begrip van die konsep te oorweeg. Die HAT (Odendal en Gouws, 2010:1357) definieer 'n vrygesel soos volg: “Ongetroude man op 'n ouderdom wanneer mans normaalweg reeds trou.” (Daarna verander die status na “oujongkêrel”...) Na my mening is die prototipe van 'n (blanke) Suid-Afrikaanse vrygesel 'n man tussen sy laat twintigs en vroeë veertigs wat hom nog nie tot 'n vrou in die huwelik wil verbind nie. Só 'n man word dikwels beskou as iemand wat nog nie “ernstig” is nie en wat eers nog wil “speel/partytjie”, voordat hy die “verantwoordelike” ding doen en trou; 'n man wat bang is vir 'n vaste verbintenis. Maar soos Fillmore en Lakoff aandui, kan die woord nie toegepas word op Katolieke geestelikes, ongetroude mans in langtermynverhoudings, mans in gay verhoudings of mans in poligame kulture wat slegs met een vrou getroud is nie (Fillmore, 1982:34; Lakoff, 2007:133; Taylor, 2011:11).

'n Woord soos “bachelor” as *basic level category* sou moontlik vir 'n hof probleme kon skep as 'n hof die gewone betekenis van daardie woord sou moes bepaal en bloot op 'n woordeboek staatgemaak het. Maar daar is 'n manier waarop 'n hof die betekenisonderskeidings saam met die kategorievlakke, konteks en kultuur kan bepaal, naamlik die gebruik van *frames*.

Vervolgens 'n oorsig van *frames*.

4.4.5 Frames

Charles Fillmore se idees rondom *frames* en *frame semantics* het 'n reuse-invloed gehad op die manier waarop veral semantici, kognitici en sielkundiges na die betekenis van woorde kyk. *Frames* het sy fondasie in Fillmore (1968) se kasusgrammatika en het van daar 'n sigbare evolusie ondergaan. Sy vroeë beskrywings van *frames* is sterk deur navorsing oor prototipes (byvoorbeeld Rosch) beïnvloed asook sy eie sienings rondom deiksis, skemata en sogenaamde “scenes” (Fillmore, 1976, 1977, 1982, 1987). Hy werk vroeg reeds met die konsepte KOOP en VERKOOP en argumenteer dat die woorde spesifieke ervarings en agtergrondkennis oproep, naamlik goedere, transaksie, geld, koper en verkoper, gee, neem, ensovoort. 'n Woord as leksikale item verteenwoordig derhalwe ervaring en ensiklopediese kennis tesame met die linguïstiese betekenis van die woord.

Fillmore (2007:238) definieer *frames* as

a system of concepts related in such a way that to understand any of them you have to understand the whole structure in which it fits [...]; words represent categorizations of

experience, and each of these categories is underlain by a motivating situation occurring against a background of knowledge and experience.

Frames werk in baie opsigte soortgelyk aan *gestalt*; die geheel is soms belangriker as die dele. Fillmore (1982:60) argumenteer dat wanneer ons weet hoe die geheel lyk, sal ons die woordeskat wat met die geheel verband hou, verstaan. Ons verstaan woorde (en konsepte) soos lenings, deposito's, paaielemente, aflosbedrae en rente aan die hand van onder meer die [motor-koop] en [kommersiële transaksie] *frames*. Ons weet dat wanneer jy 'n kar koop, dit waarskynlik deur middel van motorfinansiering sal geskied. Die koper betaal die geld aan die bank terug deur elke maand 'n vasgestelde bedrag te betaal. Soms vereis die bank dat die koper 'n som geld moet neersit voordat hulle die finansiering sal goedkeur. Die terugbetaling word gekoppel aan rente. Ensovoort. 'n Woord soos "paaielement" roep 'n groter *frame* op as sy definisie. Volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2010:841) is 'n paaielement gelyke bedrae wat op vasgestelde tye betaal moet word om 'n groter som geld te vereffen. Maar die woord impliseer meer as dit. Ons verstaan die woord aan die hand van rolspelers wat by paaielemente betrokke is en die omstandighede waaronder paaielemente uitgewerk en terugbetaal word. Ons weet dat paaielemente eers terugbetaal mag word sodra 'n lening van soorte goedgekeur is. Daar is spesifieke kriteria aan só 'n goedkeuring verbonde. Die [paaielement] *frame* impliseer ook dat daar 'n kontrak tussen twee partye bestaan wat die omstandighede vir terugbetaling bepaal. Verder sluit [paaielement] reputasie in. Paaielemente wat stiptelik terugbetaal word, skep uiteraard 'n positiewe beeld van die koper (gevolglik het die koper 'n gesonde kredietrekord) teenoor paaielemente wat onreëlmatig terugbetaal word (wat die koper van toekomstige transaksies mag weerhou).

Fillmore (1985:223) voer aan dat woorde groepe vorm wat sprekers dikwels saam aanleer (of behoort saam aan te leer). Woorde soos "pa", "ma", "seun" en "dogter" vorm saam 'n groep wat met familie geassosieer word. Hierdie woordgroepe funksioneer as leksikale verteenwoordigers van betrokke ervarings en kennis. Sprekers leer nie hierdie woorde in isolasie aan nie. Die woorde verteenwoordig betekenisnetwerke; *frames* waarin uitgebreide betekenis saamgevat is. Ons kan die betekenis van individuele woorde soos "pa" en "seun" verstaan, omdat ons die verhouding tussen 'n pa en sy seun begryp (Fillmore, 1985:224). Die woord "pa" verteenwoordig 'n konsep wat binne 'n groter veld, of *frame*, bestaan, te wete die [familie] *frame*. Laasgenoemde bevat 'n groot aantal verhoudings, ervarings en agtergrondkennis. Sake soos ouderdom, rolle, sekondêre verhoudings, gender, ens. word hierdeur verteenwoordig (Fillmore, 1985:225). Die konteks bepaal watter een van hierdie

tallose konsepte deur 'n bepaalde leksikale item opgeroep word. Die woord “pa” roep byvoorbeeld 'n totaal ander betekenis op wanneer daar oor religie gepraat word as wanneer 'n spreker na 'n spermskenker verwys. *Frames* wat deur leksikale items opgeroep word, ontspring uit algemene (ensiklopediese) kennis, uit kennis wat onafhanklik van die gegewe teks bestaan en dit ontspring uit kennis wat deur die gegewe teks ontsluit en meegedeel word (Fillmore, 2007:249).

'n Woord se betekenis het meer te make met die konseptuele onderbou as met die meegaande woorde in daardie woordveld (Fillmore, 1985:228). Dit is ook moontlik vir 'n spreker om die volle betekenis van 'n sekere woord in 'n *frame* te verstaan, sonder om enige van die ander woorde in die *frame* te verstaan (Fillmore, 1985:229). Binne *frame semantics* word onbekende of tegniese woorde teen die nodige agtergrond geplaas en aan die hand van woord- en kennisverhoudings geïnterpreteer (Fillmore, 1985:229).

Fillmore (1985:232) maak nog 'n belangrike punt wanneer hy sê dat *frames* nie bloot gesien moet word as die kategorisering van ervarings en as 'n manier waarop verstaan word nie, maar moet ook gesien word as 'n wyse waarop leksikale en grammatikale betekenis beskryf en verdúidelik kan word.

Fillmore (2007:243) kenmerk *frames* verder soos volg: “we can say that the frame structures the word-meanings, and that the word ‘evokes’ the frame.” Die spreker pas 'n bepaalde *frame* op 'n spesifieke situasie toe deur woorde te gebruik wat in die gegewe *frame* gevestig is (Fillmore, 2007:246). Konteks is onontbeerlik. Sonder die konteks roep 'n woord nie 'n spesifieke *frame* op nie. Fillmore verwys na die woord “vegetariër”. 'n Vegetariër is 'n persoon wat plantstof bo vleis verkies. Die besluit om 'n vegetariër te wees, het dikwels met 'n persoon se oortuigings omtrent diereregte of gesondheid te make. Vegetarisme hou verband met lewenswyse en -besluite. Maar 'n persoon wat slegs plantstof eet omdat vleis te duur is of omdat vleis onbeskikbaar is, kwalifiseer egter nie as 'n vegetariër nie. Die woord roep onder sekere omstandighede 'n baie spesifieke *frame* op, terwyl dit onder ander omstandighede onvoldoende is. Wat dit beteken is dat die woord 'n kategorie verteenwoordig, <iemand wat nie vleis eet nie>, wat in verskillende kontekste gebruik kan word en waar die betekenis op uiteenlopende maniere tot sy reg kan kom. Die woord “vegetariër” kan nie volkome begryp

en omskryf word sonder om die betrokke kategorieë te ken en te oorweeg nie (vgl. Fillmore, 2007:246).⁴¹

Sommige *frames* is ingebore in die sin dat hulle 'n natuurlike deel van 'n spreker se kognitiewe ontwikkeling vorm (byvoorbeeld oppervlakkige kennis omtrent liggaamlike funksies), terwyl ander *frames* deur middel van ervaring en opleiding aangeleer word, waarvan sommige byna uitsluitlik van linguistiese gebruike afhanklik is (byvoorbeeld die name van maande) (Fillmore, 1985:232-233). Volgens Fillmore (1985:232) is dit algemeen vir *frames* om kontrasterende woordpare te bevat ("op" en "af"), net soos wat dit vir 'n geïsoleerde woord moontlik is om die enigste leksikale verteenwoordiger vir 'n frame te wees ("hop" of "huppel"). Dit spreek vanself dat verskille in betekenisonderskeidings verskille in *frames* teweeg bring (Fillmore, 2007:249). Verskillende soorte tekste en verskillende tale kan verskillende soorte *frames* oproep (Fillmore, 2007:255). *Frames* kan ook baie groot wees en 'n aantal kategorieë en sub-*frames* insluit; dit kan gelykertyd uiteenlopende betekenisbevat (Fillmore, 2007:248-249).

Ter illustrasie verwys ek weer na die hofsak *S v Molefe*.

Me. Molefe het haar doodgebore baba van die hospitaalstaf versteek met die bedoeling om die lyk mettertyd weg te gooi. By die huis plaas sy die lyk in 'n emmer, (maar vermeld nie waar sy die emmer geplaas het nie). Die polisie konfronteer haar egter daarvoor en sy word verplig om die lyk in die emmer uit te wys (vgl. par 2.2 en par 6). Die hof sê dat me. Molefe slegs probéer het om die lyk weg te gooi, maar nie daarin geslaag het nie.

Die hof gebruik die volgende twee kriteria om te bepaal of me. Molefe skuldig is:

- (1) dit moet 'n daad van permanensie wees; en
- (2) die item moet buite sig wees.

⁴¹ Wat baie moontlik hierby aansluit, is wat Barsalou (1983) as 'n ad hoc-kategorie beskryf. Barsalou voer aan dat mense ad hoc-kategorieë skep om spesifieke take te verrig of spesifieke doelwitte te bereik. Dié kategorieë verskil van die sogenaamde natuurlike of algemene kategorieë soos <vrugte> of <moord>. Die konsep MOORD suggereer dat Persoon A vir Persoon B met voorbedagte rade vermoor het en nou van die bewyse (byvoorbeeld die lyk) ontslae wil raak. Hoewel ad hoc-kategorieë op spesifieke doelwitte gefokus is, is die kategorie op sigself lukraak, byvoorbeeld <goeters om in te pak wanneer ek langs die rivier gaan kamp>. Barsalou (1983:213-214) verduidelik dat ad hoc-kategorieë nie behoorlik gevestigde verteenwoordiging in die geheue het nie. Wat hy daarmee bedoel, is dat algemene kategorieë, soos <moord>, 'n aantal items/lidmate bevat wat in 'n spreker se geheue geanker lê, byvoorbeeld moordenaar, moordwapen, moordtoneel, moorddaad, vermoorde, ens. Items wat moontlik verteenwoordigend is van <goeters om in te pak wanneer ek langs die rivier gaan kamp> is egter meer lukraak. Wanneer 'n mens die situasie van *S v Molefe* met MOORD vergelyk, is eersgenoemde eerder tipies van 'n ad hoc-kategorie as 'n algemene kategorie.

Volgens die hof was die lyk nie versteek nie, want dit was in 'n emmer waar enigiemand dit sou kon sien, dus nie buite sig nie. En die feit dat die lyk in 'n emmer was, beteken dat dit nie sy permanente weggooiplek is nie, maar 'n tydelike plek voordat die lyk permanent versteek sou word. In my opinie is hier twee aparte *frames* by betrokke: [attempted] en [disposal/dispose].

Die SACD definieer die twee woorde soos volg:

Attempt:	Om moeite te doen om iets te bereik of te voltooi (DUSAE, 2010:69).
----------	---

Dispose:	Om van iets ontslae te raak (DUSAE, 2010:339).
----------	--

Die *frames* impliseer meer as die definisies. [attempt] het te make met die feit dat jy iets uitprobeer met een van twee gevolge: jy slaag daarin of jy faal. In die geval dat jy slaag, is jou tweede keer nie soseer weer 'n probeerslag nie, maar eerder 'n kwessie van dóén. Hoe meer jy die bepaalde aktiwiteit herhaal, hoe meer ervare raak jy. In die geval dat jy faal in jou poging, kan dit gebeur dat jy die taak herhaaldelik probeer totdat jy die aktiwiteit regkry. Alternatiewelik verander jy jou strategie na die eerste mislukte poging en probeer iets anders. [attempt] impliseer onder meer die volgende:

'n eerste keer, herhaling, ervaring, gebrek aan ervaring, nuwe strategieë, uithouvermoë, vordering, om in iets te slaag of te faal; dit is die eerste stappe om 'n spesifieke taak te voltooi of 'n doel te bereik.

Die [disposal/dispose] *frame* dui die volgende aan:

dat 'n item weggegooi word, dat 'n probleem opgelos word, dat iets verberg word. Dit hang saam met die <u>persoon</u> wat <i>dispose</i> ('n vrou wat bang is), die rede <u>waarom</u> die persoon die item wil <i>dispose</i> (sy is bang vir die gereg; sy is nie besig met begrafnisreëlins nie), en <u>dit</u> waarvan ontslae geraak word ('n lyk, nie 'n stukkie papier nie). Lokasie word deur die woord opgeroep; <u>waar</u> word die item verberg? 'n Emmer dien hier as lokasie, hoewel tydelik.

Myns insiens is tyd nie noodwendig 'n belangrike faktor nie; ek stem nie met die hof saam dat finaliteit 'n bepalende kriterium is nie. Toe me. Molefe die baba se lyk in 'n emmer geplaas het (en die emmer waarskynlik ook verberg het), het sy duidelik die nodige moeite gedoen om die lyk te versteek. Besoekers kon dalk wel die lyk in die emmer raakgesien het, aldus die hof, maar hoeveel mense loop by 'n huis in en loer onder die gasvrou se tafel in of kyk wat sy binne-in haar huishoudelike houers, soos 'n emmer, stoor? Hierdie soort gedrag roep 'n ander *frame* op: [maniere/etiket]. Dié soort gedrag is meestal taboe. Dit sou verder impliseer dat die besoekers aktief na die emmer opsoek moes gaan om die lyk te sien. Met ander woorde, die lyk was goed genoeg verskuil, al was dit net tydelik. As me. Molefe nie bedoel het om die lyk te versteek nie, sou sy dit netsowel bo-op 'n tafel of bed kon lê totdat sy die geleentheid gehad het om die lyk permanent weg te doen. As sy nie bedoel het om die lyk te versteek nie, sou sy sekerlik die baba aan die hospitaalstaf uitgewys het? Die feit dat sy die lyk aan die polisie moes uitwys, sê ook dat die lyk suksesvol versteek was.

Sou die omstandighede wesenlik anders gewees het indien me. Molefe die lyk tydelik begrawe het met die doel om die baba later in 'n dam te gooi? Die lyk sou dan al twee kere buite sig wees. Wat as me. Molefe die kind tydelik in die emmer gelos het om later in 'n munisipale asdrom te gooi, 5 kilometer van haar huis af? Die lyk sou dan nooit volkome buite sig wees nie, maar nog steeds “disposed” wees.

Volgens die Algemene Regswysigingswet, artikel 113 (1), (2) en (3), mag me. Molefe nie (1) die geboorte van haar kind verswyg nie en (2) mag sy ook nie van die lyk ontslae raak nie. Sy het aanvanklik die geboorte van die hospitaalstaf weggesteek en daarna aktiewe stappe geneem om die baba se lyk te verberg. Wanneer 'n mens na die twee *frames*, [attempt] en [disposal/dispose], kyk, is dit volgens my duidelik dat wanneer 'n persoon probeer om 'n sekere handeling uit te voer, hy reeds met daardie handeling begin het en derhalwe daarmee besig is, ongeag of die handeling uiteindelik suksesvol uitgevoer word of nie. Me. Molefe het die geboorte verswyg en sy het die eerste stappe geneem om die lyk uit die weg te ruim.

Howel 'n *frames*-benadering na my mening 'n goeie oplossing vir die hantering en interpretasie van gewone woorde bied, moet só 'n benadering beter gestruktureerd wees. Barsalou (1992) stel 'n *frame*struktuur voor wat potensieel in 'n hof gebruik kan word.

4.4.6 Barsalou se model (1992)

In sy bydrae, “Frames, Concepts, and Conceptual Fields”, maak Barsalou (1992) ’n sterk saak uit vir die gebruik van *frames* in die plek van kategorie-, eienskaps- en voorbeeldlyste. Barsalou argumenteer dat *frames* kennis in kognisie voorstel. Hy beweer ook dat *frames* dinamies is en vir konteks en prototipes voorsiening maak. Hy baseer sy teoretiese voorstelling grootliks op sy eie werk, maar ook dié van ander, byvoorbeeld Fillmore. Aangesien Barsalou se idees rondom *frames* gedeeltelik gebaseer is op Fillmore se werk, is daar uiteraard ook ooreenkomste met die bydraes van Lakoff, Jackendoff en Langacker, wat betref hul siening van *frames*, domeine en konseptuele modelle.

Meine Meinung nach kan Barsalou se teoretiese voorstelling van *frames* as ’n potensiële model vir betekenisontledings dien. Weens die onderhawige studie se uitgangspunt dat ’n toeganklike alternatief vir woordeboekgebruik geïdentifiseer behoort te word, stel ek ’n vereenvoudiging van Barsalou se *frame*struktuur voor. Die uiteindelijke ontledingsmetode/model moet vir sowel ’n taalwetenskaplike as ’n regsgeleerde toeganklik wees. Toeganklikheid en bruikbaarheid is kardinaal. Die model behoort as alternatief vir woordeboeke te kan dien, maar moet ook saam met woordeboeke, veral tesourusse, gebruik kan word. Vir praktiese doeleindes verwys ek voortaan daarna as Barsalou se model.

Barsalou se eie idees omtrent *frames* gaan verder en word ook kompleks as wat ek dit hier gebruik. Dit is dalk nodig om te onthou dat hy vanuit die kognitiewe sielkunde werk en derhalwe na ’n totaal ander punt toe werk as wat ek hier beoog.


Barsalou se *framemodel* hou die voordele in dat ’n gebruiker met *frames* werk en dat die *frames* voorsiening maak vir konnotasies, ervarings en betekenis binne die volksmond. Dit maak verder voorsiening vir woord- en betekenisverhoudings. ’n Mens kan ’n duideliker beeld van ’n betekenis verkry wanneer ’n semantiese netwerk sig ontvou. ’n *Frame* bestaan uit vier boublokke, naamlik: die kern van die *frame*, Kenmerke en Waardes, Strukturele Onveranderlikes en Beperkings. Die vier boublokke sal kortliks aan die hand van Barsalou se *frame* vir ‘kar’ verduidelik word. Bestudeer Figuur 4.6.

Frames: Die kern van die *frame* is ooglopend “kar”. “Kar” is dus die leksikale voorstelling van ’n baie groter konsep.

Kenmerke: Met die konsep KAR word daar ’n aantal Kenmerke geassosieer, in hierdie geval die bestuurder, brandstof, enjin, transmissie en die wiele. (Dit lê voor die hand dat die konsep


aansienlik groter is en baie meer Kenmerke bevat, maar hierdie is alleen ter illustrasie.) Barsalou beskou Kenmerke as konsepte wat 'n aspek van 'n kategoriëlid beskryf. Kenmerke kan ook kwantiteit, evaluering (graderings), kostes (opofferings), voordele, ens. beskryf (Barsalou, 1992:31). Kenmerke behels twee addisionele eienskappe, naamlik taksonomie en *frame*vorming. Net soos wat 'n mens 'n tema- of objektaksonomie kan opstel, só kan 'n Kenmerktaksonomie binne 'n bepaalde *frame* ontstaan. As ek die Kenmerk “soort” tot die *frame* vir “kar” toevoeg, sal ek 'n taksonomie kon saamstel uit die Waardes wat uit “soort” voortvloei (sien Figuur 4.5). Omdat Kenmerke self konsepte is, kan hulle op sigself afsonderlike *frames* vorm. Die betekenis van die kernkonsep kan soms beter verwoord word wanneer die ondersoeker bepaal watter van die Kenmerke as afsonderlike *frames* meer insig oplewer en volgens oordeel daardie “addisionele” inligting byreken.

Figuur 4.5: soort



Waardes: Langs elke Kenmerk kan Waardes gelys word. Barsalou (1992:31) beskou Waardes as konsepte wat aan Kenmerke ondergeskik is. Aangesien die Waardes 'n ondergeskikte posisie beklee, neem hulle hul eienskappe direk van die Kenmerke. Die Kenmerk “brandstof” reflekteer byvoorbeeld die Waardes petrol, diesel en etanol. Met ander woorde, Waardes verteenwoordig tipes. In die geval waar verskillende soorte karre oorweeg word, sal die Kenmerke en Waardes ook moontlik verskil. Dit is byvoorbeeld onwaarskynlik dat 'n resieskar 'n dieselenjin sal bevat, in daardie geval sal diesel nie 'n Waarde van die Kenmerk “brandstof” wees nie. Waardes is ook baie meer spesifiek en stel daarom addisionele inligting voor wat nie deur Kenmerke gereflekteer word nie.

Figuur 4.6: Barsalou se *frame* vir “kar”, 1992



Strukturele onveranderlikes: Kenmerke is nie onafhanklike eenhede nie, maar is eerder konseptueel interafhanklik. Dit wil sê, Kenmerke openbaar korrelerende verhoudings wat konseptuele inligting kommunikeer (Barsalou, 1992:35). Omdat daar ’n interafhanklikheid tussen konsepte bestaan, bly sommige van die verhoudings konstant vir alle voorbeelde van ’n konsep. Hierdie konstante verhoudings noem Barsalou strukturele onveranderlikes (SO’s). In Figuur 4.6 sien ’n mens SO’s tussen die drywer en die brandstof, die drywer en die enjin, en die drywer en die transmissie. As die drywer nie die brandstof koop nie, kan die kar nie funksioneer nie; as die drywer nie die enjin aanskakel nie, kan die kar nie funksioneer nie, en as die drywer nie die spoed via die transmissie beheer nie, kan die kar nie optimaal funksioneer nie. Die SO’s verander nie, ongeag die soort voertuig wat in die *frame* verteenwoordig word. Hierdie SO’s vertel ons iets van die drywer se verhouding tot die konsep KAR, asook dat KAR nie bloot ’n voertuig voorstel nie; die konsep sluit aansienlik meer in as ’n visueel-kognitiewe voorstelling van ’n kar. SO’s verteenwoordig ’n verskeidenheid van verhoudings, naamlik ruimte verhoudings (bv. “kattebak” dui spasie aan), temporele verhoudings (bv. kilometer per uur), kousale verhoudings (bv. drywer-brandstof-enjin), intensionele verhoudings (bv. drywer koop brandstof om Kaap toe te ry), om maar ’n paar te noem (Barsalou, 1992:35-36).

Beperkings: In die geval waar SO's onveranderlike verhoudings tussen konsepte uitdruk, verrig Beperkings byna die teenoorgestelde. Volgens Barsalou (1992:37) is Waardes nie interafhanklik van mekaar nie en daarom kan Waardes mekaar op komplekse maniere beperk. In Figuur 4.6 word die drywer verteenwoordig deur die Waardes Jan en San. Om 'n drywer te mag wees, moet Jan en San vir opleiding gaan en daarna 'n wettige lisensie hê om die kar te mag bestuur. 'n Geldige rybewys kwalifiseer as 'n kontekstuele beperking. As Jan nie 'n lisensie het nie, mag hy nie as drywer optree nie. Hierdie beperking het 'n invloed op die res van die konsep. Dit kan beteken dat Jan te voet die brandstof gaan koop het of dat Jan tot 'n passasier gereduseer word. Die beperking hou ook in dat Jan moontlik sonder 'n lisensie rondry of dat die kar in die garage staan en stof opgaar.

Werkswyse: Om die model toe te pas, moet 'n ondersoeker 'n *frame* vir die betwiste woord bou. Die volgende stappe is nodig:

Stap een: bestudeer die konteks van die betwiste woord.

Stap twee: identifiseer die konsep se Kenmerke.

Stap drie: identifiseer die Kenmerke se Waardes.

Stap vier: bepaal die Strukturele Onveranderlikes.

Stap vyf: bepaal die Beperkings.

Stap ses: omskryf die betekenis na aanleiding van die konteks, die semantiese breinkaart, SO's en Beperkings.

Ander hulpbronne, soos woordeboeke, tesourusse, ensiklopedieë, korpussoektogte en die ondersoeker se eie intuïsie en taalkennis kan saam met die model gebruik word om stappe twee en drie uit te voer.

Om te bepaal of Barsalou se model vir die omskrywing van gewone woorde geskik is, sal dit in Hoofstuk 5 op woorde in 'n aantal Suid-Afrikaanse hofsake uitgetoets word.

4.4.7 Jackendoff en kie?

Ter afsluiting wil ek kortliks aan die volgende vraag aandag gee: Bied die kognitiewe taalwetenskap ook ander moontlikhede binne 'n hof?

Die antwoord is ja. Figure soos (onder meer) Jackendoff, Wierzbicka, Langacker en Lakoff bied geldige teoretiese raamwerke waarbinne potensiële woordprobleme in 'n hof opgelos kan word. Met die uitsondering van Goddard (1996) is die potensiaal van die kognitiewe leer as hulpmiddel by hofsake nog nie naasteby uitgeput of ten volle verken nie.⁴² Maar soos met Chomsky en die TGG is toeganklikheid waarskynlik 'n probleem. Die meeste van hierdie taalwetenskaplikes het 'n eie metataal ontwikkel waarbinne universele semantiese kategorieë 'n belangrike rol speel. Die onderskeie metatale neig ook dikwels na die formele semantiek, wat die interpretasie van woorde soms ingewikkelder maak. Die metatale toon die nodige belofte om geldige betekenisonderskeidings van betwiste woorde te identifiseer, maar nie sonder die deskundigheid van 'n taalwetenskaplike wat met hierdie metatale vertrou is nie.⁴³ Dit beteken andersins dat 'n taalwetenskaplike of regsgeleerde wat onbekend is met die werke van Jackendoff, Wierzbicka, Langacker en Lakoff (asook ander soos Katz, Talmy en Pustejovsky) die metatale sal moet aanleer. Dit op sigself kan vir betrokke lui 'n onbegonne taak wees.

4.5 Opsomming

In hierdie hoofstuk is die ingewikkelde kwessie van betekenis onder die loep geneem. Daar is getrag om die woord “betekenis” te omskryf en om die onderskeie verskynsels wat van semantiek deel uitmaak, te verduidelik. Belangrike sake wat belig is, is onder meer die feit dat woorde in verhouding met ander woorde staan. Woordvelde en -netwerke bestaan waarin sowel letterlike as figuurlike betekenis voorkom. Betekenis word op 'n aantal maniere aangedui, onder andere deur middel van implikasie en voorveronderstellings en deur denotasie, verwysing en konnotasie. Woorde kan egter ook vaag en dubbelsinnig wees, daarom is konteks so belangrik.

Die (soms ontwykende) kenmerke van semantiek is alles relevant tot die bestudering van die sogenaamde gewone betekenis van woorde. Woorde wat in howe bespreek en beredeneer word, is gereeld vaag of meerduidig. Wanneer regslui bloot die betrokke woord in 'n

⁴² Goddard probeer 'n saak uitmaak vir die gebruik van Wierzbicka se Natural Semantic Metalanguage as moontlike toepassing in 'n hofsake by die hantering van gewone betekenis. Hy kom egter tot die gevolgtrekking dat taalwetenskaplikes liever nie deur howe as deskundige getuies gebruik moet word om die betekenis van woorde vas te stel nie.

⁴³ Wierzbicka se Natural Semantic Metalanguage toon volgens my die minste potensiaal. Haar benadering bly vir my uiters wollig. In my opinie is Wierzbicka en haar genote se “semantic primes” nog te beperk om hul hipotese volkome te bevestig. Ek vind ook die voorkeur om te parafraseer wanneer betekenis uitgelê moet word, problematies; by parafrasing is daar 'n groot risiko vir onvoorsiene veranderlikes om in te tree. Ek dink nie dit is tans geskik vir 'n regsproses nie.

woordeboek opsoek, gaan 'n groot hoeveelheid belangrike sake verlore, soos konnotasie, voorveronderstelling, implikasie, woordverhoudings, woordvelde en -netwerke. Deur 'n semantiese ondersoek te loods, sal die ondersoeker waarskynlik tot 'n ryker en relevanter interpretasie van 'n betwiste woord kom.

Hoofstuk 4 gee ook 'n oorsig van 'n kognitiewe benadering tot die studie van betekenis wat moontlik in hofsake relevant kan wees. Wat hier van belang is, is dat die skeiding tussen linguistiese kennis en ensiklopediese kennis kunsmatig is. Die betekenis van woorde sluit al twee soorte kennis in. Binne die kognitiewe leer sien ons dat betekenis in konsepte opgesluit lê. Konsepte maak addisioneel voorsiening vir ensiklopediese en kulturele kennis asook persoonlike ervaring. Hierdie konsepte kan in kategorieë gegroepeer word om betekenis sodoende af te baken en om betekenis vir 'n spreker se kommunikasiedoeleindes verteerbaar te maak. 'n Belangrike verskynsel binne die studie van konsepte is *frames*. *Frames* kan gesien word as 'n netwerk van konsepte. Soms raak die interpretasie van 'n woord aan 'n aantal konsepte binne die *frame* en ander kere betrek die betekenis van 'n woord slegs een of twee konsepte binne daardie *frame*. Die saak word gestel dat howe voortaan 'n konseptuele benadering tot die interpretasie van woorde volg. Vir hierdie doelwit word Barsalou se model voorgehou. Die model word in Hoofstuk 5 getoets.

Hoofstuk 5

Ontledings

5.1 Inleiding

In Hoofstuk 3 het ek die punt beredeneer dat woordeboeke nie volkome betroubaar is by die uitlê van wette en by die interpretasie van alle woorde in hofsake nie. Die soms rare en unieke woordprobleme veroorsaak dat regslui nie altyd by woordeboeke regkom nie. Woordeboeke kan by tye onvolledig en misleidend wees. As moontlik alternatiewe hulpbron by die vasstel van woorde se betekenis, het ek in Hoofstuk 4 Barsalou se *framemodel* voorgestel, vereenvoudig en in praktiese stappe uiteengesit. Die doelwit in Hoofstuk 5 is om Barsalou se model te illustreer en te toets.

Die bedoeling is nie om die voorsittende beamptes se hofuitsprake te kritiseer, verkeerd te bewys of om gebrekkige hantering van semantiese kwessies aan die kaak te stel nie. Dit is ook nie die doel van hierdie hoofstuk (of proefskrif) om die intrinsieke, regstegniese aspekte van geselekteerde hofsake te bespreek nie. Ek lewer dus nie kommentaar op hofuitsprake nie.⁴⁴ Die gekose hofsake (dit wil sê woordprobleme) word benader asof die semantiese kwessie vir die eerste keer deur 'n hof hanteer word; asof ek gekontrakteer is om die woord namens 'n hof of regspartyte uit te lê. Die gekose hofsake is daarom slegs vir illustrasiedoeleindes geselekteer; om my aanpassing van Barsalou se *framemodel* te toets. Daarom neem ek nie 'n betrokke regter se hantering van 'n saak in ag nie, maar bepaal my by die feite soos wat dit in die kopnota in 'n uitspraak gestaaf word.

Soos reeds telkens in die onderhawige studie genoem is, moet 'n voorsittende beampte (of regsverteenvoerders) Barsalou se model te midde van hul ander hulpbronne en regsweë (soos wette en vorige hofuitsprake) kan gebruik. Ek stel nie voor dat Barsalou se model regslui se hulpmiddels moet vervang nie. Barsalou se model moet gesien word as 'n bykomende hulpbron waarmee (hopelik) betroubare ontledingsverslae opgestel kan word.

Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat *frames* by elke gebruiker/ondersoeker daar anders gaan uitsien. Mense dink konseptueel anders, daarom is verskille in *frames* toelaatbaar

⁴⁴ Ek het reeds in geakkrediteerde publikasies kritiek gelewer op howe se hantering van sekere semantiese kwessies (asook in Hoofstukke 3 en 4) en beplan om dit in die toekoms voort te sit. Dit staan uiteraard enige leser van hierdie proefskrif vry om self hofsake te bestudeer en die nodige kritiek in navorsingsverslae te lewer.

en waarskynlik. Dit is egter noodsaaklik dat lesers van 'n ontledingsverslag die logiese uiteensetting sal kan volg, verstaan en daarmee saamstem (ten minste so vër moontlik).

Bykomend tot hierdie hoofstuk (subafdeling 5.4) is 'n (baie) kort oorsig oor drie moontlike werkswyses waardeur prototipes vasgestel kan word. Hoewel dit nie die hooffokus van hierdie studie is om prototipes te identifiseer nie en ofskoon ek nie die aandag van Barsalou se *framemodel* wil weglei nie, is die vasstel van prototipes by die uitleg van sogenaamde gewone betekenis tog relevant en nuttig (dog effens uitdagend). Om die prototipe betekenis te bepaal, kan 'n ontleder help om te verstaan wat die mees tipiese betekenis binne konteks is. Dit kan 'n ondersoeker ook help peil in watter mate 'n betrokke woord se betekenis by die prototipe aansluit of daarvan verskil. Deur te weet hoe tipies (of algemeen) 'n woord se betekenis is, kan myns insiens 'n belangrike invloed op 'n hof se uitleg van woorde en uiteindelik 'n hof se uitleg van wetgewing hë. Dëarom dink ek is dit wel nodig om na die drie moontlike benaderings te verwys, sodat hulle mettertyd verfyn en verbeter kan word.

Wat nou volg is 'n kort uiteensetting van die metodologie wat in hierdie hoofstuk gehandhaaf word. Daarna kom die woordontledings/ontledingsverslae aan bod.

5.2 Metodologie

Daar is 150 hofsake vir Hoofstuk 3 bestudeer. Twintig hofsake is uit daardie 150 geselekteer. Die seleksie is meestal lukraak gewees, hoewel die sake doelbewus verskillende tydperke verteenwoordig. Sommige ouer hofsake bied interessante woordprobleme wat veral nie deur woordeboeke of vorige hofsake opgelos kon word nie, derhalwe is sake nie tot resente jaartalle beperk nie. Die gekose twintig hofsake is almal op appël aangehoor of na die appëlhof verwys vir hersiening.

Elke hofsak (dus elke betwiste woord) word na aanleiding van Barsalou se model hanteer, te wete die geëdentifiseerde ses stappe. Om die aanvanklike ontledings te vergemaklik, het ek 'n matriks gebruik (sien Addenda 5A en 5B) wat die ses stappe akkommodeer. Daarna het ek 'n semantiese breinkaart geteken deur die gratis (*open source*) sagtewareprogram Freeplane te gebruik. Die bespreking van die betwiste woord word aan die hand van die semantiese breinkaart gevoer. Sommige mense mag dalk die breinkaart oorbodig vind, maar *meine Meinung nach* beeld 'n visuele voorstelling juis moontlike verhoudings binne 'n *frame* uit, iets wat die meeste woordeboeke op sigself nie kan doen nie.

Vir duidelikheidshalwe herhaal ek die betrokke stappe in Barsalou se model. Om 'n *frame* van 'n betwiste woord te bou, stel ek voor 'n ondersoeker pas die volgende stappe toe:

- Stap een: bestudeer die konteks van die betwiste woord.
- Stap twee: identifiseer die konsep se Kenmerke.
- Stap drie: identifiseer die Kenmerke se Waardes.
- Stap vier: bepaal die Strukturele Onveranderlikes.
- Stap vyf: bepaal die Beperkings.
- Stap ses: omskryf die betekenis na aanleiding van die konteks, die semantiese breinkaart, SO's en Beperkings.

Onthou dat ander hulpbronne, soos woordeboeke, tesourusse, ensiklopedieë, korpussoektogte en die ondersoeker se eie intuïsie en taalkennis saam met die model gebruik kan/mag/moet word om stappe twee en drie uit te voer. In my ontledings maak ek ook van uiteenlopende bronne gebruik om Kenmerke en Waardes te bepaal, maar ek verwys nie noodwendig eksplisiet na elkeen van hierdie bronne nie (aangesien baie daarvan ensiklopedies van aard is). Waar nodig verwys ek wel na 'n betrokke bron.

Beperkings word op breinkaarte deur pyle aangedui wat een Kenmerk of Waarde met 'n ander verbind. Strukturele Onveranderlikes word nie eksplisiet in breinkaarte aangedui nie, wel in die matriks. Waar nodig, word daar spesifiek na Strukturele Onveranderlikes in die bespreking verwys.

'n Laaste woord met betrekking tot my ontledingsverslae: ek volg nie 'n erkende formaat nie, maar volg die advies van kollegas aan Unisa se Regsfakulteit en maak hier ook op eie ervaring van die skryf van verslae vir regsfirmas staat. Die belangrikste is glo om verslae kort te hou; hoe langer 'n verslag is, hoe meer het die teenparty blykbaar om te bevraagteken en uit te daag én hoe meer tyd moet 'n voorsittende beamppte self daaraan toestaan. Gevolglik hou ek ontledings kort.

5.3 Woordontledings

5.3.1 *Jonker v Davis* 1953: krot

Konteks:

Meneer Jonker werk op Meneer Davis se familieplaas. Hy rig 'n versoek aan Davis om die vervalte en onhigiëniese koeistalle op te knap en stel hom beskikbaar om Davis met die taak

by te staan. Davis neem Jonker se versoek aanstootlik en rig 'n skrywe aan Jonker met die volgende bewoording:


Jy moet onthou dat ek die seun van 'n ryk man is en dat ek wel opgevoed is. Ek duld nie dat 'n seun soos jy wat in 'n krot grootgeword het, en 'n bietjie geleerdheid van jou pa ontvang het, vir my so 'n beledigende brief stuur nie (p. 727).

Jonker maak 'n saak van naamskending teen Davis aanhangig op grond van die woord “krot” en eis £200 skadevergoeding. Die hof moet bepaal of die woord “krot” kan deurgaans as naamskending. Om dit te kan bepaal, moet die hof eers vasstel wat die woord beteken. (Die hof het getwyfel of konteks en omstandighede tot die uitgebreide betekenis van “krot” kan bydra.)

Bespreking:

Die HAT (Odendal en Gouws, 2010:631) beskryf “krot” as 'n pondok of armoedige huisie. Die *frame* reflekteer egter meer as dit. [krot] kan onder meer aan die hand van vyf Kenmerke verduidelik word: Mense, Behuising, Kondisie, Omstandighede en Reputasie. Bestudeer Figuur 5.1.

Figuur 5.1: [krot]



'n Krot is 'n woonplek wat weens uiteenlopende redes nie in stand gehou word nie. Dit kan met “hool” en “pondok” geassosieer word (Odendal en Gouws, 2010:412, 879); al twee is


sinoniem en word meestal negatief of neerhalend gebruik. Die karakter van die woonruimte word aan die kondisie daarvan geken. Die kondisie van 'n krot kan beskryf word as vuil, vervalde, onhigiënies en dalk selfs gevaarlik (oftewel 'n gesondheids- en veiligheidsrisiko). Die kondisie maak hierdie woonruimte onuithoudbaar en daarom verklap dit iets omtrent die soort mense wat daar woon, hul stand en hul vlak van geleerdheid dalk. Watter soort mense sal tevrede wees om in só 'n huis te woon? Wáárom woon iemand in só 'n soort huis? Watter standarde handhaaf só 'n persoon?

Die kondisie word deur die betrokke mense medebepaal; die ander bepalende faktor is finansiële en geleerdheidsomstandighede. Omdat 'n krot 'n bouvallige struktuur is, neem 'n mens aan dat die inwoners (1) onwettige plakkers, (2) bywoners (die eienaar woon in 'n beter gebou), (3) desperate huurders of (4) die eienaar is. In die geval waar 'n eienaar self in 'n krot woon, kan dit wees dat finansiële agteruitgang tot die strukturele agteruitgang van die gebou gelei het. Die vier soorte inwoners word almal met slegte finansiële omstandighede geassosieer. Daar word aanvaar dat mense wat meer geld het 'n woonplek beter in stand sal hou of in 'n beter behuisingstruktuur sal tuisgaan. Niemand sal waarskynlik uit vrye keuse in 'n verrotte bouwal intrek nie. Geld is egter nie die enigste relevante faktor nie; sosiale opvoeding speel 'n ewe belangrike rol. Mense wat geleer is om sowel hul eie besittings as dié van ander op te pas, sal verhoed dat 'n woonplek in 'n krot ontaard, ten spyte van hul ekonomiese omstandighede. Iemand wat in 'n krot woon, word dus ook met gebrekkige sosiale opvoeding geassosieer. Sulke mense is derhalwe (kwansuis) van swak inbors, agterlik en sukkelaars.

“Mense” is 'n Strukturele Onveranderlike wat help om 'n kousale verhouding uit te druk. Die mense gee aanleiding tot die kondisie van die woonruimte en die kondisie lei weer na die reputasie van die mense. Die inwoners van die krot het dus 'n invloed op hul eie reputasie. “Kondisie” en “Reputasie” is van “Mense” afhanklik.

Weens die omstandighede en die kondisie van hul behuising, bou die inwoners 'n bepaalde reputasie op. Bestudeer Figuur 5.2.

Figuur 5.2: [reputasie]



“Reputasie” is die invloedrykste Kenmerk van [krot], want dit is hier waar die kwessie van naamskending lê. Reputasie het met beeldvorming te make; hoe jy jouse self sien en hoe ander jou sien, (en veral hoe jy dink ander jou sien) hang met reputasie saam.⁴⁵ Die beeld wat jy na buite straal, het ’n invloed op jou interaksies met ander. Interaksies met ander word deur “Hoedanigheid” gekenmerk en verteenwoordig onder meer jou persoonlike, professionele en religieuse verhoudings. Dit wil sê, jou vriende, familie, kennisse, kollegas en godsdiensgemeenskap beskou en hanteer jou na aanleiding van die beeld wat jy na buite dra (individue het gewoonlik meer as een beeld en reputasie). Mense verhoed gewoonlik dat hulle ’n verkeerde/negatiewe beeld in hul professionele en religieuse hoedanighede het.

Reputasies kan met of sonder moeite bekom, behou en verloor word. Slegte reputasies is geneig om te klou en in stigma te ontaard.

“Uitwerking” is een van die belangrikste Kenmerke van [reputasie]. Die uitwerking van ’n persoon se beeld kan goed of sleg wees (met ander woorde daar is ’n gradering ter sprake). As dit sleg is, stoot jy waarskynlik mense weg en as dit goed is, kan jy mense na jou toe aantrek. Die uitwerking van ’n reputasie is daarom ook met jou beeld verbind, wat weer met “Hoedanigheid” verbind is. As jy ’n slegte reputasie opbou, kan dit ’n negatiewe verhouding met mense in jou lewe tot gevolg hê; dit plaas ’n beperking op jou interaksie met ander. Dit

⁴⁵ Die kwessie van “krot” as naamskending kan maklik deur die teorieë van Austin (1962), Goffman (1967), Searle (1991) en Grice (1996) aangespreek word. Beeld het te make met gesig en die manier waarop Davis die woord “krot” gebruik, val saam met die strategieë wat ’n spreker moet volg om taktvol met ander te kommunikeer sonder om die ander party in die gesig te vat. Die gebruik van die woord “krot” hou met taalhandelinge en hoflikheidspraktyke verband. Sien ook die werk van Brown en Levinson (1987) en Lakoff (1973).

wil sê, dat mense by die kerk, kollegas by die werk, of familie en vriende jou anders hanteer omdat hulle jou anders beskou. Die kostes (opofferings) kan daarom hoog wees indien die reputasie sleg is.

Gevolgtrekking:

Dit is verstaanbaar dat Jonker sensitief is oor Davis se gebruik van die woord “krot”. Die woord roep ’n aantal negatiewe konnotasies op (armsalig, vuil, sukkelaar, laag, onopgevoed; sien ook die Oxford-tesourus (Urdang, 1992:942): “sordid” en “sleazy”). Davis gebruik “krot” neerhalend in ’n poging om Jonker minderwaardig te laat voel. ’n Mens kan dit veral sien in die binêre wyse waarop Davis “krot” teenoor beskrywings van homself (“die seun van ’n ryk man” en “wel opgevoed”) gebruik. Die woord dien verder as etiket waarmee Jonker se sosiale, geskoolde en finansiële beeld mee beskryf word.

My gevolgtrekking is dat die woord “krot” – soos dit deur Davis gebruik is – ’n direkte invloed op Jonker se reputasie het en as sodanig naamskendend is. Die sosiale reputasie van iemand wat in ’n krot woon, is gewoonlik laag (soos afgelei kan word uit Figuur 5.1 en 5.2). As Jonker ’n reputasie het dat hy ’n krotbewoner is, kan sy professionele, sosiale en geestelike netwerke op hom begin neerkyk. Sy geestelike en sosiale netwerke kan hom ook begin minag en jammer kry.

5.3.2 *Blue Circle Cement Ltd v Commissioner for Inland Revenue 1984*: plant

Konteks:

Blue Circle Cement Ltd, wat hier as ’n belastingbetaler geïdentifiseer word, is ’n vervaardiger van sement. ’n Nodige bestanddeel, kalksteen (*limestone*), word vanuit ’n steengroef ongeveer 41km van die fabriek verkry. Die belastingbetaler het bepaal dat die beste manier vir die sementvervaardiger om die kalksteen tot by die fabriek te kry, is om ’n treinspoor te gebruik, gevolglik bou Blue Circle Cement ’n spoorlyn tussen die fabriek en die steengroef. By die steengroef is die kalksteen losgeblaas en fyner gebreek voordat die kalksteen op treinwaens gelaai en na die fabriek vervoer is.

In hul belastingopgawe het Blue Circle Cement in terme van a 12(1) van die Inkomstebelastingwet aftrekkings geëis vir hul belegging en uitgawes in masjinerie (veral met betrekking tot die treinspoor en treinwaens). Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste het die aftrekkings geweier. Die Kommissaris voer aan dat die treinspoor nie deel van die


fabriekperseel vorm nie (dus nie deel van die fabriek se primêre bedrywighede uitmaak nie) en dat aftrekkings daarvoor nie gemagtig is nie.

Die hof moet die betekenis van perseel (*plant*) bepaal en vasstel of die woord “plant” ook aspekte soos masjinerie, apparatuur, vaste strukture, ens. impliseer.

Bespreking:

’n “Plant” is ’n strukturele opset waar rou stowwe verwerk en in bruikbare produkte omgeskakel word. Só ’n strukturele opset behels ’n verskeidenheid van dinge wat deur die volgende Kenmerke verteenwoordig word: Company, Factory, Premises, Machinery, Transport, en uiteindelik Income. Bestudeer Figuur 5.3.

Figuur 5.3: [plant]



Die “Company” besit die “plant” en bestaan uit ’n aantal rolspelers wat wissel tussen direkteure, aandeelhouers en werknemers (wat in kantore, in die fabriek en op ander persele werk). Die rolspelers kan permanent deel van die span uitmaak of hulle kan kontraktueel en

dus tydelik by die maatskappy aansluit. Die maatskappy besit eiendom wat uit beweegbare en onbeweegbare bates mag bestaan. Die eiendom vorm deel van die “plant”. Daarbenewens huur die maatskappy waarskynlik die dienste en bates wat hulle nie self kan of wil verskaf nie.

Die fisiese bates kan onder “Premises” gegroepeer word. Dit is die beeld van die “Premises” wat meeste mense oproep wanneer hulle aan ’n “plant” dink. Dit is die landgoed waarop die fabriek staan; dit is die fisiese strukture van die fabriek en dit sluit alles in wat fisies met die fabriek verbind kan word, in hierdie geval sowel die steengroef waaruit kalksteen verkry word as die 41km-spoorlyn wat die steengroef en die fabriek met mekaar verbind.

Die fabriek kan nie funksioneer sonder masjinerie nie, daarom hou “Machinery” en “Premises” met mekaar verband. Masjinerie sluit apparatuur, instrumente en toerusting in. Een van die belangrikste dinge wat hier ingesluit word, is die voertuie. ’n Fabriek kan nie stowwe verwerk of produkte vervaardig sonder die nodige toerusting of vervoermiddels nie. Aangesien kalksteen ’n noodsaaklike bestanddeel vir die vervaardiging van sement is, moet die kalksteen aangery word. Daarna kan die kalksteen verwerk word. Daarom is “Transport” ook ’n belangrike Kenmerk van [plant].

Die volgende Kenmerk is “Factory”. Dit is immers die fabriek wat die sement vervaardig en waarrondom alles draai. Dit is ook die hoofzaak van die fabriek, naamlik sementproduksie. Soos in Figuur 5.3 gesien kan word, het die fabriek bronmateriaal (onder andere kalksteen) nodig om uiteindelik sement te vervaardig. Daarsonder kan die fabriek nie sy hoofzaak nakom nie. Dit beteken dat die steengroef en die vervoer van kalksteen van die steengroef na die fabriek van kardinale belang is.

Laastens is daar “Income”. Inkomste is die uiteindelige doelwit. Die maatskappy het die eiendom gekoop, die grond ontwikkel, die fabriek opgerig, die steengroef met die fabriek verbind en die nodige apparatuur aangekoop, sodat sement vervaardig kan word om sódoende ’n inkomste (en uiteraard ’n wins) te verdien. Alles dra voordelig tot die “Income” by.

Die perseel, die masjinerie en die vervoer (voertuie) het ’n direkte invloed op die inkomste van die maatskappy (en uiteindelik op die belasting wat hulle aan die Kommissaris moet oorbetaal). Dit is hier waar Strukturele Onveranderlikes en Beperkings ’n rol speel. Sowel die steengroef en die vervoer tussen die steengroef en fabriek beperk produksie van sement. As die kalksteen nie aangery word nie (hetsy met ’n vragmotor of ’n trein), kan geen sement

geproduseer word nie. Al twee is daarom belangrik. Produksie plaas op sy beurt 'n Beperking op die inkomste: geen produksie, geen inkomste nie. Dit wat myns insiens onveranderd bly, is die "Premises". Hier is 'n ruimtelike verhouding ter sprake. Neem die perseel weg, wat die fisiese fabriek, steengroef en in hierdie geval ook die treinspoor insluit, en die fabriek bestaan nie.

Gevolgtrekking:

Die woord "plant" maak binne konteks ruim voorsiening vir beweegbare en vaste installasies soos 'n treinspoor. Die treinspoor is kardinaal vir die vervaardiging van sement en uiteindelik vir Blue Circle Cement se betaal van belasting. Die treinspoor is boonop in private besit van Blue Circle Cement en verbind een private stuk grond met 'n ander. Die verbinde persele vorm deel van 'n groter "plant", net soos wat wetenskaplike laboratoria van Sasol saam met die aanleg in Secunda deel uitmaak van 'n groter "plant". Die treinspoor is 'n noodsaaklike deel van die vervaardigingsproses en die genereer van inkomste.

Vergelyk ook hier die Oxford Historical Thesaurus (aanlyn) wat "plant" omskryf as "equipment for work" en die Oxford English Dictionary (aanlyn) wat "plant" in Amerikaanse Engels omskryf as "premises", "fittings", "equipment", "place where industrial process takes place" en "the workers of a factory". In Australiese Engels word "stock and vehicles" ingesluit. As mens na Figuur 5.3 kyk, word dié konsepte gesuggereer.

"Plant" is daarom 'n sambreelterm wat 'n 41km-spoorlyn insluit.

5.3.3 *Jowells Transport v South African Road Transportation 1986: stock meal*

Konteks:

Die appellant, Jowells Transport, het in gevolge die Wet op Padvervoer 'n publieke padvervoerpermit bekom wat die drywer in staat stel om 'n aantal verskillende produkte per vragmotor te mag vervoer. Die wet stel in Anneks D 'n lys van die items saam wat met die permit vervoer mag word:

Coal, lime, mine props, coke, lucern, hay, chaff, teff, silage, stock meal, stock licks, calf meal, stone, sand, bricks, earthen tiles, ceramic tiles, roofing slates, rough unsawn timber, fertilizers, crude and untreated ores as well as crude and untreated minerals... (p. 253).


Op 18 Oktober 1983 is een van Jowells Transport se vragmotors in Tsumeb, Suidwes-Afrika gestop met 528 sakke in die laaibak, waarvan die inhoud uit gesifte en ongesifte mieliemeel

bestaan het. Gevolglik het die respondent 'n kriminele klag teen die appellant gelê in terme van a 31(1) van die Wet op Padvervoer. Die besturende direkteur van Jowells Transport, mnr. Uys, het beweer dat hy die woord “stock meal” verstaan het as “gewone meel” en dat hy daarom ook mieliemeel mag vervoer. Volgens mnr. Uys se verteenwoordiging behoort die woord “stock meal” gelees te mag word as “common meal”, dus ook mieliemeel.⁴⁶ Die hof moet bepaal wat die woord “stock meal” beteken en of dit as “common meal” verstaan kan word.

Bespreking:

Wat kwalifiseer as (vee)meel? Bestudeer Figuur 5.4.

Figuur 5.4: [meal]



Aan die een kant is die woord se betekenis voor die hand liggend, veral wanneer 'n mens na die Afrikaanse ekwivalent daarvan kyk (“veemeel”). Die woord is 'n samestelling waarvan die bepaler die kern baie duidelik beskryf: “meal for livestock”. Maar “stock meal” bied wel probleme wanneer 'n mens die betekenis wil bevestig, want die woord kom nie juis in woordeboeke voor nie (nie eens die woord “veemeel” nie). Soektogte laat dit blyk asof die


⁴⁶ Mnr. Uys het tydens die hofspraak die deskundigheid van Professor David George Gillham, 'n professor in Engels aan die Universiteit van Kaapstad, ingeroep. Volgens Prof. Gillham het “stock meal” drie moontlike betekenis, naamlik veevoer, algemene meel en meel wat as voorraad gestoor word (p.254). Ek vind die konsep van “algemene meel” baie vaag en wonder hoe Prof. Gillham hierdie betekenis bepaal het. Sy verslag is helaas nie by die uitspraakdokument ingesluit nie.

woord meestal 'n plaaslike omgangswoord is. Selfs 'n Google-soektog lewer teleurstellend min trefresultate op: slegs vier relevante blaaie val dadelik op. Ironies kom Suid-Afrikaanse handelaars en verspreiders se name nie voor nie, maar eerder dié van besighede in Kenya (Economy Farm Products (K) Ltd.), Australië (VVR Australia, Proteco) en Nieu-Seeland (Permbrand). Die woorde “stock feed” en “protein meal” dien soms as sinonieme.

Meel is gewoonlik 'n natuurlike gewas (meestal die pit/saad) wat gemaal word. Die tekstuur van die meel word bepaal deur hoe fyn die gewas gemaal word. Daar is uiteenlopende soorte meel. Afhangende van die funksie en tekstuur of inhoud van die meel, noem ons dit ook by ander name, soos poeier (in Engels dan ook “flour”). 'n Mens kan eintlik enige soort gewas (enige soort pit/saad) maal om meel te kry. Meel word geproduseer en verwerk vir inname deur mens en dier. Omdat diere en mense om verskillende redes eet/vreet, word die meel weens hierdie verskille anders voorberei. Mens en dier eet waarskynlik nooit dieselfde soort meel nie. Volgens die Google-soektog word veemeel met verskeie soorte produkte gemeng om voedingswaarde en groei te verseker. Ek dink nie daar behoort verwarring te wees oor wat die woord beteken nie. Veemeel is voer vir diere, meestal plaasdiere waarmee kommersieel geboer word.

Die kwessie lê veel eerder by die moontlikheid om “veemeel” as “gewone meel” (dus mieliemeel) te interpreteer. Is 'n uitgebreide betekenis binne konteks moontlik? Om dié vraag te kan beantwoord, dink ek 'n mens moet kyk waar die woord “stock meal” inpas. Bestudeer Figuur 5.5.

Figuur 5.5: [feed]



Diere (by die huis, op die plaas, by die dieretuin en selfs in wildtuine tydens erge weersomstandighede) word uiteenlopende soorte voer gegee om te eet. Hierdie voere word dikwels spesifiek vir bepaalde diere geproduseer; veemeel is een van dié soorte voer. In my opinie verwys die woord “stock” hier baie duidelik na vee. Die woord “stock meal” moet verder saam met die ander items in Anneks D van die wet gelees word. Die wetgewer lys hooi, strooi, kuilvoer, soutlek en kalfsmeel saam met veemeel. Die res van die items is oneetbaar. Geen voedsel vir mense word genoem nie. Die kans is bitter skraal dat die wetgewer presiese terme gebruik het om dierevoer aan te dui, maar “stock meal” as ’n meerduidige woord gebruik het.

Dat die woord “stock” meerduidig is, is seker. Buiten vir die betekenis van “vee”, verwys die woord “stock” ook na “aftreksel” en “voorraad”. Maar aftreksel word nie van mieliemeel gemaak nie en niemand loop by ’n winkel in met die bedoeling om voorraadmeel te koop nie, wel miskien meel ter berging. As ’n mens van “voorraadmeel” as voedsel praat, behoort ’n mens voorraadmeel van ander soorte eetbare meel te kan onderskei. Daar is tans (na my wete) nie so iets soos voorraadmeel nie.⁴⁷ Die enigste logiese interpretasie van “stock” in die samestelling “stock meal” is, binne konteks, dié van vee.

Gevolgtrekking:

Die moontlikheid om van ’n algemene meel te praat, is baie onwaarskynlik. Meel word gekenmerk aan sy bron (byvoorbeeld mielies, amandels, rys) asook aan die doel van die meel.⁴⁸ Meel word geproduseer, verwerk en verpak vir bepaalde doeleindes, hetsy om dier of mens te voer. Daardie doeleindes medebepaal die naam van die meel. “Stock meal” het binne konteks ’n enkelvoudige betekenis, te wete meel om vee mee te voer. Dit sluit nie die betekenis van “common meal” of mieliemeel in nie.

⁴⁷ Die aanlyn Oxford English Dictionary lys wel die Suid-Afrikaanse woord “ration meal”. “Stock meal” as voorraadmeel sou saam met “ration meal” in dieselfde kategorieë geplaas kon word, naamlik dié van <oorlog>, <droogte>, <resessie>, ens. Maar hier is die betekenis beslis van <soorte kos> verwyder. In dié geval handel dit eintlik meer om hoeveelheid, beskikbaarheid en beplanning.

⁴⁸ Dit is nie die uiteindelijke doel om eetbare meel op te bou en permanent as voorraad te berg nie, maar om dit mettertyd te eet. Daarom geld die woord “stock” as voorraad nie hier nie.

5.3.4 *Standard General Insurance Co Ltd v Croucamp* 1959: deelneem aan motorfietsryery

Konteks:

Meneer Croucamp het saam met persoon B op 'n motorfiets gery. Die fietstog word beskryf as 'n gewone rit. Meneer Croucamp het as passasier op die agtersaal van die motorfiets gesit. Tydens die fietstog het persoon B en mnr. Croucamp verongeluk. Laasgenoemde is weens die motorfietsongeluk oorlede. Dit lei daartoe dat mevrou Croucamp 'n eis by die versekeringsmaatskappy indien. Standard General Insurance weier die eis omdat die polis 'n aantal beserings verbonde aan spesifieke aktiwiteite uitsluit. Begerings wat nie deur die polis gedek word nie, is:

Wanneer die versekerde deelneem aan enige vlug in 'n vliegtuig (behalwe as 'n betalende passasier in 'n vliegtuig op 'n erkende lugroete), motorfietsryery, polo, reises op wiele of te perd, yshokkie, bergklim, seiljagvaart of op jag is (p. 162 en 164).

Mev. Croucamp voer aan dat haar eggenoot nie aan motorfietsryery deelgeneem het nie, omdat hy tydens die ongeluk 'n passasier op die agtersaal was. Die hof moet beslis wat “deelneem aan motorfietsryery” beteken. Wie is almal betrokke by motorfietsryery?


Bespreking:

Op die keper beskou, wil dit voorkom of 'n drywer en sy passasier wat gelyktydig in/op dieselfde voertuig reis, uiteraard saam aan dieselfde aktiwiteit deelneem. Om te bepaal of dit werklik só is, verdeel ek die *frame* [deelname aan motorfietsryery] in twee aparte *frames*, naamlik [ry] en [deelname aan]. Ek sal meestal op [ry] fokus, maar wel ter kontekstuele inligting na [deelname aan] verwys.

Ten eerste die *frame* [ry]. Bestudeer Figuur 5.6.

'n Bestuurder van 'n voertuig sit gewoonlik voor en hanteer die motor van daardie posisie. Met die uitsondering van vaartuie soos vliegtuie, skepe, treine en perdewaens (en motors van bestuurskole) wat soms meer as een drywer kan akkommodeer, is die norm een bestuurder per geleentheid. Die meeste voertuie maak vir passasiers voorsiening. By 'n motorvoertuig kan passasiers langs die drywer sit (gewoonlik net een) asook agter die drywer. Sommige motorfietsse het 'n agtersaal waar een of twee mense mag sit en in uitsonderlike gevalle is daar ook motorfietsse met 'n syspan wat die passasier toelaat om apart langs die drywer te sit.

Figuur 5.6: [ry]




Daar is uiteenlopende redes waarom 'n individu of 'n groep mense van een punt na 'n ander reis: weens noodsaaklikheid, weens die pret van die rit, weens 'n kompetisie of omdat die eienaar van die voertuig 'n inkomste daaruit verdien. Die doel bepaal in sommige opsigte die soort voertuig (n 4x4-motor vir ruwe terrein, 'n vragmotor vir die transport van goedere, ens.) en die aard van die vertrek- en eindpunt. Spoed speel ook 'n belangrike rol en tree hier as Beperking op. Dit beperk die bestuurder (soms moet hy vinniger en soms moet hy stadiger ry), dit beperk die doel (byvoorbeeld 'n inkomste is aan tyd, afstand en spoed gemeet, dieselfde geld 'n wedren) en dit plaas verder 'n Beperking op die soort voertuig ('n bromfiets moet stadiger ry as 'n motorfiets).

Daar is onder andere twee Strukturele Onveranderlikes, te wete die bestuurder en die vertrekpunt en bestemming. Sonder hierdie twee Kenmerke kan 'n rit nie plaasvind nie. Die bestuurder word benodig om die voertuig te hanteer en hy móét van een punt na 'n ander ry. As hy nie van punt A na punt B (of selfs 'n sirkelgang: van punt A tot punt A) voltooi nie, suggereer dit dat die bestuurder in 'n stilstaande motor sit. Die SO's druk ruimtelike, temporele en intensionele verhoudings uit. Die bestuurder bedoel om sekere plekke te besoek sodat hy bepaalde take kan afhandel. Daardie take (wat hy gedeeltelik deur middel van 'n voertuig regkry), verplaas hom na verskillende lokasies. Die afstande (asook die take) is aan tyd verbonde.

Hoewel 'n passasier 'n meestal passiewe rol speel, is hy gelyktydig aan dieselfde Beperkings en Strukturele Onveranderlikes verbind. Sonder 'n bestuurder en 'n vertrek- en eindpunt reis die passasier nêrens heen nie. Al oefen die passasier nie fisies beheer op die voertuig uit nie, is hy outomaties by die spoedbeperkings en die doel van die rit betrokke. Die passasier was heel waarskynlik by die besluitnemingsproses betrokke om met die voertuig iewers heen te ry.

'n Persoon neem om verskeie redes aan 'n aantal aktiwiteite deel, soos in Figuur 5.7 gesien kan word.

Figuur 5.7: [deelname aan]



Die Kenmerke “Doel” en “Aktiwiteite” het 'n band met “Deelnemers”. Deelnemers moet meestal funksionele take verrig omdat hulle verpligtinge by die werk, huis, skool, kerk en ook binne hul gemeenskappe of kringe het. Daardie verpligtinge behels gewoonlik uiteenlopende take. Die passasier trek self voordeel uit sy deelname aan 'n ryery. Om bepaalde take te kan verrig, moet die passasier ook van punt A na punt B reis. Hy moet tyd

spandeer om afstande af te lê. 'n Deelnemer is immers iemand wat by die aktiwiteit (in hierdie geval die rit) betrokke raak, om watter doeleindes ook al.

Gevolgtrekking:

Die oomblik wat 'n voertuig beweeg, ry alle insittendes gelyktydig. As die drywer iewers heen ry, neem die passasiers gelyktydig aan die ryproses deel. Dit is verder belangrik om die verskil tussen “ry” en “bestuur” hier uit te wys. Laasgenoemde is 'n aktiewe proses waartydens die motor beheer en hanteer word. Eersgenoemde is 'n passiewe proses wat die beweging en progressie van die voertuig beskryf. 'n Passasier het miskien nie aktief deel aan die bestuur van die voertuig waarin/waarop hy ry nie, maar hy het wel deel aan die beweging en vordering van die voertuig oor tyd en afstand.

5.3.5 Consolidated Diamond Mines of South West Africa Ltd v Administrator, SWA 1958: coast / coastline

Konteks:

In Januarie 1957 kondig die Administrateur in die Suidwes-Afrikaanse staatskoerant aan dat die Suidwes-Afrika Prospekteerdersmaatskappy (Edms.) Bpk. vanaf Januarie 1957 tot Desember 1997 die eksklusiewe reg behou om, binne vasgestelde grense, vir minerale soos diamante en ander edelgesteentes te delf. Die geografiese afbakening maak dit duidelik dat die westelike grens “800 yards west of the highwater mark” is. Na die verskyning van die staatskoerant verklaar die Consolidated Diamond Mines of South West Africa Ltd. egter dat hulle ingevolge die Halbscheid-ooreenkoms en Proklamasie 11 van 1920 die alleenreg behou om binne die Sperrgebiet (waarvan die geografiese grense met dié in die staatskoerant ooreenstem) minerale te myn. Saam met dié dispuut beweer die appellant dat die Halbscheid-ooreenkoms en Proklamasie 11 van 1920 hulle toelaat om aan die westelike grens ook tussen die laag- en hoogwatermerk te delf.

Die eerste punt van die dispuut, synde die alleenreg om binne die Sperrgebiet te mag myn, is 'n suiwer regstegniese aspek en spruit uit die konsessies wat deur die Duitse Koloniale Kantoor in 1908 toegestaan is. Die tweede punt behels die betekenis van die woorde “coast” en “coastline”. Die hof moet verklaar wat dié twee woorde beteken in 'n poging om vas te stel of die regmatige prospekteerders aan die weste van die delwersgebied slegs tot die hoogwatermerk mag delf en of hulle ook tussen die hoog- en laagwatermerk mag delf. Die vraag is of die woord “coastline” voorsiening maak vir hierdie tussengebied.

Na aanleiding van die Halbscheid-ooreenkoms is die geografiese afbakening van die Sperrgebiet soos volg in Proklamasie 11 van 1920 afgekondig:

In the north by the 26th degree southern latitude, in the south by the northern bank of the Orange River, *in the west by the Atlantic Ocean*; and in the east by a line running at a distance of one hundred kilometers from the seashore and parallel thereto (p. 597) (my kursivering).

Die grense word 'n tweede keer in meer besonderhede opgesom:

Die Eastern boundary. Commencing in the north-east at the beacon 1, 100 kilometres from the coast on the 26 deg. southern latitude, then southwards through the beacons 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, to the beacon 10 on the north bank of the Orange River. Southern boundary. Thence westwards along the north bank of the Orange River to the Atlantic coast line. *Western boundary. Thence northwards along the Atlantic coast line to the beacon 11 on the seashore on the 26 deg. southern latitude.* Northern boundary. Thence eastwards along the 26 deg. southern latitude to the point of origin at beacon 1 (p. 597) (my kursivering).

Die oostelike grens word baie duidelik aangedui as 'n 100km van die kuslyn af, maar die westelike grens word bloot beskryf as noordwaarts langs die kuslyn tot by baken 11 wat op die seestrand staan. Wat gedeeltelik tot die probleem bydra, is die manier waarop “seashore” gebruik word. Binne regskonteks dui “seashore” reeds die gebied tussen laag- en hoogwater aan (vgl. die aanlyn Oxford English Dictionary, byvoorbeeld). Maar volgens die betrokke sinskonstruksie word “seashore” net gebruik om die posisie van die baken aan te dui en nie om die grens mee te beskryf nie. Dáárom kan die hof slegs die woord “coastline” as verwysingspunt gebruik.


Dus: kan die woord “coastline” ook die gebied tussen hoog- en laagwater insluit?

Bespreking:

Volgens die Suid-Afrikaanse Oxford-woordeboek (DUSAE, 2010:223) is “coast” die landstrook wat aan die see grens. Dit is 'n aaneenlopende grensgebied wat deur ander woorde nouer omskryf word, soos “beach” (sanderige of klipperige area wat meestal vir mense toeganklik en aantreklik is), “beachfront” (die ontwikkelde gedeelte wat op die see uitkyk, byvoorbeeld die omgewing rondom die Strandhotel in Swakopmund), “seaboard” ('n area wat groter as 'n front is, maar wat ook vir kommersiële en residensiële doeleindes ontwikkel is, byvoorbeeld die “Atlantic seaboard” in Kaapstad wat Groenpunt, Seepunt, Kampsbaai, ens.

insluit) en “seaport” (die oudorp en hawegebied van ’n dorp of stad). ’n “Coast” bevat ook ander aspekte, soos in Figuur 5.8 aangedui word.

Figuur 5.8: [coast]



Met hierdie *frame* verdeel ek [coast] in twee Kenmerke; Location en Measurements. “Location” gee ’n taksonomie van die Waardes wat met “coast” geassosieer word. Buiten vir die feit dat ’n kusstrook soms tot natuurbewaringsgebied verklaar word of uit dele bestaan wat ongerep is en waar min of geen mense ooit kom nie, is kusgebiede gewoonlik gewilde areas waar ontwikkeling en aktiwiteite plaasvind. Dit is in dié Kenmerk waar menslike bedrywighede en belange gesetel is. Dit is ook hier waar die meeste van die Beperkings voorkom.

Byna al die Waardes beperk mekaar op een of ander manier. Deur sy belange te beskerm plaas die regering beperkings op sowel die kommersiële as die residensiële ontwikkelings. Dink hier aan Alexanderbaai of die Sperrgebiet, waar die regering mense se bewegings en

aktiwiteite beperk. Die regering plaas ook beperkings op hierdie en ander aspekte, soos wetenskaplike navorsing of ontspanning deur middel van toepaslike wetgewing. Inwoners beperk op hul beurt verdere kommersiële ontwikkeling en toegang van mense deur areas met drukgroepe skoon te hou. Die ontspanningswaarde van 'n kusgebied speel 'n ewe belangrike rol en beperk die inwoners en die sakelui, want dit is gedeeltelik weens die kusgebied se potensiaal om vakansiegangers en ander besoekers vir ontspanningsdoeleindes te lok. 'n Klipperige strand bied byvoorbeeld nie dieselfde ontspanningsmoontlikhede as 'n sanderige, goue strand nie.

Die grootste beperker is die kwaliteit van die kusgebied. Dit behels die natuurskoonheid, die ontwikkelingspotensiaal en die moontlikhede om deur die regering en die wetenskap ontgin te word. As die kwaliteit laag is, sal die aantrekkingskrag ook laag wees en die residensiële, kommersiële, ontspannings-, navorsings- en regeringsbelange sal kleiner wees.

Waar die Kenmerk "Location" die woord "coast" in terme van (verskillende soorte) ruimte beskryf, beskou die tweede Kenmerk, "Measurements", die woord met betrekking tot gradering. Afstande en toestande is onder andere hier relevant. Soos reeds genoem, dui "seashore" die gedeelte tussen die laag- en hoogwatermerk aan, terwyl "coastline" eerder die lengte as die breedte van die kuslyn voorstel. 'n Seemyl is die afstande wat vanaf die kus oor die oseaan gemeet word en "seastate" is die vaartoestand van die waters. Laasgenoemde word aan die hand van 'n skaal gepeil wat tussen 0-9 strek. Dit is ook by "Measurements" waar die Strukturele Onveranderlike is; afmetings is vas en verander nooit of selde. Derhalwe ontstaan daar soms dispute tussen lande betreffende lands- en maritiemegrense.

Hoewel 'n mens ook van die kuslyn as 'n "Location" kan praat, waar ontwikkeling en aktiwiteite voorkom, dui die woord "coastline" meer op 'n gegewe afstand as 'n spesifieke gebied. Dit is iets wat van een punt tot 'n ander in die (meestal horisontale) lengte strek. Na my mening sluit die woord "coastline" nóg die hoog- nóg die laagwatermerk eksplisiet in of uit. Hoewel die voorsetsel "along" ("northwards along the Atlantic coastline...") nie veel addisionele lig werp nie, suggereer dit wel dat daar met die lengte (noordwaarts) beweeg word, en nie van die land in die rigting van die see nie (dus in die breedte).

'n Aanduiding van die hoog- en laagwatermerk sou veel eerder in die voorsetsels "to" en "from" gesetel wees. "To the coast" en "from the coast" dui die afstand aan tussen die punt waar water ophou en land begin, of van waar land ophou en water begin.

Gevolgtrekking:

Die woorde “coast” en “coastline” en die frase “along the coastline” is te vaag om die gedeelte tussen hoog- en laagwater eksplisiet in of uit te sluit. Die frase “along the coastline” beskryf liever die lengte as die breedte van die kusstrook. Myns insiens sluit die woord “coastline” outomaties al twee getye in. Die onus berus op die hof om delwersreg by die laag- of hoogwatermerk te beperk.

5.3.6 *S v Crawford* 1979: importation / invoer

Konteks:

In Mei 1977 het die respondent en nog ’n persoon met die respondent se motor van Lesotho na Suid-Afrika gereis. By die Suid-Afrikaanse grenspos buite Ficksburg is die motor deursoek en het die beamptes ’n koffer met ses kilogram dagga daarin gevind. Die respondent en sy vriend het getuig dat hulle die dagga in Lesotho gekoop het en dat hulle gereeld dagga rook. Hulle het verklaar dat die dagga in die koffer slegs vir persoonlike gebruik bedoel was.

Crawford en kie word ingevolge a 2(a) van die Wet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, aangekla. Dié afdeling bepaal dat ’n persoon

who deals in any prohibited dependence-producing drug or any plant from which such dependence-producing drug can be manufactured (p. 53) (my kursivering)

aan ’n oortreding skuldig sal wees. Die landdroos het die minimum vonnis van vyf jaar opgelê, omdat Crawford-hulle die dagga uit Lesotho ingevoer het. Hier verwys die landdroos na die definisie van “deal in” soos in die wet in a 1(iv) opgeteken staan:

‘deal in’, in relation to dependence-producing drugs or any plant from which such drugs can be manufactured, includes performing any act in connection with the collection, *importation*, supply, transshipment, administration, exportation, cultivation, sale, manufacture, transmission or prescription thereof (p. 53) (my kursivering).

Volgens dié wet is “deal in” gelykstaande aan “importation”. Crawford en kie se verdediging het geargumenteer dat die woord “importation” ’n kommersiële konnotasie het, maar dat die beskuldigdes die dagga vir persoonlike gebruik aangeskaf het en nie vir kommersiële doeleindes nie. Die hof *a quo* is ook na die Afrikaanse woorde “handeldryf” en “invoer” verwys wat in die Afrikaanse definisie voorkom (die Afrikaanse weergawe van die wet is


onderteken en is daarom die norm). Weens die verdediging se argumentasie het die hof *a quo* die vonnis ingevolge a 2(a) van die wet tersydegestel en Crawford-hulle ingevolge a 2(b) van die wet skuldig bevind. Dié artikel lê klem op die besit van dwelms en nie die invoer of handel daarvan nie. Hulle ontvang twee jaar tronkstraf wat vir drie jaar opgeskort word.

Die staat appelleer en vra dat die hof *a quo* se oorspronklike vonnis herstel word of dat 'n nuwe vonnis gegee word. Die staat voer aan dat die wet bedoel om alle dwelms buite die grense van die Republiek te hou en dat die woorde “deal in” en “importation” nie 'n uitsluitlik kommersiële konnotasie het nie. Dit is dan ook die vraag: het dié woorde binne konteks meestal 'n kommersiële strekking of moet die breër betekenis daarvan geld?

Bespreking:

Hoewel die woorde “importation” en “invoer” nie altyd 'n kommersiële konnotasie het nie, het dié woorde meeste van die tyd 'n kommersiële assosiasie of betekenis. Daarom is ek dit nie met die staat se argument volkome eens nie. Ek dink egter dat die staat verkeerdelik op die betrokke woorde fokus; die antwoord lê nog steeds in die kommersiële strekking van die woord. Bestudeer Figuur 5.9 vir meer besonderhede.

Figuur 5.9: [invoer]



Om iets in te voer, hetsy 'n artikel of 'n diens, beteken dat daardie item van buite ingebring word. Daar is verskeie redes waarom iemand 'n artikel of diens na jou eie land wil invoer,

onder meer omdat die item nie in jou eie land beskikbaar is nie, omdat die kwaliteit moontlik hoër is of omdat die item dalk goedkoper is om in te voer as om dit plaaslik te koop. Baie mense bring items as geskenke uit die buiteland uit.

Sodra 'n persoon besluit het om 'n artikel of diens in te voer, is daar ander sake waarvan kennis geneem moet word, soos die Kenmerke “Mense” en “Vereistes”. Maak jy gebruik van iemand wat die items namens jou invoer? Of tree jy self as invoerder op en skakel persoonlik met die uitvoerder? Dit is wat Crawford en kie gedoen het. Crawford-hulle het ook besluit om direk by die transaksie betrokke te wees en om self die transport te behartig. Die grensposwagte maak seker dat geen onwettige artikels 'n land binnegaan nie, terwyl die doeanebeamptes onder andere die aard en waarde van die items bepaal en daarvolgens optree.

Die Waardes wat langs “Vereistes” gelys word, funksioneer ook as 'n taksonomie. 'n Mens kan telkens die woord “invoer” vooraan heg om 'n samestelling te vorm, byvoorbeeld invoerbelasting, invoerpermit, invoerkontrolle. Invoere kan nie juis sonder hierdie Waardes geskied nie. Jy betaal 'n prys vir die item, in bepaalde gevalle betaal jy 'n tarief om die item in te voer, op alle wettige items moet 'n mens invoerbelasting betaal.⁴⁹ Vir sommige artikels of dienste benodig die invoerder 'n permit, byvoorbeeld die invoer van vleis of vis. Wetgewing speel 'n uiters belangrike rol om te bepaal wat en hoeveel daarvan en vir watter doeleindes ons items mag invoer. Gemeet aan hierdie Waardes is dit duidelik dat “invoer” (en “importation”) 'n baie sterk kommersiële betekenis het.

Wat sterk met “Vereistes” verband hou, is die Kenmerk “Gebruik”. Dit maak nie saak of die item vir persoonlike of kommersiële doeleindes ingevoer word nie, dit bly 'n artikel of diens wat invoer word. Crawford en kie het nie nodig om die dagga aan tien kliënte te verkoop om dit as 'n kommersiële invoer te laat geld nie; al het hulle die dagga vir persoonlike gebruik aangeskaf, bly dit 'n artikel wat hulle uit die buiteland ingevoer het.

Indien dagga vir medisinale doeleindes na Suid-Afrika ingevoer mag geword het, en Crawford-hulle het die dagga telefonies bestel en per pos laat aflewer, sou die pakkie waarskynlik deur die nodige kanale moes gaan, te wete die nodige dokumentasie, die nodige invoerbelasting, die nodige invoertariewe en die nodige kontrolle sou aan die orde van die dag gewees het. Indien dagga wettig in Suid-Afrika was en Crawford-hulle het nog steeds

⁴⁹ Mense word wel toegelaat om binne streng riglyne 'n aantal items by grensposte te mag in-en-uitneem, byvoorbeeld alkohol, tabak, parfuum, geld, ens. Daar word egter van reisigers verwag om daardie items te verklaar.

persoonlik na Lesotho gereis om die dagga te gaan koop, sou hulle in ieder geval die dagga op die grenspos buite Ficksburg moes verklaar as 'n item wat hulle in 'n persoonlike hoedanigheid die land inbring.

Die enigste groot verskil tussen die artikel wat Crawford en kie uit Lesotho ingebring het en die Duitse CD wat Jannie van der Merwe via Kalahari.com bestel het, is dat die eerste artikel onwettig is. Dáárom dat die items nie by die grenspos verklaar is nie. Dáárom dat die item persoonlik afgehaal is en waarom daar nie invoerbelasting betaal is nie. “Vereistes” is gelyktydig 'n Strukturele Onveranderlike en 'n Beperking. In- en uitvoere word deur wetgewing vasgelê en daarvolgens word belasting, permitte, kontrole en handelsbetrokkings bepaal. Selfs al word wetgewing gewysig, kan in- en uitvoere nie daarsonder geskied nie.

Gevolgtrekking:

Crawford-hulle se verdediging beskou die woorde “invoer” en “importation” se kommersiële betekenis in terme van die verkoop van items nadat dit ingevoer is. Die staat verkies dat dié woorde eerder gelees word in terme van die niekomersiële betekenis daarvan. Die prototipiese betekenis van die betwiste woorde is dié van kommersiële aard. Maar die kommersiële aard van die artikels lê nie slegs in die monetêre waarde daarvan nádat dit ingevoer is nie; dit is reeds 'n kommersiële item teen die tyd wat dit aangekoop en later ingevoer word.

Baie mense voer items en dienste vir persoonlike gebruik in, maar betaal nog steeds die nodige invoerbelasting, onderwerp die items volgens wet steeds aan doeane en grenskontroleurs se ondersoek, ens. Soms word die finansiële transaksie beklink voordat die artikel of diens die een land uitgaan en die nuwe een binnekom. 'n Indiese restaurant in Pretoria wat 'n Indiese kok uit Rajasthan invoer, het moontlik die werksooreenkoms formeel in Indië gesluit. Soms word transaksies in al twee lande aangegaan. Wanneer jy 'n boek deur Kalahari.com koop, moet jy eers vir die boek betaal voordat Kalahari.com as tussenganger optree. Nadat die geld deur Kalahari.com ontvang is, koop hulle die boek namens jou in die buiteland aan. Soms word die transaksie plaaslik aangegaan, maar moet die artikel nog steeds hierheen vervoer word.

Ek kom ook tot die gevolgtrekking dat enigiets met 'n monetêre waarde as 'n invoerbare (hetsy wettig of nie) artikel geld, ongeag of dit vir persoonlike of kommersiële waarde ingebring word. Selfs in die uitsonderlike geval waar iemand die grens na Swaziland

oorsteek, dagga in die veld pluk en dit terugbring Suid-Afrika toe, besit die dagga nog steeds 'n geldelike waarde, ofskoon die persoon dit gepluk het en nie daarvoor betaal het nie.

Vergelyk ook die woord “smokkel” (en verwante samestellings) teenoor “invoer”: om verbode goedere of belasbare goedere sonder betaling van belasting in die geheim in- en uit te voer; smokkelhandel, smokkelgoed – HAT (Odendal en Gouws, 2010:1051).

5.3.7 Association of Amusement and Novelty Machine Operators v Minister of Justice 1980: pin table

Konteks:

Ingevolge die Wet op Dobbelaar mag die Minister van Justisie masjinerie soos spykertafels verbied deur die nodige kennisgewing in die staatskoerant te publiseer. Dit doen die minister dan ook op 26 November 1976. Hy plaas 'n kennisgewing wat onder andere die volgende sê:

...the keeping or use of all pin tables, whether or not intended for playing games of chance, at any place to which the public has access [is prohibited]... (p. 636)

Die eerste appellant behoort aan 'n assosiasie wat onder meer spykertafels beskikbaar stel en die tweede appellant gebruik spykertafels in sy restaurant. In hul betoog neem die twee appellante 'n aantal sake op, byvoorbeeld die minister se gebruik van die woorde “keeping” en “use”, die minister se gebruik van die frase “at any place” en die moontlike verskil tussen 'n “pin table” en 'n “pinball machine”.

Die hof *a quo* het beslis dat 'n “pin table” en 'n “pinball machine” dieselfde instrument is en dat die woorde daarom sinoniem is. As sodanig sluit die minister se gebruik van die woord “pin table” ook “pinball machine” in. Die appellante hou egter vol dat 'n “pinball machine” bykomende toebehore bevat (in hulle geval, “flippers”) en weens dié verskille moet “pin table” van “pinball machine” onderskei word.

Die hof *a quo* het die besware teen die woorde “keeping”, “use” en “at any place” apart van die hoofkwessie aangepak. Ek bepaal my by die hoofkwessie, synde of “pin table” en “pinball machine” sinonieme van mekaar is.

Bespreking:


Pinball is 'n spel wat op 'n tafelblad van soorte gespeel word wat effens afwaarts neig om swaartekrag te akkommodeer. Dit het sy oorsprong in bagatel en biljart waarvan Japannese

Biljart 'n direkte voorloper was. Die speelveld het oorspronklik 'n aantal spykers bevat wat eweredig of strategies oor die tafelblad versprei is. Dan word 'n metaalballetjie tussen die spykers gemanipuleer om by spesifieke teikens uit te kom. Die spykers is mettertyd deur ander items vervang om die nodige hindernisse te skep.

Die meeste woordeboeke wat die woord “pin table” lys, stel dit aan “pinball” gelyk, sommige verwys daarna as 'n Britse sinoniem vir 'n Amerikaanse woord. Daar is nie een woordeboek wat “pin table” as 'n soortgelyke, maar unieke masjien beskryf nie. Dit kom wel as 'n argaïese term voor (meestal vanuit die 1930's, vergelyk die English Oxford Dictionary aanlyn).

Behalwe vir die verwysing na spykers as hindernisse is daar ook 'n ander moontlike verduideliking van “pin”. Bestudeer Figuur 5.10.

Figuur 5.10: [pinball]



Wanneer 'n mens na die Kenmerk “Features” kyk, is daar 'n aantal Waardes sigbaar. 'n Elektroniese spykertafel het dikwels musiek en flikkerende liggies wat deel van die ontwerp vorm. Die speelveld is met foto's of illustrasies versier en behalwe vir die funksionele instrumente bevat die spykertafel ook speelgoed of modelletjies, soos ruimtetuie waar die tema “Die Buitenste Ruim” is. Die speelveld is binne-in die vertoonkas en dit word meestal met 'n venster toegemaak.

Die speelveld bevat 'n paar standaard instrumente, soos die “plunger”. Dit is die veer wat die balletjie in die speelveld inskiet. Elke spykertafel het een. Maar sommige instrumente is opsioneel of verskil in getal. Een bepaalde masjien mag dalk slegs een “flipper” en twee “bumpers” hê, terwyl 'n ander masjien twee “flippers” en vyf “bumpers” het. Die masjiene verskil weens die aard van die spel en soms weens die verbetering van tegnologie. Ouer spykertafels het byvoorbeeld nie “flippers” nie (vergelyk voorbeelde van die Pacific Pinball Museum, 2015).

Een van die moontlik veelseggendste Waardes van “Feature” is die pote van die spykertafel. Volgens die Internet Pinball Machine Database (2014) se woordelys verwys die “pin” na die pote van die tafel. Speletjies wat in die 1930's en 1940's vervaardig is, was aanvanklik op pootlose tafels gespeel (Table Top Games) en later is hierdie tafels van pote voorsien. Dus die “pin” verwys na lang, dun of maer stawe. Vergelyk in hierdie verband die Afrikaanse woorde “spykerbene” en “spykerhakke”. Die idee dat “pin table” moontlik eerder die tafel as die speletjie beskryf, word versterk met WordNet (Princeton University, 2014) se definisie van “pin table”: “game equipment on which pinball is played.” Dit wil sê, dat “pinball” word op 'n “pin table” gespeel – die een is die spel en die ander die instrument.

Werp die Strukturele Onveranderlikes en Beperkings van [pinball] enige ekstra lig? Die Strukturele Onveranderlikes is “Player” en dit druk 'n kousale verhouding uit. Sonder die speler, staan die spykertafel onaangeraak. Wanneer die speler met 'n spykertafel speel, kan punte geakkumuleer word en kan sommige spelers ontspan of met hul vernuf spog. Spelers kan beperk word deur sowel “Location” as “Features”. Sommige plekke wat spykertafels aanhou, mag spelers verbied, byvoorbeeld 'n kasino of kroeg behoort kinders te verbied. Die “Features” kan ook bepaal hoe aantreklik of maklik 'n spel is. As dit te maklik of moeilik is, mag baie mense geen belangstelling toon nie. Dieselfde geld 'n (on)aantreklike spykertafel.

Die feit dat 'n spykertafel uit verskillende “Features” bestaan en dat daardie bykomstighede van masjien tot masjien mag verskil, neem nie daarvan weg dat dit nog steeds 'n spykertafel is nie. 'n Motor met twee deure is netsoveel 'n motor as 'n kar met vier deure.

Gevolgtrekking:

'n “Pinball machine” en 'n “pin table” is dieselfde ding, derhalwe is die woorde sinonieme. Die enigste groot verskil tussen die twee is dat die woord “pin table” moontlik argaïes is.

Sowel 'n "pinball machine" as 'n "pin table" kan beskryf word as instrumente waarop "pinball" gespeel word.

5.3.8 *S v Makhubela* 1981: driving

Konteks:

Die beskuldigde, mnr. Makhubela, is ingevolge a 57(1) van die Padverkeerswet aangekla dat hy 'n motor sonder 'n geldige bestuurslisensie bestuur het. Gevolglik is hy 'n R40 boete opgelê of kon hy 40 dae in die tronk deurbring; laasgenoemde is vir drie jaar opgeskort.


By nadere ondersoek is bevind dat die beskuldigde agter die stuur van 'n motor gesit het, terwyl die motor op 'n publieke pad van agter gestoot is. Die motor was nie in 'n werkende toestand nie. Die hof *a quo* het die vonnis na die appèlhof verwys. Die appèlhof moet bepaal of die beskuldigde werklik die betrokke motor "bestuur" het. Wat beteken die woord "driving" binne konteks? Is mnr. Makhubela skuldig aan "driving without a licence"?

Bespreking:

Die verskeie woordeboeke waarin ek die woorde "driving" en "bestuur" nageslaan het, dui nie die noodsaaklikheid aan dat 'n voertuig sig self meganies vorentoe moet beur as kwalifiserende vereiste om te "bestuur" nie. Soos in Figuur 5.11 aangedui word, word 'n bestuurder te alle tye benodig sodra 'n voertuig in beweging gebring word. Vir "driving" om te kan plaasvind, moet daar onder meer 'n drywer, 'n voertuig, 'n lisensie, 'n bestemming en uiteindelik ook vaardigheid wees.

Die drywer is 'n Strukturele Onveranderlike. 'n Kousale en intensionele verhouding word uitgedruk. Sonder 'n drywer kan 'n voertuig nie bestuur word nie en sal die uiteindelige bestemming waarskynlik nooit bereik word nie. Die Kenmerke "Licence" en "Skill" tree as Beperkings op. 'n Drywer het gewoonlik 'n lisensie nodig om op openbare paaie te mag bestuur. Die gebrek aan 'n lisensie verhoed mense om te bestuur, hoewel daar mense is wat die risiko beloop om voor die gereg te verskyn (soos mnr. Makhubela). 'n Lisensie gee nie net vir 'n drywer die amptelike toestemming om 'n voertuig te mag hanteer nie, maar sertifiseer ook dat die drywer oor die nodige vaardighede beskik om 'n bepaalde klas voertuig veilig en verantwoordelik te kan bestuur. 'n Persoon kan nie 'n voertuig hanteer sonder dat hy nie geleer het hóé om die vaartuig te manipuleer, kontroleer, rig en maneuvreer nie.

Figuur 5.11: [driving]



Wanneer ’n mens na die Kenmerk “Vehicle” kyk, is dit duidelik dat ’n voertuig óf op eie meganiese wyse óf deur ander trek- en stukragte kan beweeg. Die drywer benodig vaardighede om ’n voertuig te hanteer, ongeag die energiebron verantwoordelik vir die beweging van die voertuig. ’n Donkiekar is net so afhanklik van ’n ervare drywer as ’n motor wat deur ’n ander vaartuig gesleep word.

Nie alle voertuie vereis dieselfde soort vaardighede nie en nie alle vaartuie beskik oor dieselfde stel kontroles nie, maar basiese vaardighede soos rigting- en spoedbeheer, seine en remme bly belangrik. ’n Motorvoertuig wat van agter gestoot word, moet nog steeds van iewers gedryf word, hetsy direk agter die stuurwiel, met toue van bo die dak of deur middel van radarbeheer. Die drywer moet, waar nodig, die seine en remme kan toepas asook vir die mense wat stoot die nodige aanduiding gee van wat hulle te doen staan terwyl hulle stoot. Selfs al word slegs die stuurwiel hanteer, is “driving” ter sprake.

Gevolgtrekking:

Die woord “driving” impliseer dat ’n persoon ’n voertuig hanteer, rig, kontroleer, manipuleer en maneuvreer. Die woord impliseer verder dat ’n drywer die nodige vaardighede het om ’n voertuig te kan hanteer, rig, kontroleer, ens. ’n Voertuig hoef nie sig self op meganiese wyse (hetsy deur brandstof of elektrisiteit) aan te dryf voordat ons van “bestuur” of “drive” kan praat nie. Die eintlike probleem lê nie soseer by die betekenis van die woord “driving” nie; die kwessie is liever of die Suid-Afrikaanse wetgewer van burgers verwag om ook ’n lisensie te moet hê wanneer mense voertuie bestuur wat gestoot of getrek word.

5.3.9 Von Wielligh v Mimosa Inn (Pty) Ltd 1982: hotels

Konteks:

Die respondent wil 'n hotel op sy erf oprig en as hotel wil hy sterk drank verkoop. Die appellant wys uit dat die titelvoorwaardes nie daarvoor voorsiening maak nie. Volgens die Provinsiale Kennisgewing 623 van 14 Augustus 1970 mag dié erf “alleenlik gebruik word vir die doel om een woning, 'n woongebou of 'n inrigting... daarop op te rig...”. Die woord “woongebou” word soos volg deur die kennisgewing omskryf:

'Woongebou' beteken 'n gebou, uitgesonderd 'n woonhuis wat ontwerp is vir bewoning deur mense, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik daarmee gebruik word, en omvat blokke woonstelle, huurkamers, losieshuise, hotels, woonklubs en koshuise... (p. 723).

Die woord “woongebou” sluit dus 'n hotel in. 'n Hotel word moontlik beskou as 'n plek waar sterk drank verkoop mag word, veral wanneer 'n mens die Drankwet se definisie vir 'n gelisensieerde hotel oorweeg: 'n gebou wat persele bevat vir die buiteverkoop van drank. Dit wil sê, dat die respondent oënskynlik 'n hotel mag oprig en daarvanuit drank mag verkoop.

Maar die appellant voer aan dat die respondent aldus die kennisgewing slegs 'n “private hotel” mag oprig, gevolglik sonder 'n dranklisensie.


Wat beteken die woord “hotel”? Watter betekenis is relevant, veral met betrekking tot die lys van wooneenhede in die Provinsiale Kennisgewing?

Bespreking:

Die *frame* [hotel] kan aan die hand van die Kenmerke “Mense”, “Losies”, “Addisioneel” en “Onderneming” verklaar word. Bestudeer Figuur 5.12.

Mense word vir 'n verskeidenheid van redes na hotelle aangetrek, maar die hoofrede bly die kamers, restaurant, kroeg en laastens die onthaalmoontlikhede. Buiten vir die groot aantal mense wat by 'n hotel werk (van adminpersoneel tot nutsmanne en joggies), is daar hoofsaaklik twee soorte betalende besoekers aan 'n hotel, synde gaste en dagbesoekers. Gaste wat kamers huur, het dikwels toegang tot al die geriewe en dienste wat 'n hotel bied, soms ingesluit by die kamer se prys en soms nie. Dagbesoekers het gewoonlik net tot sekere geriewe en dienste toegang, maar altyd teen 'n fooi. Die restaurant, kroeg, swembad en onthaal- en konferensiesale is voorbeelde van die gewildste behoeftes onder dagbesoekers.

Figuur 5.12: [hotel]



Waar die aard en kwaliteit van die losies 'n Beperking op gaste plaas, beperk die addisionele dienste en geriewe sowel gaste as dagbesoekers. As 'n hotel swak diens het, slegte kamers verhuur, swak geriewe gebruik en te hoë tariewe eis, kan baie gaste op 'n ander hotel besluit of na 'n eerste ervaring nie weer terugkeer nie. Dieselfde geld vir dagbesoekers. Indien 'n hotel geen kroeg het nie, of die kroeg maak vroeg toe, of die drankvoorraad is beperk, kan dit dagbesoekers laat heroorweeg. Die gradering van geriewe en van die hotel as 'n geheel is gewoonlik aan die tariewe verbind. Duur en luukse hotelle se geriewe en diens is normaalweg van hoër standaard en trek daarom 'n sekere klas mense. Dieselfde kan gesê word vir hotelle wat vir reisigers op 'n begroting bedoel is.

Apart van die addisionele diens en geriewe wat talle hotelle aanbied en sig van mekaar onderskei (en wat help om 'n hotel se reputasie en bekendheid te vestig), is die bepaling van die wet uiteraard kardinaal. Daardie bepaling word in 'n erf se titelakte vervat. Elke titelakte bevat ook voorwaardes wat 'n eienaar inperk. Byvoorbeeld, meeste huise is slegs vir bewoning bedoel en daardie erwe is nie met besigheidsreg voorsien nie. Dit wil sê, meeste mense mag nie 'n besigheid van 'n private woning bedryf nie. In die geval van hierdie saak mag die eienaar van die betrokke erf slegs 'n woongebou oprig. Aangesien meeste van die

woongeboue in die kennisgewing se lys verhuur mag word, beteken dit dat dié erf wel besigheidsregte het. Die titelvoorwaardes plaas 'n beperking op die ganse onderneming. As die hotel alleenlik as private hotel mag funksioneer, sal sake soos 'n kroeg en onthaalsale wegval. Dit het 'n invloed op die mense (gaste en dagbesoekers) wat uiteindelik van só 'n hotel gebruik wil maak.

Daar word egter nêrens in die lys van woongeboue enige eksplisiete melding gemaak van 'n gelisensieerde woongebou nie. Items in die gegewe lys suggereer hoogstens dat etes (teen betaling) voorsien mag word (losieshuis, koshuis, huurkamer, hotel).

Gevolgtrekking:

Die woord “hotel” is in hierdie geval neutraal gebruik. Daar word nóg na 'n gelisensieerde nóg na 'n private hotel in die kennisgewing verwys. Wanneer “hotel” met die res van die woongeboue in die kennisgewing se lys vergelyk word, is dit waarskynlik dat 'n private hotel geïmpliseer word. Verblyf (en veral losies) blyk die hoofdoel van hierdie woongeboue te wees.

5.3.10 *S v Ntimbane* 1990: vermin

Konteks:

Die respondent is ingevolge a 30(1) (a) van die Kwa Zulu Wet daarvan beskuldig dat hy die verbod op jag van wilde diere in 'n natuurbewaringsgebied oortree het. Op 7 Julie 1988 het mnr. Ntimbane in die omgewing van die Tembe Olifantpark sonder toestemming 'n rietrot met 'n rietmes doodgemaak.

In sy verslag aan die appèlregter het die landdros geargumenteer dat die saak tersyde gestel moet word, omdat die respondent “vermin” doodgemaak het en nie 'n wilde dier wat deur die natuurreservaat beskerm word nie. 'n “Wild animal” word in die wysigingswet (Wet 9 van 1977) soos volg gedefinieer:

Any vertebrate animal (including a bird, a reptile but not a fish,) whether bred or kept in captivity or elsewhere belonging to a non-domestic species whose habitat is either temporarily or permanently in any part of the Republic... but does not include vermin (p. 305).

Die woord “vermin” word self nie in die wysigingswet gedefinieer nie. In die voorafgaande wet is sommige hiënas en jakkalse asook dassies, bobbejane en bosvarke as “vermin” geklassifiseer, maar die gewysigde definisie maak dit baie moeilik om te bepaal of 'n sekere

wilde dier “vermin” is of nie; hiënas, jakkalse en bobbejane is immers almal gewerwede diere wat permanent binne die Republiek te vinde is. Selfs al verskaf die wetgewer ’n lys met moontlike “vermin”, definieer die wetgewer nog steeds nie wat met die woord bedoel word nie. ’n Voorbeeldlys kan bloot tot verdere onsekerheid en nóg skuiwergate aanleiding gee.


Dit is die appèlhof se taak om onder meer te bepaal wat “vermin” is en moet die moontlikheid dat ’n rietrot as “vermin” kwalifiseer, ondersoek.

Bespreking:

Dit is vanuit die staanspoor belangrik om te noem dat die betrokke hof ’n soöloog of knaagdierdeskundige moet raadpleeg. Soos binnekort gesien sal word, is die betekenis van “vermin” verbind aan diere se habitat en bevolkingsaanwas. Waar taalkundige verklaring ophou, moet soölogie oorneem. Hoewel Barsalou se *framemodel* ’n ondersoeker in staat stel om op ensiklopediese kennis te steun (iets wat ek verseker hier doen), mag dit vir die hof voorkom asof ek my as ’n dierkundige voorhou. Ek maak alleenlik van ensiklopediese kennis gebruik in so verre as wat die uitleg van die betrokke woord van my vereis; ek bedoel nie daardeur om op soölogiese terrein te oortree nie.

Hoewel die staat en ander instellings lyste het waarop ’n aantal voorbeelde van ongediertes voorkom, is die woord “vermin” vaag. Die term kan op enige dier van toepassing wees na aanleiding van bepaalde kriteria. Bestudeer Figuur 5.13.

Figuur 5.13: [vermin]



Ek beskou die Kenmerke “Feeding”, “Population growth”, “Habitat” en uiteindelik “Status” as belangrike, interafhanklike aspekte van [vermin]. Lewende wesens het kos nodig. Dit is kardinaal vir voortplanting en oorlewing. Daarom is “Feeding” ’n Strukturele Onveranderlike; sonder kos, vrek ’n dier. ’n Dier se habitat word grotendeels deur voeding bepaal. Hoe meer kos daar in ’n bepaalde streek is, hoe vinniger vermeerder ’n dier in getal. Voeding is daarom onlosmaaklik aan bevolkingsgroei en habitat verbind. Saam met natuurlike vyande vorm voeding en habitat Beperkings. Wanneer die kos dus min is, is die konsentrasie diere in ’n habitat gewoonlik ewe min en neem aanwasgetalle af. Indien ’n streek nie natuurlike vyande bevat nie, kan ’n spesie ook gedy. Groot kosvoorrade en min of geen vyande is ’n sterk dog verwoestende kombinasie. Stedelike gebiede het soms onuitputbare bronne voedsel. Dieselfde betref landbou-areas.

Diere en insekte kan maklik plaë vorm wanneer hulle vrylik toegang tot gesonde landerye kry. Daar is groot hoeveelhede kos wat groter bevolkingsgetalle tot gevolg kan hê. Die habitat en die groot bevolkingsgetalle dra saam tot die status van ’n dier by, naamlik of daardie dier ’n pes is of nie. Duisende rotte of sprinkane op ’n graanlandery dra waarskynlik die status as ’n pes wat grootskaalse skade aanrig. Omdat die bevolkingsgetalle en skade ewe groot kan wees, sal sulke diere moontlik nie deur wetgewing beskerm word nie.

Wanneer daar klein bevolkingsroepe in natuurlike habitatte voorkom, kan die skade wat ’n dier aanrig kleiner wees. Dit bring ons by die rietrot. ’n Rietrot is ’n groterige knaagdier wat in Sub-Sahara-Afrika voorkom. In Suid-Afrika kom dit meestal in KwaZulu-Natal voor. ’n Rietrot kan tot sewe kilogram weeg en ongeveer sestig sentimeter lank word (stert uitgesluit). Dit behoort tot die familie *Tryonomys* en verskil van sy *Rattus*-broer. Rietrotte is herbivore en kom in waterryke areas en rietbosse voor. In Wes-Afrika word rietrotte as ongediertes beskou weens hul groot bevolkingsgetalle. Maar is rietrotte ongediertes in Suid-Afrika? Veral dié wat buite suikerplantasies voorkom?

Gevolgtrekking:

’n Dierkundige sal met meer sekerheid kan sê of rietrotte in alle opsigte as ongediertes geklassifiseer moet word. Ek stel my voor dat groot rietrotgetalle op suikerrietplantasies skade tot gevolg kan hê. Maar groot olifanttrope rig ewe groot skade aan woude aan sonder dat hulle as ongediertes geklassifiseer word. ’n Veldmuis wat ver van plase voorkom, baie vyande het en wat van sy onmiddellike omgewing vir kos afhanklik is, kan sekerlik nie as ’n

ongedierte geklassifiseer word nie, net omdat dieselfde spesie 2000km daarvandaan in groot, verwoestende getalle op 'n plaas gedy?

As taalkundige verklaar ek dat die woord “vermin” direk verband hou met konsepte soos voeding, habitat en natuurlike aanwas. Hierdie konsepte bestaan uit Kenmerke en Waardes wat elk relevant tot die betekenis van die gegewe woord is. Na my mening dui die woord “vermin” op diere wat in groot getalle 'n verwoestende effek kan hê, veral in areas waar dier en plant weens finansiële verbouing of natuurbewaring beskerm word. Die woord kan verder op gediertes van toepassing wees waar groot getalle tot gesondheidsrisiko's in plekke soos stede kan lei. Die woord se betekenis is van só 'n aard dat diere en insekte die status as “vermin” kan bekom, maar ook kan verloor, dit wil sê enige dier kan 'n ongedierte wees. Om vaste voorbeeldlyste saam te stel wat nie van tyd tot tyd deur deskundiges aangepas word nie, sou onkundig wees en die betekenis van die woord “vermin” inperk en selfs verander om sinoniem met diere soos jakkalse, bobbejane en knaagdiere te wees. Die betrokke woord moet konseptueel saam met sake soos voeding, habitat en natuurlike aanwas bestudeer word.

5.3.11 *Waylite Diary CC v First National Bank Ltd 1995: drawings, chart, literary work*

Konteks:

Die appellant het tussen 1988 en 1991 ongeveer 3000 velddagboeke per jaar aan die respondent gelewer vir gebruik deur laasgenoemde se bestuurders. Die dagboeke is in oorleg met FNB ontwerp. In 1992 het die bank 'n tender vir dagboeke uitgestuur waartydens Waylite Diary 'n onsuksesvolle aansoek ingedien het. Die dagboeke wat deur die aangewese drukkerij voorsien is, het in alle opsigte eenders gelyk aan dié wat Waylite Diary tot op daardie stadium voorsien het.

Oortuig daarvan dat hul dagboeke deur kopiereg beskerm is, het die appellant die hof *a quo* versoek om 'n interdik teen FNB uit te reik teen die gebruik van die afspraakbladsy in die nuwe dagboek.

Die afspraakbladsy bestaan telkens uit twee paginas wat na mekaar kyk wanneer die dagboek oopgeslaan is. Elke paar bladsy hanteer 'n dag van die week en begin by Maandag. Die linkerkantste bladsy bevat as eerste reël die naam van die maand in Afrikaans en Engels asook die weeknommer. Die dae van die week word dan in al twee tale gelys saam met die relevante datum. Vier horisontale lyne word onder die naam van die dag gegee; twee lyne vir Saterdag en Sondag. Die regterkantste bladsy bevat lyntjies vir notas en onder aan die bladsy

is klein kalendertjies van die relevante maand en van twee vooruitskouende maande. Die kleurgebruik en lettertipe reflekteer dié van FNB se korporatiewe identiteitspesifikasies.

Die appellant het aangevoer dat dié bladsye aldus a 1(1) van die Wet op Outeursreg as “artistieke werk” kwalifiseer, omdat die betrokke bladsye ’n “drawing” en of ’n “chart” is. Hulle beweer ook dat die afspraakbladsye ’n literêre werk is.

Hoewel die ontwerper en werknemer van Waylite Diary, mnr. Cianfanelli, in ’n beëdigde verklaring bevestig het dat hy ongeveer twaalf ure spandeer het om die geskikte uitleg te ontwerp en dat hy nie sy ontwerp op enige ander voorbeeld geskoei het nie, is die saak deur die hof *a quo* uitgegooi. Volgens Stegmann J was die ontwerp nie oorspronklik in terme van onderskeibare eiesoortigheid nie. Dit wil sê, velddagboeke lyk eenders.

Wat beteken die woorde “drawing”, “chart” en “literary work” met betrekking tot afspraakbladsye in ’n dagboek? Kwalifiseer die blaaie in ’n velddagboek as enige van hierdie konsepte?

Bespreking:

Ek sal met die woorde “literary work” begin.⁵⁰ Dié woorde het twee prototipe betekenisse in Engels, synde letterkundige werke en literatuur. Letterkunde behels kreatiewe skryfwerk, terwyl literatuur meestal beskikbare leesstof oor ’n onderwerp aandui. Laasgenoemde hoef nie kreatief te wees nie, maar kan akademies van aard wees. Dit behoort voor die hand te lê dat ’n skepper van ’n teks asook die prosesse waardeur ’n teks gaan, grootliks bepaal of daardie teks literaries is of nie. Bestudeer Figuur 5.14.


Twee eienskappe wat ’n letterkundige werk van ander onderskei, is die taalgebruik en die artistieke waarde daarvan (sien die Kenmerk “Text”).⁵¹ Die skepper van ’n teks het ’n direkte invloed daarop. In die geval waar ’n mens van “literary work” as onderwerp-spesifieke leesstof praat, speel die kwaliteit van die taalgebruik nog steeds ’n belangrike rol, maar val die

⁵⁰ Let op dat “literary work” se gewone betekenis (of prototipe betekenis) hier hanteer word. Die woorde “literary work” (en “artistic works”) het ’n uitgebreide betekenis in die Wet op Outeursreg en sluit daarom tabelle en samestellings van data in. As ’n hof uitsluitlik op grond van die tegniese definisie uitspraak sou lewer, sal die ontleding in hierdie hoofstuk waarskynlik onnodig en onvolledig wees. Sien Schulze et al (2015:276) vir ’n uiteensetting van die Wet op Outeursreg en die soorte werke wat daardeur beskerm word.

⁵¹ Ek is daarvan bewus dat die term “letterkunde” self problematies kan wees, hoofsaaklik weens literators se gebrek aan konsensus oor wat alles as letterkunde kwalifiseer. Dan is daar verder die kwessie van sogenaamde hoë en lae letterkunde. Hierdie het egter minder met die betekenis van die woord te make en meer met die kriteria waarvolgens letterkunde beoordeel word. Ek laat dié debat aan letterkundiges oor; dit is nie hier van toepassing nie.

klem eerder op die wyse waarop taal ingespan word om te beredeneer en te kommunikeer. Die skepper, in hierdie geval byna uitsluitlik 'n skrywer, het daarom via sy taal en kreatiwiteit 'n invloed op die literêre status van 'n teks.

Figuur 5.14: [literary work]



Met taalgebruik word taalkonstruksies bedoel, met ander woorde sinskonstruksies, woordkeuses, koherente paragrawe, ens.


Geskrewe tekste gaan dikwels met visuele voorstellings gepaard. Die onderwerp van 'n teks sal die aard van die illustrasie help bepaal. Illustrasies het meestal 'n komplementêre of verklarende funksie by tekste. In die geval waar feite of syfers op verteerbare wyse gekommunikeer word, is die gebruik van diagramme, grafieke of tabelle wenslik. Die inligting wat deur hierdie soort visuele voorstellings gekommunikeer word, bestaan selde uit vol sinne. Die data word juis opgekap om makliker te lees. Daar is ook selde sprake van unieke taalgebruik hier.

Wanneer dit by kopiereg kom, speel die uniekheid van die skrywer se taal en kreatiwiteit 'n belangrike rol om 'n teks van ander te onderskei. Die inhoud van afspraakbladsye in 'n velddagboek kwalifiseer nie as 'n literêre werk nie, nie as kreatiewe skryfwerk of as leesstof binne 'n vasgestelde terrein nie. Die afspraakbladsye in Waylite Diary se dagboek bevat nie unieke taalkonstruksies nie; die enkele woorde wat daarin voorkom, is eiename wat almal tot

die publieke domein behoort. Die taal reflekteer nie 'n artistieke waarde of intelligente beredenering nie. Dit maak nie saak of 'n uitlegkunstenaar of grafiese ontwerper die name van dae op kreatiewe maniere probeer uitlê het nie, die uitleg maak die afspraakbladsye nie literaries nie.

Die appellant staan 'n beter kans met die woord “chart”, wat volgens die wet 'n voorbeeld van “drawing” is. Om te bepaal waar 'n woord soos “chart” inpas, het ek die *frame* [visual representation] gebou. Dit word aan die hand van die Kenmerke “Creator”, “Tools”, “Representation”, “Product”, “Copyright” en “Text” verduidelik. Sien Figuur 5.15.

Figuur 5.15: [visual representation]



“Creator” en “Representation” hou sterk verband. Uiteenlopende kunstenaars skep visuele voorstellings vir 'n aantal redes: individue wat die skone kunste beoefen, gee uiting aan die muse, ontwerpers gee vorm aan idees en konsepte, uitlegkunstenaars of tegniese skrywers help om ingewikkelde data op eenvoudige wyse visueel te kommunikeer. In die meeste gevalle word 'n skepper van só 'n teks opdrag gegee om iets visueels voor te stel. 'n Opdrag kan 'n Bepanking op die skepper plaas, omdat hy nie voluit sy eie kreatiewe insigte mag ontplooi nie. Dit wat voorgestel word, plaas 'n verdere Bepanking op 'n skepper, want die

inligting wat visueel gekommunikeer moet word, kan moontlik reeds bestaan en aan kopiereg onderwerp wees.

Elke visuele voorstelling het 'n uiteindelijke doel. Dit mag wees om die produk te publiseer, te laat druk, uit te stal, om kommentaar te lewer, om tot 'n bestaande korpus by te dra of om inligting te vereenvoudig. Die doel van die produk hou verband met die manier waarop 'n visuele teks geskep word. Wanneer dit by die voorstelling van data soos feite en syfers kom, word daar gewoonlik van "charts" gebruik gemaak, naamlik diagramme, grafieke of tabelle. Die doel van hierdie soort visuele voorstelling is om die data verteerbaar oor te dra. Die primêre doel van 'n "chart" is nie om in 'n galery uitgestal te word nie en dit word ook nie op sigself as sosiale kommentaar gebruik nie.

Die teken van grafieke en diagramme kan sekerlik kreatief en uniek wees. 'n Grafiese ontwerper kan byvoorbeeld unieke piktogramme gebruik om data in 'n grafiek uit te beeld. Vergelyk gerus dié styl in die tydskrif *Time*. (Dit mag dalk moeiliker wees om op dieselfde kreatiewe wyse met tabelle te werk. Maar dit is vir die hof om te besluit.) Afspraakblaai in 'n velddagboek kan as data in 'n tabel kwalifiseer. Daar is geen minimumvereistes aan tabelle verbonde nie, solank data oorsigtelik in gestruktureerde lysformaat oorgedra word.

Gevolgtrekking:

Die inligting wat in *Waylite Diary* se afspraakbladsye weergegee word, kwalifiseer nie as "literary work" nie, weens die aard van die inligting en die wyse waarop dit gekommunikeer word. Dit wil sê, dat die taalgebruik te skraps is om as unieke en kreatiewe taalkonstruksies deur te gaan. Die data word wel in tabelformaat oorgedra. Data word in die vorm van eiename (dié van dae en maande) en syfers (datums en weeksonommers) voorsien en daar word genoeg ruimte gelaat om self binne die tabel tot die data by te dra. Die gebruik van die woord "chart" is dus geldig. Die hof moet egter besluit of die uitleg van die afspraakbladsye uniek genoeg is om deur kopiereg beskerm te word.

5.3.12 *Cargo Africa CC v Gilbeys Distillers and Vintners (Pty) Ltd 1998: hijacking*

Konteks:

Hierdie is 'n lang en gedetailleerde saak wat 'n aantal partye betrek. Om verwarring te voorkom, hou ek die oorsig kort. *Gilbeys Distillers and Vintners* produseer alkoholiese drankie. Na uitgerekte onderhandelings sluit hulle 'n ooreenkoms met 'n maatskappy wat

Gilbeys se produkte na verskeie sentra in Suid-Afrika sal vervoer. Wanneer versoek word, sal die vervoermaatskappy vragryers reël. Een van dié vragryers is Cargo Africa. Die vervoermaatskappy en Cargo Africa verseker Gilbeys dat hulle die nodige versekeringsdekking het. Die versekeringspolis dek onder meer “accident, fire, collision, overturning and hijacking”, maar sluit diefstal uit omdat die risiko te groot was.⁵²

Op 20 September 1990 het Gilbeys gevra dat ’n vrag van hul perseel in Isipingo na hul perseel in Newcastle vervoer word. ’n Derde party, met wie die vragryer ’n ooreenkoms gehad het, is ingeroep om die vrag te vervoer. Die goedere is op die vragmotor (’n perd en wa) gelaai. Van die Gilbey-perseel in Isipingo het die derde party die vrag eers na hul eie perseel, 15km verder, vervoer. Daar het die vragmotor en vrag in die derde party se erf gestaan. Die ingang tot die derde party se erf is deur sekuriteitswagte beman, hoewel die vragmotor en vrag self onbeman was. Op die aand van die 22ste September het ’n man hom aan die sekuriteitswagte voorgedoen as die drywer van die vragmotor. Die sekuriteitswagte het die man toegelaat om die vragmotor van die perseel te verwyder. Geen geweld of dwang het plaasgevind nie. Die verlies van vragmotor en vrag is die volgende dag ontdek met die aanmelding van die ware drywer.

Gilbeys eis dat die vervoermaatskappy se versekeraar op grond van ’n “hijacking” uitbetaal, terwyl die ander partye daarop aandring dat wat die aand van die 22ste September gebeur het, diefstal is. Kaping gaan met geweld en dwang gepaard en suggereer dat ’n voertuig in transito gesteel word, aldus die twee teenpartye. Tydens dié gebeurtenis was die oorspronklike drywer nie eens teenwoordig nie, die vragmotor was nie in transito nie en geen geweld of dwang was ter sprake nie.

Wat beteken die woord “hijacking”? Sluit die betrokke woord sowel diefstal as roof in, of impliseer “hijacking” slegs roof?


Bespreking:

Wanneer ’n mens van kaping praat, roep dit by talle luisteraars vrees op. Dit is ’n gebeurtenis of ervaring wat baie Suid-Afrikaners met geweld en selfs dood assosieer. Myns insiens is die prototipe betekenis van “hijacking” kenmerkend van geweld, dwang en rooftogte wat in transito plaasvind. Dat Suid-Afrikaners “kaping” aan “roof” eerder as “diefstal” gelykstel,

⁵² In die aanvanklike versekeringsooreenkoms tussen die partye het die polisdokument pertinent “hijacking” en “theft” as aparte versekeringsitems gelys. In die laaste kennisgewing aan die versekerde partye het die lys versekeringsitems slegs “hijacking” ingesluit. Sien *Cargo Africa* vir besonderhede.

kom in die vragryersmaatskappy se reaksies na vore: waar Gilbeys die woord “hijacking” as inklusief van beide roof en diefstal beskou, interpreteer Cargo Africa en klie die woord as sinoniem met roof.⁵³ Die lys gebeure wat deur die versekeraar gedek word, is veelseggend, te wete “accident, fire, collision, overturning and hijacking”. Omdat die woorde “theft” en “robbery” afwesig is, kan ’n mens die afleiding maak dat die versekeraar die woord “hijacking” as inklusief van al twee konsepte (diefstal en roof) beskou. Indien die versekeraar “hijacking” as ’n soort sinoniem vir roof beskou het, sou die versekeringspolis waarskynlik ook “theft” as ’n versekerde item/gebeure in die lys aangedui het; dit is egter nie die geval met die laaste weergawe van die polis nie. Ofskoon verskeie woordeboeke na die gewelds- en dwangaspek verwys, kan ’n kaper ook ’n dief wees. ’n Persoon wat ’n vliegtuig of ’n boot steel terwyl daar niemand aanboord is nie, kan onder meer as kapers beskryf word. Dat “hijacking” al twee konsepte insluit, word in Figuur 5.16 aangedui.

Figuur 5.16: [hijacking]



Items kan op ’n verskeidenheid maniere gesteel word, byvoorbeeld deur mense te dwing, deur mense te bedrieg, deur ’n item ongesiens vas te lê, deur die item van iemand anders af te rokkel of ’n item met geweld en dreigemente af te vat. Dit verskil nie wanneer ’n kaping ter

⁵³ Ek het ’n aantal mense informeel na hul interpretasie van die woord “hijacking” gevra en almal het, sonder uitsondering, die woord geassosieer met geweld, dwang of roof (meestal in transito). Niemand het gesê die woord beteken gelyktydig roof en diefstal nie. Ek erken egter dat my informele peiling nie verteenwoordigend of wetenskaplik is nie, dog dié mense se antwoorde bevestig die prototipe.

sprake is nie. 'n Kaping kan in die geheim plaasvind (wanneer die drywer nie teenwoordig is nie), of dit kan deur middel van dwang geskied. Een van die eienskappe van kappings is dat dit in transito kan plaasvind. In só 'n geval kan 'n drywer uitgeskakel word of hy kan gedwing word om die voertuig na 'n spesifieke bestemming te bestuur. In spesiale gevalle mag 'n kaping wederregtelik geskied, veral wanneer burger- en staatsveiligheid 'n risiko word.

Die item bepaal die wyse waarop dit gesteel word: ontvoering, stropery, afpersing, bedrog, sakkerol, roof en uiteindelik kaping. Die daad bly dieselfde, naamlik die onwederregtelike neem van iets. 'n Persoon wat se beursie uit sy kantoor gesteel is, terwyl hy in die teekamer was, is sonder geweld of konfrontasie van sy besittings ontnem. Maar 'n persoon wat se beursie op straat beroof is, gaan met geweld, dwang en vrees gepaard. Die wyse waarop geroof/gesteel word, verskil miskien, maar die eindresultaat is dieselfde, synde 'n verlies van items. Dit wat kaping kenmerk, lê nie soseer by sy konnotasies nie, maar eerder in die items wat geneem word en tot 'n sekere mate die wyse waarop die misdaad plaasvind.

By “hijacking” is die item wat gesteel word, verbonde aan 'n voertuig. Dit kan slegs die voertuig wees of die kaper kan die voertuig steel om die vrag te buit. Soms word die vaartuig gesteel terwyl die drywer op pad is iewers heen. Wanneer 'n drywer gedwing word om die kaper na 'n spesifieke bestemming te neem, word transport gekaap.

Gevolgtrekking:

Aangesien die oorspronklike polisdokument “hijacking” en “theft” as versekerde items gelys het, beteken dit dat die versekeraar 'n onderskeid tussen die twee woorde getref het, met die insinuasie dat “hijacking” met roof geassosieer word. Weens die feit dat die laaste polisdokument “theft” uitgelaat en versuim het om “hijacking” voldoende te omskryf, moet 'n ondersoeker versigtig wees om aannames te maak oor waarom die woord weggelaat is. Dit laat 'n ondersoeker met potensieel twee kwessies, naamlik (1) die vraag of dit werklik hier om die gewone betekenis van “hijacking” gaan en in watter opsig dié woord sowel diefstal as roof insluit; (2) die vraag of 'n hof nie eintlik 'n tegniese betekenis ondersoek nie. Indien “hijacking” as term hanteer word, moet 'n hof die onderskeie betekenis teen die feite van die gebeure opweeg. In dié geval sal 'n mens moet kyk na aspekte soos die teenwoordigheid van die slagoffer: as die slagoffer elders was, het 'n hof waarskynlik met diefstal te make, maar indien die slagoffer tydens die misdaad teenwoordig was, is roof sekerlik ter sake.

Die woord laat ruimte vir al twee betekenisonderskeidings; in watter mate albei interpretasies as die gewone betekenis van die relevante woord mag geld, is 'n ander vraag. As dit egter bloot om die gewone betekenis van die woord “hijacking” gaan, sou ek argumenteer dat 'n hof die prototipe betekenis sterk oorweeg. Dit wil sê dat die betrokke woord liever as sinoniem vir roof geïnterpreteer moet word, aangesien dit die frekwentste betekenis van die woord kan wees (in Suid-Afrika, altans) en reeds só in die volksmond opgeneem is. 'n Korpusstudie behoort 'n goeie manier te wees om dié stelling te staaf.

5.3.13 *S v Mokgoje* 1999: buitengewone omstandighede

Konteks:

Meneer Mokgoje het saam met vier medepligtiges die sekuriteitswagte by die Danie Fourie-delwery oorrumpel en verskeie artikels gesteel. Een van die medepligtiges het 'n vuurwapen gehad. Na arrestasie het die beskuldiges op 5 Desember 1997 om borg aansoek gedoen. Die borgaansoek was onsuksesvol wat die respondent genoop het om 'n paar maande later, September 1998, vir 'n tweede keer aansoek te doen. Met die tweede aansoek het die respondent nuwe feite aan die hof voorgelê en ingevolge a 60(11)(a) van die Strafproseswet op “buitengewone omstandighede” aangedring, wat die hof *a quo* oorweeg het. Die nuwe feite kan soos volg opgesom word:

- (i) dat dit met die appellant se besigheid sleg gaan omdat hy in hegtenis verkeer;
- (ii) dat die appellant se saak tot 16 Februarie 1999 op versoek van die Staat uitgestel word; die uitstel was egter nie as gevolg van nalatigheid aan die kant van die Staat nie aangesien 'n belangrike Staatsgetuie, Nelson Mokweng, van werk en sodoende van adres verander het;
- (iii) die waarde van die goedere wat geroof was, was by die eerste borgaansoek op R25 000 gestel terwyl die waarde na R3 691,13 verminder is. In die getuienis is daar ook melding gemaak van 'n onbekende hoeveelheid diamante in 'n pilhouer wat ook geroof is alhoewel dit nie in die klagstaat verskyn nie (p. 236).


Die woorde “buitengewone omstandighede” word nie deur die wetgewer omskryf nie. Vir die hof om te bepaal of die nuwe feite as buitengewone omstandighede kwalifiseer, moet die woorde uitgelê word.

Bespreking:

Die woorde “buitengewone omstandighede” is myns insiens nie besonder meerduidelik of vaag nie, veral wanneer ’n mens die konteks in gedagte hou en dit teenoor “verswarende omstandighede” plaas. Laasgenoemde word in die wet met kriteria toegelig, naamlik onder andere die gebruik van ’n vuurwapen tydens ’n rooftog en die besering van onskuldige omstanders (p. 240).

Nietemin kan ’n baie eenvoudige uiteensetting soos volg daar uitsien. Bestudeer Figuur 5.17.

Figuur 5.17: [omstandighede]



’n Omstandigheid kan veral gesien word as die interafhanklike verhouding tussen ’n gebeure en kondisie. Gedurende ’n gebeurtenis is daar faktore wat op die betrokkenes inwerk en daardeur die verloop van sake beïnvloed. Die verloop van gebeure hou met die stand van sake verband en help terselfdertyd om die toestand te skep. Gebeure en kondisie is Strukturele Onveranderlikes, die een kan nie sonder die ander bestaan nie.

Nóg ’n Kenmerk van [omstandighede] is wat ek “Gradering” noem. Dit gaan hier oor hoe besonders ’n bepaalde situasie is, met ander woorde die evaluering daarvan. In die geval van die betrokke hofsaak bestaan die gradering uit die Waardes “versagtend”, “verswarend” en “buitengewoon”. Hier kan ’n mens sien dat “buitengewoon” daarop dui dat ’n gebeure of situasie spesiaal, raar, uitsonderlik en geensins algemeen is nie. Dit beteken dat buitengewone omstandighede ’n situasie is wat spesiale meriete het; die stand van sake is besonders en uniek.

Omdat 'n gebeurtenis en sy situasie interafhanklik is, het al twee 'n invloed op die gradering. Tans is mnr. Mokgoje in die tronk en weens die feit dat hy by 'n rooftog betrokke was waar 'n vuurwapen gebruik en mense liggaamlik beseer is, staar hy verswarende omstandighede in die gesig. Daardie gradering van “verswarende omstandighede” is 'n direkte gevolg van die verloop van gebeure en die situasie wat daarvolgens geskep is.

Laastens lei alle omstandighede na 'n resultaat, meestal voordelig of nadelig. Met ander woorde, as die omstandighede gunstig is, eindig die gebeure goed. Die eerste omstandighede het sleg vir mnr. Mokgoje geëindig: hy was medepligtig aan diefstal en is uitgevang. Nou moet die hof besluit of nuwe feite, wat die omstandighede verander, hom voor- of nadelig gaan wees.

Gevolgtrekking:

Buitengewone omstandighede is 'n ongewone toestand wat so uitsonderlik is, dat dit in 'n persoon se guns tel. Dit impliseer dat 'n voorsittende beampte nie die situasie sou kon voorskou nie en dat dit tot 'n sterk mate enige bestaande kennis troef. Buitengewone omstandighede is veronderstel om spesiaal en seldsaam te wees. Die hof sal moet besluit in welke mate die nuwe feite werklik buitengewoon is.

5.3.14 *S v Abrahams* 2001: armament

Konteks:

Op 8 September 1997 is die respondent en 'n ander persoon in hul motor deur die polisie in Mitchell's Plain voorgekeer en deursoek. Elkeen het 'n gelisensieerde vuurwapen en 'n groot hoeveelheid ammunisie gehad. Die polisie het ook ses petrolbomme in hul bakkie gevind wat uit koeldrankbottels, petrol en lap gemaak is. Die respondent en sy medepligtige is ingevolge a 32(1)(c) en a 39(2)(aA)(i)(aa) van die Wet op Wapens en Ammunisie, soos gewysig, aangekla dat hulle in besit van wapentuig (“armament”) was. Hulle is dienooreenkomstig 'n minimum van 5 jaar tronkstraf opgelê waarvan 'n gedeelte voorwaardelik opgeskort is.

Die respondent en sy vriend het appèl aangeteken en geargumenteer dat 'n petrolbom nie in lyn met a 32 van die Wet op Wapens en Ammunisie as wapentuig geklassifiseer kan word nie. Anders as petrolbomme dui “armament” op militêre gereedskap en toerusting wat vir militêre aktiwiteite en doeleindes gebruik word, aldus Abrahams en kie. Hoewel die woord “armament” nie in die wet omskryf word nie, word verskeie items gelys, byvoorbeeld

kanonne, vuurpylwerpers, masjiengewere, plofstowwe, handgranate, missiele, brandbomme, ensovoort.

Die hof moet bepaal of petrolbomme ook as “armament” kwalifiseer (veral in die lig van plofstof en brandbomme) en of die woord se gewone betekenis die item buite (militêre) wapentuig plaas.⁵⁴

Bespreking:


Die gebruik van Barsalou se *framemodel* stel ’n ondersoeker in staat om die verhouding tussen woorde raak te sien. Maar elke *frame* wat ’n mens bou, gee slegs ’n klein deeltjie van die ware *frame* weer. In ’n poging om aan te dui waar petrolbomme moontlik by “armament” aansluit, het ek die *frame* [plofstof] gebou, maar het ook *frames* wat by [plofstof] aansluit, soos [anargisme], [opblaas] en [wapentuig], gedeeltelik ingesluit. Bestudeer Figuur 5.18.

Daar is verskeie mense betrokke by die gebruik van plofstof: die bomwerpers, die teikens en die slagoffers. ’n Bomwerper kan iemand wees wat in die weermag is, iemand wat vir kommersiële redes bomme gebruik, dit kan Jan Publiek wees wat bomme in die vorm van vuurwerke of vuurpyle afskiet en dit kan ook kriminele figure wees wat bomme gooi weens terrorisme, bendegegeweld of oorlog tussen kartelle. Die teiken van ’n bomwerper hang met die doel van die ontploffing saam. Dit kan wees om die vyand se wapenmagasyn te vernietig, om ’n bepaalde gebied vir jou bende te kleim of om ’n sterk boodskap aan ’n teenparty te kommunikeer. Daar is sonder twyfel reëlmatig slagoffers by bomme betrokke, veral waar militêre en kriminele aksie vir bomme verantwoordelik is.

Die rolspelers by “plofstof” kan veral in die *frames* [anargisme] en [opblaas] gesien word. Met “anargisme” verwys ek na die anti-establishment- en antiregeringsbewegings wat dikwels guerillataktiek gebruik om hul boodskappe mee oor te dra.

⁵⁴ Dit is interessant dat die hof *a quo* nie die respondent en sy vriend ingevolge a 28 van die Wet op Plofstowwe verhoor het nie. Dit verbied die besit en gebruik van plofstowwe om mense seer te maak of om eiendom te beskadig. Een van die items wat as ’n plofstof gelys word, is ’n petrolbom. Binns-Ward AR verwys wel daarna in die appèlsaak (p. 269-271).

Figuur 5.18: [plofstof]



In [opblaas] word dit verder duidelik watter soorte mense met plofstof doenig is (of kan wees). Hier is die Kenmerke “Militêr” en “Krimineel” nie net aan [anargisme] verbind nie, maar ook aan [wapentuig] en aan die Kenmerk “Impak” van [plofstof]. Diegene wat plofstof vir kommersiële en vermaaklikheidsdoelwitte gebruik, gebruik beperkte soorte plofstof en gewoonlik onder toesighouding (veral siviele werkers). Daar steek geen militêre agenda daaragter nie. ’n Koppie word byvoorbeeld oopgeblaas om ’n snelweg daardeur te bou.

Maar sowel die weermag as kriminele groepe gebruik plofstof vir militêre redes, daarom sien ek die woord “armement” (wapentuig) as wyd genoeg om ’n petrolbom in te sluit. Hoewel ’n petrolbom nie amptelike toerusting is wat aan die weermag behoort nie, is dit wel ’n bom wat reeds in oorloë gebruik is, vergelyk die Spaanse burgeroorlog en die Tweede Wêreldoorlog, veral in Finland en Brittanje waar ’n Molotov Cocktail deur die publiek gebruik is. Die betekenis van die woord “petrolbom” as “wapentuig” lê dus nie soseer in die status daarvan as ammunisie behorende tot die weermag nie, maar lê eerder in die gebruik daarvan.

Die impak van ’n petrolbom is noodwendig aansienlik kleiner as dié van ’n missiel. ’n Petrolbom het ook nie die snelheid, lewendigheid of Brisance wat ’n hidrogeenbom dalk het nie, maar dit rig steeds skade aan en word nie vir kommersiële of vermaaklikheidsdoeleindes aangewend nie.

Gevolgtrekking:

Die uiteindelige doel van die wet speel hier ’n belangrike rol: óf die wet verbied die publiek om bomme te gebruik óf die wet verbied die publiek om militêre eiendom te gebruik. As die wet ten doel het om te verhoed dat die publiek militêre toerusting, wapens en ammunisie besit, dan val ’n petrolbom buite die betekenis van “wapentuig” en moet die beskuldigdes liever van die besit van plofstof aangekla word. ’n Petrolbom word meestal tuis gemaak en is nie iets wat deur die weermag as amptelike wapentuig aangekoop word nie. (Die weermag sal vermoedelik bomme aankoop en gebruik wat nie ’n onmiddellike veiligheidsrisiko vir soldate inhou nie.)

Maar as die wet probeer keer dat die publiek enige wapentuig soos bomme gebruik, dan val ’n petrolbom wel binne die definisie. ’n Petrolbom is ’n brandbom en laasgenoemde word in die wet as een van die items onder “armement” gelys. As ’n petrolbom vir militêre doelwitte gebruik word, is dit vir alle praktiese doeleindes wapentuig, hetsy tydens ’n persoonlike, informele oorlog (tussen bendes byvoorbeeld) of ’n amptelike, internasionale oorlog. Die

Oxford English Dictionary (aanlyn) omskryf “armament” onder meer as “equipment or apparatus for resistance of action of any kind”. Dit wil sê, wapentuig hoef nie slegs deur die weermag gebruik te word nie, maar kan ook in militêre situasies, oftewel situasies van weerstand, gebruik word. (Hoekom ry twee volwasse mans met ses petrolbomme rond as hulle nie van plan was om dit as wapentuig teen iemand of iets te gebruik nie?)

5.3.15 *Pannar Research Farms (Pty) Ltd v Magome 2002: relocate*

Konteks:

In ’n vennootskap met ’n navorsingsonderneming tree Pannar Research Farms as eienaar van ’n betrokke plaas op. Die hoofdoel van die plaas blyk landbounavorsing te wees. Daar is oor die veertig mense wat op die plaas werk en as deel van hul werksvoordeel mag die werknemers ook op die plaas woon. Die woonreg is aan werknemers se dienskontrak verbind.

Die respondent is ’n plaaswerker wat sedert 1979 op die plaas werksaam is; hy woon in huis nommer 1. Sy dienskontrak is intussen beëindig, wat beteken dat hy nie meer in huis nommer 1 mag woon nie. Nadat hy geweier het om die perseel te verlaat, het Pannar Research Farms en hul vennoot ’n hofbevel gevra om die respondent uit te sit. Daar is later buite die hof geskik waartydens die appellant ingestem het om die voormalige werknemer te “relocate” binne ’n 100km-radius van die plaas.

Volgens die respondent beteken “relocate” dat ’n persoon sowel verplaas as hervestig word. Dit wil sê, dat Pannar Research Farms en hul vennoot op húl onkoste die trek reël én huisvesting beskikbaar stel. Die appellant argumenteer die teenoorgestelde, naamlik dat die verantwoordelikheid om te “relocate” beëindig word sodra die verplaasde persoon by die nuwe bestemming aankom.


Wat is “relocate” se gewone betekenis?

Bespreking:

Wanneer die woord “relocate” in die Pharos Kernwoordeboek (Pharos, 2007:1355) en die Suid-Afrikaanse Oxford-woordeboek (DUSAE, 2010:997) nageslaan word, is dit duidelik dat die woord verplasing én hervestiging aandui. As ’n mens dus “relocate” (op jou eie of deur iemand anders), trek jy iewers anders heen en vestig daar in ’n nuwe blyplek. Die aanlyn Oxford English Dictionary is ’n bietjie vaer en omskryf die woord as die verandering van lokasie of die trek na ’n nuwe plek. Die Historical Thesaurus (aanlyn) maak egter ook vir

hervestiging voorsiening: “establishing residence”, “change residence”, “providing with dwelling”, en so meer. Die woord suggereer dat jy een blyplek met ’n ander vervang. Bestudeer Figuur 5.19.

Figuur 5.19: [relocate]



Die woord “relocate” impliseer dat mense betrokke is. In die geval van *Pannar Research Farms v Magome* is daar twee rolspelers teenwoordig, synde die party wat die verplasing moet realiseer en die party wat verplaas word. Die woord impliseer verder dat daar twee soorte lokasies is, die een waarvandaan en die ander waarnatoe getrek word. Laastens is daar die aksie van verplasing en uiteindelik die hervestiging.

Die Kenmerk “Action” dui aan dat ’n nuwe lokasie geïdentifiseer word en dat daar van woning verander gaan word. Jy verhuis; jy trek al jou besittings van die plek waar jy tans woon na ’n nuwe area en huis toe. Wanneer jy verhuis, gee jy die eerste woning op (ten minste in ’n ruimtelike sin) en neem ’n nuwe ruimte oor. In die geval waar ’n persoon deur iemand anders verplaas word, verskaf daardie persoon vir jou ’n nuwe woning, al is dit net tydelik. Myns insiens is “relocate” nie beperk tot die fisiese verhuisingsaksie nie; dit is nie ’n sinoniem van “move” nie. As dit bloot om die fisiese trek van meubels gehandel het, het die opdrag aan Pannar Research Farms dit sekerlik só vermeld. Wanneer ’n maatskappy die verantwoordelikheid neem om jou besittings namens jou van punt A tot punt B te trek (te vervoer), dan het daardie maatskappy nie ’n verantwoordelikheid om huisvestig te verskaf nie. In teenstelling met “move” impliseer die woord “relocate” dat ’n persoon van een situasie na

'n soortgelyke situasie verskuif. 'n Persoon “relocate” nie van 'n huis na 'n onspesifieke, oop ruimte toe nie.

Let hier op na die voorvoegsel “re-”. Die prefiks beteken 'n aksie of toestand word herhaal; daar word na 'n vorige omstandigheid teruggekeer. Hierdie voorvoegsel kom in “relocate” en “resettle” voor. Met ander woorde, as 'n persoon van sy huidige woning verplaas word, dan moet hy hom in 'n soortgelyke situasie bevind wanneer hy aan die ander kant aankom. Om dié redes plaas “Current location” en “Action” Beperkings op “Resettlement”, want die verplaasde persoon (in hierdie geval mnr. Magome) gee iets op sodat hy ná die verhuising iets soortgelyks kan ontvang. As ek sê: “The company I’m working for is relocating to Durban.”, impliseer dit dat die ou kantoorruimte opgegee en dat nuwe kantore in Durban opgeëis gaan word. Daar word nie uit die huidige kantore getrek en dan doelloos in Durban rondgeloop nie.

Die “new location” vorm 'n Strukturele Onveranderlike, want sonder 'n nuwe lokasie (wat woonruimte insluit), is die aksie van “relocate” nie moontlik nie. Dit kan gelykertyd 'n Beperking op die party plaas wat vir die verplasing verantwoordelik is, want die beskikbaarheid van die lokasie asook die kostes daaraan verbonde kan 'n invloed uitoefen op die transaksie wat die relevante party moet aangaan.

Die huisvesting hoef egter nie permanent te wees nie.

Gevolgtrekking:

Die woord “relocate” se gewone betekenis verwys na 'n verplasing en 'n hervestiging van 'n persoon. Maatskappye wat hul werknemers na ander dorpe of lande verplaas, stel gewoonlik verblyf beskikbaar. Dikwels is die verblyf in die nuwe lokasie tydelik totdat die verplaasde persoon self die nodige verblyfreëlins kan tref. In die geval waar verblyf nie voorsien word nie, verskaf só 'n maatskappy monetêre middele waarmee verblyf gereël kan word. Hoe dit ook al sy, 'n persoon verhuis nie van 'n woning na niks nie. Die woord “relocate” impliseer dat 'n soortgelyke lokasie ter sprake is. As jy dus 'n huis gehad het, moet jy weer van 'n soort woning voorsien word.

In die geval waar jy nie in 'n vaste huisstruktuur gewoon het nie, hoef 'n saakgelastigde party jou nie na 'n vaste woonstruktuur te verplaas nie, want wanneer jy “relocate”, keer jy na soortgelyke omstandighede terug. Die stand van sake moet ongeveer dieselfde wees.

Die woord “relocate” moet nie in hierdie konteks met “move” (soos in “removal”) verwar word nie.

5.3.16 *S v Salmans* 2006: grab, robbery, theft

Konteks:

Die beskuldigde het op ’n aanklag van roof voor die hof verskyn. Hy is daarvan aangekla dat hy ’n vrou se selfoon uit haar hande gesteel het. Twee ooggetuies het die insident bevestig. Tydens die hofsaak van die eerste instansie het die beskuldigde teen verskeie faktore beswaar gemaak, onder meer dat hy vir diefstal aangekla moes wees en nie vir roof nie. Volgens die beskuldigde (wat volgehou het dat hy nie gedurende die insident teenwoordig was nie) is die selfoon nie met krag, geweld of dwang afgevat nie en kan daarom nie as roof geklassifiseer word nie.

Die slagoffer het getuig dat die selfoon uit haar hande gegryp is toe sy die foon in haar handsak wou bêre. Die appèlhof moet onder andere bepaal of die klagstaat korrek uitgereik is met betrekking tot “robbery” in plaas van “theft”. Is die gryp van ’n selfoon tipies van steel of roof?

Bespreking:


Al die woordeboeke wat ek geraadpleeg het, wys daarop dat “robbery” met geweld of krag gepaard gaan. ’n Item word met fors van die slagoffer afgeneem. Die woord “theft” word nie uitsluitlik met geweld geassosieer nie, en daarom dink sommige mense dat “theft” in bepaalde opsigte teenoor “robbery” staan, want die een woord impliseer die teenwoordigheid van geweld en die ander nie. Die waarheid is egter dat “theft” as ’n sambreelterm gebruik kan word om aan te dui dat items wederregtelik van ’n eenaar geneem word. “Robbery” is “theft”. Derhalwe kan “theft” binne ’n spesifieke konteks ook geweld, krag en dwang impliseer.

Omdat die wet onderskeid tref tussen “theft” en “robbery”, verleen dit onmiddellik ’n tegniese aard aan die twee woorde en kan ’n mens nie meer volkome op die sogenaamde gewone betekenis van die twee terme reken nie. Die straf wat aan “robbery” uitgedeel word, is byvoorbeeld strenger as dié van “theft”. Een van die kriteria waarvolgens ’n hof moet bepaal watter een van die twee dade (“theft” of “robbery”) plaasgevind het, is om vas te stel tot watter mate geweld, krag of dwang teenwoordig was. Maar dit is op sig self taamlik relatief,

want een persoon ervaar aanraking baie anders as 'n volgende, dus wat vir een persoon as gewelddadig en traumaties voorgekom het, is nie noodwendig dieselfde vir 'n volgende persoon nie. En wat maak 'n mens in die geval van 'n sakkeroller? Die kuns lê juis daarin om 'n slagoffer se besittings te neem sonder dat hy dit agterkom. Is die slagoffer beroof? Of is hy besteel?

In my opinie is die kriteria van geweld, krag en of dwang nie voldoende nie. As 'n hof (en die wet) graag die konsepte apart van mekaar wil hou, stel ek voor dat die betrokke hof 'n nuwe kriterium oorweeg, naamlik kontak. Bestudeer eers Figuur 5.20 en daarna Figuur 5.21.

Figuur 5.20: [criminal activity]



Selfoondiefstal (en “grab”) kan eerstens in 'n baie groter konteks geplaas word, byvoorbeeld die *frame* [criminal activity]. Binne-in hierdie *frame* kan kriminele daade in verskillende kategorieë verdeel en versamel word. Lede van die verskillende kategorieë is nie tot een enkele kategorie beperk nie; lede kan gelyktydig tot verskillende kategorieë behoort, byvoorbeeld “homicide” kan netsowel onder “Taking” gekategoriseer word.


Diefstal hoort onder meer by “Taking”.

As 'n mens aanvaar dat “theft” en “robbery” van mekaar verskil in terme van die aksie wat plaasvind en die manier (graad) waarop die daad uitgevoer word, dan moet 'n mens ook aanvaar dat “kontak” 'n belangrike kriterium is. Met die Kenmerk “Action” kan gesien word dat “theft” iets is wat meestal in die geheim gebeur; die slagoffer is aanvanklik onkundig oor die diefstal en word mettertyd, na afloop van die daad, daarvan bewus. Sodra die slagoffer kennis neem van sy verlies, mag hy emosies soos woede en magteloosheid ervaar. Daar is geen fisieke kontak tussen die dief en die slagoffer ten tyde van die daad nie.

“Robbery” gaan egter met fisieke kontak gepaard. Die kontak kan geforseer of gewelddadig wees. Die insident kan ook emosioneel aggressief wees. Hoe dit ook al sy, die roofdaad word

bykomend gekenmerk deur die interaksie tussen die rower en die beroofde. Enige kontak en interaksie skep die potensiaal vir grade van geweld, krag en dwang.

Figuur 5.21: [taking]



Daar is 'n aantal Beperkings in [taking] wat kousaal van aard is. Die slagoffer beperk die aksie en die aksie beperk die wyse waarop die aksie uitgevoer word. As 'n krimineel 'n bepaalde item wil hê en die eienaar laat die item nooit iewers staan nie, verander die krimineel van potensiële dief na 'n rower, want hy word geforseer om die item van die eienaar (met geweld) weg te dwing. Die rower moet verskillende faktore oorweeg, soos die grootte en sterkte van die slagoffer, die ontsnappingsmoontlikhede, die oplettheid van die slagoffer, ens. Dit bepaal of hy die item kan gryp, trek en skeer, en of hy die slagoffer met 'n wapen moet dwing of met brute krag moet oorweldig. Die wyse waarop die roofdaad uitgevoer word, beperk die graad daarvan: met of sonder geweld en hoe sterk die geweld moet wees. Die Beperkings dui aan dat 'n rower verskeie berekeninge moet maak alvorens hy die slagoffer konfronteer en dié berekeninge verskil van diefstal waar die slagoffer nie teenwoordig is nie.

Die item wat gesteel word, is 'n Strukturele Onveranderlike, want daarsonder is daar geen sprake van 'n misdadig. Dit druk 'n intensionele verhouding uit – die doel van die daad handel om die item. In die geval van *S v Salmans* is die item 'n selfoon. Die selfoon is gegryp. Die woord “grab” kan met en sonder geweld geassosieer word. Aan die een kant kan jy iets kragdadig gryp sonder om gewelddadig te wees, maar aan die ander kant kan 'n grypery gewelddadig eindig.

Gevolgtrekking:

Omdat “grab” sowel gewelddadig as neutraal kan wees, is dit nie ’n goeie aanduiding van “theft” of “robbery” nie. Maar binne die konteks van die gebeure is dit baie duidelik dat daar fisieke kontak was tussen die eienaar van die selfoon en die rower. Hy het die selfoon uit haar hande gegryp en toe weggehardloop. Of die selfooneienaar soos ’n geweldslagoffer gevoel het of nie, is ’n relatiewe saak. Maar sou sy weerstand bied, sou hy meer krag en geweld kon gebruik.

Na my mening val die woord “grab” in hierdie geval binne die betekenis van “robbery” en nie “theft” nie, want daar was fisieke kontak tussen die slagoffer en die rower wat onmiddellik die potensiaal vir verskillende grade van geweld, dwang en krag skep. Dieselfde potensiaal word nie noodwendig in die geval van “theft” geskep nie.

5.3.17 *Minister of Safety and Security v Xaba* 2004: search

Konteks:

Op 8 April 2002 is ’n motor in Chatsworth, Durban, gekaap. Later daardie aand is die gekaapte motor in die Umzinto-omgewing opgemerk. Twee polisie-offisiere het die drie kapers agterna gesit met die gevolg dat die kapers op die polisie begin skiet het. Die twee offisiere het teruggeskiet. Gedurende die jaagtog het die drywer die motor gerol en erg beskadig. Twee van die insittendes het weggekom, maar die derde is gearresteer.

Die speurder wat die saak ondersoek, is later deur ’n informant in kennis gestel dat een van die kapers afwagend in die Westville-gevangenis sit. Hy het ’n skietwond aan sy linker dy en die patroon sit nog steeds binne-in die dy vas. Om vas te stel of die beskuldigde op die misdaadtoneel was, moet die patroon verwyder en met die polisie-offisiere se vuurwapens vergelyk word. Die speurder verkry toestemming om die verdagte te deursoek. Die ondersoek sluit x-straalplate in wat die patroon in die verdagte se dy bevestig. Om die patroon te laat verwyder, versoek die speurder ’n visenteringslasbrief om die beskuldigde na ’n hospitaal te neem en die patroon te laat verwyder.

Die beskuldigde weier egter om die patroon te laat verwyder en beroep hom op sy konstitusionele regte, onder meer sy reg op vryheid en veiligheid, wat liggaamlike en psigologiese integriteit insluit. Die hof moet beslis of die speurder die patroon met ’n

visenteringlasbrief mag laat verwyder en die hof moet bepaal in welke mate die beskuldigde se konstitusionele regte deur dié proses geskend word.

Een van die hof se take is die verklaring van die woord “search”. Val die verwydering van die patroon binne die betrokke woord se gewone betekenis?

Bespreking:

Daar is tog ’n subtiele verskil in die manier waarop die polisie vir iets soek en die wyse waarop ’n onskuldige individu na iets soek. In die geval van ’n misdaad soek die polisie vir leidrade of vir items wat doelbewus versteek is. Die aard van die soektog word deur die aard van die gesogte item bepaal. ’n Persoon word fisies deursoek om vas te stel of hy enige versteekte items rondra. Só ’n soektog behels die hantering van ’n persoon se klere en kan daartoe lei dat die klere gedeeltelik of volledig verwyder word (vergelyk die Oxford English Dictionary aanlyn).


Wanneer ’n vertrek of toneel vir versteekte items of leidrade deurkam word, verwag ’n mens dat daar houers oopgemaak word, dat items opgetel en neergesit word, dat meubelment verskuif en herrangskik word. Om ’n plek te deursoek, impliseer dat daar fisies deur ’n ruimte beweeg word en dat objekte byna een vir een hanteer word totdat die gesogte voorwerp of leidraad gevind word. Bestudeer Figuur 5.22.

Die Suid-Afrikaanse Oxford-woordeboek (DUSAE, 2010:1066) en die HAT (Odendal en Gouws, 2010:158) verwys na “search” en “deursoek” as die noukeurige en versigtige proses waardeur ’n mens na iets spesifiek soek. Die HAT dui ook daarop dat ’n mens “orals soek”. Wanneer die betrokke hofsaak in gedagte gehou word, sou ’n mens waarskynlik ’n saak kon uitmaak dat om orals noukeurig te soek die binnekant van ’n man se dy moet insluit. Maar die Beperkings in die *frame* dui op die teenoorgestelde.

Daar is onder andere vier Beperkings. Ten eerste beperk “Place” die soort soekdaad (“Act”). As ’n vertrek deursoek word, kan die woorde “ransack” of “rummage” van toepassing wees. As ’n persoon deursoek word, word hy waarskynlik deeglik gevisenteer – vergelyk weer eens die Oxford English Dictionary se aanlyn omskrywing hier. As ’n speurder inligting wil bekom, doen hy navraag of hy bestudeer bestaande inligting op soek na nuwe insigte. Tweedens beperk “lasbrief” sowel die “Act” as die “Searcher”. Sonder die nodige toestemming kan verskeie soorte soektogte nie geskied nie. Die ondersoeker se hande is afgekap of hy is beperk in sy reikwydte. Laastens plaas die gevinde item ook ’n soort

Beperking op die speursaak. Sodra die gesogte item gevind is, moet die “Searcher” na die volgende fase van die speursaak aanbeweeg. Indien die gesogte item nog nie gevind is nie, gaan die polisie eenvoudig met die soektog voort.

Figuur 5.22: [search]



Die gewone betekenis van “search” lê na my mening in die Beperkings van die *frame*. Die speurder het vir ’n visenteringslasbrief gevra. Met die eerste brief het die speurder die geleentheid gekry om die verdagte se been te ondersoek en te bepaal of hy wel ’n skietwond gehad het. Die visentering het x-straalplate ingesluit wat die patroon in die dy bevestig het. Dit wil sê, dat die speurder die verdagte deursoek het en die gesogte patroon gevind het. Hy weet dus nou waar die patroon is. Omdat die gesogte item gevind is, is die soektog verby. ’n Mens hou nie aan met soek na iets wat nie meer weg of verberg is nie. Dit beteken dat die speurder waarskynlik ’n ander soort lasbrief moet aanvra om die patroon te laat verwyder.

Gevolgtrekking:

Die woord “search” beteken dat ’n persoon of plek deeglik en versigtig deursoek word, sodat ’n verlore of verbergte item gevind kan word. Dit impliseer dat ’n persoon meestal bo of onder sy klere deursoek word. In sommige lande laat spesiale gevalle ondersoekbeamptes toe om ook in die mond en rektum te soek. Sodra ’n item gevind word, kan ’n mens nie meer van “search” praat nie. In die geval van *Minister of Safety and Security v Xaba* het die speurder

die gesogte patroon in mnr. Xaba se dy gevind deur middel van 'n persoonlike ondersoek en x-straalplate. Die plek van die patroon is dus vasgestel.

Om iemand te opereer sodat 'n gesogte item verwyder kan word, val buite die gewone betekenis van “search”. Só 'n operasie handel om “verwydering” en nie “deursoek” nie.

5.3.18 *S v Mavungu* 2009: caravan, building

Konteks:


Op die aand van 21 Julie 2007 het 'n sekuriteitswag werksaam by Centurion Outdoor and Caravan geluide in een van die karavane gehoor. Nadat hy sy senior ontbied het, het hulle saam opgemerk dat 'n venster stukkend was en dat daar 'n man op 'n bed binne-in die karavaan gelê het. Die sekuriteitswagte het die man gevra om die karavaan te verlaat, maar hy het geweier. Gevolglik is die beskuldigde deur die stukkende venster uitgetrek en die polisie is ontbied. Die beskuldigde is ingevolge die Strafproseswet en die Wet op Oortreding van huisbraak aangekla met die bedoeling om te oortree. 'n Vonnis van drie jaar tronkstraf – opgeskort vir vyf jaar – is opgelê.

In die nabeskouing van die hof *a quo* se beslissing, vra die appèlhof sig af of 'n karavaan as 'n gebou kan kwalifiseer? Huisbraak is iets wat huise betref en oortreding is iets wat 'n gebou betref. Tot watter mate kan die beskuldigde se optrede as huisbraak en oortreding geld? Kan 'n karavaan ook 'n huis en veral 'n gebou wees?

Bespreking:

Die Suid-Afrikaanse Oxford-woordeboek (DUSAE, 2010:150) en die HAT (Odendal en Gouws, 2010:262) beskryf 'n “building”/“gebou” as 'n struktuur bestaande uit mure en 'n dak. 'n Gebou hoef nie met tradisionele boumateriaal soos bakstene, yster, hout en sement gebou te word nie. Daarom kwalifiseer 'n karavaan as 'n gebou. 'n Karavaan is 'n struktuur wat gebou word vir woondoeleindes. Soos in Figuur 5.23 gesien kan word, reflekteer 'n karavaan tipiese eienskappe wat met tradisionele huise geassosieer word.

Figuur 5.23: [caravan]



’n Karavaan bestaan uit soortgelyke struktuur as ’n tradisionele huis in terme van mure, ’n dak, vensters en ’n voordeur. Wanneer ’n mens na die “Interior” kyk, is daar vertrekke soos ’n slaapkamer, ’n kombuis, ’n badkamer en ’n eethoekie. Afhangende van die grootte van ’n karavaan, kan hierdie vertrekke apart wees en met deure afgeskort word, of die uitleg is volgens ’n oopplan model. ’n Karavaan word gewoonlik met sekere meubelstukke toegerus, terwyl die eienaar die meubelment mag aanvul.

Elke karavaan tree ook as voertuig op, hoewel die vervoer van mense verbode is. Daarvoor word karavane met wiele en ’n sleephaak toegerus. ’n Ervare drywer met die korrekte motorlisensie mag ’n karavaan sleep. Karavane het verder self ’n lisensie nodig om op ’n publieke pad te mag beweeg.

Laastens word ’n karavaan vir losies bedoel. Meeste mense gebruik ’n karavaan as tydelike woonruimte tydens naweke of langer vakansies. Vakansiegangers laat hul karavaan in kampterreine of vakansie-oorde staan. Sommige mense, meestal afgetredenes, toer so te sê

voltyds met hul karavaan deur die land. Die karavaan word só hul semi-permanente tuiste. En dan is daar diegene wat voltyds in 'n karavaan woon. Dit is hul enigste huis. Dié karavaan kan in 'n karavaanpark staan, waar ander mense ook permanent in hul karavane woon, of dit kan in iemand se erf staan.

Die binne- en buitestruktuur van 'n karavaan tree as Strukturele Onveranderlikes op. Dit sluit die uitleg en wyse waarop die binnekant gemeubeleer is in. Daarsonder is dit nie 'n karavaan nie, maar 'n ander soort woonruimte. Daar is verder 'n paar Beperkings teenwoordig. Die “Structure” en “Interior” beperk die “Occupier” in die sin dat die grootte, uitleg, toerusting en kostes 'n invloed uitoefen op die mense wat die karavaan gaan koop en bewoon. Sommige kopers soek moontlik 'n karavaan wat net een slaapplek het, terwyl ander kopers slaapplek vir vier mense wil hê. “Carriage” is nóg 'n Beperking. As die karavaan te swaar is, mag dit die “Occupier” beperk in terme van die motor wat beskikbaar is. Nie alle motors is geskik vir die sleep van 'n karavaan nie. Dalk het die lisensie verval of die eienaar het nog nooit een uitgeneem nie. Dit beteken die karavaan mag nie gesleep word nie. “Carriage” het ook 'n invloed op die staanplek (“Residency”). As 'n karavaan nie meer wiele het nie of dit is te swaar om met 'n gewone voertuig te trek, dan word die karavaan tot 'n spesifieke staanplek beperk. Laastens plaas die “Occupier” self 'n Beperking op “Residency”. Soos reeds genoem is, woon sommige mense permanent in hul karavane. Daardie mense wil en kan dikwels nie die karavaan verskuif nie. Dit is boonop die enigste huis wat hulle het, wat beteken dat dit waarskynlik baie beter ingerig is as karavane wat net twee of drie keer 'n jaar gesleep word.

Gevolgtrekking:

'n Karavaan is 'n gebou; dit voldoen aan al die beperkte kriteria van 'n gebou. Dit kwalifiseer ook as 'n huis en selfs as tuiste. Die karavaan in Centurion Outdoor and Caravan geld as 'n “leë huis” of 'n nuwe huis wat nog nie gekoop en bewoon is nie. Daar is by die leëstaande huis ingebreek deur 'n persoon wat nie die eienaar van die woonruimte is nie. 'n Karavaan behoort by “huisbraak” ingereken te word.

Dit is vergelykbaar met mense wat in huisbote, permanente tente en 'n pondok woon. Hierdie is woonruimtes waar mense eet, slaap, was, versorg, ontspan en werk. Dit is die ruimtes waarin hulle skuilte van die elemente en enige ander moontlike gevare kry.

5.3.19 *S v Engelbrecht* 2012: accused

Konteks:

Barend Jacobus Engelbrecht is daarvan beskuldig dat hy sy vrou en gestremde seun op die oggend van 27 Mei 2011 vermoor het. Op aanklag van moord is hy voor die hof gedaag. Borgtog word aan hom toegestaan met die opdrag om op 19 Maart 2012 weer voor die hof te verskyn. Meneer Engelbrecht sterf in 'n motorongeluk op 14 Maart 2012.

Die betrokke saak betref nie die moordsaak van mnr. Engelbrecht nie, maar die borggeld wat namens mnr. Engelbrecht oorbetaal is. Indien 'n beskuldigde voortydig voor 'n hof verskyn of weens die beskuldigde se eie nalatigheid nie op 'n gegewe datum voor 'n hof verskyn nie, word die borgtog geskrap en die borggeld aan die staat verbeur. Vergelyk a 67 en a 70 van die Strafproseswet.

Meneer Engelbrecht se broer, Cornelius Johannes Engelbrecht, wat die borggeld voorgeskiet het, wil die geld graag terughê, aangesien sy broer dood is en nie die termyn van die borgtog kon nakom nie. Die hof bepaal dat die woord “accused” hier van belang is. Die woord kom in subafdelings soos die volgende voor:

67 Failure of *accused* on bail to appear

(1) If an *accused* who is released on bail —

(a) fails to appear at the place and on the date and at the time —

(i) appointed for his trial; or

(ii) to which the proceedings relating to the offence in respect of which the *accused* is

released on bail are adjourned...

(2)(a) If the *accused* appears before court within fourteen days of the issue under subsection

(1) of the warrant of arrest, the court shall confirm the provisional cancellation of the bail and the provisional forfeiture of the bail money, unless the *accused* satisfies the court that his failure under subsection (1) to appear or to remain in attendance was not due to fault on his part (p. 213) (my kursiverings).


Wat is die gewone betekenis van “accused” en kan dit bydrae tot die terugbetaling van die borggeld?

Bespreking:

Die wet maak daarvoor voorsiening dat 'n beskuldigde wat nie sy borgvereistes nakom nie, die redes daarvoor aan 'n hof mag stel. Indien 'n hof bevind dat die beskuldigde nie weens sy eie nalatigheid opgetree het nie, sal die borggeld wel terugbetaal word (p. 214). Die vraag of mnr. Barend Engelbrecht weens sy eie nalatigheid in 'n motorongeluk dood is en dáárom sy borggeld kwyt kan wees, is egter 'n regstegniese kwessie. (Selfmoord val waarskynlik in 'n ander kategorie, aangesien die beskuldigde wat tydens sy borgtog selfmoord pleeg, doelbewus versuim om weer voor die hof te verskyn.)

Dit is wel die afsterwe van mnr. Barend Engelbrecht wat saam met die woord “accused” gelees moet word. Bestudeer Figuur 5.24.

Figuur 5.24: [accused]



Die *frame* [accused] kan aan die hand van die Kenmerke “Person”, “Event”, “Process” en “Outcome” bespreek word. 'n Beskuldigde word daarvan verdink (en beskuldig) dat hy 'n misdaad gepleeg het. Weens hierdie vermoede of wete word hy gearresteer en aangekla. Nadat 'n Beskuldigde aangekla is, begin die regsproses sy gang gaan. Afhangende van die aard van 'n misdaad sal 'n beskuldigde voor 'n hof moet verskyn. Dit is onder meer in 'n hof waar hy amptelik moet pleit en 'n versoek moet rig om op borg vrygelaat te word. As die borgaansoek suksesvol is, moet 'n soort deposito neergesit word voordat hy die tronk mag verlaat. As hy die borgvereistes nakom, kan die geld aan hom terugbetaal word. Indien 'n beskuldigde nie die geld het nie, moet hy in aanhouding bly. In die geval waar borg geweier word, mag 'n beskuldigde ook nie die tronk verlaat nie.

Borgtog beteken dat 'n beskuldigde gedeeltelik vrygelaat word voordat die eintlike hofsak begin. 'n Persoon wat op borg vrygelaat is, het beperkte beweegvryheid. Só 'n persoon mag

byvoorbeeld nie sonder toestemming die land verlaat nie. Een van die belangrikste opdragte aan só 'n persoon is om vir die hofsaak op te daag sodra die saak 'n aanvang neem. Die datum word deur 'n hof vasgestel en afgekondig.

Die eindresultaat behels 'n finale beslissing deur 'n hof met gepaardgaande hofbevel. Die beskuldigde word óf skuldig bevind en gestraf óf hy word onskuldig bevind en vrygelaat.

Daar is 'n paar Beperkings hier ter sprake. Die aard van die misdaad en die klagstaat kan 'n borgaansoek beperk. As die beskuldigde 'n reeksmoordenaar is, sal die borgaansoek waarskynlik geweier word, so ook iemand wat 'n vlugrisiko inhou. Die “Event” kan 'n hofsaak beperk. As dit 'n groot saak is, kan dit moontlik maande neem om behoorlik vir die hofproses voor te berei. Dit kan ook daartoe lei dat die saak sloer of uitrek. Uiteraard beperk 'n hofsaak die “Outcome” en die “Person”. 'n Beslissing kan óf voordelig óf nadelig vir 'n beskuldigde uitdraai en daardie resultaat het 'n direkte invloed op alle persone wat by die misdaad en die hofsaak betrokke is.

Die heel belangrikste Beperking is egter 'n beskuldigde se lewenslyn. Die wet blyk van toepassing te wees op mense wat nog lewend is; die woord “accused” verwys na 'n lewende persoon. 'n Persoon wat dood gaan voordat 'n hofsaak amptelik kan begin, en wat nie selfmoord gepleeg het nie, kwalifiseer nie meer as 'n “accused” nie. Hy kan nie meer sy borgvoorwaardes nakom nie, hy kan nie meer sy hofsaak bywoon nie en hy kan nie meer gestraf word indien hy postuum skuldig bevind word nie. 'n Hofbevel het geen gesag oor 'n persoon wat dood is nie.

Gevolgtrekking:

Die woord “accused” verwys na 'n persoon wat van 'n misdaad verdink word en daarvolgens voor die gereg gebring is. As sodanig moet die “accused” veroordeel word en indien skuldig, vir sy misdaad gestraf word.

Wanneer 'n beskuldigde nie sy borgvoorwaardes nakom nie, kan die borggeld aan die staat verbeur word. Maar 'n persoon wat sterf, kan eenvoudig nie sy borgvoorwaardes nakom nie. Die woord “accused” is derhalwe net op lewende mense van toepassing.

5.3.20 *Interlink Postal Courier v South African Post Office 2003: courier service*

Konteks:

In dié saak vra die appellant vir die reg om 'n koerierdiens te bedryf. Die Suid-Afrikaanse posdiens het daarteen kapsie gemaak en die hof *a quo* het beslis dat Interlink Postal Courier onder geen omstandighede 'n gereserveerde posdiens mag bedryf wat straatafleverings van posstukke behels nie. Interlink Postal Courier het hul diens as 'n deur-tot-deur diens beskryf en beweer dat hulle nie straatafleverings doen soos tradisioneel van die poskantoor vereis word nie.

Hoewel “reserved postal services” en “unreserved postal services” in die Wet op Posdienste omskryf word en hoewel die wet duidelike riglyne verskaf met betrekking tot posstukke (grootte, inhoud, gewig, ens.), word die term “courier service” nie omskryf nie. Gereserveerde posstukke sluit onder meer briewe, poskaarte en klein pakkies in. Die verkoop van seëls, die oplaai van posstukke by posbusse en die aflewer van posstukke in residensiële posbusse word hierby ingereken (vergelyk p. 117). 'n Koerier mag slegs posstukke hanteer wat buite hierdie reëls val.


Een van die kwessies hier ter sprake is of 'n koerierdiens straatafleverings mag maak en of dié soort afleverings in stryd is met die straatafleverings van die Suid-Afrikaanse poskantoor. Wat beteken die woorde “courier service” en in watter wyse stem dit met die poskantoor se straatafleverings ooreen?

Bespreking:

Is die aflevering wat die poskantoor op straat behartig dieselfde as die aflevering wat 'n koerier op straat hanteer? Die kort antwoord is “nee”. In 'n vergelykende *frame* word dit duidelik dat die aflewerdaad nie dieselfde vir al twee partye is nie. Bestudeer Figuur 5.25.

'n Koerier is 'n boodskapper wat dokumente en verpakte goedere oor 'n afstand vervoer en dit in die hande van 'n gemagtigde ontvanger plaas. Dit is die kruks van sy take. Die bode moet die dokument of pakkie in die hande van 'n ontvanger plaas en die aflevering amptelik opteken. As deel van die rekordhouding moet die ontvanger dikwels vir die ontvangs teken. Daar is dus persoonlike kontak tussen die bode en die persoon wat die item in ontvangs neem. Dieselfde proses word gevolg indien 'n koerier die item by 'n afsender gaan oplaai.

Figuur 5.25: [postal services]



Alle items wat deur 'n koerier hanteer word, word gewoonlik onderhewig aan 'n moniteringsstelsel hanteer wat sowel die onderneming as die sender/ontvanger in staat stel om items se vordering te volg. In die geval dat 'n item verloor word, is dit makliker om daardie item weer op te spoor deur die registers na te gaan. 'n Mens kan ook sien wie die item ontvang het en die saak van daar verder neem.

Afhangende van die item en die dringendheid daarvan, vind meeste items binne ongeveer drie dae hul weg, hoewel korter tye (teen duurder tariewe) moontlik is. 'n Koerierdiens spaar tyd en kom meer betroubaar voor.

Die poskantoor tree ook as 'n boodskapper op, maar lewer meestal nie die item persoonlik aan die ontvanger nie. Met die uitsondering van kleiner dorpe waar 'n posman moontlik 'n item persoonlik aan 'n ontvanger gee, plaas posmanne tradisioneel enige pos in 'n posbus by die hek, heining of deur van 'n huis. In die geval van besighede wat nie 'n privaatsak het nie, word pos in gehuurde posbusse geplaas of tot by die ontvangs van 'n kantoorblok gebring. Hoe dit ook al sy, 'n posman het selde persoonlike kontak met die ontvanger van die items wat hy aflewer. Dieselfde beperkte kontak geld wanneer 'n posbode briewe van 'n publieke posbus ('n rooi posbus) insamel. Hy maak eenvoudig die posbus leeg en benodig nie kontak met die publiek nie. In die geval van pakkies moet afsenders persoonlik na die naaste poskantoor toe gaan, waar daar wel persoonlike kontak tussen die afsender en poskantoor is.

Die poskantoor se diens is nie noodwendig so betroubaar soos 'n koerierdiens s'n nie (hoewel daar seker ook geen definitiewe waarborg by 'n koerieronderneming is nie). Die aflewer van items neem langer en daar is slegs monitering op geregistreerde items, wat beteken dat daar geen waarborg van die aflewer van ongeregistreerde items is nie. As 'n ongeregistreerde item dus wegraak, is dit eenvoudig weg.

Die Strukturele Onveranderlike in hierdie *frame* is die posstuk. Daarsonder is daar niks om af te lewer nie. Die Beperkings by "Courier" lê by "delivery". Die aflewer van items beperk sowel die tyd en spoed waarteen dit afgelaai kan word as die koerierdiens op sigself. Daar is verskillende faktore wat die aflewering van items kan aanhelp of verhinder. Afstande mag dalk groot wees of die drywer kan nie die afleweradres vind nie. Vliegtuie word verhoog weens slegte weer en beperk só die tyd en spoed van die aflewering. Ondernemings wat oor die algemeen traag is met aflewering, kry 'n slegte reputasie en speel mettertyd bankrot.

By die poskantoor kan "services" 'n Beperking vir "delivery" wees. Die feit dat die poskantoor nie pakkies direk by jou voordeur aflewer nie, beteken dat hulle nie die beste keuse vir dringende of belangrike items is nie. Kleinere posstukke se vordering word nie noodwendig gemonitor nie en groter items moet nog steeds by die poskantoor afgehaal word. Dit het 'n uitwerking op tyd en geld.

Wat 'n mens wel duidelik uit die *frame* kan aflei, is dat "delivery" by "Courier" nie 'n beperking plaas op "delivery" van "Post office" nie. Die een entiteit se hantering van aflewering neem niks van die ander party se hantering weg nie.

Gevolgtrekking:

Soos reeds genoem, lewer 'n posman 'n posstuk by 'n ontvanger se huis of plek van werk af deur die item in 'n posbus of by 'n kollekteerpunt te plaas. Met ander woorde, 'n item word deur 'n gleuf van soorte gedruk of op 'n toonbank gelaat. Dit is nie die taak of verantwoordelikheid van 'n tradisionele posman om 'n posstuk persoonlik aan 'n ontvanger te oorhandig nie. Die mense wat in 'n poskantoor werk en pakkies oor die toonbank oorhandig, is 'n uitsondering en is nie relevant tot straataflewering nie.

'n Koerier het die verantwoordelikheid om 'n posstuk, klein of groot, persoonlik aan 'n gemagtigde ontvanger te oorhandig. Hy mag nie 'n item deur 'n posbus se gleuf druk of onaangekondig iewers agterlaat nie. As deel van sy pligte moet 'n koerier bewyse verkry dat hy 'n item amptelik oorhandig het.

Die posman en die koerier lewer nie op dieselfde manier af nie. 'n Koerier is verantwoordelik vir die pakkie totdat dit in 'n ontvanger se hande is, terwyl 'n posman nie dieselfde verantwoordelikheid het nie. 'n Koerier benodig ook persoonlike kontak met 'n ontvanger, iets wat 'n posman nie benodig nie.

5.4 Prototipes

Die gebruik van prototipes om die gewone betekenis van woorde vas te stel, kan baie behulpsaam wees. Rosch (1973, 1975a, 1975b, 2000, Rosch en Mervis, 1975, Rosch et al, 1976) suggereer in haar studies dat *basic level categories* verteenwoordigend van sprekers se algemene woordeskat is (sien ook Löbner, 2003:272-276, en Hoofstuk 4, subafdeling 4.4.4). Dit is op hierdie vlak waar gewone betekenis voorkom. Superordinate is te vaag en subordinate gee te veel detail.

Die probleem met prototipes is dat die literatuur selde na eenvoudige maniere verwys waarop 'n prototipe vasgestel kan word. Die meeste gevalle neem die vorm van empiriese studies in die gestalte van gestruktureerde eksperimente aan. Dit is voor die hand liggend dat 'n empiriese studie nie vir die doeleindes van 'n hof of regsproses geleë is nie.

In hierdie subafdeling stel ek wel drie moontlike werkswyses voor en pas dit op enkele van die voorafgaande twintig woorde toe. Dit is nodeloos om te sê dat hierdie benaderings nog baie verfyning nodig het en dat hulle nie te alle tye die gewenste resultate oplewer nie. Meeste eksperimente rakende prototipes is *sowieso* op sogenaamde konkrete objekte uitgevoer, wat beteken dat selfstandige naamwoorde wat na konkrete sake verwys, die beste vaar.

Hou ook in gedagte dat die konteksgebondenheid van woorde in hofsake soms prototipe betekenis irrelevant maak. Al is die prototipe betekenis van 'n woord klaarblyklik, beteken dit nie dat 'n hof sig daaraan sal steur nie, veral nie as 'n woordeboekdefinisie daarvan verskil nie. In die onderhawige studie pleit ek egter juis daarvoor dat regsgeleerdes hulle nie tot woordeboeke sal beperk nie, maar dinge soos prototipe betekenis ernstig sal oorweeg.


5.4.1 Die hiponiem-meroniem taksonomie

Soos reeds bekend is, het Rosch (en diegene wat voor haar gekom het) se werk met taksonomieë te make (sien Hoofstuk 4, subafdeling 4.4.4). Taksonomieë neem gewoonlik die vorm van 'n hiponiemstruktuur aan (sien Hoofstuk 4, subafdeling 4.3.5). Rosch verwys na 'n

superordinaat, 'n *basic level category* en 'n subordinaat. As 'n mens aanvaar dat die *basic level category* die beste voorbeeld van 'n kategorie voorstel, kan 'n ondersoeker 'n hiponiemstruktuur gebruik om die prototipe vas te stel.

Neem as voorbeeld die woord “caravan” in die saak *S v Mavungu*.. Die woord “caravan” pas onder meer in die taksonomie vir <housing>.

Figuur 5.26: hiponimiese verhouding van “housing”



Wanneer die bostaande taksonomie in Rosch se drie vlakke verdeel word, lyk dit soos volg:


Tabel 5.1: prototipe van <housing>

Kategorie	HOUSING		
Superordinaat	Human	Animal	Plant
Basiese vlak	House	Cage	Greenhouse
	Flat	Kennel	Garden
Subordinaat	3 bedroom	Bird cage	Glass house
	2 bedroom	Dog house	

Die prototipe van menslike behuising is “huis”. ’n Karavaan is nie ’n tipiese voorbeeld van behuising nie, hoewel dit ’n beter voorbeeld as “tent” is.

Die waarde van hierdie taksonomiestructuur kom eers werklik na vore wanneer hiponimie na meronimie uitgebrei word. Onthou dat ’n meroniem ’n deel-geheel verhouding tussen leksikale items uitdruk (sien Hoofstuk 4, subafdeling 4.3.5; Saeed, 2009:70-71). Barsalou se hantering van *frames* stem baie met meronieme ooreen. Meronieme verteenwoordig nie alleen hiërargiese verhoudings nie, maar gee ook iets omtrent kategorielede se eienskappe te kenne (dus hul Kenmerke en Waardes). Om te bepaal in watter mate ’n karavaan as ’n gebou en ’n huis kwalifiseer (sodat bepaal kan word of huisbraak ook in ’n karavaan kan plaasvind), kan meronimie help om dié vraag te beantwoord. Volgens woordeboek kriteria moet ’n gebou ten minste oor mure en ’n dak beskik. Bestudeer die meroniemstruktuur van <housing>, Figuur 5.27.

Figuur 5.27: meroniem vir “housing”



Volgens Rosch (2000:197-198) deel die lede van ’n kategorie meeste van dieselfde kenmerke. Dié verbandhoudende kenmerke word met perifere kategorielede gekontrasteer. Hoewel daar uit die hiponimiestruktuur afgelei kan word dat ’n karavaan nie ’n prototipe van behuising is nie, kan ’n mens aan Figuur 5.27 sien dat “caravan” wel dieselfde stel basiese kenmerke met ander kategorielede deel. Dieselfde as ’n huis, woonstel en boothuis, beskik ’n karavaan ook oor mure en ’n dak. Verder bevat ’n karavaan vaste meubelment/geriewe soos ’n stoof, ’n stort/bad, ’n toilet en ingeboude kaste. Ander ooreenstemmende kenmerke is byvoorbeeld ’n voordeur en venters. Tente, plakkershutte, losieskamers, ensovoort deel minder van die kenmerke en staan nader aan die periferie.

Uit die meroniemstruktuur kan afgelei word dat 'n karavaan nader aan die prototipe (“huis”) staan en self as 'n gebou en 'n huis kwalifiseer.

Nóg 'n voorbeeld is dié van “hijacking” in die saak *Cargo Africa*. Wanneer die hiponiemstruktuur in Rosch se drie vlakke verdeel word, lyk dit so:

Tabel 5.2: prototipe vir <crime>

Kategorie	CRIME			
Superordinaat	Coerce	Take	Kill	Lie/trick
Basiese vlak	Kidnap	Robbery	Homicide	Fraud
	Blackmail	Theft	Suicide	Smuggling
Subordinaat	Children	Car	Murder	Money
	Enemies	Money	Manslaughter	Drugs

Roof en diefstal is die prototipes van “vat”. Motorkaping is nie 'n prototipe van “vat” nie. Maar wanneer <take> as kategorie bestudeer word, mag dit dalk soos volg lyk:

Tabel 5.3: prototipe vir <take>

Kategorie	TAKE		
Superordinaat	Theft	Robbery	Abduction
Basiese vlak	Snatch	Mug	Kidnap
	Pick	Hijack	
Subordinaat	Cell phone	Valuables	Child abduction
	Wallet	Car	Human trafficking

Hier is “hijack” eerder 'n tipiese kategorielid van “robbery” as van “theft”, wat impliseer dat geweld of konfrontasie deel van “hijack” vorm. “Hijack” deel ook kenmerke met die ander kategorielede (“mug” en “kidnap”), naamlik geweld en konfrontasie (hoewel ontvoering sonder veel geweld kan plaasvind).

Omdat “hijacking” nie ’n konkrete objek is nie, maar liever ’n daad voorstel, is hiponimie en meronimie moontlik minder betroubaar om sy prototipe betekenis vas te stel. Die sin-substituut toets mag ’n beter opsie wees.

5.4.2 Die sin-substituut toets

Uit haar talle eksperimente stel Rosch (1975b:190 e.v.; 2000:199) voor dat ’n mens sinne formuleer en telkens die superordinaat van ’n taksonomie met die lede van daardie kategorie vervang. Op dié wyse kan vasgestel word watter lede logiese en beste voorbeelde van ’n kategorie is en watter nie. Let op dat redelike sprekers se reaksies hier van kardinale belang is. Hoe sal ’n gemiddelde Suid-Afrikaner op hierdie stellings reageer? ’n Redelike spreker se hantering van woorde sluit ten nouste by ’n gewone betekenis van woorde aan. Vergelyk die volgende voorbeeldsinne:

- 5.1 Daar sit twee voëls op die vensterbank.
- 5.2 Daar sit twee duiwe op die vensterbank.
- 5.3 Daar sit twee pikkewyne op die vensterbank.

Hoewel pikkewyne waarskynlik ook op ’n vensterbank kan sit, afhangende van die grootte van die vensterbank en die pikkewyn, is die blote gedagte daaraan absurd, daarom is “duiwe” meer prototopies van “voëls” as “pikkewyne”.

Ek is verder van mening dat ’n ondersoeker hom nie tot substitusie van superordinate moet beperk nie, maar ook werkwoorde en scenario’s moet kan uitruil om die logika/onlogika van ’n betrokke woord aan te dui. Bestudeer die woord “hijacked” (*Cargo Africa*) in die volgende voorbeeldsinne:

- 5.4 I was driving home when I had been hijacked.
- 5.5 I was sitting in my living room when I had been hijacked.

Wanneer ’n meer uitgebreide betekenis van “hijacking” in gedagte gehou word, is daar niks met (5.5) verkeerd nie; die woord “hijacking” sluit “steel” in. Dit is immers hoe die vragmotor met Gilbeys se drankvoorraad weggeraak het. Maar ’n redelike spreker mag (5.5) moontlik absurd vind, veral omdat (5.5) geen melding van geweld of konfrontasie maak nie. Vergelyk die volgende sinne:

- 5.6 When I reached my empty parking bay I realised that my car had been stolen.
- 5.7 When I reached my empty parking bay I realised that I had been hijacked.

5.8 When I pulled into my empty parking bay I was hijacked.

Al drie hierdie sinne is grammaties en semanties korrek, maar (5.6) en (5.8) is waarskynlik die beste voorbeelde van “hijacking”. Die prototipe betekenis van “hijacking” impliseer dat ’n drywer van sy voertuig beroof word terwyl hy binne of buite die voertuig verkeer. Die voertuig word as ’t ware van die drywer weggedwing. In die geval waar ’n motor sonder die eienaar se medewete gesteel word, praat redelike sprekers eerder van motordiefstal. Voertuie wat in ’n drywer se teenwoordigheid gesteel word, pas beter by “kaping”.

Nog ’n voorbeeld van die sin-substituut toets se waarde kan in die woorde “literary work” en “veemeel” gesien word. In die saak *Waylite Diary* moet die hof bepaal of die afspraakbladsye in ’n dagboek as literêre werk geklassifiseer kan word. Bestudeer die volgende voorbeeldsinne:

5.9 Salman Rushdie’s literary work consists of 9 novels and 2 children’s books.

5.10 André Brink’s literary work consists of 2 plays and 26 novels.

5.11 Waylite Diary’s literary work consists of 2 calendar pages.

Twee afspraakbladsye kan nie met dramas, kinderboeke en romans vergelyk word nie. Die eerste drie is prototipes van “literary work”, veral “novels”. Die twee afspraakbladsye val vër buite die prototipe (en dus gewone) betekenis van die betrokke woord. Bestudeer nou die voorbeeldsinne vir “veemeel”.

5.12 Ons eet elke oggend ’n bakkie mieliemeel vir ontbyt.

5.13 Ons eet elke oggend ’n bakkie veemeel vir ontbyt.

5.14 Ons eet elke oggend ’n bakkie beenmeel vir ontbyt.

5.15 Die boer hou van mieliemeel, maar kalfsmeel is sy gunsteling.

5.16 Die boer hou van mieliemeel, maar vismeel is sy gunsteling.

Veemeel (oftewel “stock meal”) is in *Jowells Transport* as gewone of algemene meel beskou, wat beteken dat ’n vragryer ook mieliemeel onder dieselfde lisensie mag vervoer. Dit wil sê, dat daar basies geen verskil tussen vee- en mieliemeel is nie. Weer eens is (5.12) tot (5.16) grammaties en selfs semanties korrek. In bepaalde omstandighede is daar moontlik mense wat been-, vis- en kalfsmeel eet. Maar (5.12) is die enigste logiese stelling. Die res is absurd. Die prototipe betekenis van “mieliemeel” impliseer dat dit hoofsaaklik vir mense gebruik word, terwyl die prototipe betekenis van “veemeel” dierekos – plaasdiere en wild – aandui.

In *Minister of Safety* soek 'n speurder na 'n patroon wat in die beskuldigde se been vassit. Nadat hy die patroon in die beskuldigde se dy opgespoor het, vra hy 'n visenteringslasbrief aan. Vergelyk die volgende voorbeeldsinne:

- 5.17 I am searching for a stray bullet.
- 5.18 I found the bullet I was searching for.
- 5.19 I am searching for the bullet I found.
- 5.20 I found the bullet, but continue to search.

Die laaste twee sinne is absurd. Jy kan nie aanhou soek vir iets waarvan jy die ligging ken nie. As jy iets gevind het en weet waar dit is, soek jy nie daarvoor nie.

5.4.3 Barsalou se *framemodel*

Barsalou (1992:47 e.v.) beweer dat 'n *frame* gebruik kan word om prototipes aan te dui. Volgens hom is 'n prototipe 'n stel frekwente Waardes wat aan Kenmerke gekoppel is. Dit wil sê, die Waardes wat verteenwoordigend van die meeste kategorielede is, dui die prototipe aan. 'n Mens begin deur 'n *frame* te bou en die Kenmerke en Waardes van die kategorie binne daardie *frame* te bepaal. Daarna word die betrokke kategorielede met die Waardes vergelyk. Barsalou (1992:48) bou die *frame* op dieselfde wyse as in Figuur 4.6 ("kar") en dui dan die verhouding tussen die kategorielede en Waardes met pyle aan.

Vir 'n praktieser werkwyse het ek sy diagrammatiese *frame* na 'n matrys aangepas. In die matrys word kategorielede met 'n simbool (in hierdie geval 'n alfabetletter) verteenwoordig. Daardie simbool word langs die Waarde geplaas wat die mees verteenwoordigend van die kategorielede is. Die Waardes met die meeste simbole vorm gesamentlik die prototipe. 'n Betekenisomskrywing word dan hieruit geformuleer. Barsalou illustreer die gebruik van *frames* deur die prototipe vir "bird" vas te stel. Ek volg sy voorbeeld met die prototipe vir <voël> in die matrys wat volg. Soos dit dikwels met illustrasiemodelle van hierdie aard gaan, is dié voorbeeld oorvereenvoudig. Die onderstaande prototipe is op 'n konkrete objektkategorie gebaseer waar die kategorielede se Kenmerke en Waardes vinnig gekontroleer kan word. In praktyk is die vasstel van Kenmerke en Waardes ietwat uitdagender. Bestudeer Tabel 5.4.

Tabel 5.4: prototipe vir <voël>

Kategorie	VOËLS		
Kenmerk	Waarde	Simbool	Kategorieliid
Grootte	Klein	a b c d	(a) mossie (b) Indiese myna (c) vink (d) duif (e) uil (f) eend (g) valk (h) arend (i) gompou (j) volstruis
	Medium	e f g	
	Groot	h i j	
Kleur	Wit	d f	
	Bruin	a b c e g h i j	
Snawel	Krom	e g h	
	Reguit	a b c d f i j	
Beweging	Loop	j	
	Vlieg	a b c d e g h i	
	Swem	f	
Prototipe	’n Prototipe voël is klein en bruin met ’n reguit snawel; dit vlieg meestal van punt A na punt B.		

Soos in Tabel 5.4 gesien kan word, word kategorielede (na aanleiding van die Kenmerke) die beste deur die Waardes “klein”, “bruin”, “reguit” en “vlieg” verteenwoordig. Dit beteken nie dat die omskrywing van die prototipe vir die meerderheid voëls in die wêreld juis is nie, maar dat dit wel tipies is van die kategorielede wat hier gelys word. Die oomblik wat die kategorie aangepas word, gaan die lede ook verskil en daarmee saam die Kenmerke en Waardes. Dink byvoorbeeld aan die prototipe vir <Gauteng duiwe>. Omdat al die kategorielede duiwe is, en omdat alle duiwe in Gauteng waarskynlik kan vlieg, sal die Kenmerke en Waardes verskil en daarom ook die uiteindelijke prototipe.

Vervolgens ’n poging om die woorde “literêre werk” en “woongebou” se prototipe na aanleiding van Barsalou vas te stel.

Tabel 5.5: prototipe vir <literêre werk>

Kategorie	LITERÊRE WERK		
Kenmerk	Waarde	Simbool	Kategorieliid
Taal	Standaard	e g j	(a) roman (b) gedig (c) drama (d) reisverhaal (e) koerantartikel (f) akademiese artikel (g) temagebaseerde studie (h) notule (i) advertensie (j) afspraakbladsy
	Kreatief	a b c d i	
	Saaklik	f h	
Inhoud	Fiktief	a b c	
	Feitelik	d e f g h i j	
Doel	Vermaak	a b c d	
	Inlig	e h g j	
	Oorreed	f i	
Formaat	Boek/bundel	a b c d f g	
	Bladsy	h j	
	Multimedia	e i	
Prototipe	'n Literêre werk is meestal 'n teks wat kreatief geskryf en feitelik van aard is met die doel om sowel in te lig as te vermaak. 'n Literêre werk kom hoofsaaklik in boekformaat voor.		

Uit die bostaande matrys is dit duidelik dat afspraakbladsye in 'n velddagboek nie binne die prototipe betekenis van “literêre werk” val nie.

Dit is waar dat storieboeke, gedigte en dramas sowel fiktief as feitelik kan wees, maar die gemiddelde Suid-Afrikaner assosieer dié drie genres waarskynlik met ontvlugting en nie met 'n medium wat kan inlig en oorreed nie. Wat wel duidelik uit die bostaande matrys blyk, is dat 'n literêre werk baie meer om die lyf het as 'n aanduiding van datum en tyd. 'n Bladsy in 'n dagboek is so min 'n literêre werk as 'n notule.

Hier volg die prototipe vir “woongebou”:

Tabel 5.6: prototipe vir <woongebou>

Kategorie	WOONGEBOU		
Kenmerk	Waarde	Simbool	Kategorieliid
Grootte	Klein	b c d f g	(a) huis (b) woonstel (c) karavaan (d) mobiele huis (e) boothuis (f) tent (g) pondok (<i>shack</i>)
	Medium	a e	
	Groot		
Struktuur	Permanent	a b c d e	
	Tydelik	f g	
Erf	Privaat	a	
	Gemeenskaplik	b c d e f g	
Binnkant	Toebehore	a b c d e	
	Leeg	f g	
Prototipe	'n Woongebou is meestal 'n klein struktuur van permanente boumateriaal wat hoofsaaklik op gemeenskaplike grond staan. Dit is toegerus met geriewe soos 'n stoof, bad/stort, toilet en ingeboude kaste.		

Hoewel 'n karavaan nie die beste voorbeeld van 'n Westerse woongebou is nie, val dit wel binne die prototipe betekenis van “woongebou”. Kulturele aspekte moet egter in ag geneem word. In die VSA is die vloerspasie van woonruimtes aansienlik groter, derhalwe kan 'n Amerikaanse prototipe woongebou eerder “medium” of “groot” wees. In lande soos Sjina en Japan is die vloeroppervlakte aansienlik kleiner as in die Weste, daarom sal die grootte van 'n woongebou ook klein wees. Die feit dat wonings meestal op gemeenskaplike grond gebou is, strook met die Suid-Afrikaanse realiteit. Derduisende mense woon in woonstelle, meenthuse, duplekse of informele nedersettings waar die grond nie noodwendig afsonderlik aan elke individu behoort nie.

Wat met permanente of tydelike boumateriaal bedoel word, is dat woongeboue uit stof gebou word wat op een plek vasstaan of wat nie doelbewus uitmekaar gehaal kan word nie. 'n Pondok en 'n tent kan gou opgeslaan en herbou word; nie woonstelle, huise, karavane of bote

nie. Pondokke en tente word ook nie aan die binnekant toegerus nie. Enige toebehore is addisioneel. Dié twee kategorielede staan op die periferie.

5.5 Opsomming

In hierdie hoofstuk is Barsalou se *framemodel* geïllustreer en getoets. Twintig woordprobleme is uit geselekteerde hofsake geneem waarvan die betekenis aan die hand van Barsalou se model uitgelê is. Die woordontledings is deur 'n kort oorsig van prototipes gevolg. In die kort oorsig is drie potensiële toetse aangedui waarvolgens die prototipe betekenis van woorde vasgestel kan word. Die laaste toets maak van Barsalou se *framemodel* gebruik.

ADDENDA

Addendum 5A: Matriks vir Barsalou se *framemodel*

Saaknaam					Betwiste woord		
Konteks							
Kenmerke en waardes Onthou: Kenmerke verteenwoordig eienskappe en Waardes verteenwoordig tipes						Watter aspekte word beskryf?	
						kwantiteit	kwaliteit
						evaluerings	kostes
						voordele	nadele
						ander?	
Strukturele onveranderlikes Onthou: soorte verhoudings word soms beskryf	ruimtelike verhouding	temporele verhouding	kousale verhouding	intensionele verhouding	Beperkings		
				Onthou: van toepassing op waardes			
Woordomskrywing							

Addendum 5B: Matriks vir [plant]

SAAKNAAM	Blue Circle cement v CIR 1984		BETWISTE WOORD	Plant									
KONTEKS	Blue Circle bou treinspoor na kalksteenbron. 41 km. wil belastingaftrekkings maak. Kommissaris's woorde → "plant" sluit nie treinspoor in nie. Hof moet betekenis van "plant" vasstel en bepaal of die woord installasies soos 'n treinspoor mag insluit. Wat sluit "plant" alles in?												
KENMERKE EN WAARDES Onthou: Kenmerke verteenwoordig eienskappe en Waardes verteenwoordig tipes				Watter aspekte word beskryf? <table border="1" data-bbox="1534 646 1702 782"> <tr> <td>kwantiteit</td> <td>kwaliteit</td> </tr> <tr> <td>evaluerings</td> <td>kostes</td> </tr> <tr> <td>voordele ✓</td> <td>nadele</td> </tr> <tr> <td>ander?</td> <td></td> </tr> </table> Die verskillende aspekte is tot voordeel van die inkomste van die besigheid		kwantiteit	kwaliteit	evaluerings	kostes	voordele ✓	nadele	ander?	
kwantiteit	kwaliteit												
evaluerings	kostes												
voordele ✓	nadele												
ander?													
STRUKTURELE ONVERANDERLIKES Onthou: soorte verhoudings word soms beskryf	ruimtelike verhouding	temporele verhouding	kousale verhouding ✓	intensionele verhouding	BEPERKINGS Onthou: van toepassing op waardes Slags? <ul style="list-style-type: none"> - steengroef beperk produksie - vervoer beperk produksie - produksie beperk inkomste 								
WOORDOMSKRYWING	"Plant" sluit aantal sake in, waaronder treinspoor. Die verbinding van die steengroef met fabriekperseel maak dit 'n verlengde perseel. Treinspoor is kardinaal/deel van die verdien van inkomste op grond waarvan die besigheid is finansiering betaal.												

6.1 Inleiding

Nadat die studie aan lesers in die eerste hoofstuk bekend gestel is, is die probleemstelling en die verbandhoudende doelwitte in die daaropvolgende hoofstukke op sistematiese wyse beredeneer. In Hoofstuk 6, die finale hoofstuk, word die fokus na die bevindings, aanbevelings en voorstelle vir verdere navorsing verskuif en kom al die drade by een punt byeen. Hier word die waarde, sukses en geskiktheid van Barsalou se model kortliks verwoord. Die studie stel my ook op hierdie stadium in staat om 'n aantal verbandhoudende leemtes te identifiseer en op grond van nuwe kennis en insig relevante aanbevelings te maak en leemtes vir verdere navorsing voor te stel. Voordat enige bevindings egter geboekstaaf, aanbevelings gemaak en voorstelle aan die hand gedoen kan word, word die studie vir volledigheid ten eerste opgesom.

6.2 Opsomming

Met hierdie studie het ek probeer aandui dat daar 'n leemte in die forensiese taalkunde is met betrekking tot semantiese kwessies in hofsake. Hoewel navorsers plaaslik en internasionaal hul onderskeie studies op die semantiek gerig het en soms spesifiek navorsing binne die konteks van hofsake verrig het, is voorstelle vir die interpretasie van woorde geopper, maar geen daadwerklike oplossings aan die hand gedoen nie.

Die aanvanklike probleem spruit voort uit regsgeleerdes se taak om reëlmatig semantiese probleme in howe op te los. Hofsake sentreer dikwels om die interpretasie van woorde. Die benadering wat ten minste in Suid-Afrika gevolg word, is die gebruik van presedenthofsake, deskundige getuienis, akademiese artikels wat deur regsgeleerdes en kriminoloë gepubliseer word en uiteindelik ook die gebruik van woordeboeke. Dit is veral in die vasstel van woorde se “gewone” betekenis waar woordeboeke 'n belangrike rol speel. Maar woordeboeke blyk by tye 'n onbetroubare hulpbron te wees. In my navorsing het ek bevind dat Suid-Afrikaanse regsgeleerdes (met spesifieke verwysing na voorsittende beamptes) soms verouderde woordeboeke en meestal buitelandse woordeboeke gebruik. Ek het ook bevind dat tweetalige woordeboeke as verklarende woordeboeke gebruik word. Dit impliseer dat sommige regsgeleerdes nie daarvan bewus is dat woordeboeke uiteenlopende teikenmarkte en

doelwitte het nie. Dan is daar kwessies soos die onvolledigheid van woordeboeke en die feit dat woordomsrywings soms sirkulêr of niksseggend is.

Van die probleme wat 'n mens by woordeboeke teëkom, word ook by presedenthofsake en wette gevind. Woorde word by tye vaag of sirkulêr in wette omskryf of die woord word eenvoudig glad nie gedefinieer nie. Daar is gevalle waar 'n woord in 'n aantal hofsake hanteer word, maar nog steeds is 'n mens onseker oor sy betekenis. Wanneer wetgewing of vorige hofsake nie die nodige klarigheid bied nie, wend regslui hulle weer tot 'n woordeboek. Woordeboeke is nie boos nie, maar alternatiewe vir 'n woordeboek moet ondersoek word.

Buiten vir riglyne waarvolgens woordeboeke gebruik kan word, is daar nie veel alternatiewe oplossings nie. Twee moontlike oplossings kom wel voor, synde die gebruik van korpuslinguistiek en 'n konseptuele benadering. 'n Paar navorsers het reeds die potensiaal van korpuslinguistiek vir forensiese doeleindes aangedui en dit lyk na 'n baie voordelige benadering wat in my opinie vir Suid-Afrikaanse regslui van groot waarde kan wees. Wat die konseptuele benadering betref, spesifiek die gebruik van prototipes, is daar 'n leemte. Dit is juis hierdie leemte wat die onderhawige studie probeer vul het deur *frames* as werkbare oplossing voor te stel.

Barsalou se model het grootliks uit die werk van Rosch en Fillmore ontwikkel en toon belofte om 'n woord se betekenis uit te lê. Woorde se betekenis word na aanleiding van hul onderlinge konseptuele verhoudings bepaal. Woorde is die leksikale item wat verteenwoordigend van groter konsepte is. Wanneer 'n woord in 'n woordeboek opgesoek word, vergeet sprekers dat daardie woord aan 'n magdom konsepte verbind is. Woordeboeke dui gewoonlik nie die betekenisnetwerke aan waartoe woorde behoort nie. Om te kan bepaal wat die sogenaamde gewone betekenis van 'n woord is, moet 'n mens probeer vasstel waarmee daardie woord alles verband hou. 'n Woordeboekdefinisie, daarenteen, kan baie eng wees. Byvoorbeeld, om te bepaal of 'n woord soos “invoer” binne konteks 'n kommersiële konnotasie het, moet 'n spreker “invoer” se onderskeie verbintenisse ondersoek en oorweeg. Die navorsing van mense soos Rosch, Barsalou en ander het reeds bewys dat sprekers inligting kategoriseer en dat ons inligting eerder in terme van betekenisvelde prosesseer as wat ons 'n losstaande woordeskat in stand hou. Taal word onder andere aangeleer deur konsepte te orden en die beste kategorievoorbeelde met leksikale items te assosieer. In daardie geval sou dit moontlik sinvoller wees om by 'n betekenis te begin en daarna na die leksikale item te beweeg.

Deur 'n konseptuele benadering voor te stel, beteken dit effektiewelik dat regsgeleerdes hul uitkyk op betekenis en die uitlê van wette sal moet verander. Regsgeleerdes – soos soveel mense in die algemeen – skuil graag agter die gesag en status van 'n woordeboek. Hoe oortuig 'n mens 'n hele dissipline om daardie gesag en status in twyfel te trek en om 'n benadering te vertrou wat nie 'n soortgelyke, verifieerbare korpus het nie? Ek glo nie dat my voorstel of potensiële oplossing buite die taalwetenskap baie gewild sal wees nie. Dáárom was dit vir my belangrik om 'n toeganklike werkswyse te vind wat regsgeleerdes nog steeds saam met woordeboeke sou kon gebruik en wat nie 'n metataal of spesialiskennis van die taalwetenskap vereis nie.

6.3 Bevindings

Na afloop van my ontledings het ek 'n aantal sterkpunte aangaande die model waargeneem. Ek lig die opvallendste voordele hier uit.

Deur die ses stappe te volg om 'n woord se betekenis uit te lê, gaan 'n mens sistematies te werk en word 'n ondersoeker as't ware deur die model gedwing om fyn oor woorde se betekenis na te dink. Wanneer Kenmerke, Waardes en hul onderlinge verhoudings beskryf en verklaar word, vind 'n ondersoeker hom in 'n posisie waar hy die betekenis beredeneer en na regte uitpluis. Die model gaan dus ooglopend verder as die blote opsoek van woorde in boeke; 'n mens kom minder lukraak by 'n betekenis uit. Vergelyk byvoorbeeld die sistematiese redenering by [plant], [driving] en [invoer].

Die sistematiese uitlê van betekenis sluit ten nouste by die model se beskrywende en verklarende krag aan. In plaas daarvan dat voorsittende beamptes woordomsrywings uit woordeboeke aanhaal en dit op die betrokke konteks van toepassing wil maak, behels Barsalou se model die beskrywing van woorde, hul eienskappe en die manier waarop hulle kontekstueel aan mekaar verbind is. Dié benadering is daarom minder kunsmatig en geforseerd as die gebruik van akontekstuele woorde in 'n woordeboek. Die model lê woorde se betekenis altyd binne konteks uit; iets wat 'n woordeboek selde suksesvol kan doen, veral met betrekking tot unieke gebeurtenisse. Omdat woorde kontekstueel geïnterpreteer word, is dit my ervaring dat sirkulariteit, meerduidigheid en vaagheid minder van 'n probleem is.

Verder nog maak die model die hantering van woordverhoudings (sinonieme, antonieme, homonieme en polisemie) makliker, in die sin dat 'n ondersoeker verhoudings met minder moeite kan raaksien en op die betwiste woord kan toepas. Die skep van taksonomieë hou

verband hiermee. Barsalou se model maak dit taamlik eenvoudig om 'n taksonomie saam te stel, wat 'n ondersoeker weer in staat stel om 'n aantal afleidings omtrent die betrokke woord se betekenis te maak. Vergelyk die *frames* [meal], [invoer], [caravan] en [taking].

Omdat die model op konseptuele beginsels gebaseer is, kan 'n mens te enige tyd die ontleding verdiep en die *frame* uitbrei en vergroot. Dink hier aan [krot], [deelneem aan motorfietsryery] en [plofstof] waar sekere Kenmerke in eie *frames* uitgebou is. Dit beteken ook dat die model 'n ondersoeker daarvan weerhou om eng en kortsigtig op 'n betwiste woord te fokus. Die model lei 'n mens na al die ander verbandhoudende woorde, velde en konsepte (*frames* dus) wat op 'n betwiste woord van toepassing is. 'n Ondersoeker word derhalwe nie aan bande gelê soos met 'n woordeboek nie.

Barsalou se model kan 'n ondersoeker verder help vasstel of mense 'n sekere woord se betekenis korrek/logies benader. In die geval van [invoer] was dit duidelik dat die staatsaanklaer sy bes probeer het om die gewone betekenis van die woord (oftewel sy prototipe betekenis) te verdraai, sodat hy die twee beskuldigdes kon toesluit. Sy redenering oor wat die woord "invoer" alles moontlik kon beteken, was baie geforseerd. Deur die model te gebruik, het ek aangedui hoe die staatsaanklaer die gewone betekenis van "invoer" tot sy voordeel kon gebruik, in plaas daarvan om op die woord se vae en uitgebreide betekenis te steun.

'n Ondersoeker word nie deur die model tot semantiese beredenering beperk nie. Die *frame* [relocate] sluit die gebruik van morfologie in. Morfologie word wel op uiters beperkte wyse by die ontleding betrek, maar die model toon baie duidelik die nodige potensiaal om tegniese taalaspekte (grammatika, formele taalkunde, ens.) by 'n *frame* te inkorporeer. Dit bring my by die volgende punt, te wete die model se vermoë om sowel gewone betekenis van woorde uit te lê as die uitleg van terminologie en ander komplekse woorde. Met ander woorde, die model kan vir algemene én wetenskaplike woorduitleg ingespan word, soos deur die ontleding van [vermin] en [taking] gesuggereer word. Met die ontleding van 'n woord soos "vermin" het ek bevind dat die model deur enige deskundige gebruik kan word om 'n woord mee uit te lê. Die woord "vermin" sou beter deur 'n dierkundige as 'n taalkundige uitgelê kon word en die gebruik van Barsalou se model sou vir 'n soöloog ewe goed gewerk het.

In die geval van [taking] (*S v Salmans*), waar die kriteria betrokke by "robbery" en "theft" ter sprake kom (en waarvolgens die reg toegepas word), het die model my in staat gestel om 'n nuwe kriterium (synde "persoonlike kontak") voor te stel waarmee 'n hof kan bepaal of

“robbery” of “theft” plaasgevind het. Dit was sowel die beskrywende en verklarende aard van die model as die visuele uitbeelding van woordrelasies wat tot die identifisering van die nuwe kriterium gelei het. Deur die woordverhoudings te bestudeer, het ek gesien watter eienskappe van “robbery” tipies en frekwent is en hoe dit van “theft” verskil.

Een van die dinge waarvan ek die meeste omtrent die model hou, is dat visuele uitbeeldings dit vir ’n gebruiker moontlik maak om die konneksies tussen woorde en konsepte raak te sien. Daar is baie voordeel in die skematiese voorstelling van ’n *frame*, gekoppel aan die beskrywing van sy dele. Nie net sluit dit aan by die tydsgees van visuele geletterdheid en ’n wegbeweeg van liniêre lees nie, maar dit stel lesers in staat om te sien hoe woorde kontekstueel by mekaar pas. ’n Mens sien waar taksonomieë inpas en woordherhalings en -kombinasies tree duideliker na vore. Visuele uitbeelding help om ’n geheelbeeld te skep en om die betrokke data verteerbaar te maak. Dit help ook om inligting te begryp en te prosesseer.

Een van die grootste voordele van hierdie model is sekerlik dat dit ’n toeganklike en praktiesuitvoerbare benadering tot woorduitleg is. Dit gaan nie met ’n ingewikkelde teorie of metataal gepaard nie. Sterk teoretiese benaderings is reeds deur ander voorgestel en geïllustreer, maar veronderstel ’n grondige agtergrondkennis. Barsalou se model is in die kognitiewe leer gesetel, maar vereis nie ’n grondige kennis van die sielkunde of taalwetenskap om die model te kan toepas nie. Die model kan in verskeie dissiplines aangewend word om woorde binne hul onderskeie terreine uit te lê, juis omdat alle sprekers betekenis op konseptuele wyse prosesseer.

My ervaring was dat Barsalou se model makliker op konkrete kategorieë gewerk het, veral met betrekking tot selfstandige naamwoorde en werkwoorde. Abstrakte selfstandige naamwoorde, soos “buitengewone omstandighede”, se ontledings het aansienlik moeiliker gegaan. Die meeste van die 150 hofsake wat ek bestudeer het, het met konkrete selfstandige naamwoorde en werkwoorde te doen gekry, wat beteken dat die model waarskynlik gebruik sou kon word om die meeste van die leksikaal-semantiese kwessies in hofsake op te los. Omdat *frames* hoofsaaklik uit konsepte opgebou word, impliseer dat abstrakte leksikale items ook uitgelê kan word. Die onderhawige studie dui wel daarop dat die model in sommige opsigte nog verfyning en skaafwerk nodig.

Ander uitdagings sluit die volgende twee aspekte in: Ten eerste het die gebruik van eksterne bronne, soos tesourusse en ensiklopedieë, goed gewerk om Kenmerke en Waardes te bepaal.

Ten spyte daarvan was dit vir my somtyds moeilik om op werkbare Kenmerke en Waardes te besluit; Kenmerke het partykeer abstrak voorgekom, wat die identifisering van Waardes beïnvloed het.

Tweedens het ek met die woord “vermin” besef dat die gebruik van “te veel” ensiklopediese inligting moontlik tot geloofwaardigheidsprobleme mag lei. Hoewel dit nie ’n probleem is om ensiklopediese of selfs gespesialiseerde inligting by die model te betrek en op hierdie manier ’n woord se betekenis uit te lê nie, kan dit wel probleme skep tydens kruisverhoor. ’n Teenparty mag ’n ondersoeker se kennis en deskundigheid omtrent byvoorbeeld soölogie bevraagteken (en diskrediteer), veral as die gebruiker van die model slegs ’n taalkundige of regsgeleerde is.

Een van die aantygings teen woordeboeke is dat regsgeleerdes woordeboeke kan misbruik en manipuleer sodat ’n gewenste interpretasie aan die lig kom. Barsalou se model is sekerlik nie van manipulasie vrygestel nie, maar weens die beskrywende en verklarende aard van die model en sy vaste komponente, behoort die potensiaal om die model te misbruik, aansienlik kleiner te wees. ’n Ondersoeker moet immers beskryf hoe vaste komponente soos Strukturele Onveranderlikes en Beperkings ’n invloed op Kenmerke en Waardes uitoefen en daardie dinamika gebruik om die betwiste woord binne die relevante konteks te omskryf. Die ontleding word saam met die semantiese breinkaart bestudeer, wat beteken dat dit moeiliker is om onlogiese verbintenisse weg te steek en die leser te manipuleer. Na my mening sal subjektiewe en oneerlike interpretasies vinniger na vore tree, omdat ’n leser enige interafhanklike verhoudings tussen woorde en konsepte (en hul uiteindelijke verhouding tot die betwiste woord) in die ontledingsverslag en semantiese breinkaart sal kan nagaan en bevraagteken. In teenstelling hiermee is dit tans byna onmoontlik om die gesag van ’n woordeboek in ’n hof te bevraagteken.

Laastens verwys ek na my bevindings rakende prototipes. Ek is dit met Solan eens dat prototipes die gewone betekenis van woorde verteenwoordig. Prototipes is baie meer konteksgebonde as woordeboekomskrywings. Dink hier aan die woord “hijacking”. ’n Mens móét die Suid-Afrikaanse konteks ingedagte hou en oorweeg hoe ’n redelike Suid-Afrikaner die woord sou omskryf. ’n Mens kan nie bloot ’n kliniese woordeboekdefinisie navolg en argumenteer dat geweld en persoonlike kontak nie teenwoordig hoef te wees nie, want dit staan nie so in ’n woordeboek nie. Die prototipe van “hijacking” soos wat Suid-Afrikaners dit verstaan, is ’n rooftog wat in transito en met geweld gepaard gaan.

Tot dusver is Solan die enigste persoon wat die waarde van prototipes in die interpretasie van woorde in hofsake bepleit, hoewel hy self nie die moontlikhede verken en oplossings bied nie. Hoewel ek nie tydens hierdie studie in meer besonderhede op 'n funksionele werkswyse gekonsentreer het nie, dink ek dat die vasstel en gebruik van prototipes in die hantering van gewone betekenis uitsers waardevol kan wees. Die drie toetse waarmee prototipes bepaal kan word, kort deeglike verfyning maar toon die nodige belofte. Ek dink nie dat elkeen van die toetse ewe suksesvol sal wees vir die vasstel van alle prototipes nie, maar ek glo dat die drie mekaar dalk kan aanvul waar nodig. Ek dink die sin-substituut toets kan moontlik met waarheidstoetse gekombineer word om 'n sterker werkswyse daar te stel. Dit is ook vir my een van die mees gebruikersvriendelike metodes om prototipes te bepaal. Barsalou se benadering tot prototipes kan ewe goed werk, hoewel my toepassing daarvan verseker oefening kort. Die aanpassing van 'n *frame*struktuur na 'n matrys is myns insiens reeds 'n praktiese verbetering.

6.4 Aanbevelings

Uit my studie kan ek ten minste die volgende twee aanbevelings maak:

My eerste aanbeveling word aan wetskrywers gerig en dit behels die Interpretasiewet. Ek is nie die enigste stem wat vir 'n wysiging van die wet vra nie. As voorskriftelike wet moet daar 'n artikel ingevoeg word wat eksplisiet voorskrifte voorsien vir die hantering van woordprobleme. Dié voorskrifte moet onder meer voorsiening maak vir die gebruik van woordeboeke. Daar moet in duidelike terme aangedui word watter soort woordeboeke geldig en gesaghebbend genoeg is en watter nie. Hierdie voorskrifte moet bepaal dat 'n voorsittende beampte sy keuse van woordeboeke en sy keuse van definisies motiveer en verduidelik hoe dit by die wetgewer se bedoeling en die konteks aansluit.

Dit sal verder voordelig wees indien die Interpretasiewet voorskrifte kan voorsien waarvolgens taalwetenskaplike deskundigheid aan howe gelewer word. Tans is daar een hofsak wat as presedent voorgehou word en wat bepaal dat 'n hof nie van taalkundige getuienis gebruik maak waar gewone woorde ter sprake is nie. Dit is kortsigtig en bring my by die tweede aanbeveling.

Ek verstaan dat howe aan tyd en geld gebonde is en dat voorsittende beamptes hul kundigheid en kennis mag gebruik om sake volgens oordeel te beslis. Ek is ook van mening dat 'n hof nie vir elke bakatel 'n taalkundige benodig nie. Sommige woorde kan eenvoudig in 'n woordeboek opgesoek word of aan die hand van 'n ander hofsak verklaar word. Maar deur

my navorsing het ek ook bevind dat daar selde so iets soos 'n "gewone" betekenis van woorde is. Regsgeleerdes verkeer onder 'n wanindruk dat die sogenaamde gewone betekenis van woorde voor die hand liggend is en derhalwe eenvoudig is om uit te lê. Dit is baiekeer nie die geval nie. Ek dink gewone woorde is dikwels uitdagender om uit te lê weens hul vaagheid en meerduidigheid. Baie van die hofsake waardeur ek gewerk het, het gewys dat voorsittende beamptes baie tyd aan die interpretasie van woorde spandeer het. As taalkundiges meer gereeld genader was om ontledingsverslae te skryf, mag dit moontlik 'n voorsittende beampte se taak vergemaklik en vereenvoudig het. Wat vir my hiermee saamhang, is 'n hof se verwysing na akademiese artikels en handboeke wat deur taalkundiges geskryf is. Howe moet begin om antwoorde op taalkwessies buite die regsdisipline te soek.

6.5 Verdere navorsing

Daar is baie navorsingsmoontlikhede binne die forensiese semantiek. Ek lys enkele opsies waarvan sommige vanuit hierdie studie kan voortvloei.

Ten eerste is daar die kwessie van woordeboekgebruik in hofsake. In die onderhawige studie is dit net-net aangeraak. 'n Veel indringender empiriese studie is nodig, veral met betrekking tot die laer howe.

Dit behoort ook interessant te wees om 'n vergelykende studie aan te pak waarin die woorde wat deur voorsittende beamptes nageslaan is, in korpora op te soek en te kyk of daar wesenlike verskille tussen die woordeboek en 'n korpus is.

Tweedens kan die bou van 'n forensiese korpus, soos Blackwell voorgestel het, 'n interessante en waardevolle projek wees. Dit sal verhoudings met die polisie, howe en regsgeleerdes behels.

Derdens is daar nog baie potensiaal vir navorsing aangaande polisie-ondervragings en polisie-onderhoude in Suid-Afrika. 'n Mens kan ook die verslae wat deur polisiemanne en speurders geskryf word, ondersoek vir moontlike taalkwessies.

'n Vierde moontlikheid vir verdere navorsing is die betekenis van woorde in gebruiksaanwysings, waarskuwingsetikette en bepalings en voorwaardes en die publiek se begrip van hierdie tekste. Mense stem daagliks tot bepalings en voorwaardes in en gebruik produkte sonder om regtig op enige van die waarskuwings en gebruiksaanwysings ag te

slaan, maar watter impak het hierdie tekste moontlik op 'n verbruiker, veral in terme van sy verbruikersregte?

Laastens kan die bydrae van die kognitiewe linguistiek op die hantering van betekenis in hofsake verder verken word. Ek dink byvoorbeeld dat Jackendoff se konseptuele grammatika 'n waardevolle bydrae sal kan lewer in die uitleë van 'n woord se betekenis in hofsake. In dieselfde asem bepleit ek die verfyning en ontginning van prototipes in hofsake. Nie net wat gewone woorde betref nie, maar ook met betrekking tot frases en sinne in komplekse konstruksies, soos wat 'n mens dikwels in regstekste (kontrakte, wette, bepalinge en voorwaardes) vind. Sien in hierdie verband gerus Lakoff, Langacker, Taylor en Beard.

6.6 Slot

In hierdie hoofstuk is die onderhawige studie eers opgesom, gevolg deur 'n beskrywing van die voor- en nadele van Barsalou se *framemodel*. Daar is bevind dat die model die nodige potensiaal toon om saam (of naas) woordeboeke gebruik te word om betekenis in hofsake uit te lê. Daarna is aanbeveel dat die wetgewer die Interpretasiewet hersien en dat taalwetenskaplikes se rol en bydrae in die regsproses heroorweeg word. Die hoofstuk is afgesluit met voorstelle van navorsingsmoontlikhede wat deur dié studie belig word.

Finis.

Bronnelys

- Ainsworth, J. 2012. The meaning of silence in the Right to Remain Silent. In Tiersma, P.M. and Solan, L.M. (eds.) *The Oxford handbook of language and law*. New York: Oxford University Press. Pp: 287-298.
- Allan, K. 1992. Something that rhymes with rich. In Lehrer, A. and Kittay, E.F. (eds.) *Frames, fields and contrasts. New essays in semantic and lexical organization*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates. Pp: 355-376.
- Aprill, E.P. 1998. The law of the word: dictionary shopping in the supreme court. *Arizona State Law Journal*, 30(2):275-336.
- Atkins, B.T.S. and Rundell, M. 2008. *The Oxford guide to practical lexicography*. Oxford: Oxford University Press.
- Austin, J.L. 1962. *How to do things with words*. New York: Oxford University Press.
- Bailey, R.W. 1984. Dictionaries and proprietary names: the Air-Shuttle case. *Dictionaries*, 6:53-65.
- Barsalou, L.W. 1982. Context-independent and context-dependent information in concepts. *Memory & Cognition*, 10(1):82-93.
- Barsalou, L.W. 1983. Ad hoc categories. *Memory & Cognition*, 11(3):211-227.
- Barsalou, L.W. 1992. Frames, concepts, and conceptual fields. In Lehrer, A. and Kittay, E.F. (eds.) *Frames, fields and contrasts. New essays in semantic and lexical organization*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates. Pp: 21-74.
- Beard, L. 2005. Heavy noun phrase construction in the Afrikaans novel *n Ander Land*: a cognitive account of a stylistic feature. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 23(2):187-203.
- Béjoint, H. 2000. *Modern lexicography: an introduction*. Oxford: Clarendon Press.
- Berk-Seligson, S. 1999. The impact of court interpreting on the coerciveness of leading questions. *Forensic Linguistics*, 6(1):30-56.
- Berk-Seligson, S. 2000. Interpreting for the police: issues in pre-trial phases of the judicial process. *Forensic Linguistics*, 7(2):212-237.
- Berk-Seligson, S. 2002a. *The bilingual courtroom: court interpreters in the judicial process*. Chicago: The University of Chicago Press.

- Berk-Seligson, S. 2002b. The Miranda warnings and linguistic coercion: the role of footing in the interrogation of a limited-English speaking murder suspect. In Cotterill, J. (ed.) *Language in the legal process*. London: Palgrave Macmillan. Pp: 127-146.
- Berk-Seligson, S. 2008. Judicial systems in contact. Access to justice and the right to interpreting/translating services among the Quichua of Ecuador. *Interpreting*, 10:9-33.
- Beukes, A-M. 2006. 'n Rol vir taalbeplanningsagente in taal-in-onderwysbeplanning? *Journal for Language Teaching*, 40(1):21-35.
- Beukes, A-M. 2008. Language policy implementation in South Africa: How Kempton Park's great expectations are dashed in Tshwane. *Stellenbosch papers in Linguistics (SPiL)*, 38:1-26.
- Beukes, A-M. 2009. Language policy incongruity and African languages in post-apartheid South Africa. *Language Matters*, 40(1):35-55.
- Bhatia, V.K. 1982. *An investigation into formal and functional characteristics of qualifications in legislative writing and its application to English for academic legal purposes*. PhD thesis. Birmingham: University of Aston.
- Bhatia, V.K. 1983. Simplification v easification: the case of legal texts. *Applied Linguistics*, 4(1):42-54.
- Bhatia, V.K. 1987a. Language of the law. *Language Teaching*, 20(3):227-234.
- Bhatia, V.K. 1987b. Textual-mapping in British legislative writing. *World Englishes*, 6(1):1-10.
- Bhatia, V.K. 1994. Cognitive structuring in legislative provisions. In Gibbons, J. (ed.) *Language and the law*. London: Longman. Pp: 136-155.
- Bhatia, V.K. 2005. Specificity and generality in legislative expression: two sides of the coin. In Bhatia, V.K., Engberg, J., Gotti, M. and Heller, D. (eds.) *Vagueness in normative texts*. Bern: Peter Lang. Pp: 337-356.
- Bhatia, V.K., Candlin, C.N. and Engberg, J. (eds.). 2008. *Legal discourse across cultures and systems*. Hong Kong: Hong Kong University Press.
- Black, J. 2002. *A dictionary of economics*. Oxford: Oxford University Press.
- Blackwell, S. 2009. Why forensic linguistics needs corpus linguistics. *Comparative Legilinguistics*, 1:5-18.
- Botha, C. 1998. *Wetsuitleg: 'n inleiding vir studente*. Pretoria: Juta & Co Ltd.
- Bosman, N. 2013. Die gebruik van ANNA in 'n Nederlandse taalverwerwingskursus – toegangsgemak en inligtingskoste. In Botha, W., Mavoungou, P en Nkomo, D. (eds.) *Festschrift Rufus H Gouws*. Stellenbosch: SUN Press. Pp: 4-25.
- Brennan, F. 2003. *Tampering with asylum*. Brisbane: University of Queensland Press.

Brigham Young University. 2013. British National Corpus. Online: www.corpus.byu.edu/bnc/ (soos op September 2013).

Brigham Young University. 2013. Corpus of Contemporary American English. Online: www.corpus.byu.edu/coca/ (soos op September 2013).

Bronstein, V. and Hersch, J. 1991. Teaching law as a second language in a second language. *South African Law Journal*, 108(1):159-166.

Brown, P. and Levinson, S. 1987. *Politeness: some universals in language usage*. Cambridge, Mass.: Cambridge University Press.

Busse, D. 1989. Was ist die Bedeutung eines Gesetzestextes? Sprachwissenschaftliche Argumente im Methodenstreit der juristischen Auslegungslehre – linguistisch gesehen. In Müller, F. (Hrsg.) *Untersuchungen zur Rechtslinguistik. Interdisziplinäre Studien zu Praktischer Semantik und Strukturierender Rechtslehre in Grundfragen der juristischen Methodik*. Berlin: Dunker und Humboldt. Pp: 93-148.

Butters, R.R. 1993. If the wages of sin are for death: the semantics and pragmatics of a statutory ambiguity. *American Speech*, 68(1):83-94.

Butters, R. 2007. Changing linguistic issues in US trademark litigation. In Turell, M., Spassova, M. and Cicres, J. (eds.) *Proceedings of the second European IAFL conference on forensic linguistics/language and the law*. Barcelona: Universitat Pompeu Fabra. Pp: 29-42.

Butters, R. 2008a. A linguistic look at trademark dilution. *Santa Clara Computer and High Technology Law Journal*, 24(3):507-519.

Butters, R. 2008b. Trademarks and other proprietary terms. In Gibbons, J. and Turell, M. (eds.) *Dimensions of Forensic Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins Publishing. Pp: 231-247.

Butters, R.R. 2010. Trademarks: language that one owns. In Coulthard, M. and Johnson, A. (eds.) *The Routledge handbook of forensic linguistics*. London: Routledge.

Butters, R.R. 2012. Language and copyright. In Tiersma, P.M. and Solan, L.M. (eds.) *The Oxford handbook of language and law*. New York: Oxford University Press. Pp: 463-477.

Buttrick, D.B. 2013. *Non-resident beneficiaries and the conduit-pipe principle: conflicting interpretations*. LLM dissertation. Pretoria: University of South Africa.

Cambridge University Press. 2014. Cambridge dictionary. Online: www.dictionary.cambridge.org (soos op 2 Augustus 2014).

Carney, T.R. 2012. 'n Forensies-semantiese beskouing van die woordgebruik “onkoste” in die hofsaak Commissioner for South African Revenue Service v Labat Africa Limited. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 30(4):487-496.

- Chaski, C. 2001. Empirical evaluations of language-based author identification techniques. *International Journal of Speech, Language and the Law*, 8(1):1-65.
- Chaski, C. 2005. Who's at the keyboard? Authorship attribution in digital evidence investigations. *International Journal of Digital Evidence*, 4:1-13.
- Chaski, C. 2012. Author identification in the forensic setting. In Tiersma, P.M. and Solan, L.M. (eds.) *The Oxford handbook of language and law*. New York: Oxford University Press. Pp: 489-503.
- Christensen, R. und Kübbeler, C. 2011. Wortlautgrenze und Wörterbuch. *Zerl*, 2/2011: www.zerl.uni-koeln.de/archive/zerl-2-2011/2954 (soos op 30 Maart 2013).
- Coates, L., Bavelas, J. and Gibson, J. 1994. Anomalous language in sexual assault trial judgements. *Discourse and Society*, 5(2):189-206.
- Coates, L. and Wade, A. 2004. Telling it like it isn't: obscuring perpetrator responsibility for violent crime. *Discourse and Society*, 15(5):499-526.
- Cockram, G.M. 1983. *The interpretation of statutes*. Cape Town: Juta and Co. Ltd.
- Coetzee, P. 1998. 'n Taksonomie vir die opstel en evaluering van regstaalkursusse. LLM-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria. [onvoltooid]
- Cotterill, J. 2000. Reading the rights: a cautionary tale of comprehension and comprehensibility. *Forensic Linguistics*, 7(1):4-25.
- Cotterill, J. 2001. Domestic discord, rocky relationships: semantic prosodies in representation of marital violence in the O.J. Simpson trial. *Discourse & Society*, 12(3):291-312.
- Cotterill, J. 2002. Just one more time: Aspects of intertextuality in the trials of O.J. Simpson. In Cotterill, J. (ed.) *Language in the legal process*. Hampshire/New York: Palgrave Macmillan. Pp: 147-161.
- Cotterill, J. 2003. *Language and power in court: a linguistic analysis of the OJ Simpson trial*. Basingstoke and New York: Palgrave Macmillan.
- Cotterill, J. 2004. Collocation, connotation, and courtroom semantics: lawyers' control of witness testimony through lexical negation. *Applied Linguistics*, 25(4):513-537.
- Cotterill, J. 2007. *The language of sexual crime*. New York: Palgrave Macmillan.
- Coulthard, M. 1994. On the use of corpora in the analysis of forensic texts. *Forensic Linguistics*, 1(1):27-43.
- Coulthard, M. 1996. The official version: audience manipulation in police records of interviews with suspects. In Caldas-Coulthard, C.R. and Coulthard, M. (eds.) *Texts and practices: readings in critical discourse analysis*. London: Routledge. Pp: 166-178.

- Coulthard, M. 2002. Whose voice is it? Invented and concealed dialogue in written records of verbal evidence produced by the police. In Cotterill, J. (ed.) *Language in the legal process* Basingstoke and New York: Palgrave Macmillan. Pp: 19-34.
- Coulthard, M. 2004. Author identification, idiolect and linguistic uniqueness. *Applied Linguistics*, 25(4):431-47.
- Coulthard, M. 2005. The linguist as expert witness. *Linguistics and the human sciences*, 1(1):39-58.
- Coulthard, M. 2010. Experts and opinion: in my opinion. In Coulthard, M. and Johnson, A. (eds.) *The Routledge handbook of forensic linguistics*. London: Routledge. Pp: 473-486.
- Coulthard, M. and Johnson, A. 2007. *An introduction to forensic linguistics: language in evidence*. London: Routledge.
- Cowen, D.V. 1980. The interpretation of statutes and the concept of “the intention of the legislature”. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 43(3):374-399.
- Cruse, D.A. 1986. *Lexical semantics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Cunningham, C.D., Levi, J.N., Green, G.M. and Kaplan, J.P. 1994. Plain meaning and hard cases. *Yale Law Journal*, 103(6):1561-1625.
- Cunningham, C.D. and Fillmore, C.J. 1995. Linguistic analysis of judicial decisionmaking. Using common sense: a linguistic perspective on judicial interpretations of “use a firearm”. *Washington University Law Quarterly*, 73(3):1159-1214.
- De Klerk, W.J. 1978. *Inleiding tot die semantiek*. Durban: Butterworth en Kie.
- De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- Devenish, G.E. 1996. *Interpretation of statutes*. Johannesburg: Juta & Co. Ltd.
- De Ville, J.R. 1999. Meaning and statutory interpretation. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 62(3):373-389.
- De Ville, J.R. 2000. *Constitutional and statutory interpretation*. Cape Town: Interdoc Consultants Pty Ltd.
- De Wet, J.P. 1995. *Taalgebruik en taalbeleid in die Suid-Afrikaanse Polisie, met besondere verwysing na Afrikaans*. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Dictionary unit for SAE. 2007. *South African concise Oxford dictionary*. Cape Town: Oxford University Press.
- Dictionary unit for SAE. 2010. *South African concise Oxford dictionary*. Cape Town: Oxford University Press.

- Drew, P. 1985. Analysing the use of language in courtroom interaction. In Van Dijk, T.A. (ed.) *Handbook of discourse analysis*, Vol. 3. London: Academic Press. Pp: 133-47.
- Drew, P. 1990. Strategies in the contest between lawyer and witness in cross-examination. In Levi, J.N. and Walker, A.G. (eds.) *Language in the judicial process*. New York: Plenum Press. Pp: 39-64.
- Drew, P. 1992. Contested evidence in courtroom cross-examination: the case of a trial for rape. In Drew, P. and Heritage, J.C. (eds.) *Talk at work: interaction in institutional settings*. Cambridge: Cambridge University Press. Pp: 470-520.
- Drew, P. 1998. *Metropolitan police service emergency and non-emergency telephone call handling: a study of the handling of enquiries and incident reports made over the telephone by members of the public to MPS operator centres, control rooms and the new Scotland Yard information room*. Report to the Metropolitan Police Service, London.
- Dumas, B.K. 1990. An analysis of the adequacy of federally mandated cigarette package warnings. In Levi, J.N. and Walker, A.G. (eds.) *Language in the judicial process*. NY: Plenum Press. Pp: 309-352.
- Dumas, B.K. 1992. An analysis of the adequacy of cigarette package warnings. *Tennessee Law Review*, 59(2):261-304.
- Dumas, B.K. 2000a. US pattern jury instructions: problems and proposals. *Forensic Linguistics*, 7(1):49-71.
- Dumas, B.K. 2000b. Warning labels and industry safety information standards: the case of Loctite RC/609. In Peyton, J. and Griffin, P. (eds.) *Language in action: new studies of language in society*. Cresskill, New Jersey: Hampton Press. Pp: 302-317.
- Dumas, B.K. 2002. Reasonable doubt about reasonable doubt: assessing jury instruction adequacy in a capital case. In Cotterill, J. (ed.) *Language in the legal process*. Basingstoke and New York: Palgrave Macmillan. Pp: 246-259.
- Du Plessis, L.M. 1986. *The interpretation of statutes*. Durban: Butterworths.
- Du Plessis, L. 2002. *Re-interpretation of statutes*. Durban: Butterworths.
- Du Plessis, T. 2001. Towards a multilingual policy in the judiciary and security services in South Africa. In Deprez, K. (ed.). *Multilingualism, the judiciary and security services*. Pretoria: Van Schaik. Pp: 95-105.
- Du Plessis, T. 2006. Language activism in South Africa. In Sica, G. (ed.), *Open problems in linguistics and lexicography*. Monza: Polimetrica International Scientific Publisher. Pp: 73-96.
- Du Plessis, T. 2009. Taalwetgewing in Suid-Afrika. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 6(3):132-154.

Du Plessis, T. 2010. 'n Taalwet vir Suid-Afrika? Die rol van sosiolinguistiese beginsels by die ontleding van taalwetgewing. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 7(2):65-97.

Du Plessis, T. 2012. 'n Kritiek op 'n normatiewe vergelyking van die 2003- en 2011-weergawes van die South African Languages Bill aan die hand van sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)*, 9(2):309-353.

Durant, A. 1996. Allusions and other 'innuendo' meanings in libel actions: the value of semantic and pragmatic evidence. *Forensic Linguistics*, 3(2):195-210.

Eades, D. 1992. *Aboriginal English and the law: communicating with aboriginal English speaking clients: a handbook for legal practitioners*. Brisbane: Queensland Law Society.

Eades, D. 1994. A case of communicative clash: aboriginal English and the legal system. In Gibbons, J. (ed.) *Language and the law*. London: Longman. Pp: 234-164.

Eades, D. 1995. Aboriginal English on trial: the case for Stuart and Condren. In Eades, D. (ed.) *Language in evidence: linguistic and legal perspectives in multicultural australia*. Sydney: University of New South Wales Press. Pp: 147-74.

Eades, D. 1996. Verbatim courtroom transcripts and discourse analysis. In Kniffka, H., Blackwell, S. and Coulthard, M. (eds.) *Recent developments in forensic linguistics*. Frankfurt am Main: Peter Lang GmbH. Pp:241-154.

Eades, D. 2000. "I don't think it's an answer to the question": silencing aboriginal witnesses in court. *Language in Society*, 29:161-195.

Eades, D. 2002. "Evidence given in unequivocal terms": gaining consent of aboriginal kids in court. In Cotterill, J. (ed.) *Language in the legal process*. Basingstoke and New York: Palgrave Macmillan. Pp: 162-179.

Eades, D. 2003a. Participation of second language and second dialect speakers in the legal system. *Annual Review of Applied Linguistics*, 23:113-133.

Eades, D. 2003b. The politics of misunderstanding in the legal process: aboriginal English in Queensland. In House, J. Kasper, G. and Ross, S. (eds.) *Misunderstanding in spoken discourse*. London: Longman. Pp: 199-226.

Eades, D. 2004. Understanding Aboriginal English in the legal system: a critical sociolinguistics approach. *Applied Linguistics*, 25(4):491-512.

Eades, D. 2005. Applied linguistics and language analysis in asylum seeker cases. *Applied Linguistics*, 26(4):503-526.

Eades, D. 2006. Lexical struggle in court: aboriginal Australians versus the State. *Journal of Sociolinguistics*, 10(2):153-180.

Eades, D. 2008a. From expertise to advocacy: forensic linguistics and advocacy in asylum seeker cases. In Olsen, F., Lorz, A., and Stein, D. (eds.) *Law and language: theory and society*. Düsseldorf: Düsseldorf University Press. Pp: 87-118.

Eades, D. 2008b. *Courtroom talk and neocolonial control*. Berlin and New York: Mouton de Gruyter.

Eades, D. 2009. Testing the claims of asylum seekers: the role of language analysis. *Language Assessment Quarterly*, 6(1):30-40.

Eades, D. 2010. Language analysis and asylum cases. In Coulthard, M. and Johnson, A. (eds.) *The Routledge handbook of forensic linguistics*. London: Routledge. Pp: 411-422.

Eades, D., Fraser, H., Siegel, J., McNamara, T. and Baker, B. 2003. Linguistic identification in the determination of nationality: a preliminary report. *Language Policy*, 2(2):179-199.

Eades, D. and Arends, J. 2004. Using language analysis in the determination of national origin of asylum seekers: an introduction. *International Journal of Speech, Language and the Law*, 11(2):179-199.

Economy Farms Product (K) Ltd. 2013. Farm feeds. Young stock meal. Online: <http://farmfeeds.org/index.php/products/dairy/100-young-stock-meal> (soos op 15 Januarie 2015).

Ehrlich, S. 2001. *Representing rape: language and sexual consent*. New York: Routledge.

Ehrlich, S. 2002. (Re)contextualizing complainant's accounts of sexual assault. *The International Journal of Speech, Language and the Law*, 9(2):193-212.

Ehrlich, S. 2003. Coercing gender: language in sexual assault adjudication processes. In Holmes, J. and Meyerhoff, M. (eds.) *The handbook of language and gender*. Oxford: Blackwell Publishers. Pp: 645-670.

Ehrlich, S. 2006. Constraining the boundaries of gendered identities: trial discourse and judicial decisionmaking. In Baxter, J. (ed.) *Speaking out: the female voice in public contexts*. Basingstoke: Palgrave Macmillan. Pp: 139-158.

Ehrlich, S. 2007. Normative discourses and representations of coerced sex. In Cotterill, J. (ed.) *The language of sexual crime*. Basingstoke and New York: Palgrave Macmillan. Pp: 126-138.

Ehrlich, S. 2010. The discourse of rape trials. In Coulthard, M. & Johnson, A. (eds.) *The Routledge handbook of forensic linguistics*. London: Routledge. Pp: 265-280.

Eksteen, L.C. 1962. *'n Inleidende studie van die metodes van die leksikografie*. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Fillmore, C.J. 1968. The case for case. In Bach, E. and Harms, R.T. (eds.) *Universals in linguistic theory*. New York: Holt, Rinehart and Winston, Inc. Pp: 1-90.

Fillmore, C.J. 1976. Frame semantics and the nature of language. *Annals of the New York Academy of Sciences*, 280(2):20-32.

Fillmore, C.J. 1977. Scenes-and-frames semantics. In Zampolli, A. (ed.) *Linguistic structures*. New York: North-Holland Publishing Company. Pp: 55-82.

Fillmore, C.J. 1982. Towards a descriptive framework for spatial deixis. In Jarvella, R.J. and Klein, W. (eds.). *Speech, place, and action. Studies in deixis and related topics*. New York: John Wiley & Sons. Pp: 31-59.

Fillmore, C.J. 1985. Frames and the semantics of understanding. *Quaderni di Semantica*, 6(2):222-254.

Fillmore, C.J. 1987. Schemata and prototypes. In Dirven, R. and Radden, G. (eds.) *Studies in descriptive linguistics. Fillmore's case grammar. A reader*. Heidelberg: Julius Groos Verlag. Pp: 99-105.

Fillmore, C.J. 2007. Frame semantics. In Evans, V.; Bergen, B.K. and Zinken, J. (eds.) *The cognitive linguistics reader*. London: Equinox. Pp: 238-262.

Fillmore, C.J. and Atkins, B.T.S. 2000. Describing polysemy: the case of "crawl". In Ravin, Y. and Leacock, C. (eds.) *Polysemy. Theoretical and computational approaches*. New York: Oxford University Press. Pp: 91-110.

Finegan, E. 2010. Legal writing: attitude and emphasis. Corpus linguistics approaches to 'legal language': adverbial expression of attitude and emphasis in Supreme Court opinions. In Coulthard, M. and Johnson, A. (eds.) *The Routledge handbook of forensic linguistics*. New York: Routledge. Pp: 65-77.

Freeplane (weergawe 1.3.12). 2014. Aanlyn: http://freeplane.sourceforge.net/wiki/index.php/New_features_in_Freeplane_1.3.x (soos op 15 Januarie 2015).

Geeraerts, D. 2007. Where does prototypicality come from? In Evans, V.; Bergen, B.K.; Zinken, J. (eds.) *The cognitive linguistics reader*. London: Equinox. Pp: 168-185.

Geeraerts, D. 2010. *Theories of lexical semantics*. Oxford: Oxford University Press.

Gibbons, J. 1994. *Language and the law*. London: Longman.

Gibbons, J. 1995. What got lost? The place of electronic recording and interpreters in police interviews. In Eades, D. (ed.) *Language in evidence: linguistic and legal perspectives in multicultural Australia*. Sydney: University of New South Wales Press. Pp: 175-186.

Gibbons, J. 2003. *Forensic linguistics: an introduction to language in the justice system*. Oxford: Blackwell.

Goddard, C. 1996. Can linguists help judges know what they mean? Linguistic semantics in the court-room. *Forensic Linguistics*, 3(2):250-272.

Goddard, C. 1998. *Semantic analysis: a practical introduction*. New York: Oxford University Press.

Goffman, E. 1967. *Interaction ritual: essays on face to face behaviour*. New York: Pantheon Books.

Gouws, R.H. 1991. Leksikale semantiek. In Botha, T.J.R. (red.) *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica. Pp: 382-411.

Gray, P.R.A. 2013. Persoonlike onderhoud. 25 Junie. Meksikostad.

Grice, H.P. 1996. Logic and conversation. In Geirsson, H. and Losonsky, M. (eds.) *Readings in language and mind*. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers. Pp: 121-133.

Groenewegen, F.T. 2007. De relatieve waarde van de grammaticale interpretatiemethode. In Feteris, E.T.; Kloosterhuis, H.; Plug, H.J. en Pontier, J.A. (reds.) *Alles afwegende: bijdragen aan het vijfde symposium juridische argumentatie, 22 juni 2007 te Rotterdam*. Nijmegen: Ars Aequi Libri. Pp: 239-244.

Guinsberg, E. 1993. Interpreting the interpreter. *South African Law Journal*, 110(3):599-603.

Hale, S. 1996. Pragmatic considerations in court interpreting. *Australian Review of Applied Linguistics*, 19:61-72.

Hale, S. 1999. Interpreters' treatment of discourse markers in courtroom questions. *Forensic Linguistics*, 6(1):57-82.

Hale, S. 2001. How are courtroom questions interpreted? An analysis of Spanish interpreters' practices. In Mason, I. (ed.) *Triadic exchanges. Studies in dialogue interpreting*. Manchester: St. Jerome. Pp: 21-50.

Hale, S. 2003. "Excuse me, the interpreter wants to speak" – Interpreter interruptions in the courtroom: why do interpreters interrupt and what are the consequences? Paper delivered at *Critical Link Conference 3 – Interpreting in the community: The complexity of the profession*. Montreal, 22-26 May 2001. Online: <http://criticallink.org/conferences/conference-papers/critical-link-3> (soos op 10 Augustus 2013).

Hale, S. 2004. *The discourse of court interpreting: discourse practices of the law, the witness and the interpreter*. Amsterdam: John Benjamins Publishing.

Hale, S. and Campbell, S. 2002. The interaction between text difficulty and translation accuracy. *Babel*, 48:14-33.

Hart, H.L.A. 1961. *The concept of law*. New York: Oxford University Press.

Harvard Law Review. 1994. Looking it up: dictionaries and statutory interpretation. *Harvard Law Review*, 107(6):1437-1454.

Haworth, K. 2006. The dynamics of power and resistance in police interview discourse. *Discourse and Society*, 17(6):739-759.

Haworth, K. 2010. Police interviews as evidence. In Coulthard, M. and Johnson, A. (eds.) *The Routledge handbook of forensic linguistics*. London: Routledge. Pp: 169-184.

- Herbig, F.J.W. en Joubert, S.J. 2006. Criminological semantics: conservation criminology – vision or vagary? *Acta Criminologica*, 19(3):88-103.
- Hobbs, P. 2011. Defining the law: (mis)using the dictionary to decide cases. *Discourse Studies*, 13(3):327-347.
- Hodder Education. 2011. Chambers. Online: www.chambers.co.uk (soos op 2 Augustus 2014).
- Hubbard, E.H. 1992. Ongepubliseerde taalverslag: *OCULAZE v OCULOSAN*.
- Hubbard, E.H. 1994. Errors in court: a forensic application of error analysis. *South African Journal of Linguistics: Supplement* 20:3-16.
- Hubbard, E.H. 1995. Linguistic fingerprinting? A case study in forensic stylometrics. *South African Journal of Linguistics: Supplement* 26:55-72.
- Hulbert, J.R. 1960. *Dictionaries British and American*. London: Andre Deutsch.
- Hutton, C. 2009. *Language, meaning and the law*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Internet Pinball Machine Database. 2014. Pinball Glossary. Online: <http://www.ipdb.org/glossary.php> (soos op 15 Januarie 2015).
- Jackendoff, R. 1992. What is a concept? In Lehrer, A. and Kittay, E.F. (eds.). *Frames, fields and contrasts. New essays in semantic and lexical organization*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates. Pp: 191-208.
- Jackendoff, R. 1995. The boundaries of the lexicon. In: Everaert, M. (ed.). *Idioms: structural and psychological perspectives*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates. Pp: 133-165.
- Jackson, H. 2002. *Lexicography: an introduction*. London: Routledge.
- Johns, A. 2012. *A descriptive analysis of statements taken by police officers from child complainants in sexual offence cases that examines the degree to which the form and content of the statements accord with best practice across a range of variables*. LLM dissertation. Grahamstown: Rhodes University.
- Johnson, A. 1997. Textual kidnapping: a case of plagiarism among three student texts. *International Journal of Speech, Language and the Law*, 4(2):210-25.
- Johnson, A. 2002. So...? Pragmatic implications of so-prefaced questions in formal police interviews. In Cotterill, J. (ed.) *Language in the Legal Process*. Basingstoke and New York: Palgrave Macmillan. Pp: 91-110.
- Johnson, A. 2006. Police questioning. In Brown, K. (ed.) *The Encyclopedia of Language and Linguistics*, Vol. 9. Oxford: Elsevier. Pp: 661-672.

- Johnson, A. 2007. Producing the voice of the victim: the role of the interviewer investigating sexual offences. *The International Journal of Speech Language and the Law*, 14(1):210-225.
- Johnson, A. 2008a. Changing stories: achieving a change of state in suspect and witness knowledge through evaluation in police interviews with suspects and witnesses. *Functions of Language*, 15(1):84-114.
- Johnson, A. 2008b. “From where we’re sat ... ”: negotiating narrative transformation through interaction in police interviews with suspects. *Text & Talk*, 28(3):327-49.
- Joubert, A.M. and Brink, G. 2008. *English for policing students*. Pretoria: AM Joubert.
- Juta Co. (Pty) Ltd. 2013. Jutastat database. South African law reports.
- Kaschula, R.H. and Ralarala, M.K. 2004. Language rights, intercultural communication and the law in South Africa. *South African Journal of African Languages*, 4:252-261.
- Kellaway, E.A. 1995. *Principles of legal interpretation: statutes, contracts and wills*. Durban: Butterworths.
- Kloosterhuis, H. 2007. Verhullend argumenteren met taalkundige argumenten. In Feteris, E.T.; Kloosterhuis, H.; Plug, H.J. en Pontier, J.A. (reds.) *Alles afwegende: bijdragen aan het vijfde symposium juridische argumentatie, 22 juni 2007 te Rotterdam*. Nijmegen: Ars Aequi Libri. Pp: 261-268.
- Klopper, R. 2009. The case of cyber forensic linguistics. *Alternation*, 16(1):261-294.
- Klopper, R.M. en Van den Bergh, N.J.C. 1980. Die toepasbaarheid van die modern linguistiese benadering op wetsuitleg. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 5(1):1-14.
- Kniffka, H. 1996. *Recent developments in forensic linguistics*. Frankfurt: Peter Lang.
- Kniffka, H. 2007. *Working in language and law: a German perspective*. New York: Palgrave Macmillan.
- Kotzé, E.F. 2007. Die vangnet van die woord: forensies-linguistiese getuienis in ‘n lastersaak. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 25(3):385-399.
- Kotzé, E.F. 2010. Author identification from opposing perspectives in forensic linguistics. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 28(2):185-197.
- Kredens, K. 2002. Idiolect in authorship attribution. In Stalmaszczyk, P. (ed.), *Folia Linguistica Anglica 4*. Lodz: Lodz University Press. Pp: 191-212.
- Kredens, K. 2003. Towards a corpus-based methodology of forensic authorship attribution: a comparative study of two idiolects. In Lewandowska-Tomaszczyk, B. (ed.) *Practical Applications in Language Corpora*. Frankfurt am Mein: Peter Lang. Pp: 405-446.
- Labuschagne, J.M.T. 1987. Die begrip “dubbelsinnigheid” by wetsuitleg. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 12(1):96-99.

- Labuschagne, J.M.T. 1988. Die woord as kommunikasiebasis in die wetgewingsproses. *Suid-Afrikaanse Publikereg*, 3(1):34-45.
- Labuschagne, J.M.T. 1989. Regsnormvorming: riglyn vir 'n nuwe benadering tot die tradisionele reëls van wetsuitleg. *Suid-Afrikaanse Publikereg*, 4(2):205-212.
- Labuschagne, J.M.T. 1998. Gewone betekenis van 'n woord, woordeboeke en die organiese aard van wetsuitleg. *Suid-Afrikaanse Publikereg*, 13(1):145-148.
- Lakoff, G. 2007. Cognitive models and prototype theory. In Evans, V.; Bergen, B.K.; Zinken, J. (eds.) *The cognitive linguistics reader*. London: Equinox. Pp: 130-167.
- Lakoff, R. 1973. The logic of politeness; or minding your P's and Q's. In Chicago Linguistics Society (ed.) *Papers from the ninth regional meeting Chicago Linguistic Society, 13-15 April*. Chicago, United States. Pp: 292-305.
- Lampe, E.J. 1970. *Juristische Semantik: Studien und Texten zur Theorie und Methodologie des Rechts*. Bad Homburg v.d.H.: Verlag Gehlen.
- Landau, S.I. 2001. *Dictionaries: the art and craft of lexicography*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Langacker, R.W. 1987. *Foundations of cognitive grammar*. Vol. 1. Stanford: Stanford University Press.
- Langford, I. 2000. Forensic semantics: the meaning of murder, manslaughter and homicide. *Forensic Linguistics*, 7(1):72-94.
- Lassiter, G.D. 2004. *Interrogations, confessions and entrapment*. New York: Kluwer/Plenum.
- Lassiter, G.D., Ratcliff, J., Ware, J., Lezlee, J. and Irvin, C.R. 2006. Videotaped confessions: panacea or pandora's box? *Law & Policy*, 28(2):192-210. Online: www.ssrn.com/abstract=889148.
- Leech, G. 1981. *Semantics*. Harmondsworth: Penguin.
- Leo, R.A. 1998. Miranda and the problem of false confessions. In Leo, R.A. and Thomas, G.C. (eds.) *The Miranda debate: law, justice and policing*. Boston: Northeastern University Press. Pp: 271-82.
- Leo, R.A. 2001. Questioning the relevance of Miranda in the twenty-first century. *The Michigan Law Review*, 99(5):1000-1029.
- Leo, R.A. 2009. False confessions: causes, consequences and implications. *The Journal of the American Academy of Psychiatry and the Law*. Available online at: www.ssrn.com/abstract=1328623.

- Leo, R.A. and Ofshe, R.J. 1998. The consequences of false confessions: deprivations of liberty and miscarriages of justice in the age of psychological interrogation. *Journal of Criminal Law and Criminology*, 88(2):429-96.
- Leo, R.A. and White, W.S. 1999. Adapting to Miranda: modern interrogators' strategies for dealing with the obstacles posed by Miranda. *Minnesota Law Review*, 84:397-472.
- Leo, R.A., Drizin, S.A., Neufeld, P.J., Hall, B.R. and Vatner, A. 2006. Bringing reliability back in: false confessions and legal safeguards in the twenty-first century. *Wisconsin Law Review*, 2006(2):479-538.
- Leo, R.A. and Liu, B.L. 2009. What do potential jurors know about police interrogation techniques and false confessions? *Behavioral Sciences and the Law*, 27(3):381-99.
- Levi, J.N. 1993. Evaluating jury comprehension of Illinois capital-sentencing instructions. *American Speech*, 68(1):20-49.
- Levi, J.N. 1994. Language as evidence: the linguist as expert witness in the North American courts. *International Journal of Speech, Language and Law*, (1)1:1-26.
- Löbner, S. 2003. *Semantik*. Berlin: Walter de Gruyter GmbH.
- Lombard, E. en Carney, T.R. 2011. Die wenslikheid van Afrikaans as vaktaal vir regstudente. *Potchefstroomse Elektroniese Regsjoernaal*, 14(1):164-187.
- Lyons, J. 1978. *Semantics*. Volumes 1 and 2. Cambridge: Cambridge University Press.
- Madiba, M. and Mabiletja, M. 2008. An evaluation of the implementation of the new Language-in-Education Policy (LIEP) in selected secondary schools of Limpopo Province. *Language Matters*, 39(2):204-229.
- Malan, J.J. 1998. Oor die hofnotuleringstaal in die lig van die Grondwet en na aanleiding van onlangse regspraak. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 61:696-705.
- Malan, J.J. 2003. Die gebruik van Afrikaans as notulering van hofverrigtinge gemeet aan demokratiese standaarde. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 28(1):36-58.
- Mangasser-Wahl, M. 2000. *Von der Prototypentheorie zur empirischen Semantik*. Frankfurt am Main: Peter Lang GmbH.
- Margolis, E. 2000. How to acquire a concept. In Margolis, E. and Laurence, S. (eds.) *Concepts: core readings*. Cambridge, Mass.: MIT Press. Pp: 549-568.
- Matoesian, G. 1993. *Reproducing rape: domination through talk in the courtroom*. Cambridge: Polity Press.
- Matoesian, G. 1995. Language, law and society: policy implications of the Kennedy Smith rape trial. *Law and Society Review*, 29:669-701.

- Matoesian, G. 1997. "You were interested in him as a person": rhythms of domination in the Kennedy Smith Rape trial. *Law & Social Inquiry*, 22(1):55-93.
- Matoesian, G. 1999. The grammaticalization of participant roles in the constitution of expert identity. *Language in Society*, 28(4):491-521.
- Matoesian, G. 2001. *Law and the language of identity: discourse in the William Kennedy Smith rape trial*. Oxford/New York: Oxford University Press.
- Matoesian, G. 2005. Nailing down an answer: participations of power in trial talk. *Discourse Studies*, 7(6):733-579.
- May, S. 2000. Uncommon languages. The challenges and possibilities of minority language rights. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 21(5):366-385.
- May, S. 2006. Language policy and minority rights. In Ricento, T. (ed.). *An introduction to language policy: theory and practice*. Malden: Blackwell Publishing. Pp: 255-272.
- McMenamin, G.R. 1993. *Forensic stylistics*. Amsterdam: Elsevier.
- McMenamin, G.R. 2001. Style markers in authorship studies. *International Journal of Speech, Language and the Law*, 8(2):93-97.
- McMenamin, G.R. 2002. *Forensic linguistics – advances in forensic stylistics*. Boca Raton, Florida: CRC Press.
- McMenamin, G.R. 2004. Disputed authorship in U.S. law. *International Journal of Speech, Language and the Law*, 11(1):73-82.
- Mgoduso, S. 1999. More on language in the practice of law. *De Rebus*, 12(377):8-9.
- Merriam-Webster Inc. 2014. Merriam-Webster dictionary. Online: www.merriam-webster.com (soos op 2 Augustus 2014).
- Michell, C.S. 2013. *Investigating the use of forensic stylometric analysis to determine authorship on a public accessible social networking site (Facebook)*. MA dissertation. Pretoria: University of South Africa.
- Moeketsi, R.H. 1997. *Of African languages and forensic linguistics: the South African multicultural criminal courtroom*. DLit et Phil thesis. Pretoria: University of South Africa.
- Moeketsi, R.H. 1999. *Discourse in a multilingual and multicultural courtroom: a court interpreter's guide*. Pretoria: JL van Schaik.
- Moeketsi, R.H. 2000. The do's and don'ts in court interpreting: a functional approach to a professional code. *Language Matters*, 31(1):222-242.
- Mouritsen, S.C. 2010. The dictionary is not a fortress: definitional fallacies and a corpus-based approach to plain meaning. *Brigham Young University Law Review*, 2010(5):1915-1980.

- Murphy, M.L. 2010. *Lexical meaning*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mwingira, B. and Dowse, R. 2006. Comprehension and acceptability of a patient information leaflet (PIL) for antiretroviral therapy. *Health SA Gesondheid*, 11(3):49-61.
- Ngcobo, M.N. 2009a. A strategic promotion of language use in multilingual South Africa: information and communication. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 27(1):113-120.
- Ngcobo, M.N. 2009b. The politics of compromise and language planning: the case of South Africa. *Language Matters*, 40(2):91-100.
- Odendal, F.F. 1991. Wat maak ons met die skarminkel in die jonkmanskas, of: aspekte van die gesag van die woordeboek. In Hartevelt, P. (red.). *Lexikos*. Stellenbosch: Buro van die W.A.T. Pp: 183-196.
- Odendal, F.F. en Gouws, R.H. 2000. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor.
- Odendal, F.F. en Gouws, R.H. 2005. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Odendal, F.F. en Gouws, R.H. 2010. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Olsson, J. 2004. *Forensic linguistics: an introduction to language, crime and the law*. London: Continuum International Publishing Group.
- Olsson, J. 2008. *Forensic linguistics*. Second edition. London: Continuum International Publishing Group.
- Opitz, K. 1983. The terminological standardised dictionary. In Hartmann, R.R.K. (ed.), *Lexicography: principles and practice*. London: Academic Press. Pp: 163-180.
- Oxford University Press. 2015. Oxford English Dictionary. Online: www.oed.com.
- Oxford University Press. 2015. Oxford Historical Thesaurus. Online: www.oed.com.
- Pacific Pinball. 2015. Pacific Pinball Museum. Full Collection. Online: <http://pacificpinball.org/pinball-machines/full-collection> (soos op 15 Januarie 2015).
- Pass, C. 2005. *Collins internet-linked dictionary of economics*. London: Harper Collins.
- Pearce, D.C. 1974. *Statutory interpretation in Australia*. Sydney: Butterworths.
- Pearson, J. 1998. *Terms in context*. Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Permbrand Ltd. 2013. Stock meal feeding systems. Online: <http://www.permbrand.co.nz/stock-meal-feeding-systems.html> (soos op 15 Januarie 2015).

- Perry, T. 2004. The case of the toothless watchdog: language rights and ethnic mobilization in South Africa. *Ethnicities*, 4(4):501-521.
- Pharos Woordeboeke. 2007. *Kernwoordeboek/Concise dictionary*. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Posner, R.A. 1990. *The problems of jurisprudence*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- Princeton University. 2014. WordNet. "Pin table". Online: <http://wordnetweb.princeton.edu/perl/webwn?s=pin+table&sub=Search+WordNet&o2=&o0=1&o8=1&o1=1&o7=&o5=&o9=&o6=&o3=&o4=&h=> (soos op 15 Januarie 2015).
- Prinsloo, D.J. 2013. 'n Kritiese beskouing van woordeboeke met geamalgameerde lemmalyste. *Lexikos*, 23:371–393.
- Proteco Pty Ltd. 2014. Protein meal, stock feed. Online: www.proteco.com.au/protein-meal/ (soos op 15 Januarie 2015).
- Quinn, N. and Holland, D. 1989. Culture and cognition. In: Holland, D. and Quinn, N. (eds.). *Cultural models in language and thought*. New York: Cambridge University Press. Pp: 3-40.
- Ralarala, M.K. 2012. A compromise of rights, rights of language and rights to a language in Eugene Terre'Blanche's (ET) trial within a trial: evidence lost in translation. *SPiL*, 41:55-70.
- Reddy, V. and Potgieter, C. 2006. 'Real men stand up for the truth': discursive meanings in the Jacob Zuma rape trial. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 24(4):511-521.
- Reinhardt, T. 2000. *Hansard translation: problems and issues in the translation and editing of verbatim reports of parliamentary proceedings*. PhD thesis. Potchefstroom: University of the North-West.
- Rey, G. 2000. Concepts and stereotypes. In Margolis, E. and Laurence, S. (eds.) *Concepts: core readings*. Cambridge, Mass.: MIT Press. Pp: 279-300.
- Robinson, J. 1982. The dictionary as witness. *Dictionaries: Journal of the Dictionary Society of North America*, 4:110-117.
- Rooney, K. 2001. *Encarta concise English dictionary*. Sydney: Pan Macmillan.
- Rosch, E.H. 1973. Natural categories. *Cognitive Psychology*, 4:328-350.
- Rosch, E. 1975a. Cognitive representation of semantic categories. *Journal of Experimental Psychology: General*, 104(3):192-233.
- Rosch, E. 1975b. Universals and cultural specifics in human categorisation. In Brislin, R.W., Bohner, S. and Lonner, W.J. (eds.) *Cross-cultural perspectives on learning*. New York: Sage Publications Inc. Pp: 177-206.

- Rosch, E. 2000. Principles of categorization. In Margolis, E. and Laurence, S. (eds.) *Concepts: core readings*. Cambridge, Mass.: MIT Press. Pp: 189-206.
- Rosch, E. and Mervis, C.B. 1975. Family resemblances: studies in the internal structure of categories. *Cognitive Psychology*, 7:573-605.
- Rosch, E., Mervis, C.B., Gray, W.D., Johnson, D.M. and Boyes-Braem, P. 1976. Basic objects in natural categories. *Cognitive Psychology*, 8:382-439.
- Rubin, P.A. 2010. War of the words: how courts can use dictionaries in accordance with textual principles. *Duke Law Review*, 60:167-206.
- Sanderson, P. 2007. Linguistic analysis of competing trademarks. *Language Matters*, 38(1):132-149.
- Saeed, J.I. 2009. *Semantics*. Oxford: Wiley-Blackwell.
- Schulze, H., Kelbrick, R., Manamela, T., Stoop, P., Manamela, E., Hurter, E., Masuku, B. En Stoop, C. 2015. *General principles of commercial law*. Claremont: Juta and Company.
- Searle, J.R. 1991. Indirect speech acts. In Davis, S. (ed.) *Pragmatics: a reader*. New York: Oxford University Press. Pp: 265-277.
- Shuy, R.W. 1986. Context as the highest standard of semantics: a lawsuit involving the meaning of "accuracy" in accounting. *Journal of English Linguistics*, 19(2):295-303.
- Shuy, R.W. 1990. Warning labels: language, law, and comprehensibility. *American Speech*, 65(4):291-303.
- Shuy, R.W. 1997. Ten unanswered questions about Miranda. *Forensic Linguistics*, 4(2):176-196.
- Shuy, R.W. 1998. *The language of confession, interrogation and deception*. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.
- Shuy, R.W. 2002. *Linguistic battles in trademark disputes*. New York: Palgrave Macmillan.
- Shuy, R.W. 2005. *Creating language crimes: how law enforcement uses (and misuses) language*. New York: Oxford University Press.
- Shuy, R.W. 2006. *Linguistics in the courtroom: a practical guide*. New York: Oxford University Press.
- Shuy, R.W. 2008. *Fighting over words*. New York: Oxford University Press.
- Shuy, R.W. 2010. *The language of defamation cases*. New York: Oxford University Press.
- Shuy, R.W. 2011. *The language of perjury cases*. New York: Oxford University Press.

- Shuy, R.W. 2012. Using linguistics and trademark cases. In Tiersma, P.M. and Solan, L.M. (eds.) *The Oxford handbook of language and law*. New York: Oxford University Press. Pp: 449-462.
- Siebörger, I. and Adendorff, A.D. 2011. Can contracts be both plain and precise? *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 29(4):483-504.
- Siegel, M.E.A. 2005. Finding conversational facts: a role for linguistics in court. *International Journal of Speech, Language and the Law*, 12(2):255-278.
- Sinclair, J. (red.) 1995. Introduction. *Collins COBUILD English dictionary*. Toronto: HarperCollins.
- Smith, E. and Medin, D. 2000. The exemplar view. In Margolis, E. and Laurence, S. (eds.) *Concepts: core readings*. Cambridge, Mass.: MIT Press. Pp: 207-222.
- Smith, C.E. 2007. Enkele varianten van taalkundige interpretatie. In Feteris, E.T.; Kloosterhuis, H.; Plug, H.J. en Pontier, J.A. (reds.) *Alles afwegende: bijdragen aan het vijfde symposium juridische argumentatie, 22 juni 2007 te Rotterdam*. Nijmegen: Ars Aequi Libri. Pp: 249-256.
- Smith, C.E. 2009. Het woord als grenswachter: functies van taalkundige interpretatie voor rechtsvinding. *Rechtsgeleerd Magazijn Themis*, 2:61-78.
- Solan, L.M. 1993a. When judges use the dictionary. *American Speech*, 68(1):50-57.
- Solan, L.M. 1993b. *The language of judges*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Solan, L. 1995. Judicial decisions and linguistic analysis: is there a linguist in the court? *Washington University Law Quarterly*, 73(3):1069-1080.
- Solan, L. 1998. Linguistic experts as semantic tour guides. *Forensic Linguistics*, 5(2):87-106.
- Solan, L. 1999. Can the legal system use experts on meaning? *Tennessee Law Review*, 66(4):1167-1199.
- Solan, L. and Tiersma, P.M. 2005. *Speaking of crime: the language of criminal justice*. Chicago: Chicago University Press.
- Solan, L. 2008. Talking like a person, thinking like a lawyer (and vice versa). In Solly, M., Conoscenti, M. and Campagna, S. (eds.) *Verbal/Visual narrative texts in higher education*. Bern: Peter Lang. Pp: 53-72.
- Solan, L.M. 2012. Linguistic issues in statutory interpretation. In Tiersma, P.M. and Solan, L.M. (eds.) *The Oxford handbook of language and law*. New York: Oxford University Press. Pp: 87-99.
- Spolsky, B. 2004. *Language policy*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Stander, L. 1990. *The training of court interpreters in South Africa: a preliminary investigation*. MA dissertation. Johannesburg: University of the Witwatersrand.
- Steyn, L.C. 1986. *Die uitleg van wette*. Johannesburg: Juta en Kie.
- Steytler, N.C. 1987. *The undefended accused on trial: justice in the lower courts*. PhD thesis. Durban: University of Natal.
- Steytler, N.C. 1993. Implementing language rights in court: the role of the court interpreter in South Africa. *The South African Journal on Human Rights*, 9(2):205-222.
- Stubbs, M. 2002. *Words and phrases: corpus studies in lexical semantics*. Oxford: Blackwell Publishing.
- Svartvik, J. 1968. *The Evans statements: a case for forensic linguistics*. Göteborg: Elanders Boktryckeri Aktiebolag.
- Svensén, B. 1993. *Practical lexicography: principles and methods of dictionary-making*. Oxford: Oxford University Press.
- Swanepoel, N. en Snyman-Van Deventer, E. 2012. The need for a legal-writing course in the South African LLB curriculum. *Obiter*, 33(1):121-134.
- Taylor, D.C. 1998. Addressing the insane language of law. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 61(1):668-677.
- Taylor, J.R. 2009. *Linguistic categorization*. Oxford: Oxford University Press.
- Taylor, J.R. 2011. Prototype theory. In Maienborn, C., Von Stechow, K., Portner, P. (eds.). *Semantics: an international handbook of natural language meaning*. Berlin: Walter de Gruyter GmbH. Pp: 643-663. (Ek het egter die voorlopige werksdokument gebruik wat Taylor op Academia.edu beskikbaar gestel het. Die skakel daarvoor (soos op 3 September 2014) is: https://www.academia.edu/1902195/Prototype_theory)
- Thetela, P.H. 2002. Sex discourses and gender constructions in Southern Sotho: a case study of police interviews of rape/sexual assault victims. *Southern African linguistics and applied language studies*, 20(3):177-189.
- Thiart, L. 2015. *Outeuridentifikasie: 'n Forensies-taalkundige ondersoek na SMS-taal in Afrikaans*. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Thumma, S.A. and Kirchmeier, J.L. 1999. The lexicon has become a fortress: the United States supreme court's use of dictionaries. *Buffalo Law Review*, 47(1):227-562.
- Tiersma, P. 1993a. Reforming the language of jury instructions. *Hofstra Law Review*, 22(1): 37-78.
- Tiersma, P. 1993b. The judge as linguist. *Loyola of Los Angeles Law Review*, 27(1):269-284.

- Tiersma, P. 1995. Dictionaries and death: do jurors understand mitigation? *Utah Law Review*, 1995(1):1-50.
- Tiersma, P. 2000. *Legal language*. Chicago: University of Chicago Press.
- Tiersma, P. 2002. The language and law of product warnings. In Cotterill, J. (ed.) *Language in the legal process*. Basingstoke and New York: Palgrave Macmillan. Pp: 54-71.
- Tiersma, P. 2007. The language of consent in rape law. In Cotterill, J. (ed.) *The language of sexual crime*. Basingstoke, UK: Palgrave Macmillan. Pp: 83-103.
- Tiersma, P. 2008. The nature of legal language. In Gibbons, J. and Turell, M.T. (eds.) *Dimensions of forensic linguistics*. Amsterdam: John Benjamins Publishing. Pp: 7-26.
- Tiersma, P.M. 2012. Language policy in the United States. In Tiersma, P.M. and Solan, L.M. (eds.) *The Oxford handbook of language and law*. New York: Oxford University Press. Pp: 248-260.
- Tiersma, P. and Solan, L. 2002. The linguist on the witness stand: forensic linguistics in American courts. *Language*, 78:221-239.
- Turell, M.T. 2008. Plagiarism. In Gibbons, J. and Turell, M.T. (eds.) *Dimensions of forensic linguistics*. Amsterdam: John Benjamins Publishing. Pp: 265-300.
- Turell, M.T. 2010. The use of textual, grammatical and sociolinguistic evidence in forensic text comparison. *International Journal of Speech, Language and the Law*, 17(2):211-250.
- Urdang, L. 1992. *The Oxford thesaurus*. Oxford: Oxford University Press.
- Van den Bergh, N.J.C. 1981. Die gebruikswaarde van bepaalde struktuuranalitiese metodes vir wetsuitleg. *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg*, 2:136-149.
- Van Jaarsveld, G.J. 1990. *Semantiek*. Pretoria: Academica.
- Van Jaarsveld, G. en Van Niekerk, A. 1997. Afrikaans in die hof: die vraagvorm as verskuilde agenda. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 15(3):91-97.
- Van der Walt, C. 1992. Teaching a foreign language: the language of the law. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 55:94-102.
- Van Zyl, S.P. 2011. Deductible medical expenses for income tax purposes: traditional healers, pharmacists and cosmetic procedures. *Obiter*, 32(1):171-188.
- Venter, C.J. 2003. Taalideologie en Afrikatale: universiteitstudente se persepsie daarvan in 'n postapartheidsbedeling in Suid-Afrika. *Literator* 24(3):113-138.
- Venter, R.I. 2013. *Die relevansie van forensies-linguistiese getuienis vir die doeleindes van persoonsidentifikasie by witboordjiemisdade*. MCom-verhandeling. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Viljoen, F. 1992. Look who's talking, in the courtroom, too! *The South African Law Journal*, 109(1):64-76.

VVRS Australia Pty Ltd. 2014. Stock meal. Online: http://www.vvrsaustralia.com.au/portfolio_item/stock-meal (soos op 15 Januarie 2015).

Webb, V. 2006. On a normative approach to language planning in South Africa. In Webb, V. & Du Plessis, T (eds.), *The politics of language in South Africa*. Pretoria: Van Schaik. Pp: 147-163.

Webb, V. 2009. Multilingualism in South Africa: the challenge to below. *Language Matters*, 40(2):76-90.

Webb, V. 2010. The politics of standardising Bantu languages in South Africa. *Language Matters*, 41(2):157-174.

Weinstein, J. 2005. Against dictionaries: using analogical reasoning to achieve a more restrained textualism. *University of Michigan Journal of Law Reform*, 38(3):649-681.

Wessels, L.N. 1984. *Betekenis en interpretasie deur die howe van die begrip "skuld" in Artikel 1 (1) (a) van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding Nr 34 van 1956*. LLM-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Wittgenstein, L. 2000. Philosophical investigations. Sections 65-78. In Margolis, E. and Laurence, S. (eds.) *Concepts: core readings*. Cambridge, Mass.: MIT Press. Pp: 171-174.

Woolf, V. 1937. *Craftmanship*. Interview. BBC Radio Broadcast, 29 April.

Wray, A. and Staczek, J.J. 2005. One word or two? Psycholinguistic and sociolinguistic interpretations of meaning in a civil court case. *International Journal of Speech, Language and the Law*, 12(1):1-18.

Zawada, B. and Swanepoel, P. 1994. On the empirical adequacy of terminological concept theories: The case for prototype theory. *Terminology*, 1(2):253-275.

HOFSAKE

Association of Amusement and Novelty Machine Operators v Minister of Justice 1980 (2) SA 636 (A).

Attorney-General of Natal v Anderson and Another 1998 (1) SACR 61 (N).

Bata Ltd v Face Fashions CC and Another 2001 (1) SA 844 (SCA).

Blue Circle Cement Ltd v Commissioner for Inland Revenue 1984 (2) SA 764 (A).

Brink v Alfred McAlpine & Son (Pty) Ltd 1971 (3) SA 741 (A).

Cargo Africa CC v Gilbeys Distillers and Vintners (Pty) Ltd and Another 1998 (4) SA 355 (N).

Cape Town Municipality v Frerich Holdings (Pty) Ltd 1981 (3) SA 1200 (A).

Case and Another v Minister of Safety and Security and Others; Curtis v Minister of Safety and Security and Others 1996 (3) SA 617 (CC).

Chapman v United States 500 U.S. 453 (1991).

Commissioner for Revenue Service v Labat Africa Limited (669/10) [2011] ZASCA 157.

Consolidated Diamond Mines of South West Africa Ltd v Administrator, SWA and Another 1958 (4) SA 572 (A).

De Beers Industrial Diamond Division (Pty) Ltd v Ishizuka 1980 (2) SA 191 (T).

De Reuck v Director of Public Prosecutions, Witwatersrand Local Division, and Others 2003 (2) SACR 445 (CC).

Deedat and Others v the Master and Others 1995 (2) SA 377 (A).

Department of Customs and Excise v Maybaker (SA) (Pty) Ltd 1982 (3) SA 809 (A).

Dulabh and Another v Department of Land Affairs 1997 (4) SA 1108 (LCC).

Du Toit v Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en 'n Ander 2000 (2) SA 98 (C).

Egan v Minister of Defence 1987 (2) SA 264 (NC).

Farrar's Estate v Commissioner of Inland Revenue 1926 TPD 501.

Finbro Furnishers (Pty) Ltd v Registrar of Deeds, Bloemfontein 1985 (4) SA 773 (A).

Fundstrust (Pty) Ltd (In liquidation) v Van Deventer 1997 (1) SA 710 (A).

Greyling NO v Greyling NO en Andere 1978 (2) SA 114 (T).

Groenewald NO v Behr NO [1998] JOL 3648 (T).

Gulyas v Minister of Law and Order 1986 (3) SA 934 (C).

Herselman v Geleba (231/2009) [2011] ZAEQC 1.

Incorporated General Insurances Ltd v Reinecke 1976 (1) SA 591 (A).

Interlink Postal Courier SA (Pty) Ltd v South African Post Office Ltd 2003 (3) SA 111 (SCA).

Jaga v Dönges 1950 (4) SA 653 (A).

Johannesburg Consolidated Investments Co v LK Investments and Others 1947 (2) SA 465 (W).

Johnson v Beckett and Another 1992 (1) SA 762 (A).

Jonker v Davis 1953 (2) SA 726 (GW).

Jowells Transport v South African Road Transportation Services 1986 (2) SA 252 (SWA).

Loryan (Pty) Ltd v Solarsh Tea and Coffee (Pty) Ltd 1984 (3) SA 834 (W).

Metro Transport (Pty) Ltd v National Transport Commission 1981 (3) SA 114 (W).

Minister of the Interior v Machadodorp Investments (Pty) Ltd and Another 1957 (2) SA 395 (A).

Minister of Safety and Security and Another v Xaba 2004 (1) SACR 149 (D).

Monsanto Co v MDB Animal Health (Pty) Ltd (Formerly MD Biologics CC) 2001 (2) SA 887 (SCA).

National Director of Public Prosecutions v Zuma 2009 (1) SACR 361 (SCA).

Natal Joint Municipal Pension Fund v Endumeni Municipality [2012] ZASCA 13.

National Screenprint (Pty) Ltd v Minister of Finance 1978 (3) SA 501 (C).

Online Lottery Services (Pty) Ltd and Others v National Lotteries Board and Others 2010 (5) SA 349 (SCA).

Oos-Randse Administrasieraad v Rikhoto 1983 (3) SA 595 (A).

Pannar Research Farms (Pty) Ltd and Another v Magome and Another 2002 (5) SA 621 (LCC).

Reynolds Brothers v Chairman, Local Road Transportation Board, Johannesburg 1984 (2) SA 826 (W).

Ryan v Petrus 2010 (1) SACR 274 (ECG).

Royal Salt Pans v Laubscher and Another 1953 (4) SA 398 (A).

S v Abrahams and Others 2001 (2) SACR 266 (C).

S v Allied Steel (Pty) Ltd 1976 (4) SA 164 (R).

S v Bran (142/91) [1993] ZASCA 11.

S v Collop 1981 (1) SA 150 (A).

S v Crawford and Another 1979 (2) SA 48 (A).

S v Engelbrecht 2012 (2) SACR 212 (GSJ).

S v Hoho 2009 (1) SACR 276 (SCA).

S v Makhubela 1981 (4) SA 210 (B).

S v Makunga and Others 1976 (3) SA 193 (N).

S v Makunga and Others 1977 (1) SA 685 (AD).

S v Mavungu 2009 (1) SACR 425 (T).

S v Mbatha 2012 (2) SACR 551 (KZP).

S v Mokgoje 1999 (1) SACR 233 (NC).

S v Molefe (A63/2011) [2011] NGHC.

S v Ntimbane 1990 (2) SACR 302 (N).

S v Palm 1997 (1) SACR 70 (T).

S v Qwabe 2012 (1) SACR 347 (WCC).

S v Rosenthal 1980 (1) SA 65 (A).

S v Salmans 2006 (1) SACR 333 (C).

S v Sithole 1980 (1) SA 356 (Z).

S v Twin Springs (Pty) Ltd and Another 1981 (1) SA 562 (N).

S v Weinberg 1979 (3) SA 89 (A).

Seven Eleven Corporation of SA (Pty) Ltd v Cancun Trading No 150 CC 2005 (5) SA 186 (SCA).

Shell's Annandale Farm (Pty) Ltd v Commissioner, South African Revenue Service 2000 (3) SA 564 (C).

Shillings CC v Cronje and Others 1988 (2) SA 402 (A).

Standard General Insurance Co Ltd v Croucamp 1959 (3) SA 162 (A).

Stellenbosch Farmers' Winery Ltd v Distillers Corporation (SA) Ltd and Another 1962 (1) SA 458 (A).

Stellenbosch Wine Trust Ltd and Another v Oude Meester Group Ltd 1974 (1) SA 729 (A).

Swart v Smuts 1971 (1) SA 819 (A).

Transvaal Consolidated Land and Exploration Co Ltd v Johannesburg City Council 1972 (1) SA 88 (W).

Utopia Vakansie-oorde Bpk v Du Plessis 1974 (3) SA 148 (A).

Venter v R 1907 TS 1910.

Von Wielligh v Mimosa Inn (Pty) Ltd 1982 (1) SA 717 (A).

Warren Marine (Pty) Ltd v Secretary for Customs and Excise 1980 (4) SA 345 (C).

Waylite Diary CC v First National Bank Ltd 1995 (1) SA 645 (A).

Waymark and Others v Meeg Bank Ltd 2003 (4) SA 114 (TkH).

WETGEWING

Algemene Regswysigingswet 46 van 1935.

Arms and Ammunition Act 75 of 1969.

Drankwet 30 van 1928.

Film- en Publikasiewet 65 van 1996.

Interpretasiewet 33 van 1957.

Kwa Zulu-wet 8 van 1975.

Padverkeerswet 7 van 1973.

Strafproseswet 51 van 1977.

Wet op Dobbelary 51 van 1965.

Wet op Dwelms en Dwelmsmokkalary 140 van 1992.

Wet op die Gebruik van Amptelike Tale 12 van 2012.

Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962.

Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums 41 van 1971.

Wet op Oortreding 6 van 1959.

Wet op Outeursreg 98 van 1978.

Wet op Padvervoer 74 van 1977.

Wet op Posdienste 124 van 1998.

Wet op Plofstowwe 26 van 1956.

Wet op die Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956.

Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969.

Opsomming

Twis om woorde: 'n forensiese ondersoek na semantiese kwessies in hofsake

Die reg is van taal afhanklik. Dit word onder meer in 'n hof se verantwoordelikheid gesien om woorde se betekenis uit te lê. Hofsake sentreer reëlmatig om woorde, dit wil sê howe moet gereeld leksikaal-semantiese kwessies hanteer. Hulle doen dit deur na 'n woord se definisie in die betrokke wet te verwys, of hulle haal (meestal gerapporteerde) presedenthofsake aan wat reeds met dieselfde woorde of situasies gewerk het. Somtyds roep 'n hof 'n taalkundige in om deskundige getuienis te lewer aangaande 'n ingewikkelde taalkwessie of terminologie, of 'n voorsittende beampte maak gebruik van akademiese publikasies om klarigheid te kry. Wanneer nie een van hierdie benaderings egter slaag of nodig blyk te wees nie, moet 'n hof woorde volgens hul gewone betekenis uitlê. Daarvoor word woordeboeke gewoonlik gebruik. Oënskynlik maak 'n voorsittende beampte nooit van 'n taalkundige benadering gebruik om die konteksgebonde betekenis van sogenaamde gewone woorde te bepaal nie.

Woordeboeke is geneig om onbetroubaar te wees. Hulle bevat geensins al die woorde van 'n taal nie, hul definisies is nie altyd duidelik nie en hulle definieer woorde selde in konteks. Apart daarvan, verouder woordeboeke taamlik vinnig en verskillende woordeboeke omskryf woorde op verskillende maniere. Dié studie het bevind dat voorsittende beamptes in Suid-Afrika van verouderde woordeboeke gebruik maak, dat hulle tweetalige woordeboeke gebruik om woorde te definieer en dat hulle hoofsaaklik woordeboeke gebruik wat in die buiteland saamgestel en gepubliseer word. Deur buitelandse woordeboeke te gebruik om woorde in Suid-Afrikaanse kontekste te omskryf, lei voor die hand liggend tot waninterpretasie. Daar is ook bevind dat sommige Suid-Afrikaanse voorsittende beamptes uiters beknopte woordeboeke, soos kompakte en sakwoordeboeke, gebruik. Dit skep alles die indruk dat Suid-Afrikaanse regsgeleerdes oor die algemeen nie weet woordeboeke verskil ten opsigte van doel en teikenmark nie.

Omdat woordeboeke eerder as 'n wegspringplek moet funksioneer wanneer die betekenis van woorde in hofsake hanteer word, stel ek voor dat regspraktisyns betekenis konseptueel benader. Gebaseer op die werk van Rosch, Fillmore en Barsalou, argumenteer die onderhawige studie vir die gebruik van *frames* om leksikaal-semantiese probleme op te los, meer spesifiek Barsalou se *framemodel* (1992). Weens die feit dat sprekers betekenis

verstaan en prosesseer deur taal aan ervaring en algemene kennis te verbind, en deur inligting in kategorieë te groepeer wat tipiese voorbeelde van elke kategorie bevat, maak dit sin dat 'n hof gewone woorde op dieselfde wyse uitlê. Sprekers verwerk inligting in die vorm van konsepte en daardie konsepte is onderling verbind om uitgebreide netwerke te vorm. Woorde is die leksikale verteenwoordigers van hierdie verbinde betekenisnetwerke. Deur 'n woord buite sy konseptuele web te definieer, impliseer dat die interpreteerder dink woorde beteken dieselfde in elke konteks en dit is nie waar nie. As howe 'n konseptuele benadering volg, beweeg hulle veel nader aan die ware, konteksgebonde betekenis as dit wat in 'n woordeboek staan.

Die studie behels die volgende: Hoofstuk 2 bied 'n oorsig van die internasionale en plaaslike bedrywighede van die forensiese taalwetenskap en plaas ook die onderhawige studie binne hierdie navorsingsterrein. Hoofstuk 3 bespreek die verskillende maniere waarop Suid-Afrikaanse howe met betekenis en die interpretasie van woorde omgaan, synde uitlegteorieë, die Interpretasiewet en die gebruik van woordeboeke. Hoofstuk 4 fokus op die semantiek. Verskillende aspekte van semantiek word bespreek en lei uiteindelik na die blik op prototipes en *frames* vanuit die kognitiewe linguistiek. Die hoofstuk eindig met 'n bekendstelling en verduideliking van Barsalou se *framemodel* en die ses stappe wat gevolg moet word om gewone woorde se betekenis in hofsake mee uit te lê. In Hoofstuk 5 word die model geïllustreer en op die proef gestel deur woorde uit 20 Suid-Afrikaanse hofsake te ontleed. In Hoofstuk 6 word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die model die nodige potensiaal toon om saam met woordeboeke ontgin te kan word.

Sleutelwoorde:

Barsalou, bedoelingsteorie, betekenis, Fillmore, forensiese linguistiek, forensiese semantiek, *frames*, gewone betekenis van woorde, konsepte, leksikale semantiek, prototipes, Rosch, taal en die reg, tekstualisme, wetsuitleg, woordeboeke in die hof, woordeboeke, woorduitleg

Summary

Fighting over words: a forensic study of semantic issues in court cases

Law is dependent on language. This is seen, amongst others, in a court of law's responsibility to interpret the meaning of words. Cases regularly revolve around words; as a result courts have to deal with lexical semantic issues. They do this by referring to a word's definition in the relevant act, or they cite previous (mostly reported) cases that have dealt with the same words or situations. Sometimes a court will call on a linguist to give his/her expert opinion regarding tricky linguistic issues or terminology or a presiding officer will refer to a scholarly publication. However, when neither of these approaches shed any light nor seem necessary, a court has to interpret words according to their ordinary meaning. For this they often use dictionaries. Apparently a presiding officer never makes use of any other linguistic means to determine the contextual meaning of a so-called ordinary word.

Dictionaries tend to be unreliable. By no means do they contain all the words in a language, their definitions are not always clear and they seldom define words in context. Apart from this, dictionaries get outdated quickly and they are dissimilar in their definitions. This study has found that presiding officers in South Africa make use of outdated dictionaries, they sometimes use bilingual dictionaries to define words and the majority of dictionaries used by them are compiled and published outside of South Africa. Using foreign dictionaries to give meaning to words used in South African contexts leads to obvious misinterpretation. It was also found that some South African presiding officers use dictionaries with limited scope, such as pocket and compact dictionaries. All of this creates the impression that law practitioners generally do not know that dictionaries have different goals and target audiences.

Because dictionaries should rather be used as a starting point when dealing with the meaning of words in court cases, I suggest law practitioners approach meaning conceptually. Drawing on the work of Rosch, Fillmore and Barsalou, this study advocates the solving of lexical semantic problems by using frames, more specifically Barsalou's frame model (1992). Due to the fact that speakers understand and process meaning by connecting language to experience and general knowledge, and by categorising information into groups that contain exemplars considered to be the best example of that category; it makes sense for a court of law to give

meaning to words in the same way. Speakers deal with information in the form of concepts and those concepts are interconnected and form vast networks of meaning. Words are the lexical representations of those interconnected networks of meaning. Defining a word outside of its conceptual web implies that an interpreter thinks words mean the same in every context, and this is not true. If courts follow a conceptual approach, they will come much closer to a word's actual, contextual meaning than what they find in a dictionary.

The study comprises the following: Chapter 2 provides an overview of both international and local activities of forensic linguistics and positions the study within this field of research. Chapter 3 discusses the different means by which South African courts deal with meaning and the interpretation of words. This includes the theories of interpretation, the Interpretation Act and the use of dictionaries. Chapter 4 focuses on the field of semantics. The different aspects of semantics are discussed, leading to the cognitive linguistic view of prototypes and frames. The chapter ends with an introduction and explanation of Barsalou's model and the six steps needed to interpret ordinary words found in cases. In Chapter 5 the model is illustrated and tested on words found in 20 South African court cases. In Chapter 6 the conclusion is drawn that the model shows the necessary potential to interpret ordinary words alongside dictionaries.

Keywords:

Barsalou, concepts, dictionaries in court cases, dictionaries, Fillmore, forensic linguistics, forensic semantics, frames, intentionalism, interpretation of statutes, interpretation of words, language and law, lexical semantics, meaning, ordinary meaning of words, prototypes, Rosch, textualism